University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


# BEYERS NAUDÉ, EKUMENIESE BAANBREKER IN SUID-AFRIKA: 1960 -1994.

deur

MICHAEL JOHN HEANEY

PROEFSKRIF VOORGELê TER VOLDOENING AAN
DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD
PHILOSOPHIAE DOCTOR (PhD)

in die Departement Godsdiens en Sendingwetenskap

FAKULTEIT TEOLOGIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: PROF P G J MEIRING

Februarie 2004

# VOORWOORD

Aan die Here kom die dank toe wat my in staat gestel het om hierdie studie af te handel. Mag dit andere inspireer om baanbrekers in Sy koninkryk te wees soos Beyers Naudé.

Ek wil graag die volgende persone bedank vir hulle bydraes:

My vrou Jennie, en ons kinders Tiaan en Michelle vir hul geduld en liefde. Asook my vriend Lourens, dankie vir jou onbaatsugtige vriendskap.

Prof P G J Meiring, sonder wie se leiding en inspirasie hierdie studie nooit voltooi sou kon word nie. Hy is self in eie reg 'n baanbreker vir die ekumene in Suid Afrika. Hy dien vir my as rolmodel.

Thea Heckroodt, die Universiteit van Pretoria se bibliotekaresse vir Teologie. Sy het my deur die jare, waarin ek my proponentskripsie, MDiv verhandeling en nou ook die doktorale verhandeling ingedien het, van onskatbare raad en advies bedien, en het méér gedoen as wat van haar verwag word. Sy verdien om geprys te word.

En laastens aan dr Beyers Naudé. U was die regte man op die regte tyd in Suid Afrika. So het God dit gewil. U was beskikbaar om deur God gebruik te word. Daarom dra ek hierdie proefskrif op aan dr Beyers Naudé.

Subject : Beyers Naudé, ecumenical pioneer in South Africa : 1960 -1994

The period 1960 up to 1994 was a crucial period in the history of South Africa. It was characterized by the ideology of apartheid, an ideology that divided people and churches. The year 1960 was a watershed year in South African history. At Sharpeville a demonstration by Black people was staged in protest against the apartheid laws. It ended in bloodshed. This incident prompted the World Council of Churches to call a gathering of its member Churches in order to bring Black and White Christians together to discuss the crisis in the country. The Cottesloe Consultation, convenened during December 1960, was such an attempt. It was an ecumenical gathering of South African member Churches of the World Council of Churches.

At Cottesloe a spirit of brotherhood existed initially between Black and White, Afrikaans and English Christians. The different resolutions adopted at Cottesloe adressed the crisis in the country in a positive manner. The official reaction of some member Churches to the resolutions adopted at Cottesloe, like that of the Dutch Reformed Church, was negative. It led to strengthening support for the policy of apartheid. The aftermath of the Cottesloe Consultation resulted in a rift in ecumenical relations in South Africa. The responsibility and possible coordinated efforts of all churches in opposing the ideology of apartheid, was seriously inhibited.

The ideology of apartheid influenced theological reflection in South Africa in a negative way. The ecumenical contribution of Beyers Naudé helped the church to stay ecumenically focussed and resisting the claims of the ideology of apartheid. The focus in this study on the ecumenical role of Beyers Naudè in post-apartheid South Africa can assist the church in staying ecumenically focused, and resisting ideological claims. The building of a post apartheid society in South Africa will demand courage and vision. The courage of Beyers Naudé sets an example to follow in the future. The demands of the gospel of Jesus Christ and his obedience to God, was to Beyers Naudé more important than the accolades of men. That should always be the main interest of the church in South Africa, i e obedience to the demands of the gospel for church and society.

Naudé's role in the Christian Institute, his ecumenical projects, and rallying of the churches in opposing apartheid, had a positive seminal influence on race and church relations in South Africa and promoted an ecumenical hermeneutic of church and society. The work of the Christian Institute especially served as an important matrix for the dissemination of ideas in line with the gospel of Jesus Christ and contrary to that of the false ideology of apartheid. It also emphasized the contextual nature of faith and gave hope to oppressed South Africans. In his witness to the Truth Beyers Naudé demonstrated that the Truth surely sets one free.

His message of hope, under dire circumstances, like his banning, inspired many caught up in the struggle against apartheid and created space for the proclamation of the gospel of Jesus Christ. He was a prophet in his own land and believed in the transforming power of the gospel of Jesus Christ. His courageous witness against the ideological claims of racism, and his efforts to mobilize the churches against those claims, still inspire. He strived for Church unity and the reconciliation of people on the basis of the gospel of Jesus Christ. He accentuated the importance of the fact that the message of the Christian Church is to incarnate itself into the life and the world of the people who embraces it. In the end we all have to be obedient either to the tyranny of the ideology or to the gospel of Jesus Christ. That is the legacy of Beyers Naudé.

In this study, attention will be paid to following themes:

The forming of an ecumenical conscience. [1915-1960]
The influence that the years of his youth, his marriage, and various ecumenical contacts had on Beyers Naudé and his ecumenical endeavours is discussed in this section.

The crucible of ideology and ecumenical initiatives. [1960-1977]
The role that Cottesloe played in South Africa, ecumenical initiatives like Pro Veritate, projects of the Christian Institute, different ecumenical trends in the world, as well as critique on the ideology of apartheid is discussed in this section.

Prophet in his own land. [1977-1994]

The banning of Beyers Naudé, his role as Secretary of the South African Council of Churches, his role as mediator at different regional church gatherings is discussed in this section, as well as his role in opening the door to the ecumenical world for the Dutch Reformed Church.

Conclusion.

In a concluding chapter the role Beyers Naudé played in the formation of a relevant theology for South Africa, his ecumenical leadership and his ecumenical thinking is discussed. Some critical remarks are also made regarding his ecumenical role in general.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Uittreksel: Beyers Naudé, ekumeniese baanbreker in Suid Afrika: 1960-1994.

Die periode wat strek vanaf 1960 tot 1994 was ‘n kritieke periode in die geskiedenis van Suid Afrika. Dit is gekenmerk deur die toepassing van die ideologie van apartheid, ‘n ideologie wat mense en kerke verdeel het. Die jaar 1960 was ‘n waterskeidingsjaar in die geskiedenis van Suid-Afrika. By Sharpeville was daar ‘n demonstrasie deur Swartmense teen die apartheidswette. Die demonstrasie het geeindig in ‘n bloedbad. Hierdie insident het die Wêreldraad van Kerke genoop om ‘n byeenkoms van lidkerke byeen te roep, ten einde Swart en Blanke Christene byeen te bring om die krisis in die land te bespreek. Die Cottesloe Kerkeberaad was so ‘n poging. Dit was ‘n ekumeniese byeenkoms van Suid-Afrikaanse lidkerke van die Wêreldraad van Kerke.

By Cottesloe het daar aanvanklik ‘n gees van broederskap tussen Swart en Wit en Afrikaanse en Engelssprekende Christene geheers. Die onderskeie resolusies wat by Cottesloe aanvaar is, het die krisis in die land op ‘n positiewe wyse aangespreek. Die offisiële reaksie van sommige lidkerke op Cottesloe, met name die Ned Geref Kerk was egter negatief. Dit het tot toenemende steun vir die beleid van apartheid gelei. Die nadraai van die Cottesloe konsultasie het ‘n breuk in ekumeniese verhoudings in Suid Afrika tot gevolg gehad. Die verantwoordelikheid en moontlik gekoördineerde pogings van kerke in hul weerstand teen die ideologie van apartheid is ernstig aan bande gelê.

Die ideologie van apartheid het teologiese refleksie nadelig geraak. Beyers Naudé se bydrae was om die kerk te help om ekumenies gefokus te bly en die eise van die ideologie te weerstaan. Die fokus in hierdie studie op die ekumeniese rol van Beyers Naudé, veral gesien teen die agtergrond van 'n post-apartheid Suid Afrika, kan die kerk help in haar roeping om ekumenies gefokus te bly en die eise van die ideologie, ook enige nuwe ideologie, te weerstaan. Die vestiging van 'n post-apartheid samelewing in Suid Afrika sal moed en visie verg. Die moed en geloofsoortuiging van Beyers Naudé is 'n navolgingswaardige voorbeeld. Die eise van die evangelie van Jesus Christus en sy gehoorsaamheid aan God was vir Beyers Naudé belangriker as die lofbetuigings van mense. Die hooffokus van die kerk in Suid Afrika sal altyd moet wees op wat die aansprake van die evangelie vir kerk en samelewing is.

Beyers Naudé se rol in die Christelike Instituut, sy ekumeniese projekte, sy bymekaarbring van die kerke in hul opposisie teen apartheid, het 'n positiewe seminale invloed gehad op kerk en rasseverhoudinge in Suid Afrika en het bygedra tot die vestiging van 'n ekumeniese hermeneutiek in kerk en samelewing. Veral die werk van die Christelike Instituut het as belangrike matriks gedien vir die verspreding van idees, in lyn met die evangelie van Jesus Christus, idees wat lynreg gebots het met die valse ideologie van apartheid. Dit het ook die kontekstuele aard van geloof beklemtoon en hoop gebied aan onderdrukte Suid Afrikaners. Hy het van die Waarheid getuig en gedemonstreer dat die Waarheid 'n mens inderdaad vrymaak.

Beyers Naudé se boodskap van hoop onder moeilike omstandighede, ook tydens sy inperking, het duidelik weerklink. Dit het talle geinspireer en die saak van die evangelie van Jesus Christus bevorder. Sy moedige getuienis teen die ideologiese eise van rassisme, en sy strewe om die kerk in Suid-Afrika in hierdie stryd te verenig, inspireer vandag nog. Hy het gestreef na kerkeenheid en die versoening van mense in Christus. Hy was ‘n profeet in sy eie land en het geglo in die transformerende krag van die evangelie van Jesus Christus. Hy het die feit beklemtoon dat die boodskap van die kerk is om haarself te inkarneer in die lewe en leefwêreld van mense. Uiteindelik sal ons almal of gehoorsaam moet wees of aan die tirannie van die ideologie of aan die evangelie van Jesus Christus.

In hierdie studie sal die volgende temas aangesny word:

- Die vorming van ‘n ekumeniese bewussyn. [1915-1960]
  Die invloed van Beyers Naudé se jeugjare, sy huwelik, en die invloed van verskeie ekumeniese kontakte sal bespreek word.

- In die smeltkroes: ideologie en ekumene. [1960-1977]
  Die rol wat Cottesloe gespeel het in Suid Afrika, ekumeniese inisiatiewe soos Pro Veritate, projekte soos die Christelike Instituut, verskillende strome in die wêreldekumene, sowel as die bydrae van ideologiekritiek sal bespreek word.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Profeet in sy eie land. [1977-1994]

  Die inperking van Beyers Naudé, sy rol as Sekretaris van die Suid Afrikaanse Raad van kerke, sy bemiddelingrol by verskeie kerkeberade sal bespreek word, sowel as sy bydrae om die deur vir die NG Kerk oop te maak na die ekumeniese wêreld.

- Samevatting.

  In die slothoofstuk sal die rol wat Beyers Naudé gespeel het in die vestiging van ‘n relevante teologie vir Suid Afrika bespreek word, sowel as sy ekumeniese leierskapsrol. Kritiese opmerkings oor sy ekumeniese bydrae sal ook gemaak word.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1: INLEIDING


1.1 Oogmerk 17

1.2 Uniekheid en relevansie van die studie 18

1.3 Navorsingshipotese 20

1.4 Begronding van die vakgebied 20

1.5 Metodiek 23

1.6 Sleutelterme 23

1.7 Oorsig 27


## HOOFSTUK 2: VOORAFGESKIEDENIS. DIE VORMING VAN 'N EKUMENIESE BEWUSSYN. [1915-1960]


2.1 Beyers Naudé: Ekumeniese vaandeldraer 29

2.2 Jeugjare 34

2.3 Huwelik met Ilse Weder 38

2.4 Eerste kontakte met die Ekumene: die Kerk Jeug Vereniging studietoer 39

2.5 Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode 44

2.6 Die Ekumeniese Studiekringe 45

2.7 Beoordeling 47

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


HOOFSTUK 3: IN DIE SMELTKROES. IDEOLOGIE EN EKUMENE [1960-1977]

3.1 Suid-Afrika: Die krisis van Cottesloe 49

3.1.1 Die aanloop tot Cottesloe 49

3.1.2 Botsing in eie kring 55

3.1.3 By die skeiding van die weë 57

3.2 Eerste ekumeniese inisiatiewe 64

3.2.1 *Pro Veritate* 64

3.2.1.1 Oogmerke 64

3.2.1.2 *Pro Veritate* : Die sestigerjare 72

3.2.1.3 *Pro Veritate* : Die sewentigerjare 75

3.2.1.4 Beoordeling 78

3.2.2 Die Christelike Instituut 82

3.2.2.1 Ontstaan en karakter van die Christelike Instituut. 82

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


3.2.2.2 Projekte van die Christelike Instituut 86

3.2.2.2.1 *African Independent Churches Association* 86

3.2.2.2.2 *Message to the people* 88

3.2.2.2.3 *Sprocas* 91

3.2.2.2.4 Beoordeling 96

3.2.3 *The Christian Fellowship Trust* 100

3.3 Gesprek met die wyer wêreld 109

3.3.1 Die begrip ekumene 110

3.3.2 Versoening en ekumene 116

3.3.3 Beyers Naudé en die NG Kerk 119

3.4 In dialoog met die Wêreldkerk 126

3.4.1 Verskillende strome in ekumene 128

3.4.2 Die Wêreldraad van Kerke 129

3.4.3 Die Evangeliese beweging 132

3.4.4 Rome 134

3.4.5 Wêreld konfessionele families 137

3.4.6 Beoordeling 138

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


3.5 Ideologiekritiek 141

3.5.1 Inleiding 141

3.5.2 Omskrywing van begrippe 145

3.5.3 Kritiese denke 150

3.5.4 Die N G Kerk en apartheid 158

3.5.5 Die Schlebusch-kommissie 169

3.5.6 Tyd: Roeping en antwoord 175

3.5.7 Ekumene en die koninkryk 177

3.5.8 Beoordeling 182

HOOFSTUK 4: PROFEET IN SY EIE LAND. [1977-1994]

4.1 Profeet vir ‘n rasverdeelde land 186

4.2 Sewe maer jare [1977-1984] 188

4.2.1 Ingeperk 188

4.2.2 Impak van die inperking 193

4.3 Algemene Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke [1985-1988] 200

4.3.1 Beyers Naudé se "politieke getuienis" 203

4.3.1.1 Die krisis van die Swart jeug 206

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


4.3.1.2 Die krisis van die Blanke jeug 207

4.3.1.3 Die politieke situasie in die land 209

4.4 Die bemiddelingsrol van Beyers Naudé 210

4.4.1 Die Kerkeberaad te Vereeniging [1989] 212

4.4.2 Beyers Naudé en die Kerkeberaad 215

4.4.3 Rustenburgse Beraad [1990] 216

4.4.3.1 Inleiding 216

4.4.3.2 Referaat van Beyers Naudé 219

4.5 Die"huistoe-kom" 224

4.5.1 Sinode van 1994 224

4.5.2 Beyers Naudé se ontvangs in die NG Kerk 226

4.6 Beyers Naudé, die NG Kerk en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. 228

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


HOOFSTUK 5: SAMEVATTING EN BEOORDELING.


5.1 ‘n Relevante teologie vir Suid-Afrika: kontekstualisering en bevryding. 231

5.1.1 Kontekstualisering 232

5.1.2 Bevrydingsteologie 236

5.2 Beyers Naudé as ekumeniese denker 241

5.3 Beyers Naudé as ekumeniese leier 245

5.4 Beyers Naudé as ekumeniese praktisyn 253

5.5 Waardering en kritiek 257

5.5.1 Waardering 257

5.5.2 Kritiek 263

5.6 Slotwoord 268

LITERATUURLYS 272

BYLAES 299

A NAUDE-HEANEY ONDERHOUD 299

B MEIRING-HEANEY ONDERHOUD 310

C KISTNER-HEANEY ONDERHOUD 321

D SMITH-HEANEY ONDERHOUD 326

E MEYER-HEANEY ONDERHOUD 335

F *PRO VERITATE* 339

# HOOFSTUK 1: INLEIDING

## 1.1 Oogmerk

Die *oogmerk* van hierdie verhandeling is om die baanbrekersrol van Beyers Naudé met betrekking tot die ekumene in Suid Afrika in tydens die tydperk wat strek van 1960 tot 1994 te ondersoek asook die implikasies daarvan vir die kerk in Suid Afrika. Die tydperk wat in die ondersoek betrek word is gekenmerk deur die verdelende en destruktiewe uitwerking van die ideologie van apartheid op kerk en samelewing. Veral die afloop van die Cottesloe-beraad het gelei tot 'n ekumeniese breuk tussen die kerke onderling in die land en in die kerke se verhouding tot die ekumeniese wêreld in die algemeen. Beyers Naudé het nie hierdie ekumeniese breuk as vanselfsprekend aanvaar nie, maar 'n daadwerklike bydrae gelewer tot die beoefening van ekumene en die eenheid van die kerk in Suid Afrika, deur die kerke saam te snoer in die stryd teen die ideologiese magsgreep van apartheid.

In hierdie ondersoek word gefokus op die ontwikkeling van Beyers Naudé se ekumeniese bewussyn, en word klem gelê op die vormende invloede wat 'n rol gespeel het daarin, asook praktiese optrede op die gebied van die ekumene. Sy kritiek op die ideologie van apartheid word ook in ekumeniese perspektief gestel met spesifieke verwysing na ekumeniese projekte wat enersyds die onhoudbaarheid en onhaalbaarheid van die ideologie van apartheid wou beklemtoon, maar aan die anderkant 'n alternatief daarvoor wou stel.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Laastens word Beyers Naudé se baanbrekersrol beoordeel met verwysing na praktiese optrede vir die toekoms.

1.2 Uniekheid en relevansie van die studie

Die *uniekheid* van hierdie studie is dat dit fokus op die wyse waarop Beyers Naudé se ideologiekritiek bygedra het om die kerke in Suid Afrika te inspireer om die dwingelandy van die apartheidsideologie enersyds te opponeer en andersyds alternatiewe vir 'n regverdige samelewing daar te stel. Beyers Naudé se bydrae tot die ekumene in Suid Afrika dien as inspirasie vir die kerk in haar teologie beoefening naamlik dat nie in vasgeloopte situasies en kontekste berus hoef te word nie. Sy ekumeniese rol het 'n seminale invloed uitgeoefen op die ekumenies verdeelde kerk in Suid Afrika en het die kontekstuele aard van die Christelike geloof beklemtoon.

Hierdie studie is verder uniek in die sin dat verskeie bronnemateriaal ondersoek word wat nog nie voorheen ondersoek is nie, soos onder andere die Kerk Jeug Vereniging studietoer, *The Christian Fellowship Trust* en die impak van Naudé se inperking. Die ander navorsing wat gedoen is het of gehandel oor Naudè se verhouding met die NG Kerk, of spesifiek oor die Christelike Instituut. Hier word gedink aan Potgieter se werk oor die verhouding tussen Beyers Naudé en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, en die werk van O'Reilly wat gehandel het oor die Christelike Instituut van Suid Afrika in die lig van die kerk-staat verhouding.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Hierdie studie bestudeer Beyers Naudé se rol as ekumeniese baanbreker in Suid Afrika vanaf 1960-1994, en is nog nie voorheen vanuit hierdie gesigspunt aangepak nie. Die tydperk van 1960 tot 1994 was ‘n tydperk van ekumeniese isolasie en ekumeniese verwydering tussen die kerke in Suid Afrika. Dit was ook die tydperk waarin die ideologie van apartheid sy hoogbloei beleef het. In hierdie tyd het Beyers Naudé as baanbreker vir die ekumene opgetree en hoop gebring aan ‘n verdeelde land en kerkegemeenskap.

Hierdie studie is nuut en relevant, daar dit gedoen word teen die agtergrond van ‘n post-apartheid Suid Afrika, waar die gevaar steeds daar is dat die een ideologie naamlik apartheid, vir ‘n ander verruil kan word. Dit is nodig om erkenning te gee aan die kritiese ekumeniese rolvervulling van Beyers Naudé om die gewete van die kerk, sowel as ekumeniese brugbouer te wees. Aan die anderkant kan die studie daartoe dien om die kerke en gelowiges weerbaar te maak vir die toekoms, ’n toekoms waarin juis eendragtig saamgewerk sal moet word ter wille van die boodskap van versoening en die geloofwaardigheid van die evangelie, ‘n toekoms waarin daar nie in verwydering en isolasie berus kan word nie, juis sake waarteen Naudé hom uitgespreek het.

## 1.3 Navorsingshipotese

Die *navorsingshipotese* wat die studie sal rig:
In die oorsteek van taal, ideologiese, kulturele en ander grense is dit moontlik vir die individuele gelowige, sowel as die kerk, om die gevangenisskap van die ideologie-in Beyers Naudé se geval apartheid-te deurbreek, met die oog op die vestiging van 'n regverdige bestel in beide kerk en samelewing in Suid Afrika. Die gevangenisskap van die ideologie word deurbreek deur ideologiekritiek sowel as gehoorsame uitlewing van die eise van die evangelie, onder andere deur hoopgewende projekte wat 'n alternatief bied vir die valse eise en aansprake van die ideologie.

## 1.4 Begronding van die vakgebied

Die vraag na die begronding van hierdie studiegebied as deel van die missiologiese groep van vakke, met name dan by die Sendingwetenskap, moet beantwoord word. Die onderstaande opmerkings is 'n poging om hierdie vraag te probeer beantwoord.

Die wetenskaplike studie van die ekumeniese proses kry gestalte in die vakgebied Ekumenika. Met die ontwikkeling van die ekumeniese beweging in die twintigste eeu, het die vakgebied as selfstandige studierigting ontstaan en geweldig gegroei in omvang. In meeste teologiese Fakulteite word die belangrikheid en selfstandigheid van die vakgebied vandag erken.

Aan die Universiteit van Pretoria word die vak Ekumene gesamentlik deur die departemente Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap aangebied. Hierdie studie word aan die Departement Godsdiens en Sendingwetenskap onderneem.

Vanuit ‘n geloofsperspektief op die betrokkenheid van die wêreld by die koninkryk van God bestudeer die Sendingwetenskap die beweeglikheid van die Christendom te midde van kulture, godsdienste, sosiaal-ekonomiese sisteme en politieke instellings. In die lig van die situasie van die wêreldchristendom is die ekumeniese beoefening van die vak onvermydelik en noodsaaklik. Die ekumeniese beoefening van die Sendingwetenskap sowel as ekumeniese beoefening van die Sendingpraktyk is van die grootste belang vir die kerk (Crafford, D & Gous G 1993:11-15).

Die ekumene kan as ‘n “beweging” beskou word, omdat die kerk geroepe is om ernstig daarna te strewe om die eenheid wat tussen gelowiges en die Gees gesmee is, te handhaaf. Die strewe en die beweging kom egter nooit tot ‘n einde nie. Die ekumene bestaan uit ‘n “soeke” na die ander gelowige of kerk anderkant die begrensinge wat gelowiges en kerke van mekaar skei. In die soeke na die ander moet grense oorskry word. Die uiteindelike doel van die hele proses is om die mistieke liggaam van Christus as organisme so sigbaar volgens sy ware aard te laat funksioneer dat dit tot ‘n getuienis kan wees vir die hele wêreld (Crafford, D & Gous G 1993:10). Hierdie soeke na die ander het die ekumeniese strewe van Beyers Naudé in besonder gekenmerk.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die kerk funksioneer as 'n organisme op aarde wat mense tot bekering moet roep, gemeenskap tussen gelowiges moet bewerkstellig, diens van barmhartigheid moet verrig, moet getuig teen onreg en onderdrukking, en tekens van die koninkryk in hierdie gebroke wêreld moet oprig. Dit kan alleen doeltreffend en tot eer van God geskied indien die eenheidsbeeld in die funksionering van die kerk duidelik na vore kom. Die eenheid van die kerk is van belang vir alle teologiese dissiplines. Daar is egter ook 'n behoefte om die grondslae, teologiese besinning, historiese verloop, en die suksesse en mislukkings van die ekumeniese proses wetenskaplik tot 'n eenheidsstruktuur te verwerk ten einde 'n volledige beeld daarvan te verkry.

Sending is in wese 'n ekumeniese opdrag, omdat dit gegee is aan die hele kerk van Christus op aarde. Die sending waardeur kerke in opposisie teenoor mekaar staan, is in stryd met die boodskap van Christus oor die eenheid van die kerk. Daarom is die ekumeniese beofening van die Sendingwetenskap en Sendingpraktyk van die grootste belang. Hierdie verhandeling laat die klem val op Beyers Naudé se ekumeniese baanbrekerswerk om die eenheid wat die Gees tussen die gelowiges gesmee het te handhaaf en word derhalwe onder die vakgebied van Ekumenika aan die Departement Godsdiens en Sendingwetenskap onderneem.

## 1.5 Metodiek

Die metodiek wat in die studie gevolg sal word, is ’n literatuurstudie, gekombineer met persoonlike onderhoude. Daar is buiten die onderhoud met dr Beyers Naudé, ook onderhoude gevoer met dr W Kistner, Prof P G J Meiring, mnr Rudolph Meyer en dr Nico Smith. Elkeen van hierdie persone het vanuit hul besondere milieu ‘n bydrae gelewer om die agtergrond van die tydvak waarin Naudé opgetree het te verhelder. Dit was uit praktiese oorwegings nie moontlik om met alle rolspelers wat met Naudé kontak gehad het onderhoude te voer nie. Pogings is aangewend om swart medewerkers soos ds Sam Buti te betrek, maar sonder sukses. Navorsing is onder andere gedoen in die Nasionale Argief van Suid Afrika waar persoonlike dokumente van Beyers Naudé wel opgespoor kon word. Van hierdie bronne was net in dokumentvorm beskikbaar by die Argief en was nie behoorlik geliaseer nie, wat die dringendheid van hierdie studie des te meer relevant maak. Enkele bronne is ook deur dr Naudé self voorsien.

## 1.6 Sleutelterme

In die verhandeling word van verskeie sleutelterme gebruik gemaak. ‘n Kort uiteensetting van hierdie sleutelterme word hieronder weergegee.

- Ekumene : Ekumene is daardie beweging waarin elke gelowige en elke kerk as deel van die liggaam van Christus, die ander, aan die anderkant van die taal, kulturele grens, kleur en ideologiese grens soek. Die rede is omdat hy met hulle in gesprek wil tree, met hulle versoen wil wees, met hulle wil saamwerk, met hulle saam die waarheid van die Skrif wil verstaan, en per slot van sake met hulle een wil wees, en deur die ekumene 'n getuienis wil lewer aan die wêreld. In die sesde dekade van die twintigste eeu sien die woord "ekumenies" op alle pogings wat aangewend is tot bevordering, versterking en konsolidering van die godsdienstige, kerklike en maatskaplike eenheid van alle Christene oor die hele wêreld heen.

- Ryk van God : Ekumenisiteit kan ook nie net 'n mities-asketiese dimensie hê in die sin dat die kerk alleen in haar verhouding tot God en die binne–kerklike lewe gesien word nie. In die koninkryk van God gaan dit om God se heerskappy en om die doen van Sy konkrete wil hier op aarde. Vir Beyers Naudé het die koninkryk duidelike implikasies vir hierdie lewe; vir hierdie aardse gemeenskap waar geregtigheid, liefde, vrede en die waarheid heers en waar die menswaardigheid van elke mens erken word, ongeag ras, klas of godsdiens.

- Rassisme: Rassisme kan gedefinieer word as die oordrewe of onewewigtige verering van die eie ras waarin die een groep inherent meerderwaardig as bo die ander beskou word.

Rassisme verloën die effektiwiteit van die versoeningswerk van Christus. Rassisme beweer valslik dat ons ons waarde in rasse-identiteit eerder as in Jesus Christus vind.

- Ideologie : Ideologieë is voorgestelde bloudrukke van die samelewing en sluit 'n aantal strategieë en metodes in waarmee die afstand tussen hoor en doen oorbrug moet word, ten einde 'n gegewe situasie te verander of te handhaaf. Die ideologie doen hiervoor 'n beroep op die massa wat die volk en ras insluit, om aan die realisering van die toekoms mee te werk. Die ideologie, wat gewoonlik in 'n situasie van bedreiging ontstaan, is 'n vervanging van die ware religie, met 'n allesbeheersende doel as die hoogste ideaal, ter bereiking waarvan enige (mags)middel gebruik mag word, norme aangepas, offers geëis en 'n spesifieke vyandsbeeld gepropageer word.

- Ideologiekritiek: Kritiek op die ideologieë vanuit die raamwerk van die evangelie van Jesus Christus.

- Apartheid : Die beleid van apartheid was 'n lewens- en mensbeskouing wat daarop aangedring het dat ons ons identiteit moet vind deur van mekaar af te skei, en tussen mekaar te onderskei. Apartheid was in wese die voortsetting van gebroke verhoudinge, vervreemding en vyandskap tussen rasse en mense.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Outentieke geloof: Geloof kan nie net in ’n politieke, ekonomiese of sosiale vakuum bely word nie, maar hou verband met die lewe en stryd van Christene van dag tot dag in ’n spesifieke situasie.

- Swart teologie: Swart teologie kan gesien word as die teologiese en intellektuele raamwerk waarbinne die sogenaamde tradisioneel Blanke interpretasie van die evangelie deur Swartmense eenkant geplaas word ten gunste van nuwe interpretasies van Christus en die Bybelse God as Bevryder.

- Bevrydingsteologie: Bevrydingsteologie is ’n interpretasie van teologie vanuit die gesigspunt van die politiek-en sosiaal onderdruktes, waarmee God as aan die kant van die verdruktes verkondig word, en wat hulle aanmoedig om hulself te bevry van verdrukkende magte ten einde vry te wees.

- Kontekstualisering: Die kerk se totale konteks is op die spel wanneer ’n Bybelse teks geinterpreteer word in soverre dat die interpretasie van ’n teks nie net maar ’n literêre oefening is nie, maar ook ’n sosiale, politieke en ekonomiese oefening. Indien die verkondiging van die evangelie binne ’n bepaalde konteks tot sy reg kom, kan ons wel praat van ’n regmatige kontekstualisering.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


## 1.7 Oorsig

In Hoofstuk 2, in die voorafgeskiedenis, word die vorming van Beyers Naudé se ekumeniese bewussyn bespreek. Die tydvak wat gedek word strek vanaf 1915 tot en met 1960. In hierdie tydvak word aandag geskenk aan sy jeugjare, sy huwelik, asook sy eerste kontakte met die ekumene.

In Hoofstuk 3 word gefokus op ideologie en ekumene. Die tydvak wat gedek word, strek vanaf 1960 tot 1977. Veral word gefokus op die die krisis van Cottesloe en hoe dit Naudé by die skeiding van die weë gebring het. Aandag word ook gegee aan ekumeniese inisiatiewe wat deur Beyers Naudé onderneem is, soos *Pro Veritate*. Spesifiek word ook gefokus op die Christelike Instituut en projekte deur die Instituut onderneem. Beyers Naudé se gesprek met die wye wêreld en die wêreldkerk word onder die loep geneem. Aandag word ook aan die tema van ideologiekritiek gegee.

In Hoofstuk 4 word Naudé se rol as ekumeniese baanbreker in sy eie land bespreek. Die tydvak wat gedek word, strek vanaf 1977 tot 1994. Aandag word gegee aan sy inperking en die impak daarvan. Sy optrede as Algemene Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke geniet aandag. Aandag word ook gegee aan sy bemiddelingsrol en veral sy ekumeniese rol by verskeie Kerkeberade.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die Sinode van die N G Kerk van 1994 en die bydrae wat hy gespeel het om die N G Kerk se ekumeniese betrekkinge met die Suid Afrikaanse Raad van Kerke te herstel, word bespreek.

Hoofstuk 5 dien as samevatting en beoordeling. Aandag word geskenk aan kontekstualisering en bevrydingsteologie. Beyers Naudé se rol as onderskeidelik ekumeniese denker, ekumeniese leier en ekumenisese praktisyn word bespreek. Waardering en kritiek word ook uitgespreek.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


# HOOFSTUK 2:VOORAFGESKIEDENIS.DIE VORMING VAN 'N EKUMENIESE BEWUSSYN.

## 2.1 Beyers Naudé: Ekumeniese vaandeldraer

Beyers Naudé, of oom Bey, soos hy bekend staan by die wat naby hom leef, simboliseer in 'n sekere sin die kerklike stryd teen apartheid. Nelson Mandela beskryf hom as 'n kragtige simbool van menslike moed en medemenslikheid. Sy naam word in die *townships* van Suid Afrika genoem as die personifikasie van die nie-rassige aard van die bevrydingsstryd teen apartheid. Beyers Naudè is vir Nelson Mandela die lewende bewys dat "baasskap" nie die essensiële karakter is van die Afrikanervolk nie (Villa-Vicencio, C 1995: 7-8).

Margaret Nash beskryf Beyers Naudé so :

> Naudé brings to the SACC, to the South African churches, and to the world church the orientation and commitment of as pastor who is also a prophet, a servant who is also a *baanbreker* (Villa-Vicencio, C 1985: 153).

Die meeste van die swart mense in Suid- Afrika, het volgens dr Manas Buthelezi, streekdirekteur van die Christelike Instituut in Natal groot waardering gehad vir dr Naudé vir die groot moed wat hy aan die dag lê om die onreg van apartheid aan die kaak te stel, veral in soverre dit die lotgevalle van Swart Suid Afrikaners geraak het. Veral die kritieke rol wat die Christelike Instituut onder leiding van Beyers Naudé gespeel het, is beklemtoon.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


In besonder is sy ekumeniese bydrae uitgelig, as dr Buthelezi na die groot rol van die Christelike Instituut verwys om brûe in die apartheids-verdeelde samelewing tussen verskillende kerke en rasse te bou (Meiring, P 1975 : 143).

'n Mens kan ook nie Beyers Naudé se ekumeniese visie verstaan, as jy nie verstaan hoe hy oor apartheid gedink het nie. Die ideologie van apartheid was vir hom onversoenbaar met die evangelie van Jesus Christus, want dit het die kerke en gemeenskappe in Suid-Afrika verdeel. So besorg is Beyers Naudé oor die verdelende impak van die ideologie van apartheid dat hy in 1969 'n waarskuwing aan Suid-Afrikaanse kerkleiers gerig dat hulle 'n twintigste-eeuse Reformasie in die gesig staar as hulle nie drasties hul gesindhede teenoor rasse aangeleenthede en die jeug se frustrasie in die kerk sou aanspreek nie. Hy doen 'n beroep op die kerke in Suid-Afrika om terwyl hulle lede van hul onderskeie denominasies bly, om saam te staan met die oog op die transformasie van die kerke van binne af (The Star. 22 Augustus 1969).

Vir Beyers Naudé het ekumene 'n dubbele karakter openbaar: vir hom was ekumene 'n indikatief sowel as 'n imperatief. Die kerk wat sy bestaan te danke het aan die drie-enige God, kan nie anders as èèn wees nie. Hierdie eenheid is 'n gegewe, 'n indikatief en is gegrond in die een waarheid van God soos in die Christus van die Skrif geopenbaar. Maar vir Naudé was ekumene nie net 'n indikatief nie. Die eenheid van die kerk was vir hom ook 'n imperatief.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die kerk is geroep tot ‘n getuienis enersyds oor dit wat reeds is, naamlik geestelik een in Jesus Christus, en andersyds oor wat dit nog moet word, naamlik sigbaar een in Jesus Christus. Die gegewe eenheid is die basis en dryfkrag van die strewe na die meerdere sigbaarmaking van die gegewe eenheid.

Beyers Naudé het hom daarom dwarsdeur sy bediening beywer vir die meerdere sigbaarmaking van die kerk se gegewe eenheid in Christus. Vanuit die internasionale gemeenskap is uit verskeie oorde erkenning gegee aan die rol van Beyers Naudè as ekumeniese vaandeldraer. Hy is tipeer as iemand wat die status quo uitgedaag het, en nie berus het in die aanvaarding van onreg en ideologiese verknegting nie.

W Kistner wat saam met Beyers Naudé gewerk het in die Ekumeniese Adviesburo, vanaf 1988 tot en met 1997, tipeer die oorhoofse bydrae van Beyers Naudé tot die ekumeniese toneel in Suid Afrika as volg:

> His call to be obedient to the authorities, under pressure, his passion for reconciliation, his consistent line of thinking stood out. Even after the political transition he still remained critical (W Kistner-Heaney onderhoud. 2003).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die sitaat by die Reinhold Niebuhr toekenning vir menseregte deur die Universiteit van Chigago dien ter illustrasie van hierdie stelling.

> Beyers Naudé, churchman, pastor, prophet, and therefore risk-taker on behalf of others; affirmer of the Lordship of Christ, and therefore denier of the Lordship of Ceasar; believer in God's love, and therefore practitioner of human justice; provider of space for total sharing, and therefore troubler of the status quo; exemplar of a courage that challenges others to risk more, because he continually risks all. Sitaat : Reinhold Niebuhr toekenning (Bryan, G. Mc Leod 1977: 303).

P Randall meld dat die boodskap van Christelike hoop op 'n besondere wyse geartikuleer is in die konkrete en kontekstuele bediening van Beyers Naudé wat deur sy indringende analise van die Suid Afrikaanse samelewing, die kerke in Suid Afrika tot verantwoording en kritiese selfondersoek genoop het (Randall, P 1982 : 90).

Die groei en ontwikkeling van 'n ekumeniese bewussyn by Beyers Naudé hang saam met sy mensontwikkeling, 'n ontwikkeling wat geïnspireer is deur die wete dat God die bediening van versoening aan hom toevertrou het (Naudé, C F B 1995 : 192). Talle insidente uit sy lewe bevestig hierdie gewaarwording, soos aangetoon sal word uit die res van sy bediening, wat word beskryf in hierdie verhandeling.

Met sy afskeidspreek in die Aasvoëlkop gemeente op 27 Mei 1962, het Beyers Naudé dit duidelik uitgespel dat Christus se gemeente nie maar net bestaan uit 'n geselekteerde groepie mense nie, maar saamgestel is uit die ganse menslike geslag. Hierdie gemeente word in waarheid, eenheid en liefde saam verbind. Dit is derhalwe in stryd met die wese van die kerk, dat die kerk eksklusief kan wees, en hindernisse in die weg van byvoorbeeld gesamentlike aanbidding kan plaas. Die Nagmaal is byvoorbeeld die geleentheid waar uitdrukking gegee kan word aan die eenheid van Christus se liggaam en die verlange om aan die eenheid van die kerk uitdrukking te gee(Naudé, C F B 1995: 154-155).

Beyers Naudé se opmerkings in die eerste uitgawe van *Pro Veritate* onderskryf sy beeld as ekumeniese figuur. Die doel *van Pro Veritate* was natuurlik ook om die ekumeniese dialoog wat by Cottesloe bestaan het, verder te voer, gesien in die lig van die negatiewe gevolge van Cottesloe op die Suid Afrikaanse kerklike toneel. Hy wys daarop wys dat kerke in Suid-Afrika nie in isolasie kan optree en so hoop om wêreldwye bewegings soos die kommunisme, die Islam, en sekularisme te konfronteer nie. 'n Eendragtige getuienis teen die magte van die Bose is nodig deur die kerke (Pro Veritate 15.05.1962 : 3).

Die vraag is natuurlik hoe dit gekom het dat Beyers Naudé, gegewe sy agtergrond van diep gewortelde Afrikaner-identiteit, die ekumeniese figuur wat na vore tree in hierdie studie geword het.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Hy word beskryf as iemand wat grense kon oorsteek, mure kon afbreek, Afrikaner vrese en vooroordele van hom kon afwerp, sy identiteit as Afrikaner kon behou, en vreesloos sy ekumeniese getuienis kon laat hoor. Om hierdie vraag te beantwoord, sal in hierdie hoofstuk gelet word op die ontwikkeling en vorming van Beyers Naudé se ekumeniese bewussyn.

## 2.2 Jeugjare

Christiaan Frederick Beyers Naudé is gebore op 10 Mei 1915. Die naam wat sy ouers hom gegee het, verteenwoordig die politieke sentimente wat in die familie geheers het. Sy naam is ontleen aan diè van ‘n prominente Boeregeneraal uit die Anglo Boere-oorlog, Generaal Christiaan Frederik Beyers. Beyers Naudé se vader was ‘n stigterslid van die Afrikaner Broederbond, ‘n eksklusiewe nasionalistiese organisasie. Dit is binne hierdie dampkring van Afrikaner nasionalisme waarbinne Naudé grootword (Kistner, W 2003).

Beyers Naudé se vader, Josua Francois Naudé, was een van die Boere-afgevaardigdes by die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 na afloop van die Anglo-Boereoorlog. Hy was een van die sestal aan Boerekant wat téén die vrede gestem het. Beyers Naudé vermeld dat sy vader iemand met sterk oortuigings, en totale oorgawe aan ‘n saak was, en pas hierdie karaktertrekke op homself toe.

Die vaste waardes van sy ouerhuis het dus ook ‘n invloed op sy mensontwikkeling gehad (Naudé, C F B 1995 :15).

Beyers Naudé se vader het ‘n sterk roepingsbewussyn gehad, wat ‘n invloed op Beyers Naudé se mensontwikkeling gehad het. Beyers se vader het sy kinders grootgemaak sodat hulle ‘n duidelike begrip gehad het van God se beloftes rakende die Afrikanervolk. Veral die menseregte vergrype van die Britte teen die Afrikanervolk is onder die aandag van die huisgesin gebring. Hy word dus in die dampkring van Afrikaner nasionalisme groot met ‘n sterk besef van reg en geregtigheid, en van wat onreg teen die onderdruktes beteken (Villa Vicencio, C 1995 : 20).

Van jongs af egter, is Beyers Naudé ook blootgestel aan verskillende kulture. Hierdie blootstelling was belangrik vir sy vorming, gesien in die lig daarvan dat Beyers Naudé grootgeword het in die milieu van die opkoms van Afrikaner nasionalisme, ‘n denkklimaat wat hom nie onaangeraak sou kon laat nie. As kind het hy die voorreg gehad om vriendskappe te sluit met Zoeloeseuntjies in die omgewing van Piet Retief, met wie hy saamgespeel het. Hy herroep ook as van sy aangenaamste herinneringe die interkulturele kontak en lekker swem saam met die seuntjies in die rivier (Naudé, C F B 1995 :19) .

Op sestienjarige ouderdom het hy tydens ‘n Pinksterreeks wat deur sy pa gelei is tot bekering gekom. Hy het dus ‘n sterk evangeliese agtergrond. Sy moeder het ‘n baie sterk persoonlikheid gehad,

waarmee sy haarself laat geld het.

Beyers Naudé self was nie te gelukkig daarmee nie, veral nie daar dit mense in die uitoefening van vrye keuses gestrem het nie. Hy stel dit dat sy gevoel vir die verontregte juis hierdeur gevoed is (Ryan, C 1990 : 12 - 19).

Beyers Naudé het in die dertigerjare van die twintigste eeu, aan die Universiteit van Stellenbosch begin studeer. Die dertigerjare was ‘n periode van Afrikaner konsolidasie, in belang van Afrikaner dominansie. Die stigting van die Afrikaanse Studentebond was èèn poging om die volk se “bronne” te konsolideer (Randall, P 1982 : 7).

In die loop van 1940, is Beyers Naudé ingestel as lid van die plaaslike tak van die Afrikanerbond. Dit was dieselfde jaar waarin hy ook met sy bediening as predikant in die Nederduitse Gereformeerdegemeente Wellington begin het. Die Afrikaner-Broederbond het in daardie tydsgewrig bestaan uit ongeveer 2000 leiersfigure uit die Afrikaner gemeenskap, naamlik politici, sakeleiers, bestuurslui, opvoedkundiges en teoloë. Dit was ook die tyd waarin daar doelbewus gewerk is om die klimaat te skep vir die oorwinning van die Nasionale Party in 1948. As lid van die Broederbond was jy ook gebind aan ‘n eed van vertroulikheid rakende die geheime van die organisasie. Naudé se bereidheid om deel te wees van so ‘n eksklusiewe organisasie beteken dat sy leierskapshoedanighede deur die Broederbond raakgesien is.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Beyers Naudé verwys ook na die indrukke wat sy jeugjare op hom gelaat het. Hy vermeld dat hy ‘n lewende herinnering het aan sy jeugjare toe sy vader predikant in Graaff-Reinet was. Daar was ‘n aantal Kleurlinglidmate wat elke Sondag die eredienste in die Blanke gemeente bygewoon het. Die kern van talle gesprekke was waarom die lidmate hulle so opdring? Hulle behoort mos by die Sendingkerk aan te gesluit het. En dan vermeld Beyers Naudé dat dit vir hom vanselfsprekend was dat Blankes in een kerk moet wees en die Kleurlinge in hulle eie aparte kerk. Só was die verblindende effek van die apartheidsideologie. Op Graaff-Reinet, die dorp waar Beyers Naudé as kind grootgeword het, was die algemene gevoel een van ook respek maar ook van afstand. Die tipiese paternalistiese Afrikanerhouding teenoor die Kleurlinge het geheers (Naudé, C F B 1995 : 22 – 31).

Beyers Naudé se blootstelling aan gelowiges oor kultuurgrense heen, het ‘n skerp indruk op hom gelaat. Die skeiding wat segregasie en apartheid tot stand gebring het tussen swart en wit het hom egter bygebly. Hierdie agtergrondskets van Beyers Naudé se kinderjare, en sy vorming as mens, gee aan ons ook insae in hoe sy ekumeniese bewussyn gevorm is, hoe iemand met sy agtergrond van Afrikaner eksklusiwiteit uiteindelik ‘n breër ekumeniese visie ontwikkel het. Daar was ook ander vormende invloede.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


## 2.3 Huwelik met Ilse Weder

Aan die einde van 1939 het Beyers Naudé sy Kweekskooljare voltooi. Hy is getroud met Ilse Weder, wie se vader ‘n Morawiese sendeling op Genadendal was, waar Ilse ook haar kinderjare deurgebring het, en wat ook op haar lewe ‘n vormende invloed gehad het. Sy verhouding en uiteindelike huwelik met Ilse Weder op 3 Augustus 1940, het ‘n vormende invloed op sy lewe gehad, ook wat betref die ontwikkeling van ‘n ekumeniese bewussyn. Hy en Ilse het kort vakansies by Genadendal gaan deurbring. Hy vermeld uitdruklik dat hierdie kort vakansies sy siening oor ras en ekumene ingrypend beïnvloed het. Op Genadendal het hy anderskleuriges, met name Kleurlinge, op ‘n medemenslike vlak ontmoet, as toegewyde mense wat vroom en opreg in hul godsdiens was. Dit het ‘n skerp indruk op hom gelaat van die skeiding wat segregasie en apartheid in Suid-Afrika gebring het tussen swart en wit (Naudé, C F B 1995: 30).

Die verhouding met Ilse, sy aanstaande vrou en die blootstelling by Genadendal is belangrik vir die agtergrondskets oor sy vormingsjare. Genadendal was die hoofsendingstasie van die Morawiese kerk in die Westelike Provinsie, gesetel in die Overberg. Georg Schmidt wat in 1737 aan die Kaap geland het, was die eerste sendeling van die kerk en het 'n groot rol gespeel in die opheffing van die Khoi gemeenskap betreffende die geestelike bediening, woningbou, die landbou en die onderwys.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die Morawiërs het behoort tot die wyer piëtistiese beweging in Europa wat bekend was vir hulle geloofsverdieping en die betoning van praktiese naasteliefde (Balie, I 1988:8). Ilse kom uit 'n huis waarin geloof en praktyk op mekaar ingespeel het. Hierdie samespel tussen geloof en praktyk sien ons ook in die lewe van Beyers Naudè.

## 2.4 Eerste kontakte met die Ekumene: Die Kerk Jeug Vereniging Studietoer

Beyers Naudé se eerste gemeente was Wellington (1940). In 1942 het hy 'n beroep na die NG kerk Loxton aanvaar. Daarna in 1945 het hy 'n beroep na Pretoria-Suid aangeneem. In 1949 het hy 'n beroep ontvang na Pretoria-Oos. Hier was hy medeleraar met dr Ben Marais, wie se boek, die *Kleurkrisis in die Weste*, 'n storm in die kerk ontketen het. In die boek is die Skriftuurlike gronde vir rasse-apartheid in twyfel getrek. Hierdie boek het volgens Beyers se eie erkenning hom laat besef hoe diep in die hart van talle Afrikaners die afgodsbeeld van apartheid ingebed was (Naudé, C F B 1995 : 39).

'n Tweede belangrike gebeurtenis in Beyers Naudé se lewe, was die stigting van die Kerk Jeug Vereniging van die N G Kerk. Die stigting van die Kerk Jeug Vereniging is opgevolg deur die Kerk Jeug Vereniging studietoer (KJV toer) van 1954. Die toer het 'n groot invloed op Beyers Naudé se ekumeniese bewuswording gehad.

Hy is oor ‘n tydperk van ses maande aan jong Christene van verskillende rasse in verskeie lande blootgestel. In ‘n onderhoud met Beyers Naudé maak hy die volgende opmerking as hy gevra word wat aanleiding gegee het dat hy by die ekumene betrokke geraak het:

> **A**s dit nie vir die NG Kerk was nie, sou ek na alle waarskynlikheid nooit enige betekenisvolle visie in verband met die ekumene ontwikkel het nie. Ek wil u verwys na ‘n opdrag wat die NG Kerk aan myself en dr Strauss gegee het, om die kerk en die jeug in die buiteland te gaan ondersoek. Ons was ses maande lank in die buiteland, om die betrokke tema te bespreek en terug te kom en ‘n verslag te gee aan die kerk. Ons is uitgestuur deur die KJV. In my gedagtewêreld was die saad van die ekumene reeds gesaai. Die navorsing wat ons in die buiteland gedoen het, het daardie visie gestimuleer. Daarom sê ek dat dit die NG Kerk self was wat die ekumeniese visie in my hart gelê en versterk het. Dis baie belangrik, want sommige mense dink dis ‘n visie wat gekom het van die Wêreldraad van kerke of die Bevrydingsteologie. Die Wêreldraad en die Bevrydingsteologie het daartoe bygedra om my ekumeniese visie te help vorm. My ekumeniese visie het egter ontwikkel uit die opdrag wat die kerk aan my en dr Strauss gegee het (CFB Naudé-Heaney 2001).

Die opdrag waarna hy verwys, was ‘n besluit deur die Kerk Jeug Vereniging hoofbestuur dat hy en ds W de W. Strauss ‘n intensiewe studie van kerklike jeugwerk in Europa en Noord Amerika moes gaan maak. Beyers Naudè vermeld dat tydens hierdie toer jong Christene van verskillende rasse uit verskillende Protestantse kerke in dertien lande ontmoet is. ‘n Nuwe visie van die eenheid van die Kerk, van rasse- en menseverhoudinge, asook van die ekumeniese beweging het

by hom posgevat (Naudé, C F B 1995 : 39).
Hierdie toer het Beyers Naudé se ekumeniese visie verbreed en sy begrip van die kerk se rol in kerk en samelewing verhelder. Die boek *Kerk en Jeug in die buiteland en Suid Afrika* is 'n verslag van Beyers Naudè en W de W Strauss se buitelandse toer. Aangesien Beyers Naudè self vermeld dat 'n nuwe visie van die ekumeniese beweging na hierdie toer by hom posgevat het, is dit belangrik vir die doel van hierdie verhandeling om meer breedvoerig aandag aan die reisplan te gee. Besoeke is gebring aan Nederland, die VSA, Kanada, Duitsland, Switserland, Engeland, Italië, Frankryk, Swede, Denemarke, sowel as die Jeugdepartement van die Wêreldraad van Kerke.

'n Kort uiteensetting van die toer se bevindinge, soos vervat in die verslag opgestel deur Strauss en Naudé, word heronder weergegee. Die bevindinge bied insae in die ekumeniese denke van Naudé.

- Die kerk en sy jeug

In hierdie deel van die verslag word die opmerking gemaak dat die gemeenskap van die gelowiges die grense van die eie kerk oorskry, en dat die Christelike opvoeding van die jeug ook kontak met ander kerke behels. Daar word ook in die verslag vermeld dat in meer as een geval wêreldorganisasies hul oorsprong het in een of meer ekumeniese jeugbewegings. Hier word die name genoem van die *World Student Christian Federation* en die *Young Men's Christian Association* wat bygedra het tot die totstandkoming van die Wêreldraad van Kerke (Naudé, C F B & Strauss W de W 1955 : 6).

T.o.v. interkerklike verhoudinge word vermeld dat die jongmense feitlik geen verskil ken tussen die afsonderlike kerke nie. Geeneen bepaalde kerk het die hele Christelike waarheid in besit nie, die Christelike kerke moet die een die ander aanvul.

Die kerk behoort voorsiening te maak vir gesonde en voortdurende kontakte vir sy jeug met jongmense van ander Protestante en Christelike kerke in sy eie en ander lande van die wêreld (Naudé, C F B & Strauss W de W 1955 : 43).

- Die kerk en sy geestelike versorging van die jeug

Die aanbevelings onder hierdie punt, lui dat die kerk moet verantwoordelikheid aanvaar en direk of indirek leiding gee aan sy jong lidmate, nie alleen met betrekking tot hulle kulturele en maatskaplike behoeftes nie, maar ook om die regte gebruik te maak van die vrye tyd tot hulle beskikking. Die kerk moet in 'n geaffilieerde verband saamwerk met ander liggame. Bestaan daar in 'n bepaalde omgewing geen sodanige liggame nie, moet die kerk self leiding neem (Naudé, C F B & Strauss W de W 1955 : 105).

- Noue skakeling tussen arbeid onder skoolgaande, studerende en werkende jeug.

Die aanbevelings onder hierdie punt, lui dat daar nouer skakeling en samewerking tussen verskillende kerkgroepe moet wees.

Die Ned Geref kerk word opgeroep om oorweging te skenk aan die skepping van ‘n sterk jeugvereniging wat oorleg pleeg met ander bestaande jeugverenigings wat nie direk op gemeentelike vlak funksioneer nie. Veral word hier gedink aan nouer samewerking met ander Protestantse kerke. In die verband behoort die skepping van ‘n Interkerklike Jeugskakelraad oorweeg te word (Naudé, C F B & Strauss W de W 1955 : 267). In hierdie aanbevelings kan ook ‘n sterk ekumeniese inslag en fokus bespeur word. Dit is veelseggend, dat in die verslag van die Waarheids-en Versoeningskommissie, byna 'n halfeeu later, eweneens veel van die rol van jongmense gemaak word. Die gedagte van ‘n vredeskorps vir jongmense word in die vooruitsig gestel, wat Swart en Wit jeugdiges by vredesprojekte betrek (Meiring, P 2003 : 112- 121).

Die ekumeniese rol en funksie van die jeug is immer reeds in die sestigerjare deur Beyers Naudé voorsien. Die ontmoetings en ekumeniese kontakte wat Beyers Naudé in die buiteland gehad het, het ‘n onuitwisbare indruk op sy gemoed gemaak. Dit kan gesien word in die aanbevelings wat in die verslag van die Kerk Jeug Vereniging toer, soos hierbo bespreek gemaak word, waarin daar byvoorbeeld uitdruklik melding gemaak word van samewerking in geaffilieerde verband met ander kerke. Geen bepaalde kerk het die hele Christelike waarheid in besit nie, die Christelike kerke moet die een die ander aanvul, en die belang van interkerklike skakelrade.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


## 2.5 Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode

In 1955 is Beyers Naudé na Potchefstroom toe beroep. In 1958 is hy as assessor van die Transvaalse moderatuur van die N G Kerk verkies. In hierdie tydperk het heelwat dominees uit die sg dogterkerke, die Swart, Bruin en Indiër gemeentes van die N G Kerk familie, hom besoek. Hulle het met hom oor hul dilemmas rakende die uitwerking wat die toepassing van die ideologie van apartheid gehad het op die wel en wee van hulle lidmate gepraat.

Gedurende sy Potchefstroomse bediening het die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) in 1958 op die dorp daar vergader. In 1988 is die naam van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode verander na die Gereformeerde Ekumeniese Raad. Die GES is 'n internasionale Gereformeerde Sinode waarin verskeie Gereformeerde kerke betrek word en leerkwessies bespreek word. By die GES te Potchefstroom is indringende besprekings gevoer oor die Skrif, die eenheid en verskeidenheid van die Kerk en vrae rondom apartheid is behandel. Beyers Naudé het die openbare byeenkomste bygewoon. By hierdie geleentheid het hy waargeneem hoe desperaat predikante van die NG Kerk soek na regte woorde om die kritiek wat uit liefde teen apartheid uitgespreek is deur oorsese kerke te verantwoord (Ryan, C 1990 : 46 - 47).

Die kritiese besprekings aldaar het hom geprikkel tot selfstudie uit die Skrif en hom tot die ontdekking laat kom, dat sy eie kerk se verdediging van apartheid op Bybelse gronde, ‘n ernstige fout was. Hy maak veral ook melding van die stille, pleitende stem van die Heilige Gees wat hom gedring het (Naudé, C F B 1995 : 41-42).

## 2.6 Die Ekumeniese Studiekringe

Beyers Naudè se blootstelling aan die denke in die Westerse wêreld, het sy visie oor rasse-en menseverhoudinge, asook die visie oor die eenheid van die kerk en die ekumeniese beweging by hom aangewakker. In 1959 is hy na die Aasvoëlkop gemeente toe beroep. Beyers Naudé, in twyfel gedompel en met talle vrae oor die kerk se beleid van apartheid wat hulle foutiewelik op die Bybel gebaseer het, het met ‘n eie studie begin en probeer om die Bybeltekste te verstaan waarop die NG teologie van destyds gebou is. Dit het hom egter lank geneem om oortuig te raak van die feit dat die Bybel nêrens bewyse lewer van apartheid soos die Afrikaners dit verstaan het nie (Pieterse, H J C Ongedateerd : 18).

Beyers Naudé se belangstelling in die Suid Afrikaanse politieke toneel, het hom daartoe gebring om ‘n aantal ekumeniese Bybelstudiekringe in die lewe te roep, om die ideologie van apartheid aan die toets van die Skrif te onderwerp. Teen 1960 is die studiekringe geformaliseer met die stigting van die *Rand Ecumenical Study Circle.*

Die stigting van die ekumeniese studiekringe en die invloed daarvan op Beyers Naudé, werp vir ons lig op Beyers Naudè se ekumeniese worsteling. Sy eie teologiese nadenke en leerbare gees, het sy visie van die kerk van die Here Jesus Christus verruim. Vir hom het die besef algaande begin deurskemer dat die kerk in Nuwe Testamentiese sin, die één liggaam van Christus is.

Die verdeeldheid in die kerk, ook in Suid Afrika kan nie meer net so toeglaat word as 'n de facto feit nie. Beyers Naudé het tot die besef gekom dat om net oor kerkeenheid te *praat*, vrugteloos is. Hy was van oortuiging dat die beter is om hom vir die konsep van Christelike eenheid te beywer, en oor die nodigheid van Christene om een te wees, ten einde die Sending van die kerk te vervul.

Dit het vir Beyers Naudé begin deurskemer dat sonder 'n verenigde kerk dit moeilik sou wees om 'n impak op die samelewing te maak. Die eis van kerklike eenheid was vir hom 'n Bybelse eis. Dit was 'n visie wat verskil het van die kerk waaraan hy behoort het. Die kerk se missie, vir Beyers Naudé, is 'n missie van die hele kerk aan die hele wêreld; nie die van een kerk aan 'n klein groepie mense rondom hulle nie. Om daarom 'n verskil aan die wêreld te maak, moet die kerk een wees (Ryan, C 1990 : 51).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


## 2.7 Beoordeling

In Hoofstuk 1 het ons gewys op verskeie faktore wat 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van 'n ekumeniese bewussyn by Beyers Naudé. Daar was verskeie vormende invloede wat hom die ekumeniese vaandeldraer gemaak wat hy was. In hierdie beoordeling word die sake wat bespreek is, saamgevat en geanaliseer. Beyers Naudé se kinderjare en huwelik met Ilse Weder en haar agtergrond vanuit die Morawiese kerk, was deel van die invloede wat ingewerk het op die vorming van 'n ekumeniese bewussyn by hom.

Sy blootstelling aan ander kulture het 'n onuitwisbare indruk op hom gelaat, naamlik dat ons in ons menswees saam met ander op weg is, en dat die mensgemaakte skeidsmure tussen rasse en volkere en veral tussen Christene, ons van ons medemens vervreem en ons van die geleentheid ontneem om by mekaar te leer en mekaar te dien. Hierdie interkulturele kontak het hom voorberei vir sy latere ekumeniese rolvervulling.

Dit is ook belangrik om te let dat sy kerk, die N G Kerk, hom reeds in 'n ekumeniese rol gesien het deur hom op die Jeug studietoer te stuur. Hierdie studietoer en die afloop daarvan het net verder sy ekumeniese visie verbreed. Die aanbevelings in die verslag van die K J V studietoer vervat, weerspieël ook sy groeiende ekumeniese sensitiwiteit. Dit is 'n sensitiwiteit wat gevoed is deur die praktiese blootstelling aan die ekumene en help ook om sy latere belangstelling by ekumene-in-die-praktyk te verklaar.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


‘n Nuwe visie van die eenheid van die kerk, van rasse- en menseverhoudinge, ‘n onwilligheid om te aanvaar dat die valse ideologie van apartheid die laaste sê in kerk en samelewing het, asook die belang van die ekumeniese beweging het by hom posgevat. Dit is ook in die lig hiervan dat die stigting van die ekumeniese studiekringe en die projekte van die Christelike Instituut beoordeel moet word.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


# HOOFSTUK 3: IN DIE SMELTKROES. IDEOLOGIE EN EKUMENE [1960-1977]

## 3.1 Suid - Afrika: Die krisis van Cottesloe

In Suid Afrika, in die jare 1960-1977 was daar talle ontwikkelinge op sosio-politieke en ekonomiese gebied. Dit is die tyd waarin apartheid ‘n harde werklikheid was in die lewe van miljoene Suid Afrikaners waarin die ideologie en teologie van apartheid in alle kringe uitgebou is. Die dekade is ingelui deur die traumatiese gebeure te Sharpeville, toe groot getalle Swartmense hulle openlik teen apartheid uitgespreek het. Kort daarna het die Cottesloe konferensie plaasgevind, wat ‘n onherroeplike merk op kerklike verhoudinge en teologie-beoefening sou laat.

### 3.1.1 Die aanloop tot Cottesloe

Die Cottesloe Kerkeberaad is in reaksie op die Sharpeville- voorval wat hieronder bespreek word, op versoek van die Wêreldraad van kerke byeengeroep om die probleem aan te spreek. Dit was 'n demonstrasie van die eenheid van Protestantse kerke, almal lidkerke van die WRK, wat in 'n tyd van krisis 'n gesamentlike getuienis gelewer het. Die byeenkoms is gehou in die Cottesloe-koshuis van die Universiteit van die Witwatersrand. Willie Jonker tipeer die jaar 1960 as ‘n waterskeidingsjaar in Suid- Afrika.

Daar was die traumatiese gebeure by Sharpeville, waar die Suid Afrikaanse Polisie by 'n protesbyeenkoms teen die paswette, 69 swart mense doodgeskiet en 180 gewond het. Volgens Jonker het die ontwikkelinge rondom en afloop van Cottesloe, aan die lig gebring dat 'n leidende kerk, soos die NG Kerk met noue toegang tot die regering van die dag en die verstrengeling met die Nasionale Party, haar in so 'n mate gekompromitteer het, dat sy haar profetiese rol as kerk van Christus in die politieke situasie van die land nie na behore kon vervul nie (Jonker, W D 1998 : 39-40).

Die gebeure by Sharpeville, wat uiteindelik tot die Cottesloe beraad sou lei, was deel van landwye betogings en protesoptogte teen die Paswette. Die betogings, wat vreedsaam verloop het, het tot 'n paniek reaksie by die polisie gelei. Naby Vereeniging te Sharpeville, op 21 Maart het die aksies tot 'n gewelddadige botsing gelei. By die geregtelike ondersoek het geblyk dat 69 Swartmense gedood is, waarvan die meeste van skuins agter geskiet (Van Rooyen, J H P 1990 : 122).

Ook by Langa naby Kaapstad was daar gewelddadige botsings. By albei plekke is mense in die proses dood. Hierdie gebeure by Sharpeville en Langa, kan as direkte aanleiding tot die Cottesloe beraad gesien word.

Sharpeville en die hantering daarvan deur die verskillende kerke in die land, het groot spanning tussen die Afrikaanse en ander kerke in die land veroorsaak. Dit is nodig dat die kerklike konteks waarbinne die beraad hom afspeel ook nader toegelig word. J W Hofmeyr meld tereg dat Cottesloe nooit los van sy konteks gesien en beoordeel behoort te word nie. Daar was onder andere politieke, sosio-ekonomiese en kerklik-teologiese faktore wat 'n besondere rol meegespeel het (Hofmeyr, J W 1991: 243-245).

Ses maande na Sharpeville, gedurende Desember 1960 het die Suid Afrikaanse lidkerke van die WRK in Cottesloe bymekaargekom. Die Wêreldraad van Kerke is in 1948 gestig. Die Wêreldraad van Kerke was die saamvloei van twee strome, naamlik twee ekumeniese bewegings wat praktiese samewerking en leerstellige gesprekke tussen kerke wou bevorder. *Life and Work*, het hom begeef op die terrein van etiese en morele kwessies, en *Faith and Order* het meer gefokus op die bevordering van leerstellige gesprekke. Uit die saamvloei van hierdie twee strome, is die Wêreldraad van Kerke in 1938 gestig. In 1948 is die eerste vergadering te Amsterdam gehou. (Crafford, D & Gous G 1993: 91-92).

Cottesloe was nie die eerste poging om Blanke en Swart Christene om een tafel byeen te bring nie. Op politiese terrein was sake in rep en roer. Die tydperk na 1948 is gekenmerk deur die stigting en vestiging van die Nasionale Party in Suid-Afrika nie, maar ook deur die toenemende aktivering van die politieke stryd onder Swartmense.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


In die tydperk na 1948 het die ANC die inisiatief in die swart politieke stryd geneem. In 1949 is op 'n militante aksieplan besluit. In 1951 het die ANC, die *Indian Congress* en die *Franchise Action Council* gesamentlik besluit op 'n versetveldtog teen diskriminerende wetgewing. In 1952 is 'n versetveldtog teen apartheidswette van stapel laat loop. Tydens 1959 is die *Freedom Charter* aanvaar, waar gelyke regte vir alle bevolkingsgroepe gevra is (Hofmeyr, J W 1991: 244).

Die Cottesloe beraad het hom afgespeel in 'n tyd toe dit om die vestiging en uitbouing van apartheid deur die Blanke minderheidsbewind gegaan het. Daar was 'n geslote en 'n dempende owerheid in die sestigerjare in Suid-Afrika aan bewind. Tydens 1960 is verskeie versetaksies teen die paswette deur die ANC en die PAC geloods. Die meeste het vreedsaam verloop, behalwe by Langa en Sharpeville. Hierdie aksies het geblyk 'n keerpunt te wees, veral dan in die geskiedenis van die verset van Swartmense. Ekonomiese faktore het ook 'n rol gespeel in die aanloop tot Cottesloe.

In 1950 is 'n kommissie van ondersoek onder leiding van FR Tomlinson aangestel om ondersoek in te stel na die rehabilitasie van swart gebiede in Suid Afrika. Daar is aanbeveel dat aparte ontwikkeling as owerheidsbeleid aanvaar sou word, solank as wat die swart gebiede volledig ontwikkel word. Die regering van die dag was traag om die omvattende ontwikkeling van swart gebiede van stapel te stuur. Dit het die konkrete deurvoer van afsonderlike ontwikkeling benadeel (Hofmeyr, J W 1991 : 246).

Reeds in 1949 het die Rosettenville konferensie in Suid Afrika plaasgevind, na die bewindsoorname van die Nasionale Party. Die besluite van hierdie vergadering weerspieël veral die gevoel van die Engelssprekende kerke.

Hofmeyr haal 'n aantal van hierdie besluite aan:

> We affirm that the fundamental truths we shall neglect at our peril include: God has created all men in His image. Consequently, beyond alle differences remain the essential unity. The real need of South Africa is not apartheid, but 'Eendrag...' Citizenship involves participation in responsible government. The franchise should be accorded to all capable of exercising it (Hofmeyr, J W 1991 : 247).

In 1954 is 'n tweede veelrassige konferensie van kerkleiers in Johannesburg gehou, wat belê is deur die Sendingkommissie van die NG Kerk in Transvaal. Hierdie konferensie het besondere nadruk gelê op die eenheid van die kerk, op die wedersydse erkenning van die gemeenskap van die kerk, op die gevaar van die idealisering van die een groep, op die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid, sowel as op die noodsaak van internasionale ekumeniese samewerking (Emmen, E 1971:24).

Hofmeyr verwys daarna dat ook in die kring van die N G kerkleiers, vrae begin ontstaan het oor die Skriftuurlike fundering van afsonderlike ontwikkeling .Hofmeyr haal ds C B Brink aan in sy verslag aan die 1957 Sinode van die N G Kerk van Transvaal oor sy bywoning van die Wêreldraad van Kerke in 1954 :

> Ons lidmaatskap van die Wêreldraad stel ons in stimulerende kontak met die heersende mening van Protestante en nie- Katolieke kerke. Dit onderwerp ons aan die uitdaging van ‘n wyer kring en dwing ons tot heilsame self dissipline om ons gedurig self te ondersoek en onsself met ons beskouinge onder die neerdrukkende las van ons verbysterende probleme te toets aan die Woord van God en daaruit ons troos en ons krag te put. (Hofmeyr, J W 1991: 250).

Daarom is dit tragies dat die Cottesloe beraad ‘n bepaalde hoogtepunt, maar ook ‘n bepaalde eindpunt van die ekumeniese gebeure was. Die Engelssprekende kerke in Suid Afrika het in die openbaar die slagting by Sharpeville veroordeel, maar volgens Balia het hulle uitsprake geen oorhoofse kerklike beleid daargestel om die plofbare situasie te help ontlont nie (Balia, D M 1989 : 17).

Die slagting by Sharpeville het intense konflik tussen die grootste Afrikaanse kerk, die N G Kerk, en die Engelssprekende kerke in Suid Afrika veroorsaak. Die N G Kerk het steeds afsonderlike ontwikkeling ondersteun, mits dit regverdig toegepas word. Daarteenoor het die Anglikaanse kerk, ‘n kerk uit die Engelssprekende gemeenskap, hom sterk teen die apartheidsbeleid uitgespreek (Webb, P 1994 : 3).

By Cottesloe het daar aanvanklik 'n gees van broederskap geheers, tussen die Afrikaanse en Engelssprekende kerke, asook tussen die Swart en wit afgevaardigdes.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die gees van eenheid is veral gedemonstreer deur die spontane eis deur die afgevaardigdes vir 'n gesamentlike verklaring (Ryan, C 1990 : 59-60). Hierdie gees van broederskap het beslis 'n invloed op Beyers Naudè se ekumeniese denke gehad. Daar sou egter 'n nadraai wees.

3.1.2 Botsing in eie kring

Die nadraai van Cottesloe verteenwoordig ‘n *ekumeniese breuk* vir die kerke in Suid - Afrika in die sestigerjare. Die N G Kerk se pad van isolasie het byvoorbeeld grootliks met Cottesloe begin (Hofmeyr, J W 1991: 256).

De Gruchy wys daarop dat alhoewel Cottesloe as ‘n hoogtepunt op die kerklike toneel in Suid Afrika beskou kan word, die reaksies van die NG Sinodes die laagtepunt van verhoudinge tussen die Engelsprekende kerke en die NG Kerk verteenwoordig het. Vir baie het die enigste pad vorentoe vir samewerking tussen Christene van verskillende kerke bestaan in persoonlike deelname aan ‘n nuwe soort ekumeniese stukrag wat nie noodwendig aan denominasionele strukture gekoppel was nie (De Gruchy, J W 1979: 69).

Die reaksie van die Ned Geref Kerk op die uitsprake van Cottesloe het ’n ekumeniese breuk tussen die N G Kerk en talle ander erkende Protestantse kerke in die land teweeg gebring.

Die Transvaalse en Kaaplandse N G Kerke het bedank uit die Wêreldraad van Kerke. Terwyl die meeste ander hoofstroomkerke in die land hulle verenig het in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, het die N G Kerk (en die ander Afrikaanse susterskerke) opsy gestaan (Algemene Sinodale kommissie van die Ned Geref Kerk, 1997 : 12).

Die reaksie van die NG Kerk is strydig met die gees wat by Cottesloe geheers het, sowel as die gesamentlike verklaring wat daar uitgereik is. Die verklaring wat uitgereik is, het 'n gees van versoening en begrip vir die ingewikkelde rassesituasie in Suid-Afrika uitgestraal. Die Christelike standpunt rakende rasseverhoudinge is bespreek. Die verklaring het gemeld dat die kerke teenwoordig eenparig was in die verwerping van alle vorme van onregverdige diskriminasie.

Daar is toegegee dat die Kerk van Jesus Christus se getuienis op sosiale terrein moet rekening hou met al die gesindhede, magte, beleidsrigtings en wette wat die lewe van 'n volk beïnvloed, maar dat die Kerk steeds moet getuig dat die finale maatstaf vir alle sosiale en politieke optrede alleen geleë is in die beginsel van Gods Woord i.v.m. die Godgegewe roeping van elke mens tot die verwesenliking van 'n menswaardige bestaan vir hom Die NG afvaardiging het hiermee saamgestem (Lűckhoff, A H 1978 : 83-84).

Die reaksie van die Hervormde kerk, sonder om in detail daarop in te gaan, was om die beleid van afsonderlike ontwikkeling opnuut weer te onderskryf. Die N G Kerk het verklaar dat 'n beleid van Christelike differensiasie uit 'n Christelike hoek verdedig kan word, en dat die besluite van Cottesloe in lyn met so 'n standpunt is (Lűckhoff, A H 1978 : 93).

Daar het 'n groot verandering gekom in die kerke se verhoudinge onderling, met name die verhouding tussen die NG Kerk en die ander kerke in Suid Afrika. Hierdie verandering moet volgens Lùckhoff as 'n verharding van gesindhede gesien word. Dit het die einde van die ekumeniese dialoog oor taal en rassegrense heen meegebring. Die NG kerk het al meer na binne gekeerd geraak (Lùckhoff, A H 1978 : 169).

3.1.3 By die skeiding van die weë

Die Cottesloe beraad en die afloop van die beraad, het 'n beslissende ekumeniese impak op Beyers Naudé gemaak. Cottesloe was immers 'n poging van die internasionale ekumeniese kerklike gemeenskap en dan spesifiek die Wêreldraad van Kerke, om met die kerke in Suid Afrika in gesprek te tree oor die Christelike standpunt t o v ekumene, die rasseverhoudinge in Suid Afrika, en die profetiese roeping van die kerk hierin. Die laaste deel van die verslag het die rol van die Christen binne die sosiaal-maatskaplike toestande in Suid-Afrika aangespreek (Potgieter, J 1991: 25).

In ‘n onderhoud oor wat die impak van die Cottesloe beraad op die ekumeniese toneel in Suid Afrika was, antwoord Beyers Naudé soos volg :

> Daar was huiwering en terughouding op die ekumeniese toneel. Die Cottesloe beraad het tot gevolg gehad dat daar ‘n negatiewe reaksie teenoor die ekumene was in Suid Afrika. By die NG Kerk en Hervormde Kerk veral was daar ‘n negatiewe reaksie. By die NG Kerk het dit wonderlik verander. By die Hervormde kerk het dit langer vasgesteek. Wat die Engelse kerke betref, soos die Anglikaanse Kerk was daar ‘n verlange om die eenheid van die kerk van Christus te bevorder. My belewenis was dat daar ‘n besef by die kerke was dat Cottesloe die saak van die ekumene skade aangedoen het (CFB Naudé-Heaney 2001).

Om die ekumeniese impak van die Cottesloe beraad op Beyers Naudé te verstaan, is dit nodig om breedvoeriger in te gaan op enkele van die aanbevelings van die beraad. Aan die einde van die sewende sittingsdag het die beraad ‘n verklaring uitgereik oor spesifieke verskynsels rakende die rasseprobleem in Suid Afrika. Van die stellings wat betrekking het op die ekumene, was die volgende :

- Niemand wat glo in Jesus Christus mag van enige kerk geweer word op grond van ras of kleur nie. Die geestelike eenheid tussen alle mense behoort sigbare uitdrukking te vind in gesamentlike aanbidding en Getuienis, en in gemeenskap en konsultasie oor sake van algemene belang.

- Die kerk as liggaam van Christus is ‘n eenheid en binne hierdie eenheid is daar ‘n natuurlike verskeidenheid wat geheilig word, nie opgehef word nie.

- Die ganse kerk moet saamwerk in die geweldige Sendingtaak wat in Suid-Afrika verrig moet word, en 'n gemeenskaplike strategie vereis .

- Vir sover nasionalisme vanuit 'n drang tot selfverwesenliking groei, behoort Christene dit te begryp en te eerbiedig. Die belange van die volk mag egter nie tot absolute waarde gemaak word nie.

- Die taak van die kerk is om nasionalistiese bewegings na regverdige en waardige doelwitte te lei (Lűckhoff, A H 1978 : 83–88).

Hofmeyr maak die stelling dat die konteks in 'n groot mate die gebeure en veral die afloop van Cottesloe bepaal het. Dit het in 'n groot mate gegaan oor die vestiging van die ideologie van apartheid. Uit die reaksie van 'n leidende kerk soos die Ned Geref Kerk, met groot invloed by die regering van die dag, blyk 'n hele aantal duidelike tendense, wat verhelderend is vir die tema van hierdie studie, nl die kritiese rol van Beyers Naudè m b t die ekumeniese toneel in Suid Afrika. Apartheid as heersende politieke beleid is feitlik eenparig in beskerming geneem (Hofmeyr, J W 1991 : 256). Die verskillende sinodes en sinodale kommissies het in die loop van 1961 vergader en een en almal het die besluite van die beraad verwerp.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die Sinodes van Kaapland en Transvaal het onder meer met nadruk verklaar dat die beleid van differensiasie Skriftuurlik gegrond is, dat dit die enigste realistiese oplossing vir die probleme van rasseverhoudinge in ons land aanbied en daarom die belange van alle bevolkingsgroepe die beste dien. Die strekking van die geheel en die gesamentlike getuienis (van die Cottesloe verklaring) was vir die sinodes onaanvaarbaar omdat dit die beleid van afsonderlike ontwikkeling aangetas en ondermyn het (Algemene Sinodale kommissie van die NG Kerk 1997, punt 3.3).

Dit het hand aan hand gegaan met 'n vasbeslotenheid by baie Afrikaners en ook die Ned Geref Kerk om hulle nie uit die buiteland oor staatkundige en politieke beleid te laat voorskryf nie. Die amptelike kerklike sanksionering van die veertigerjare van direkte Bybelse steun vir apartheid is gehandhaaf. In die oopstelling teenoor die "vreemde invloede" van die buiteland, het baie NG lidmate die Cottesloe verklaring aan die inisiatief en invloed aan die aanwesige lede van die Wêreldraad van kerke gewyt-sonder om hulle eie afgevaardigdes se verduideliking ernstig te neem ! Dit het 'n tendens in die N G Kerk gelaat om buitelandse kritiek op apartheid dikwels met groot agterdog te bejeën-'n houding wat die ekumeniese gesprek bemoeilik het, aangesien kritiek teen die apartheidsideologie as 'n vyandige aanslag van buite gesien is. Laastens het die eenparige steun aan apartheid daartoe gelei dat die NG Kerk 'n periode van verstrakking in sy prinsipiële houding oor apartheid ingegaan het.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die beste voorbeeld hiervan, is die besluite van die Algemene Sinode van 1966 oor *Ras, volk en nasie*. In hierdie verslag word die volkereverskeidenheid in die Skepping gegrond en die gebeure by Babel gesien as 'n intensivisering daarvan (Strauss, P 1991: 440).

Daar het 'n noue band tussen die NG Kerk en die Afrikanervolk bestaan. J Potgieter meld tereg dat die voortbestaan van die Afrikanervolk wel 'n bepalende rol gespeel het in die NG Kerk se uitsprake oor Cottesloe, en merk daarby op dat die kerk hom nie in sy evaluering van die etiese aspekte rakende die Skrif en rasseverhoudinge deur 'n sekere volk se voortbestaan mag laat rig nie. Die Kerkbode het in sy kommentaar op Cottesloe vermeld dat die verklaring wat uitgereik is die volkslewe van die Afrikaner intens raak. Die Vrystaatse Sinodale kommissie het bygevoeg dat gemengde huwelike onaanvaarbaar is, daar dit oor 'n volksvraag gaan (Potgieter, J 1994: 63).

Dat die NG Kerk in die tyd d.m.v. sy noue kritieklose verbintenis met die Afrikanervolk sy profetiese getuienis in gevaar gestel het, was vir Beyers Naudé duidelik. Hy spreek hom hieroor uit :

> Deur hierdie besluite sal die NG Kerk sy profetiese roeping teenoor die huidige regering vir baie jare nie meer kan vervul nie en sal die kerk ook nie-deur die verborge magte wat hom somtyds beheer-toegelaat word om sy profetiese roeping te vervul nie (Naudé, C F B 1995: 59).

Wat Beyers Naudé betref, was dit die skeiding van die weë. Die keerpunt het tydens die Cottesloe-beraad begin. Met die Transvaalse Sinode van die Ned Geref Kerk in 1961, was Beyers Naudé bereid om sy standpunte voor 'n hele Sinode van sy kerk te stel en te verdedig (Potgieter, Jordaan 1991: 67).

Hy het 'n verklaring uitgereik waarin hy finaal sy koers profeties gekies het. As enige Sinode-lid hom kon oortuig dat enigeen van die besluite van Cottesloe nie aan die waarheid van Gods Woord voldoen nie, het hy in sy kort verklaring gesê, hy bereid sou wees om verskoning te doen aan die Sinode en aan die kerk. So sterk was Beyers Naudè se oortuigings (Pieterse, H J C Ongedateerd: 22).

Vir Beyers Naudé was die skeiding van die weë nie maar net 'n saak van verskil met sy kerk nie. Dit was meer as dit. Van wat gesê en geskryf is oor Cottesloe, is dit duidelik dat baie van die deelnemers, Afrikaans, sowel as Engelssprekendes, diep geraak is deur die emosionele impak van die beraad, en van die gees van ekumenisme wat daar geheers het. Aartsbiskop Joost de Blank het in die atmosfeer verwys na die verstandhouding wat tydens die gesprekke tussen die N G Kerk en die Anglikaanse kerk gegroei het, daar is vergifnis gevra deur die Anglikaanse kerk vir die wyse waarop die kerk hul Afrikaanse medegelowiges behandel het. Die N G Kerk se afgevaardigdes het die hand van versoening aanvaar (Randall, P 1982: 19).

Na die Cottesloe beraad het dr Bob Billheimer van die WRK teruggekeer na Suid-Afrika en die *Rand Ecumenical Study Circle* in Johannesburg toegespreek. Hierdie ontmoeting het Beyers Naudé se denke en visie oor die ekumene verder gestimuleer. Sy herinnering was dat dr Billheimer die aanwesiges teruggestuur het na die Skrif:

> Ek dink dr Billheimer se toespraak het 'n geweldige uitwerking gehad op my denke en visie oor die ekumene. Almal wat daar gesit het, het geweet dis nie hy wat praat nie, maar dat hy ons terug wou bring na die wortels van ons geloof, na die Skrif (C F B Naudé-Heaney-onderhoud 2001).

Beyers Naudé se ekumeniese visie wat hom in botsing gebring het met die ideologie van apartheid is gevoed deur sy oortuiging dat die Bybel die laaste sê het. Daar was aan Beyers Naudé se kant 'n groeiende besef dat hy hom in 'n posisie bevind waarin 'n keuse tussen verskillende lojaliteite gemaak sou moet word. Aan die een kant was daar sy groeiende bewussyn dat die ideologie van apartheid beide onchristelik is en onreg bevorder, en aan die anderkant sy lojaliteit aan die volk. Maar dit sou nog twee jaar duur, voor die finale keuse gemaak sou word (Randall, P 1982 : 24).

In 1963 het Beyers Naudé se weë ook met die Broederbond geskei. Hierdie was 'n betekenisvolle insident in Beyers Naudé se lewe. Die Broederbond het 'n sterk invloed op alle fasette van die samelewing uitgeoefen, ook op kerklike gebied. Beyers Naudé het geheime dokumente aan Albert Geyser oorhandig wat dit op sy beurt weer aan die pers oorhandig het.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Op hierdie episode, wat in talle ander publikasies behoorlik onder die loep geneem is, word nie verder ingegaan nie, behalwe die opmerking dat Naudé as gevolg daarvan deur sy eie mense as verraaier gebrandmerk is. Dit het ook die vyandigheid vanuit die NG Kerk teenoor die Christelike Instituut verdiep. Beyers Naudé erken self dat dit ‘n oordeelsfout was om die dokumente aan Albert Geyser te oorhandig, wat die inligting vir eie gewin misbruik het (Ryan, C 1990: 93-95).

## 3.2 Eerste ekumeniese inisiatiewe

### 3.2.1 *Pro Veritate*

#### 3.2.1.1 Oogmerke

Om die teologiese gesprek in die land te stimuleer, en die ekumeniese isolasie van die kerk in Suid Afrika te help deurbreek, is die ekumeniese tydskrif, *Pro Veritate* in die lewe geroep op 15 Mei 1962. In *Pro Veritate* is aktuele vraagstukke rakende kerk en samelewing vanuit die Skrif bespreek. Beyers Naudé sou die redakteur van die blad wees. Met die opneem van die pos as redakteur van *Pro Veritate* het Beyers Naudè se praktiese betrokkenheid by die ekumene verdiep. Die eerste Vroue-sekretaris van die Suid- Afrikaanse Raad van kerke, dr Hlope Bam, beskryf Beyers Naudé as iemand wat grense, persoonlik, polities en kultureel, kan oorsteek, iemand met die gawe om mense bymekaar te bring.

Dr Bam meld dat dit juis hierdie vermoë van Beyers Naudé is wat hom in staat gestel het om brûe tussen mense te bou (Villa Vicencio, C 1995: 36).

Die besluite van die NG Kerk het bygedra tot die kerk se ekumeniese isolasie. Reeds op 22-24 Maart 1961 besluit die Federale Raad van Kerke dat hy hom nie met die Cottesloe bevindinge kan vereenselwig nie, en raai hy die N G Sinodes van Kaapland en Transvaal aan om hul lidmaatskap van die Wêreldraad te beëindig. Na die afloop van die Cottesloe beraad, soos reeds bespreek in die verhandeling, het die Transvaalse Sinode van die Ned Geref Kerk in 1961 besluit om die "ingrypende" besluite van Cottesloe te "betreur." Op 4 November 1961 het die Kaaplandse Sinode die Cottesloe besluit van die Federale Raad as sy eie aanvaar, en besluit om uit die Wêreldraad te tree. Beyers Naudè het na aanleiding van hierdie besluit tot die besef gekom dat die Ned Geref Kerk hom op 'n pad van byna volkome kerklike en ekumeniese isolasie geplaas het; en dat die N G Kerk sy profetiese roeping teenoor die destydse regering en toekomstige regerings vir baie jare nie meer sou kon vervul nie.

In die denke van die Afrikaner Broederbond en die diskussies wat gevoer is, het die teologiese denke die grondslag gevorm vir die politieke aksie. Beyers Naudé het besef dat daar 'n geweldige nou verband tussen die twee is, en dat jy nie kon verwag om die politieke denke onder die Afrikaners wesenlik te verander,

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


as jy nie ook die teologiese denke gaan suiwer van hierdie misopvatting nie (Giliomee H & du Toit A onderhoud: 8).

Beyers Naudé het besef as daar nog hoop was om die Ned Geref Kerk tot ander insigte te bring, hy met die waarhede van die evangelie gekonfronteer moes word. In gesprek met teoloë soos Albert Geyser en Willie Jonker, wat deelgeneem het aan die ekumeniese studiekringe, het daar algaande die oortuiging gegroei dat 'n teologiese joernaal van een of anders soort nodig was om gesprek te stimuleer (Ryan, C 1990: 68).

Agtien maande van besinning en bespreking het uitgeloop op die stigting van die maandblad *Pro Veritate* (beteken : vir die waarheid) op 15 Mei 1962. Beyers Naudè is versoek om die pos van eindredakteur op hom te neem. Op die redaksie het gedien Prof J C G Kotzè van die Ned Geref Kerk, ds P G Geertsema van die Gereformeerde kerk, Prof A van Selms van die Nederduits Hervormde kerk, terwyl die teenwoordigheid van dii R Orr, J W Wessels en E E Mahabane aangedui het dat die ekumeniese grense wyer gestel is as slegs die drie Afrikaanse kerke (Van Rooyen, J H P 1990: 134).

Pro Veritate het deel gevorm het van Beyers Naudè se ekumeniese visie. Beyers Naudè stel self sy oogmerk met die blad *Pro Veritate* so :

> Die visie wat ek dink die Here aan my gegee het, i v m samewerking van die verskillende kerke, die visie i v m die eenheid van die liggaam van Christus, het gemaak dat 'n aantal van ons gesê het, daar moet een of ander orgaan wees, een of ander blad wees, wat daardie visie kan help versterk en bevorder. Die doel van Pro Veritate was uit en uit, nie net alleen om die eenheid van die liggaam van Christus te bevorder nie, maar ook om die ekumeniese visie in Suid Afrika te versterk (C F B Naudé-Heaney onderhoud 2001).

In die eerste uitgawe van *Pro Veritate* word die doel van die blad uiteengesit. Daar was by leraars en lidmate, hoofsaaklik van die drie Afrikaanse kerke, die behoefte aan 'n Christelike maandblad wat hom ten doel stel om aktuele vraagstukke in kerk en samelewing vanuit die lig van die Skrif te bespreek. Veral sou gesoek word na antwoorde vir die vrae van die tyd.

Die vraagstuk van rasse en kleurverhoudinge sou een van die vraagstukke wees wat veral in *Pro Veritate* bespreek sou word. Die rede daarvoor was, volgens *Pro Veritate*, dat dit een van die brandenste vraagstukke van die dag was, wat kerk en koninkryk geraak het. Veral ook die ekumeniese aard van *Pro Veritate* word uitgelig deur daarop te wys dat die blad 'n geleentheid aan talle Christene uit verskeie denominasies die geleentheid sou bied om deur die skepping van gespreksgeleenthede op Christelike vlak,

‘n dieper eenheid van geloofsgemeenskap en gesamentlike getuienis tussen die verskillende kerke te bewerkstellig (*Pro Veritate* 15.05.1962 :3).

Die eerste uitgawe verwys pertinent na die samestelling van die redaksie en sê dat die keuse gemaak is uit verskillende kerke, om uitdrukking te gee aan die suiwer Bybelse eenheid. Ook die stem van anderskleurige lidmate moes gehoor word, en daarom is daar ‘n verteenwoordiger uit die Kleurling sowel as die sogenaamde Bantoegemeenskap.

Beyers Naudé se opmerkings in die eerste uitgawe van *Pro Veritate* skep die indruk van ‘n evangeliese en ekumeniese figuur, as hy die gees van Cottesloe herroep en daarop wys dat kerke nie in isolasie kan optree en so hoop om wêreldwye bewegings soos die kommunisme, die Islam, en sekularisme te konfronteer nie. ‘n Eendragtige getuienis teen die magte van die Bose is nodig deur die kerke (*Pro Veritate* 15.05.1962 :3).

Die doel van *Pro Veritate* was natuurlik ook om die ekumeniese dialoog wat by Cottesloe bestaan het, verder te voer, veral in die lig van die negatiewe gevolge wat Cottesloe gehad het op die Suid Afrikaanse kerklike toneel. ‘n Forum moes daar gestel word om die sake wat die kerk in Suid Afrika raak te bespreek, en om studiemateriaal vir Bybelstudiegroepe daar te stel. Ook hierin tree die ekumeniese strewe van Beyers Naudè na vore (Randall, P 1982 : 25).

Uit verskeie oorde is kritiek op *Pro Veritate* gelewer. Die eerste beswaar teen *Pro Veritate* vanaf die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het gekom van die *Voorligter*, amptelike blad van die kerk. Die verwyt is gemaak dat deur die samestelling van die redaksie uit die kringe van verskillende Protestantse kerke, ‘n soort bowe of buite kerklike eenheid gesoek word. Hierop antwoord *Pro Veritate* dat dit juis die ontmoeting van en gesprek met ander belydenisgroepe en kerklike tradisies is wat deelnemers gedwing het om met groter erns terug te keer na hul eie kerklike erf om vir hulself rekenskap te gee van die krag en waarde van hul eie lidmaatskap (*Pro Veritate* 15.08.1962: 3).

Oor die jarelange tydperk van sy bestaan, het die ekumeniese wekroep van *Pro Veritate* uitgekring oor Suid Afrika en selfs ook in die buiteland, ’n blad waarvan Beyers Naudè aanvanklik redakteur was en later verskeie aktuele bydraes gelewer het. Die artikels in *Pro Veritate* bied ook insig in die denkrigting wat binne die Christelike Instituut geleef het. Ook deur die Christelike Instituut het Beyers Naudè ’n rol via *Pro Veritate* gespeel om die ekumeniese bewussyn van die kerke op te skerp.

‘n Oorskou van die fokus van *Pro Veritate* word hieronder gegee, ten einde ‘n oorsigtelike beeld te skets van die ekumeniese wekroep wat via *Pro Veritate* uitgegaan het. Veral *Pro Veritate* se ekumeniese fokus sal toegelig word. Beyers Naudè se visie, inspirasie en belangstelling in *Pro Veritate* se bestaan is onmiskenbaar.

Dat apartheid 'n geweldige invloed op die Suid Afrikaanse samelewing uitgeoefen het, is duidelik uit B van der Walt se indeling van die impak van die ideologie van apartheid op die Suid-Afrikaanse samelewing. ‘n Opsomming word hieronder weergegee ten einde die ideologiese kritiek van *Pro Veritate* in perspektief te plaas.

- Fase een: (1910-1948). Vanaf 1910 is alles in werking gestel om die proses van sosiale integrasie teen te werk wat aan die ontwikkel was na die ontdekking van goud. Hierdie tydvak is veral deur sg. “klein apartheid” gekenmerk.

- Fase twee**:** (1948 – middel sestigerjare). ‘n Fanatiese proses om rasse-integrasie teen te werk is begin, en sg. “groot-apartheid” is ingevoer as beleid. Wetgewing is gepromulgeer wat mense juridies geskei en onderskei het op grond van kleur. Volgens die bevolkingsregistrasiewet is mense, behalwe Blankes, gedwing om hulle te skaar by ‘n voorafbepaalde groep, deur geografiese skeiding in ‘n bepaalde stad of tuisland.

- Fase drie: (1965–laat sewentigerjare). Die proses om onafhanklike nasionale state te skep, het voortgesleep. Die regering van die dag het egter die inwoners van die swart woonbuurte gedegradeer tot inwoners van ander lande (tuislande) , waar die meeste van hulle nie voorheen ‘n voet gesit het nie. Omdat Swartmense as tydelike inwoners beskou is in hul eie Vaderland, is die bou van skole, hospitale ensomeer vir hulle gestaak, en basiese dienste soos riolering, water, en krag is nie voorsien nie. In hierdie tydperk is na skatting 4 miljoen mense se sosiale, maatskaplike, kerklike en gesinslewe ontwrig deur gedwonge verskuiwings uit hul huise en woongebiede.

- Fase vier : (Laat sewentiger tot laat tagtigerjare) Teen die laat sewentigerjare, is besef dat hiper-apartheid nie kon slaag nie, die rigiede toepassing van die tuislandbeleid is laat vaar, sowel as die paswette en instromingsbeheer. Teen 1989 is die bepalings wat werksreservering reguleer geskrap, en so ook teen 1990 die wet op aparte geriewe. Behalwe bovermelde beskrywing van apartheid en die implementering daarvan se uitwerking op die samelewing, was daar ook nog ander effekte wat deur B van der Walt beskryf word, soos die oneweredige verspreiding van rykdom, die voorkoms van haat, vrees, agterdog, die vestiging van 'n geweldskultuur, ensomeer (Van der Walt, B 1993: 40-43).

Op al die gebeure in Suid Afrika, veral soos dit sedert die sestigerjare afgespeel het, het *Pro Veritate* kommentaar gelewer. Die skeiding van mense in aparte woonbuurte, die vernedering van mense deur rasseklassifikasie, die Wet op gemengde huwelike, het die samelewing verdeel, ook op kerklike gebied. Die gebrek aan kerklike eenheid is 'n verdere uitvloeisel van hierdie verdeeldheid. Hierdie samelewingstendense het weerklank gevind in *Pro Veritate*. Maar *Pro Veritate* was meer as net 'n refleksie op die gebeure van die dag. Dit was die *ekumeniese wekroep* aan die kerke in Suid-Afrika om profeties te reageer op die *valse evangelie* genaamd apartheid, maar ook 'n wekroep om uitdrukking aan die eenheid van die kerk te gee in opposisie teenoor rassisme en ongeregtigheid. Hieronder verskyn slegs 'n kursoriese opsomming van *Pro Veritate* se volumes soos dit in die sestiger en sewentigerjare van die twintigste eeu verskyn het, met verwysing na die ekumeniese fokus van *Pro Veritate*.

‘n Breedvoeriger opsomming van die onderskeie volumes van *Pro Veritate* soos wat dit in die sestiger en sewentigerjare verskyn het verskyn agter in die proefskrif as Bylae E.

3.2.1.2 *Pro Veritate* : Die sestigerjare. 1962 – 1970

In die sestigerjare van die twintigste eeu, is wette soos die Wet op Gemengde Huwelike, die Bevolkingsregistrasiewet en die Wet op Bantoe Onderwys al strenger toegepas en geadministreer in Suid Afrika.

In hierdie tyd het *Pro Veritate* gedien as klankbord en instrument waardeur die gewete van die kerke sensitief gehou is vir die rasse- en kleurvraagstuk in Suid-Afrika. Verskeie sake het onder die loep gekom. Die roeping van die kerk in ’n veelrassige gemeenskap is aangespreek. Die verganklikheid van ’n ideësisteem (ideologie) soos apartheid en dat mense nie hul hoop daarop moet vestig nie, het aandag geniet. ‘n Ander saak wat in *Pro Veritate* prominensie geniet het in die sestigerjare, was die eenheid van die kerk. Die isolering van gelowiges op gemeentelike vlak van die universele kerk, is uitgelig as strydig met die evangelie.

Nog ‘n tema wat aangeraak is, was dat die tydsgewrig waarin die kerke hulle bevind het, gevra het vir ‘n profetiese roepstem. Die invloed van die ekumene op die lewe van die Christen is ook in *Pro Veritate* beskryf. Daar word gekies vir die ekumeniese visie van die Wêreldraad van Kerke.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Ekumenisme in die kerk, as beweging van die Heilige Gees word beskryf in terme van die beweging van *Faith and Order* en *Life and Work.* Beyers Naudè spreek hom ook ten gunste daarvoor uit vir die daarstelling van ’n Belydende Kerk op voetspore van die Duitse ervaring van die dertigerjare, waar Dietrich Bonnhoefer 'n leidende rol gespeel het. Die term “Belydende Kerk,” beteken vir Beyers Naudè nie nuwe kerkformasie nie. Dit beteken eerder dat Christene uit elke denominasie hulle kerke oproep om ’n ondubbelsinnige standpunt en getuienis vanuit die Woord van God te laat hoor oor sake van die dag. Die gebrek aan Bybelse vorming en teologiese begrip onder lidmate word ook betreur in hierdie tydperk. In Volume 5 van *Pro Veritate* is dit duidelik dat Beyers Naudè se ekumeniese roepstem ook in die buiteland weerklank gevind het (*Pro Veritate*, 15. 12. 1966:10-11).

Sterk standpunt word in hierdie tyd ook uitgespreek teen die onskriftuurlike beleid van apartheid en rassevooroordeel in die samelewing. Die Afrikaner en sy kerk word ook daarmee gekonfronteer dat hulle verdedigers is van ’n party politiese ideologie. Ook die projekte van die Christelike Instituut soos *Sprocas* (Study project on Christianity in apartheid society) geniet aandag in die blad en gelowiges word opgeroep om die projek te steun. *Sprocas* was ‘n projek wat gesamentlik deur die Suid Afrikaanse Raad van kerke en die Christelike Instituut geloods is, met die oog op die transformasie van die Suid Afrikaanse samelewing.

*Sprocas* wou die riglyne en die grondbeginsels aandui op grond waarvan ‘n alternatiewe samelewing in Suid-Afrika gevestig kan word. Hierdie alternatiewe samelewing moes gebou wees op die beginsels van reg en geregtigheid volgens die Skrif. Beyers Naudé waarsku ook in *Pro Veritate* dat die stilswyende stem van die meerderheid anderskleurige landgenote, die Blankes in die land onrustig behoort te stem.

Die temas wat aan die orde was in *Pro Veritate* in die sestigerjare, soos bv. die roeping van die kerk in ‘n veelrassige gemeenskap en die invloed van die ekumene op die lewe van die Christen, reflekteer die fokus van die Wêreldraad van kerke vanaf 1948 tot en met die Raad se vergadering te Uppsala in 1968. Die sentrale tema in hierdie tyd, soos reeds aangetoon, was *die herontdekking van die kerk se rol in die wêreld, sowel as die kerk se rol om daar te wees vir die wêreld.* Hierby sluit *Pro Veritate* aan.

Beyers Naudé betreur die gebrek aan Bybelse vorming en teologiese begrip onder lidmate. Hy doen ’n appèl op die lidmate van die Christelike kerke in die land om alle mense as beelddraers van God te behandel en om naasteliefde, medemenslikheid en geregtigheid in alle menslike en maatskaplike verhoudinge te beoefen (*Pro Veritate*, 15.07. 1965:6).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


3.2.1.3 *Pro Veritate*: Die sewentigerjare: 1970-1977

Die sewentigerjare van die twintigste eeu sou vir Suid Afrika op alle gebiede, ook op ekumeniese gebied van deurslaggewende belang wees. Dit was die dekade van die Soweto-opstande. Die vroeë sewentigerjare sou ook die opkoms van die Swart Bewussynsbewegings sien, asook die vestiging van die *University Christian Movement*, wat sterk bande met die Christelike Instituut gehad het. In hierdie jare, soos reeds aangetoon, is Swartmense van verblyfreg ontneem, is mense maatskaplik ontwortel en het hulle gely onder verdrukkende maatreëls soos gedwonge verskuiwings.

In hierdie tyd is sleutelleiers van verskeie protesorganisasies, Swart en Wit, soos die *National Union of South African Students* en *die South African Students' Organization*, asook die *Black People's Convention*, verban. Die Christelike Instituut is ook as "geaffekteerde organisasie" verklaar en van buitelandse befondsing ontneem. Al hierdie sake word in die redaksionele kolomme en artikels van *Pro Veritate* weerspieël.

In die sewentigerjare het die Christelike Instituut en *Pro Veritate* se fokus ook begin verskuif. Beyers Naudé het algaande ook die sogenaamde Swart Teologie en die Swart Bewyssynsbeweging se idees begin propageer. Veral deur die *Sprocas* studieprojekte is met die Swart bewyssynsbewegings in gesprek getree.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Swart Teologie kan gesien word as die teologiese en intellektuele raamwerk waarbinne die sogenaamde tradisioneel Blanke interpretasie van die evangelie deur Swartmense eenkant geplaas word, ten gunste van nuwe interpretasies van Christus en die Bybelse God as Bevryder.

Die redaksionele uitgawe van *Pro Veritate* van Maart 1970 word ingelui met die vraag : "Nou of nooit ?" Met hierdie oproep word Christene, veral leraars uit die Nederduitse Gereformeerde familie, opgeroep om met woord en daad teen die onreg in Suid Afrika te getuig, sodat verandering sonder geweld kan plaasvind. *Pro Veritate* waag om 'n profetiese aanspraak te maak deur te voorsien dat die finale strukture vir geslagte wat gaan kom, in die sewentigerjare vasgelê gaan word. Toenemende kritiek word in die vroeë sewentigerjare se uitgawes van *Pro Veritate* teen die apartheidsregering uitgespreek. Die redaksionele kolomme stel dit onomwonde dat die Skrif aan die muur is vir die apartheidsideologie.

*Pro Veritate* roep Christene en kerke op om nie langer meer hul steun aan die onchristelike sisteem van apartheid te verleen nie. *Pro Veritate* sien die kortsluiting in die kommunikatiewe gebeure in Suid Afrika as 'n dringende krisis wat aangespreek moet word. Die Soweto opstande was inderdaad 'n keerpunt in die geskiedenis van die Suid Afrikaanse samelewing, maar ook van die van die kerke (*Pro Veritate* Junie 1974:2).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Dit was die afloop van langdurige verset en frustrasie met 'n politieke beleid wat ook kerke onderling verdeel het en die profetiese stem van die kerke verdeel het. Ook die gebeure word skerp toegelig in *Pro Veritate*.

In 'n inleidingsartikel van die Junie 1976 uitgawe van *Pro Veritate* onder die opskrif : *Dit is besig om te gebeur*, is verwys na die kolonialisme van die kerk wat besig is om verbreek te word. God is besig om te gebeur! (*Pro Veritate*, 15 Maart 1976). Nie lank hierna nie, op 16 Junie sou die Soweto opstande losbreek. Die krisis waarin Suid Afrika hom op ekumeniese, kerklike, maatskaplike en politieke gebied bevind het in die sewentigerjare gevind neerslag in die *Pro Veritate* van die sewentigerjare. *Pro Veritate* se bydrae in die sewentigerjare was ook om die groot ideologiese verskille tussen die inwoners van Suid-Afrika uit te lig.

Die temas wat in die sewentigerjare van *Pro Veritate* se bestaan aan die orde was, soos die uitwysing van die kerke se rol in apartheid, sowel as die aftakeling daarvan sluit aan by die sentrale tema van die Wêreldraad van Kerke in die tydperk na 1969, naamlik die herontdekking van God se skeppende en verlossende werk in Sy skepping.

Kort voor die sluiting van *Pro Veritate*, in September 1977, word radikale uitsprake gemaak rakende die Suid-Afrikaanse konteks en politieke situasie. Christus word onvoorwaardelik aan die kant van die onderdruktes gestel in hul stryd teen die kettery van apartheid,

want Sy kruisiging en opstanding het hierdie bevryding gebring. Die ondertone van die "Swart Teologie" weerklink hier (*Pro Veritate* September 1977:10).

Die oggend van 19 Oktober 1977 was die kantore van die Christelike Instituut in rep en roer. Die Minister van Justisie het beveel dat die Christelike Instituut tot verbode organisasie verklaar word en dat al sy bates deur die staat gekonfiskeer word. Dit was ook die einde van *Pro Veritate* as maandblad. Maar die seminale invloed van *Pro Veritate* se boodskap kon nie gestuit word nie. Uiteindelik sou apartheid beide op staatkundige sowel as teologiese oorwegings verwerp word.

3.2.1.4 Beoordeling:

Aktuele vraagstukke in die lig van die Skrif is inderdaad in *Pro Veritate* bespreek en sosiale kommentaar is gelewer, alles met die doel om die knellendste vraagstuk wat kerke in Suid Afrika verdeel het, naamlik die ideologie van apartheid, aan die kaak te stel. Die doel van die blad, naamlik om antwoorde te soek vir die vrae van die tyd, is aangespreek. Dit is inderdaad met groot sukses gedoen en het gemaak dat *Pro Veritate* se boodskap soos suurdeeg in die samelewing ingewerk het.

*Pro Veritate* was 'n ekumeniese wekroep aan die kerke in Suid Afrika om nie te berus in die status quo nie, maar altyd weer te vra na wat die Skrif sê oor die Christen se roeping in kerk en samelewing. Aan Christene uit verskeie denominasies is die geleentheid gebied om deur die skepping van gespreksgeleenthede op Christelike vlak, 'n dieper eenheid van geloofsgemeenskap en gesamentlike getuienis teenoor die ideologie van apartheid te bewerkstellig.

H Serfontein (1985:17) wys daarop dat P*ro Veritate* se artikels op deurlopende basis die valse teologiese argumente van kerke soos die N G Kerk, aan die kaak gestel het, argumente waarmee hulle apartheid wou regverdig. Die invloed van Beyers Naudé in die kritiek op die ideologie van apartheid wat via *Pro Veritate* uitgegaan het, kan ook nie onderskat word nie.

*Pro Veritate*, onder leiding van Beyers Naudé, het 'n onskatbare bydrae gelewer tot die wyse van die beoefening van die teologie waarin die politieke en maatskaplike implikasies van die Christelike boodskap, met name vir die realisering van geregtigheid en versoening in rasseverhoudinge duidelik gemaak is. Die kerk in Suid-Afrika is opgeroep tot 'n getuienis van die erkenning van die beeld van God in elke mense ongeag sy stand of kleur, en tot die beoefening van naasteliefde, medemenslikheid en geregtigheid in alle menslike en maatskaplike verhoudinge.

Rudolph Meyer, ‘n voormalige redakteur van *Pro Veritate*, vermeld dat die Christelike Instituut, en *Pro Veritate*, volgens hom die "onoffisiële" Christelike maandblad van die Instituut, georganiseerde empatie was. Dit was meegevoel vir die in politieke en kerklike pyn en nood, asook ondersteuning vir die in eensame verdeeldheid. Dit weerspieël ook die ekumeniese strewe van Beyers Naudé. Rudolph Meyer vermeld die opmerking van 'n man uit Soweto wat oor Pro Veritate gesê het : "Elke nag laat in die donker, as almal slaap, steek ek my kersie onder my kombers aan die brand om ‘n paar minute van die groot hoop op vryheid te lees. Dan dank ek Christus en slaap ek lekker" (Pieterse, H J C : 28 -34). Dit is die verskil wat *Pro Veritate* gemaak het in die lewe van die gewone mense, wat gely het onder die praktiese toepassing van die ideologie van apartheid.

*Pro Veritate* het as praktiese inisiatief om georganiseerde empatie en meegevoel vir die politieke sowel as kerklike pyn en nood in apartheid- Suid-Afrika te wek, geslaag in sy doel. Dit het gedien as belangrike kweekplek of voedingsbodem vir die verspreiding van idees, juis in 'n tyd toe daar 'n toenemende verdrukking van idees was. *Pro Veritate* het die kerk in Suid-Afrika, veral die kerk van die Afrikaner, gekonfronteer met die onversoenbaarheid van apartheid met die Christelike evangelie. *Pro Veritate* het 'n belangrike bydrae gelewer om die ideologie van apartheid te ontmasker vir wat dit is, synde teen die wil van God, en strydig met die Groot Gebod, naamlik dat jy die Here met alles moet liefhê en naaste soos self.
Die lojaliteit en patriotisme van die Afrikaner het religieuse

afmetings begin aanneem. *Pro Veritate* het die kerk gekonfronteer met die eise van die evangelie en het as spreekbuis gedien vir andere wat die status quo uitgedaag het in die soeke na ’n regverdige samelewing in Suid-Afrika.

*Pro Veritate* het in sy bestaan uitgelig dat rassisme, soos ook binne die Suid Afrikaanse rassekonteks weerspieël, neerkom op ‘n *ekumenies-ekklesiastiese* probleem, m.a.w ‘n probleem van kerklike eenheid en geloofwaardigheid. Rassisme is ‘n bedreiging en belemmering van die getuienis van die evangelie. So het daar midde in die vestiging en institusionalisering van die ideologie van apartheid in Suid Afrika ‘n ekumeniese wekroep terug na die evangelieboodskap bly weerklink. Die boodskap van *Pro Veritate* het bygedra tot die “ontsluiting van ons sekularisties-ideologies besete wêreld."

Beyers Naudè het via *Pro Veritate* ‘n onskatbare bydrae gelewer tot die wyse van die beoefening van die teologie waarin die politieke en maatskaplike implikasies van die Christelike boodskap, met name vir die realisering van geregtigheid en versoening in rasseverhoudinge, duidelik gemaak is. Beyers Naudè het die kerke opgeroep tot ‘n getuienis van die erkenning van die beeld van God in elke mense ongeag sy stand of kleur, en tot die beoefening van naasteliefde, medemenslikheid en geregtigheid in alle menslike en maatskaplike verhoudinge.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


### 3.2.2 Die Christelike Instituut

#### 3.2.2.1 Ontstaan en karakter van die Christelike Instituut

In die redaksionele kolom van *Pro Veritate* van 15 Oktober 1963 is die stigting van die Christelike Instituut van Suid Afrika aangekondig. Deur die redakteur word vermeld dat die Instituut gefundeer is op die Woord van God en die geloof in die drie-enige God. Almal wat hierdie oortuiginge deel word genooi om aan te sluit (Van Rooyen, J H P 1990 : 162).

Die Christelike Instituut wat op 13 Augustus 1963 amptelik gestig is, het op 4 November 1963 'n klein kantoortjie in Dunwell House in Braamfontein geopen. Beyers Naudè is benoem as Direkteur van die Christelike Instituut. Die Christelike Instituut het aanvanklik 'n ledetal van 150 gehad, wat teen die einde van 1964 aangegroei het tot 'n getal van 1000. Die hoofklem in die vroeëre jare was om studie en gebedsgroepe te vestig. Van studiegroepe is vereis om nege maal per jaar te vergader en studiegroepe is voorsien van materiaal rakende die Suid Afrikaanse rasse en kerklike situasie.

Beyers Naudé se aanvanklike doel as direkteur was om inter-rassige kontak tussen Christene te bewerkstellig, die ekumene te promoveer en om Afrikaners te voorsien van 'n alternatiewe stel geloofswaardes. Die Christelike Instituut het ook die steun gehad van verskeie Engelssprekende kerkleiers.

Behalwe die bevordering van dialoog en begrip tussen rasse, het die Christelike Instituut ook sterk klem gelê op die sigbare demonstrasie van eenheid tussen Christene, deur 'n lid van die Rooms Katolieke kerk op sy beheerraad te benoem. Dit was vir Beyers Naudè 'n logiese keuse, want die saak van Christelike eenheid moes vir hom kerklike en leerstellige verskille transendeer (Ryan, C 1990 : 97-98).

Dit was Beyers Naudé se oortuiging dat die Christelike Instituut die ekumeniese bewussyn sowel as die gesag van die Skrif in Suid Afrika moes bevorder. Dit het vir hom ook gegaan om die geloofwaardigheid van die kerk se boodskap en om die welwese van die kerk van die Here (C F B Naudé-Heaney onderhoud 2001).

Die Christelike Instituut was 'n interdenominasionele, inter- rassige groep Christene in Suid Afrika, toegewy aan die geloof dat alle mense, ongeag ras, deel het aan God se totale skepping, en dat geen groep voorkeur bo die ander verdien nie (Brown, R M 1974 : 99).

Die Christelike Instituut is ook as 'n Suid Afrikaanse "krisiskind" getipeer, vanweë die diepe skok van Sharpeville, die teleurstelling oor die kerklike houding na Cottesloe, die verslegtende rasseverhoudinge, en die verskerping van rassewetgewing (Emmen, E 1971:33).

Die Christelike Instituut wou 'n instrument van die kerk wees, wat

die kerk dien, en as deel van die kerk beskou word,
en nie afbreuk doen van Christene se lojaliteit aan hulle eie kerke nie. Die rol van die Christelike Instituut kan vergelyk word met ‘n inspirerende, profetiese rol. Deur so ‘n funksie te vervul, was dit ‘n teken aan die kerk in Suid Afrika van dit wat die kerk se rol sou kon wees, naamlik ‘n forum waar individuele Christene bymekaar kon kom, en op so ‘n wyse kerklike en rasseverskille kon oorbrug, ten einde die praktiese probleme wat die land en die kerke in die gesig gestaar het, te help oorbrug (Collier, M 1968 : 617).

Die N G Kerk (die groot voorstander van apartheid) se amptelike koerant *Die Kerkbode*, se reaksie op die stigting van die Christelike Instituut was oorwegend negatief. Dit is te verstane gesien in die lig daarvan dat die N G Kerk, veral na 1948 meermale by die owerheid aangedring het op die toepassing van die apartheidsbeleid. Talle wette is ook met die kerk se goedkeuring daargestel (Algemene Sinodale kommissie van die NG Kerk 1997. 2.5).

Die N G Kerk gee egter toe dat die program van aksie van die Christelike Instituut direkte gevolge vir volkereverhoudinge in die land sou hê. Die Instituut se veelrassige basis is egter deur *Die Kerkbode* as ‘n bedreiging gesien vir die Afrikaanse kerke (Die Kerkbode 18.09. 1963 : 380) .

In ‘n verslag uitgereik in 1965 aan die kerke in Nederland vir ‘n ewewigte artikel oor die C I, deur Prof P A Verhoef, dekaan van die

teologiese fakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch,

word waardering uitgespreek vir die ywer en entoesiasme van die C I betreffende die ekumene, maar word uit die hoogte na die C I verwys as sou die organisasie soos 'n opdringerige kind wees, wat hom van die kant af wil inmeng in die gesprek tussen twee ouers. Die C I word eintlik van beterweterigheid beskuldig as sou hulle voorgee om die enigste kundiges op die gebied van die ekumene te wees. Dit word dan as rede gelys vir die woede in sommige kringe teenoor die C I. Verhoef verwys bv na 'n verslag oor trekarbeid wat deur die Sinode van die Kaapse NG Kerk in 1965 uitgereik is (Verhoef, P A 1965:1-3).

Dit kan nie ontken word dat die kerke in Suid Afrika, met name die N G Kerk hom wel oor sake van die dag soos apartheid uitgespreek het nie, maar die woede van kerke soos die NG Kerk kan eerder gewyt word aan die feit dat die C I op daardie stadium die gewete van die kerke was, en dat hulle gewete hulle aangekla het. Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1966 onder andere besluit dat die C I 'n buitekerklike organisasie is, in konkurrensie met die kerk, en dat deur saam met die Rooms Katolieke kerk te vergader, die Protestantse belydenis verloën word. Verder ondermyn die C I ook kerklike gesag. Op hierdie beskuldigings het die C I geantwoord dat dit individuele lidmate se reg is om byeen te kom en sake van Gereformeerde belang te bespreek en dat kerklike vergaderinge hulle eie bevoegdheid het. Die C I sien sy roeping daarin om mee te werk aan die bevordering van 'n

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


ekumeniese gees in die land.

Wat die samewerking met die Rooms Katolieke kerk betref, stel die C I dit dat kerke nie hul belydenisskrifte gelyk moet stel aan die Heilige Skrif nie, of so verabsoluteer dat dit voorwaarde word vir ‘n ekumeniese gesprek nie (Emmen, E 1971:44-54).

Die reaksie van die Engelssprekende kerke, wat byna almal lid was van die destydse Christenraad van kerke wat bestaan het uit 27 van die vernaamste kerkgenootskappe in Suid Afrika, was oorwegend positief teenoor die Christelike Instituut. Die Christenraad het sy algehele vertroue in die C I uitgespreek as sou dit ‘n ernstige poging wees om Christene uit alle ras en kultuurgroepe byeen te bring en die implikasie van die Christelike geloof vir die samelewing te bestudeer en te bespreek. Lede van hierdie kerke is aangemoedig om aan die Christelike Instituut te behoort (Emmen, E 1971:47-48).

### 3.2.2.2 Projekte van die Christelike Instituut

#### 3.2.2.2.1 African Independent Churches Association

In 1965 het die Christelike Instituut ‘n versoek van ‘n veertigtal onafhanklike Afrika-kerke die sg. *African Independent Churches*, ontvang. Die versoek was om hulp met die vestiging van ‘n klein Bybelskool. Dit het gelei tot die stigting van *The African Independent Churches Association* (AICA) te Queenstown in Junie 1965.

Beyers Naudé het hierdie versoek gesien as geleentheid om konkrete bewys te lewer van die Christelike Instituut se ekumeniese verantwoordelikheid teenoor alle gelowiges in die land, ook die van wie daar teologies verskil word (Naudé, C F B 1995 : 84).

Die Christelike Instituut en AICA het ‘n ambisieuse program van Bybelkorrespondensie-kursusse, en ander opknappingskursusse vir kerkleiers daargestel. Hierdie aksies het egter in 1974 tot ‘n einde gekom met die ontbinding van AICA as gevolg van interne probleme. Alhoewel AICA in 1974 ontbind het, het Beyers Naudé en die Christelike Instituut se betrokkenheid daarby bygedra tot die uitbouing van ‘n ekumeniese visie in ‘n tyd tot Suid Afrika in die wurggreep van die ideologie van apartheid was. AICA het ‘n forum vir kerkleiers geskep om mekaar te ontmoet en met mekaar in gesprek te tree. Beyers Naudè self se betrokkenheid by AICA het ‘n waardevolle bydrae gelewer tot onderlinge begrip en verhoudinge tussen rassegroepe heen. Veral Beyers Naudé se persoon het daartoe bygedra (Ryan, C 1990 : 104).

### 3.2.2.2.2. *Message to the people*

Beyers Naudé en die Christelike Instituut se betrokkenheid by AICA het tot waardevolle kontak met die SA Raad van Kerke gelei. Die samewerking met die S A Raad van kerke het gelei tot die besluit om die *Message to the people of South Africa* in 1968 uit te reik. *The Message* was 'n uitdrukking van die besorgdheid by lidkerke van die SARK oor die noodlottige pad waarop die apartheidsbeleid besig was om Suid Afrika te lei (Naudé, C F B 1995 : 86).

Die uitgangspunt van *The Message* het in radikale teenstelling gestaan teenoor die verdelende boodskap van die apartheidsideologie. Die evangelie van Jesus Christus is volgens *The Message* die goeie nuus dat God in Jesus Christus die skeidsmure van verdeeldheid tussen God en mens kom afbreek het , asook die mure van verdeeldheid tussen mense onderling (Naudé, C F B 1995 : 167 – 168) .

Hoewel Beyers Naudé nie self verantwoordelik was vir die opstel van die dokument nie, het hy 'n leidende rol gespeel in die samestelling daarvan, soos ook uit die inhoud duidelik word. In hooftrekke kom *The Message* se boodskap hierop neer:

- Die evangelie van Jesus Christus is die goeie nuus dat God in Christus die mure van skeiding tussen God en mens, en mens en mens afgebreek het.

- Christus is die waarheid wat mense vrymaak van valse hoop en gevoelens van sekuriteit.
- Die evangelie van Jesus Christus verklaar dat God homself bewys het as die Waarheid wat mense met Homself en mekaar versoen.
- Hindernisse van ras en nasionaliteit het geen legitimiteit in die inklusiewe broederskap van Christus se dissipels nie.
- Die evangelie verklaar dat die koninkryk van God alreeds aanwesig is in Christus, en ons gehoorsaamheid en geloof vra.
- Die evangelie van Jesus Christus bied sekuriteit vir die hele lewe van die mens.
- Die leer van skeiding en verdeeldheid is ‘n valse evangelie.
- Die evangelie verklaar dat God liefde is, daarom is skeiding die teenpool van liefde.
- Die evangelie verklaar dat God Here is, en aan Hom alleen is gehoorsaamheid verskuldig (De Gruchy, J W & de Villiers W B 1968 : 12-14).

Dit is nie die doel van hierdie studie om ‘n teologiese evaluering van *The Message* te gee nie. Wat wel opval, is dat *The Message* se impak bedoel was om op ‘n radikale wyse die kerk in Suid Afrika bewus te maak van hoe diepsnydend die aanhang van ‘n valse ideologie se uitwerking op die denke en dade van mense en veral dan die kerk van Jesus Christus kan wees.

*The Message* het nie net apartheid as onchristelik verwerp nie, maar gewaarsku dat die sisteem van rasse-geskeidenheid die kerk in haar diepste wese bedreig. Christene kan nie maar net ignoreer wat in die breëre gemeenskap gebeur nie, maar is onder ‘n verpligting om te leef volgens die Bybelse verstaan van die mens en die gemeenskap (Ryan, C 1990 : 122).

Reaksie op *The Message* was uiteenlopend. Volgens P Randall (1982 : 57-58) het sommige die projek gesien as ‘n mislukking, maar dit is insiggewend dat 600 kerklike leiers *The Message* formeel onderskryf het. Randall stel dit ook dat *The Message* die behoefte aan ‘n analise van strukturele ongeregtigheid uitgewys het, maar ook die weg help berei het vir Swart bewussyn en Swart Teologie.

Roelof Naudé is korrek in sy waarneming as hy opmerk dat *The Message* nie maar net gegaan het oor ‘n oproep tot naasteliefde binne die strukture van apartheid nie, maar dat die doel was om die Blanke se oë te open vir ‘n struktuurverandering in Suid-Afrika (Naudè, R M 1988 : 71).

Op sekere punte het *The Message* verder gegaan as Cottesloe. Dit het duidelik die aanvaarding van Christus verbind met ons eenheid met medegelowiges, 'n insig wat volgens Saayman rewolusionêr was in 'n gemeenskap waar kerke volgens rassegrondslag verdeeld was, en waar rassediskriminasie teologies regverdig is (Saayman, W 1991: 82).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Geregverdigde kritiek teen *The Message* is daar welliswaar ook. Dit het dialoog tussen die Engelssprekende kerke en die N G kerk bemoeilik, want in wese het van die verklarings daarin diegene veroordeel wat afsonderlike ontwikkeling op Bybelse gronde wou regverdig (De Gruchy, J W 1979:122).

3.2.2.2.3 *Study project on Christianity in Apartheid Society* (Sprocas)

Sprocas (*Study Project on Christianity in Apartheid Society*) was 'n navorsingsonderneming wat in 1969 deur die Suid-Afrikaanse Raad van kerke en die Christelike Instituut gestig is. Die doel van die navorsing was om die Suid-Afrikaanse samelewing te beskrywe soos dit is en om dan voorstelle vir 'n ander samelewing, 'n "nuwe Suid Afrika" te maak, en ook weë aan die hand te doen waarlangs so 'n nuwe samelewing verwesenlik kon word (SABRA, 1986 : 8).

Die samewerking tussen die Christelike Instituut en die Suid Afrikaanse Raad van Kerke wat in 1968 met *The Message* begin het, het in 1969 verdere momentum gekry. Potgieter meld dat Beyers Naudè in fokus op die samelewing in Suid Afrika nie meer die kerk van Christus wou dien nie, deur sy fokus op die samelewingsproblematiek. Hy fouteer egter deur te konstateer dat Beyers Naudè en die Christelike Instituut nie meer die kerk van Jesus Christus per sè wou dien nie. Dit was juis die bedoeling van *The Message*, en die Christelike Instituut (Potgieter, J 1994 : 225).

Beyers Naudé se fokus het al hoe meer begin val daarop om *praktiese* inisiatiewe in die verdeelde apartheids-samelewing te loods wat as ‘n alternatief vir apartheid sou kon dien. *The Study Project on Christianity in Apartheid Society* (Sprocas) se doel was om ‘n alternatief vir apartheid te bestudeer ten einde ‘n meer aanvaarbare Christelike en morele beleid daar te stel vir die samelewing. Die boodskap van die evangelie moet immers soos suurdeeg in die samelewing inwerk.

In ‘n persoonlike onderhoud met D J O‘Reilly in 1981 het Beyers Naudé dit gestel dat dit in Sprocas nie soseer gegaan het om die impak wat die bevindinge op wetenskaplike denke sou hê nie. Dit was deel van ‘n groter projek om verandering teweeg te bring. Beyers Naudè sê hieroor :

> ... as Christene hulle wil uitspreek oor enige vorm van onreg dan is deel van hulle plig en Christelike getuienis om ten minste die riglyne aan te dui en die grondbeginsels op grond waarvan ‘n alternatiewe oplossing gesoek moet word. En dit het die Instituut gedoen. Die beslag vir hierdie poging om ‘n alternatiewe rigting aan te dui is gelê in Sprocas (O’ Reilly, D J 1981: 51).

Gedurende die eerste fase van werksaamhede, is kommissies tot stand gebring om die onderwys, ekonomiese, maatskaplike, politieke, regs en kerklike implikasies van “die Boodskap" tot op grondvlak uit te werk. *The Message* het vyf basiese Bybelse beginsels uitgespel, naamlik, geloof in die waardigheid van die mens, erkenning van individuele verantwoordelikheid en verbintenis om die onderdrukte op te hef,

om te werk vir konstruktiewe sosiale verandering, en om 'n oop en gedeelde samelewing daar te vestig. Hierdie beginsels is verder in Sprocas uitgebou. Die leidende gedagte agter *Sprocas* soos reeds vermeld, was om die Bybelse mandaat tot sosiale vernuwing te benut ten einde alternatiewe vir apartheid op kritieke areas in die Suid Afrikaanse samelewing daar te stel. Peter Randall sou die direkteur van *Sprocas* wees. 'n Tweede fase aan die *Sprocas* projek is genoem *Sprocas* Π. *Sprocas* Π is geborg deur die Christelike Instituut en die Suid Afrikaanse Raad van Kerke.

Daar is besluit dat *Sprocas* Π 'n aksieprogram moes loods om die aanbevelings van *Sprocas* 1 prakties te laat grondvat. Beyers Naudé was die hoof fondsinsamelaar van die projek. Peter Randall was die direkteur van *Sprocas* Π en die hoof fokus van *Sprocas* Π was om as katalisator van verandering in die veld van opvoeding, arbeid, kerklike en sosiale sake op te tree. Die program is in twee afdelings geloods, die een meer gerig op die Blanke gemeenskap en die ander op die Swart gemeenskap.

Die motivering vir 'n meerdoelige benadering gerig op die Swart gemeenskap aan die een kant en die Blanke gemeenskap aan die anderkant was juis die besef dat Suid Afrika nog verdeeld was en dat dit nie moontlike sou wees om identiese programme vir al die gemeenskappe te ontwikkel nie. *Sprocas* Π het 'n paradigmaskuif in ontwikkeling voorgestel : Van welsyn na ontwikkeling; van die aanspreek van simptome na die oorsake van die probleme in die land;

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


van eenrigting hulp tot samewerking; van “verantwoordelike" tot “verantwoordbare” en responsiewe mense; van “doen aan-“ tot “samewerking met” (*Pro Veritate*, 15.12.1971 : 21-22).

Die Christelike Instituut het ook hande gevat met die *Black People's Convention* (voortaan BPC). Die BPC het meer as sewentig swart beheerde organisasies geïdentifiseer vir ondersteuning soos onder andere SASO en die *Black People's Convention.* *Sprocas* Π wou dien as katalisator vir die Swart bewussynsbewegings. Bekende name wat deelgeneem het aan die inisiatiewe van *Sprocas* Π is die van Barney Pityana en Steve Biko (wat later in aanhouding dood is). Biko was volgens P Meiring (1999 : 217-219) die simbool van al die onreg en lyding van die verlede wat die hele land getref het.

Dit is opvallend dat waar die Swart bewussynsbeweging sy hoogbloei beleef het, leiers van hierdie kaliber betrokke wou wees van *Sprocas* Π. C. Ryan skryf dit veral aan die werkswyse van Beyers Naudé toe wat die B P C van bronne voorsien het en hulle dan toegelaat het om die proses sonder inmenging te bestuur (Ryan, C 1990 : 148-149).

Volgens J Potgieter (1994: 228) het Beyers Naudé daarop gewys dat politieke verandering van kardinale belang in Suid Afrika is. Suid Afrika word al hoe meer van die wêreld geïsoleer. Die rede vir hierdie isolasie was volgens Beyers Naudè,

die volgehoue apartheidsideologie wat deur die Blanke kerke en Suid-Afrikaanse regering verkondig word. Voorts sou daar toenemende druk teen die Republiek kom. Die rede vir toenemende terroriste–en militêre aksies teen Suid-Afrika is die gevolg van die land se apartheidsbeleid. Beyers Naudé vermeld verder dat die Swart gemeenskap vinnig besig is om bewus te word van hulle identiteit en dat bitterheid teenoor die Blankes onder hierdie gemeenskap toeneem. Suid-Afrika het ‘n kritiese behoefte aan konsensus tussen Swart en Blanke leiers in die land gehad.

Die gevolgtrekking waartoe die *Sprocas* Π gekom het, was dat daar in Suid-Afrika ‘n nuwe verantwoordelike gemeenskap tot stand gebring moet word. Die Christelike teologie vereis dat uitbuiting uitgeskakel moet word en dat die armes onmiddellik gehelp moet word. Wat onderwys en opleiding betref, kritiseer dit die bestaande onderwysstelsel wat apartheid bevorder en leerlinge indoktrineer .

*Zuid Afrika* (Tydskrif van die Nederlandsch Zuid–Afrikaansche Vereniging) berig positief oor die Sprocas program. Volgens die berig reflekteer dit ‘n belangrike gedagterigting in Suid-Afrika. *Sprocas* stel dit dat sosiale gelykheid benodig word, terwyl diskriminerende wette verwyder moet word. Die projek verdien volgens die vereniging die steun van almal wat dit nodig ag dat daar verandering in Suid Afrika na vore sal tree (Potgieter, Jordaan 1994 : 228 – 230).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


SABRA, (Suid Afrikaanse Buro vir Rasse Aangeleenthede), verwys na die welslae van Spro-cas se navorsing, deur te meld van die wêreldwye samesnoering van weerstand teen die Afrikaner se volkebeleid, en die aanvaarding van die uitgangspunte waarop dit gegrond is. Talle verenigings en belangegroepe, in Suid Afrika en die buiteland is ingelig, en daar is asof uit een mond op ‘n samelewing aangedring wat met Sprocas se ontwerp ooreenkom. Sabra kom tot die gevolgtrekking dat die samesnoering van denke wat bereik is en die enersheid en eenheid van die aanslag, as wins vir die navorsing aangeteken kan word (SABRA, 1986: 52). Voorwaar ‘n pluimpie vir Beyers Naudè en die Christelike Instituut, weliswaar uit ‘n verrassende hoek !

3.2.2.2.4 Beoordeling :

Die Christelike Instituut het gefunksioneer as ‘n belangrike *matriks* of “ kweekplek” vir die verspreiding van idees, juis in ‘n tyd van toenemende verdrukking van idees. Die woord matriks beteken voedingsbodem of plek waarin iets gevorm word of ontwikkel.

Die Christelike Instituut kan volgens P Walsche (1977 : 477–478) gesien word as ‘n voorbeeld van kontemporêre vernuwing ; d.i. van Christene wat die Bybelse uitdaging aanvaar om aan die kant van die armes en verdruktes te gaan staan,

en om druk toe te pas op die aftakeling van onderdrukkende strukture en so 'n seminale invloed op die Suid Afrikaanse samelewing uit te oefen.

Die programme van die C I, soos hierbo bespreek word hier gelys nl:

- *THE MESSAGE TO THE PEOPLE OF SOUTH AFRICA*.
- *SPROCAS 1 en SPROCAS П*
- *AICA*

Hierdie programme, in samespel met die amptelike spreekbuis van die C I, *Pro Veritate*, het inderdaad as ‘n *matriks* vir die verspreiding vir idees gedien, maar was ook gemik op die transformasie van die apartheids-samelewing. Veral in ‘n tyd waarin die ideologie van apartheid sy wurggreep op die denke en lewens van die inwoners van Suider Afrika uitgeoefen het, was dit van belang dat die projekte van die Christelike Instituut hoop gebied het aan elkeen wat gelei het onder die gevolge van die apartheids - verdeelde Suid Afrikaanse samelewing.

P Meiring (*Instituut vir Reformatoriese studies*, 1984: 129–135) stel dit duidelik dat daar hoop is op die ashoop van die lewe, in ‘n wêreld aan flarde geskeur deur botsende ideologieë. Daardie woord van hoop moet volgens Meiring op persoonlike vlak gebring word.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Vir mense wat vasgevang sit in die ellendes van die alledaagse bestaan, sal die woord van hoop gehoor moet word. In die ekonomie, politiek, gesinslewe, oral, sal die woord profeties gebring moet word.

Dit was ook die funksie van die Christelike Instituut, om hoop te bring aan die inwoners van Suid Afrika, op alle vlakke van die lewe, hoop vir mense wat gely het onder die apartheidsbedeling, hoop in die ekonomie, politiek, gesinslewe, kerklike lewe. Ook hoop vir hulle wat deur die mag van die ideologie verblind is, omdat hulle oordeelsvermoëns om die volle implikasies van die evangelie te verstaan vir die samelewing aangetas is.

P Randall (1982: 46 – 47) stel dit dat die Christelike Instituut deur sy bestaan 'n duidelike boodskap laat hoor het rakende sosiale en politieke sake van die dag deur te wys op die implementering van die evangelieboodskap vir elke sfeer van die lewe, in teenstelling met die valse evangelie (d.i. apartheid). Ter illustrasie hiervan is die Christelike Instituut se betrokkenheid by die Spro-cas program wat Suid Afrika wou begelei tot 'n nuwe verantwoordelike gemeenskap, beskryf.

Die Christelike Instituut het ook vir Swart Afrika groot betekenis gehad. Eerwaarde dr Manas Buthelezi (die Natalse direkteur van die Christelike Instituut) het tydens 'n byeenkoms van die Instituut op 26 Oktober 1974, hom oor die betekenis van die Instituut vir Swart Suid Afrika uitgelaat.

Volgens Buthelezi  was die betekenis van die Christelike Instituut vir Swart Afrika dat dit die krag van die teologie van die kruis is, wat die Christelike Instituut voor staan en uitleef.  Die impak van die Christelike Instituut vergelyk hy met die boodskap van die kruis, die teologie van krag wat ver bo woorde strek (*Christelike Instituut byeenkoms.* 26 Oktober 1974.  Kaapstad : C I Publikasie).

Wayne H. Cowan(1985:39) stel dit dat Beyers Naudé, meer as enigiemand anders aan die Christelike Instituut 'n profetiese visie verleen het en dit  help omskep het in die voorpos organisasie van Christelike verset teen die verdrukkende beleid van die apartheidsregering. Hierdie standpunt kan in die lig van die inligting in hierdie verhandeling en die getuienis van die geskiedenis, van harte onderskryf word.

Projekte van die Christelike Instituut, soos die  *Sprocas* bevindinge het gedien as 'n Christelike alternatief vir apartheid in die sfeer van die ekonomie, opvoeding,  sosiale lewe en die politiek.  *Sprocas* het 'n impak gehad op talle Swart organisasies, soos die *University Christian Movement* en Swart gemeenskapsprogramme.   *Sprocas* het ook as katalisator gedien vir debatte binne die veelrassige kerke rakende politieke en sosiale aangeleenthede.  *Pro Veritate* het as spreekbuis gedien om die valse teologiese basis van apartheid aan die kaak te stel (Serfontein, J H P  1985: 8).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


### 3.2.3 *The Christian Fellowship Trust*

Een van die ekumeniese projekte waarvan Beyers Naudè een van die stigterslede en trustees was, is *The Christian Fellowship Trust*. Beyers Naudé se betrokkenheid by die Trust dien daartoe om sy praktiese ekumeniese strewe toe te lig. Ander stigterslede was Prof AS Geyser en mnr Fred van Wyk. Beyers Naudé het tot en met 1968 gedien as sekretaris en was trustee van die trust tot en met 1977, toe hy ingeperk is. Aangesien daar t s v soveel wat reeds oor Beyers Naudè en sy werk gepubliseer is, nog min navorsing oor *The Christian Fellowship Trust* gedoen is, word in die volgende bladsye uitvoerig aandag gegee aan die werksaamhede van die Trust.

*The Christian Fellowship Trust* is in Johannesburg op Augustus 1964 gestig. Die rede vir die stigting was die besorgdheid van die groter wordende isolasie van Suid-Afrika van Europa, veral die vervreemding in kerk, akademiese en sleutel professionele sirkels. Geleenthede is vir getroude pare en individue uit Suid-Afrika geskep veral gemeenskapsleiers en potensiële leiers, om oorsese reise te onderneem, om sodoende hul lewens uitkyk te verbreed, en om nouer kontak tussen kerke en gemeenskappe te vestig. Die doelwitte van *The Christian Fellowship Trust* verskaf waardevolle insae in die ekumeniese denke wat by Beyers Naudé aanwesig was.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Van die doelwitte word hieronder gelys:

- om leiers en potensiële leiers se potensiaal te ontwikkel, sodat hulle hul gemeenskap kan dien;
- om 'n visie te hê vir, en aksiestappe te neem vir 'n vreedsame, regverdige en demokratiese gemeenskap ;
- om gemeenskap te skep wat strek oor kulturele, gemeentelike en rassegrense;
- om kerklike, opvoedkundige, ekonomiese en kulturele instellings uit te bou, sodat dit op grondvlak die man op straat kan dien;
- om wêreldwye kontak en gemeenskap te vestig, veral met Europa en Afrika, om sodoende wedersydse groei en diens te bevorder;
- om saam met gemeenskappe en kerke hande te vat om gesamentlike doelwitte na te streef, wat heelwording in 'n gebroke en ekologiese besoedelde wêreld kan bevorder.

Daar is sekere vereistes vir terugvoer aan suksesvolle kandidate gestel:

- Suksesvolle kandidate moes hulle steun verleen aan aksies vir 'n vreedsame, regverdige en demokratiese gemeenskap ;
- die kandidate moes 'n spesifieke uitkoms hê wat hulle wou bereik met hulle oorsese kontak;

- die kandidate moes bereid wees om hulle ondervinding terug te ploeg in die projekte, gemeenskappe en kerke wat hulle sou gaan dien;
- die kandidate moes gewillig wees om met groepe oorsee wat vrae het oor die Suid-Afrikaanse situasie, in gesprek te tree .(*Memorandum on the Christian Fellowship Trust*, 1979 Nasionale Argief Pretoria).

Suid Afrika tydens die apartheidsjare was 'n tyd van ekumeniese isolasie vir die kerke. Die invloed van Beyers Naudé in die C F T was groot. Die *Christian Fellowship Trust* het sy ekumeniese denke beliggaam. Dit het geleentheid gebied aan leiers en potensiële leiers van gemeenskappe, om ‘n breer ekumeniese en internasionale visie te ontwikkel, ten einde soos suurdeeg in die Suid-Afrikaanse samelewing in te werk, met die oogmerk om ‘n vreedsame, demokratiese en regverdige gemeenskap te help vestig.

Ten einde insae te verskaf rakende die invloed wat *The Christian Fellowship Trust* gehad op leidende Suid-Afrikaanse leiers, word ‘n kort samevatting van enkele leiers of voornemende leiers se verslae aangaande hul ervarings oorsee(met datums van besoeke aan die buiteland) verskaf. Die tydperk 1965-1977 word gedek. In 1977 is Beyers Naudé ingeperk.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- <u>Ds EM Thema - 1965</u> : Leraar van die NGKA Diepkloof. Besoek aan Brittanje.

<u>Indrukke</u> : "God, en nie ons nie, het gemaak dat daar oor die hele Nederland en Groot Brittanje gebede tot die troon van God opstyg wat gegaan het oor die feit dat die wêreld 'n beter begrip van Suid-Afrika se lewe en probleme, kerklik, staatkundig en andersins sal kry."

- <u>Ds AC Barnard-1967</u> : Leraar van die Ned Geref Kerk en later professor by die Teologiese fakulteit Universiteit Pretoria . Besoek aan Europa.

<u>Indrukke</u> : "What I found important was the opportunity for mutual exchange of ideas and viewpoints. I could summarize the findings of my fruitful tour in one sentence : we need the whole Christ through the whole church for the whole man and for the whole world."

- <u>Rev and Mrs Dale White - 1968</u> : Metodiste predikant en stigter en bestuurder van die Wilgespruit Ecumenical Centre. Besoek aan Engeland.

<u>Indrukke</u> : "The world has become tired of South Africa and it's endless unjust existence and makes the mistake of regarding all that is White and all that are White South African as suspect and refusing to support even verbally anyone living within the system. One of the most touching experiences in England was to visit a multi-racial school and see black, white, brown faces all together, playing happily without any thought of the difference in the colour of their skins. It made us sad to reflect on the South Africa that might have been."

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Mev Martzi Pepler - 1969: onderwyseres. Besoeke aan Engeland, Duitsland en Italië.:

Indrukke : "In South Africa with its diverse population, women from alle ethnic groups are being exposed to the winds of scientific and technological change. How the Church assists them to find their authentic selves with so many women's liberation movements being launched, poses an exiting challenge."

- Dr B Engelbrecht - 1969 : NG Kerk predikant. Besoek aan Holland.

Indrukke : "Apart from my programme, my wife and I paid various visits to non-white students from South-Africa, some of whom will not be able to return, either because they have married white women , or because they had to leave the country with exit permits. These students seemed to grasp the opportunity of giving vent to their feelings of hurt and frustration to someone from the home country whom they felt could sympathize with their grievances. I also see my visit as important to the cause of retaining and improving relationships between the Reformed churches in Holland and those in South Africa. "

- Mnr CE Turner -1969 : Jeugwerker Metodiste kerk. Besoek aan Europa.

Indrukke : "Something we as Christians need to think about in terms of our responsibility not only across the colour barrier, but also the money barrier, is the problem of racial discrimination."

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Rev J Brown - 1970 : Metodiste predikant. Besoek aan Europa.

Indrukke : "The visit was an opportunity to strengthen our resolve to minister in a less compromised manner, because South Africa is increasingly insulated from international thought. It is beneficial to share abroad and probably discover that one's understanding of what constitutes the gospel is not as heretical as one might have come to believe within the situation. In a shrinking world with nations increasingly interdependent, it is inevitable that the true catholicism or universality of the church should be stressed with all the consequences of corporate responsibility and guilt."

- Dr HW de Jager - 1971. Ned Geref Kerk predikant. Besoek aan London.

Indrukke : "On my return, I was often asked the question, concerning the true state of affairs abroad. I could truthfully answer that I met none who were our enemies. After all, those who oppose apartheid are not necessarily enemies. I was confronted with genuine interest and even a spirit of brotherly concern. To attempt to defend apartheid on Scriptural grounds is an impossible task. The sooner some of the churches in South Africa cease doing this, the better."

- Ds en Mev JW de Gruchy - 1971. United Congregational Church and theological professor at the University of Cape Town. Besoeke aan België en Duitsland.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Indrukke : "As the title and report indicates we were largely interested in discussing developments and possibilities with regard to theology and communication. We see more clearly now, the need to participate more fully in enabling the growth of a community of persons in our country who are seriously reflecting theologically on the various dimensions of the mission of the Church in our situation. We are in a situation which offers that kind of challenge which both requires and produces creative theological response." De Gruchy het een van die belangrike eksponente van kontekstuele teologie in Suid-Afrika geword en 'n teenstander van die apartheidsbeleid.

* Drs Greg en Mary Wells- 1973: Mediese dokters. Besoeke aan die Verenigde Koninkryk.

Indrukke : "We went overseas with the idea that we were fairly well informed; after all, we read widely, mixed with people of enlightened views, tried to be objective and were interested in the world around us. In a matter of days we realized that we were ten years behind everyone else's thinking; the people we met spoke of ideas and events of which we knew nothing. We were appalled at our own lack of information; and unfamiliarity with current ideas and writings on a vast spectrum of subjects ; we were also unused to free discussion and argument. We were forced to realise how ignorant we were and how much our thinking have been restricted by this and by a self censorship of ideas which had been quite unconscious. We were as much the victims of blinkered thinking as any of our more obviously brainwashed countrymen. This was a sobering experience. "

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Me Pamela Parenzee - 1977. Jeugwerker. Besoek aan London.

  Indrukke: In haar verslag na 'n besoek aan London, verwys sy daarna dat inperkingsbevele gedien is op agtien organisasies in Suid-Afrika tydens haar besoek aan die buiteland : " I became aware of the fact that in South Africa we are not even beginning to touch on normal youth problems, because everything is overshadowed by the political situation. For the first time I had insight in the black person's struggle in a world where the white man is in the majority. This I found extremely helpful with regard to our continual struggle in South Africa in keeping the bridges between White and Black standing in a world becoming more and more polarized." (Reports: Christian Fellowship Trust . 1960-1970).

Uit hierdie enkele uittreksels uit die verslae van "*The Christian Fellowship Trust,*" kan ons aflei watter denkverskuiwing die besoeke aan die buiteland by hierdie leidende Suid-Afrikaners teweeg gebring het. In 'n tyd van internasionale isolasie en uitbouing van die ideologie van apartheid, het hierdie pogings van Beyers Naudé om die ekumeniese isolasie van Christen leiers in Suid Afrika se ekumeniese visie te verbreed, deur studiereise oorsee, bygedra tot sy statuur as ekumeniese figuur. Dit onderstreep ook die kritiese rol wat hy gespeel het ten opsigte van die ekumene in Suid Afrika in 'n tyd van ekumeniese isolasie. Hy het volhardend pogings bly aanwend om die gees van ekumenisme wat ook by Cottesloe geheers het, te versterk.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Deur *The Christian Fellowship Trust* is individuele leiers geteiken wie se ekumeniese visie sodoende verbreed is, ten einde die Suid Afrkaanse gemeenskap te dien wat toenemend ekumenies geïsoleer geraak het. Hierdie leiers sou 'n leidende rol speel in die Suid Afrikaanse samelewing, en deur hul ekumeniese blootstelling (teologies en andersins) sou hulle 'n seminale, ekumeniese invloed op die apartheids-samelewing uitoefen.

Beyers Naudé het nie maar net oor die ekumene gefilosofeer nie. Hy het daad by die woord gestig en het mense by mekaar uitgebring, deur hulle verstaanshorisonne van mekaar se leef en belewenswêreld te verbreed, deur 'n seminale invloed uit te oefen op 'n rasverdeelde samelewing, 'n samelewing wat nog verder verdeel is deur die skeidende invloed van die apartheidsideologie. Na die afloop van die Cottesloe beraad en die weiering van sy eie kerk om die aanbevelings van Cottesloe te aanvaar, was Beyers Naudé meer as ooit oortuig van die waarheid van God se Woord betreffende die ekumene.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


3.3 Gesprek met die wyer wêreld.

Na afloop van die Cottesloe beraad, en die hewige reaksie teen die besluite van die byeenkoms deur die NG Kerk, die Broederbond en die regering, wat die besluite van Cottesloe verwerp het, het Bob Bilheimer na Suid Afrika teruggekeer vir 'n besoek van drie weke aan Suid Afrika. Bilheimer het onder andere ook kontak bewerkstellig met Beyers Naudè. Naudè het gereël dat hy die *Rand Ecumenical Study Circle* in Johannesburg toespreek. Bilheimer het in 'n private gesprek met 'n aantal predikante, Naudé ingesluit, die mening uitgespreek dat dit nodig was vir die kerke om kontak met mekaar te maak, anders sou hulle in isolasie verkeer. Dit sou ook nodig wees dat hulle oor kleurgrense met mekaar kontak maak, soos by Cottesloe, want daardeur word vertroue gebou onderling en hoop gewek. Bilheimer se idees was in ooreenstemming met die ekumeniese denke van Naudè by wie daar reeds die idee was van 'n ekumeniese joernaal, om teologiese debat oor rasse en polemiese sake te debateer, asook aktuele sake van ras en politieke belang in Suid Afrika (Ryan, C 1990:67-68). Hierop word later meer volledig ingegaan.

Ten einde ‘n duidelike beeld te kry van die bydrae wat Naudé gelewer het t.o.v die verstaan van die ekumeniese taak van die kerk, asook van die rol wat die kerk t.o.v versoening kan speel moet eers kortliks op die hedendaagse diskussie rondom die twee begrippe ingegaan word.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die begrippe versoening, samewerking en eenheid is sleutelbegrippe in die verstaan van *ekumene* by Beyers Naudè. Beyers Naudé se ekumeniese kritiek speel af teen die agtergrond van 'n land sowel as kerkgemeenskappe wat op alle terreine verdeel was deur die toepassing van die ideologie van apartheid. Die konteks sou beslis 'n invloed hê op sy ekumeniese strewe.

3.3.1 Die begrip ekumene

Daar heers 'n verskeidenheid van standpunte rakende die omskrywing van ekumene. Die begrip "ekumenies" beteken volgens J A Heyns (1964: 176) letterlik die bewoonde (en daarby word gedink die wêreld) in teenstelling met die onbewoonde. Nêrens word volgens Heyns in die Nuwe Testament van ekumenisiteit gepraat m.b.t. die geìnstitueerde kerk nie.

Die Rooms Katolieke en die Ortodokse kerke beskou merendeels die sigbare struktuur van die kerk van Christus as essensieel vir die uitdrukking van die eenheid van die kerk. Ortodokse kerke verskil van die Rooms Katolieke kerk rakende die gesag van die Pous. Aan die ander kant van die spektrum is daar kerke uit die Protestantse tradisie wat die sigbare struktuur van die kerk as insidenteel sien, en wat meer geneig is om van die onsigbare geestelike eenheid te praat (Hurley, D The challenge of ecumenism : 185).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die woord *oikoumenè* is afgelei van die werkwoord *oikeo* wat beteken om te bewoon en is ook gebruik om die bewoonde wêreld aan te dui. In die Nuwe Testament kom die woord voor in die betekenis van die hele wêreld, asook die hele bewoonde wêreld. In Matteus 24:14 dui ekumene op die ruimte van die ganse volkerewêreld waarin die evangelie verkondig moet word en waar Christus erken moet word as Koning. In die moderne ekumeniese beweging het die woord ekumene 'n aanduiding geword van die soeke na eenheid tussen kerke oor die hele wêreld wat geskei is van mekaar vanweë leerstellige, geografiese en sosiaal kulturele faktore. In die moderne betekenis word die woord ook algemeen gebruik in die sin van die verhouding tussen kerke. Bilaterale en multilaterale kerklike betrekkinge mag egter nie losgemaak word van diè ekumene wat uitdrukking is van die gegewe eenheid van die hele liggaam van Christus op aarde nie (Crafford, D & Gous G  1993 : 5-6).

As byvoeglike naamwoord word die begrip ekumene langsamerhand in verband gebring met alles wat betrekking het op die kerk as geheel. "Ekumenies" kry veral teen die middel van die negentiende eeu ook die betekenis van die geestelike houding wat die bewustheid van en innige verlange na die eenheid van Christus se kerk weerspieël.  Teen die tyd van die sesde dekade van die twintigste eeu sien die woord "ekumenies"  op alle pogings wat aangewend is tot bevordering, versterking en konsolidering van die godsdienstige, kerklike en maatskaplike eenheid van alle Christene oor die hele wêreld heen.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Ekumene is volgens Heyns 'n ruimtebegrip : wêreldwyd word alle gelowiges uit alle nasies ingesluit ; dit is ook 'n tydsbegrip : deur die eeue heen word alle geslagte van gelowiges omvat (Die Kerkbode, 05 Augustus 1964: 176).

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling is die keuse gemaak vir die definisie van C S Kotze. Ter wille van die bespreking van ekumene wat hier volg, word die definisie weer herhaal : nl.

> Ekumene is daardie beweging waarin elke gelowige en elke kerk as deel van die liggaam van Christus op aarde, die ander, as sy broeder in Christus soek, omdat hy sy eie kerk-wees en lid-wees van die gemeenskap van heiliges ook in die ander as kerk herken (Kotzè, C S 1970: 1).

Crafford het hierdie definisie breedvoeriger uitgelê en die volgende definisie daar gestel :

> Onder ekumene moet verstaan word daardie beweging waarin elke gelowige en elke kerk as deel van die liggaam van Christus op aarde, die ander, aan die anderkant van die taalgrens, kulturele grens, landgrens, konfessionele grens, kleurgrens en ideologiese grens soek, omdat hy met hulle in gesprek wil tree, met hulle versoen wil wees; met hulle wil saamwerk, met hulle saam die waarheid van die Skrif wil verstaan en per slot van sake met hulle een wil wees, omdat hy of sy, sy of haar eie kerk-wees en lid wees van die liggaam van Christus ook in die ander kerk erken en deur die ekumene 'n getuienis wil lewer aan die wêreld (Crafford , D & Gous G 1993: 9).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die kerk staan volgens Heyns (Heyns, J A 1964: 178) in 'n besondere verhouding tot die wêreld. Kerk is nie diens aan die wêreld nie. Maar ekumenisiteit kan ook nie net 'n mities- asketiese dimensie hê in die sin dat die kerk alleen in haar verhouding tot God en die binne- kerklike lewe gesien word nie.

Ekumenisiteit is nie net 'n kwessie van kontak tussen kerke *oor* die hele bewoonde wêreld nie, maar ook 'n kwessie van kontak van die kerke *met* die bewoonde wêreld. Enige ekumeniese strewe wat aan hierdie aspek sou verbygaan en hom blind sou staar op die eenheid van die kerke en die gelowiges as 'n interne saak, is wesenlik nie ekumenies nie (*Die Kerkbode*, 5 Augustus 1964 : 178).

Lombaard maak die stelling dat ekumenisme kontekstueel moet wees. Hiermee bedoel hy dat ekumeniese teoloë aan gelowiges behoort mee te deel wat die ekumeniese beweging se strewes inhou vir hul daaglikse lewens. Dit was waar van Beyers Naudè se ekumeniese strewe. Dat die ekumene kontekstueel moet wees impliseer dus nie maar net 'n dogmatiese verstaan van ekumene nie, maar behoort 'n besinning te wees, wat begrond is in die versoeningsdood van Christus en *neerslag* vind binne 'n bepaalde konteks. Ekumenisme behoort aandag te gee aan aangeleenthede wat saak maak in Christene se lewens. Ekumenisme is kontekstueel eerder as histories, en dit alles behoort ingesluit te wees in die soeke na Christelike eenheid-wat ons in 'n hegter verhouding met God bring (Lombaard, C 1999 : 13).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Daar is ruimte vir teoretiese ekumene ten einde konsensus te bereik oor die verstaan van leerstellige kwessies. Akademiese formulerings en besinning oor die ekumene het ook ruimte. Die vraag kan gevra word waarom ekumeniese arbeid wat neerslag vind in die praktyk, belangrik is.

P G J Meiring noem drie redes waarom ekumeniese arbeid een van die hoë prioriteite van die kerk moet wees en pas dit veral toe op die Ned Geref Kerk :

- Kerkeenheid, ekumene, is van uiterste belang, omdat die Skrif en die belydenisskrifte van ons vra dat alles in werking gestel moet word om die onaantasbare eenheid in Christus in hierdie verskeurde wêreld te bely, te beleef en sigbaar te maak.

- Kerkeenheid, ekumeniese betrokkenheid, is van die uiterste belang, omdat die Ned Geref Kerk, ‘ n baie spesifieke bydrae tot die liggaam van Christus te lewer het.

- Kerkeenheid en ekumeniese betrokkenheid is van die uiterste belang, omdat die Ned Geref Kerk self daardeur verryk word (Meiring, P 1995 : 31).

Hierdie opmerkings van Meiring is ook van toepassing op die res van die liggaam van Christus. Die woorde van die Here Jesus Christus in Joh 17:20-21 behoort ‘n aansporing te wees vir die soeke na eenheid en samewerking.

> Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo — dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

Hierdie woorde van Jesus is nie maar net die woorde van 'n groot prediker nie, maar die woorde van die stigter van die Christendom. Die kerk moet getuienis aflê van dit wat Christus gepredik het, en een van die sake wat in sy prediking aandag geniet het was die eenheid van die kerk. Ekumenisme word gekenmerk deur 'n soeke na die waarheid, die wortels daarvan is in die Skrif, en dit is 'n teologie van gemeenskap (koinonia). Die woord koinonia, toegepas op die ekumeniese debat impliseer dat Christene dinge in gemeen het met mekaar. Hulle deel hul lewens met mekaar. Hierdie koinonia is egter deelname aan die lewe van God self. Dit kan die vertikale dimensie van koinonia genoem word. Maar ander Christene deel ook God se lewe met Hom. Dit kan die horisontale dimensie van koinonia genoem word (Goosen, G 1993 : 5).

Die lewe van die kerk is dus in alle opsigte gemoeid met verhoudinge, of dit nou van bo af is, en of dit van benede is, dws vertikaal of horisontaal. Hierdie koinonia vind ook gestalte in die daarwees van die kerk as sigbare teken. Hierdie teken word verduister deur die sondigheid van sy lede en hulle verdeeldheid.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Dit is die roeping van die kerk en van elke Christen om iets aan hierdie verdeeldheid te doen (Goosen, G 1993 :7). Dit is hierdie roeping wat Beyers Naudè opgeneem het.

3.3.2 Versoening en ekumene.

Volgens W Kistner het veral twee Skrifgedeeltes 'n beslissende rol gespeel in die teologie van Beyers Naudé, nl. Handelinge 5:29 en 2 Kor 5:17-20. Handelinge 5:29 roep die Bybel ons op tot lojaliteit aan Christus en Sy Woord en dit is hierdie lojaliteit wat ons gehoorsaamheid verdien. Die Skrifgedeelte uit 2 Kor 5, beteken vir Beyers Naudé dat die konsep van versoening die gelowige oproep om alle mensgemaakte strukture wat mense apart hou teen te gaan (Kistner, W. 2003).

Die Skrif spreek hom volgens Beyers Naudé baie duidelik uit vir liefde en versoening tussen mense. Hy sê self dat die Christen hom op elke gebied van die lewe, ook wat die politieke terrein betref, in kinderlike gehoorsaamheid aan God, Sy Woord en Sy wil moet onderwerp en sodoende aan die wêreld die getuienis lewer dat Christus Koning oor sy hele lewe is (Naudé, C F B 1995 : 166).

Versoening het volgens D J Louw twee betekenisvlakke. Op die primêre vlak beteken versoening 'n daad van God se soewereine genade, deurdat die toorn van God vir Jesus getref het, en so is die verhouding van vyandskap tussen God en mens herstel.

Op sekondêre vlak beteken versoening 'n totale verandering van die mens se lewe, 'n koersverandering weg van homself en gerig op God en die medemens, wat ook beteken dat die dinge wat mense van mekaar skei, afgebreek moet word., soos onder ander ook in Efesiërs 2:14 in die Bybel vermeld word (Louw, D J 1987 : 8).

Beyers Naudé se siening oor versoening en ekumene illustreer die teologiese motief wat hom grense laat oorsteek het, en mense opgeroep het en aangespoor het om mekaar in Christus te vind. In *My beslissing*, 'n publikasie van die Christelike instituut van Suid - Afrika stel Beyers Naudé ook onomwonde sy standpunt oor die reikwydte van God se versoeningsaksie. Hy lê klem daarop dat God se aanbod van versoening nie gedoen is aan Christene as 'n afsonderlike groep nie, maar aan die wêreld.

- Die wêreld sluit volgens Beyers Naudé 'n wêreld van mense en nasies in wat verdwaald geraak het; 'n wêreld verlore in hulle haat en stryd, hulle vrese en vooroordele, hulle verdeeldheid en verbittering. Die kerk sluit in. Ons mag nie uitsluit, die wat God in sy liefde insluit nie.
- Versoening is vir Beyers Naudé ook nie net 'n boodskap van woorde aan mense nie. Dit moet 'n hoorbare woord word. Dit moet vorm aanneem en gestalte kry, 'n sigbare daad in die vlees word.
- Alle menslike verhoudinge word deur God se versoening in Christus geraak. 'n Nuwe benadering word daarmee vir al ons verhoudinge gevra. Dit is vir Beyers Naudé in sy ekumeniese strewe belangrik dat hierdie verandering deur Christene aan die gang gesit word.

- Ons behoort ons houdinge en motiewe te ondersoek om vas te stel of dit vertroebel is, deur enige sondige skeiding, enige misverstand of haatdraendheid, enige vooroordeel of vrees. Waar skeiding of misverstand, vooroordeel of vrees bestaan, mag Christene van watter kerk, kultuur of ras ookal , nie swyg of tevrede wees nie.
- Deur volhardende gebed, woorde of dade, moet hulle die waarheid van versoening demonstreer teenoor alle Christene. Beyers Naudè waarsku ook teen die alternatief van versoening en ekumeniese kontak. Die alternatief is 'n toenemende proses van isolasie.
- Waar daar min of geen gedagtewisseling deur middel van kontak of gedagtewisseling bestaan nie, daar bestaan geen moontlikheid van ware gemeenskap van hart, verstand of gees nie. Dan sal 'n valse gees, gebaseer op 'n valse broederskap oorneem, 'n ander ideologie (Naudé, C F B, *My beslissing* : 20-26).

Dit is duidelik dat die ekumene vir Beyers Naudé nie maar net "sitkamerteologie" is nie. Ekumene beteken ekumene in woord en daad. Die boodskap oor die eenheid van die kerk dat die evangelie van Jesus Christus die mure van skeiding tussen God en mens afbreek, en dat grense van ras en nasionaliteit nie die inklusiewe broederskap van Christus se dissipels mag bedreig nie, was deurslaggewend by Beyers Naudé (Naudé, C F B 1995 : 167).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Beyers Naudè het daad by die woord gevoeg. Dit word uitnemend illustreer in die talle ekumeniese projekte waarby Beyers Naudê betrokke was, soos die ekumeniese studiekringe, *The Christian Fellowship Trust*, die Christelike Instituut, *ProVeritate*, Algemene Sekretaris van die Suid Afrikaanse Raad van Kerke en talle ander verdienstelike sake, dat versoening en ekumene vir hom hand aan hand gegaan het, in die afbreek van die dinge wat mense van mekaar skei, skeidinge wat deur die ideologie van apartheid gelegitimeer is.

### 3.3.3 Beyers Naudé en die N G Kerk

Beyers Naudé was 'n kind van sy kerk. Hy het vir jare 'n leidende rol in hierdie kerk gespeel. Ons het reeds vroeër aangetoon watter impak die jeugstudietoer waarop die N G Kerk hom gestuur het, gehad het in die vorming van sy ekumeniese denke. Dit was die N G Kerk wat die visie vir die ekumene in sy hart gelê en versterk het. In sy hart het Beyers Naudé altyd krities lojaal teenoor die N G kerk gebly.

Toe Beyers Naudé op 22 September 1963 aan die gemeente van Aasvoëlkop 'n antwoord moes gee, oor sy betrokkenheid *by Pro Veritate* en die *Christelike Instituut*, het hy dit duidelik gestel dat hy met sy toetrede tot die Christelike Instituut nie die Kerk verlaat nie. Sy bedoeling was juis om sy kerk in wyer ekumeniese verband en deur die Instituut te dien.

Hy doen ook om behoud van status aansoek, om sodoende aan sy kerk getuienis te lewer, dat hy niks anders as bedienaar van die Goddelike Woord wou wees nie (Naudé, C F B 1995 : 159). Hy wou ‘n profetiese roepstem in die kerk wees.

- ’n Profetiese roepstem

Soos reeds vermeld, het dit aanvanklik nooit by Beyers Naudé opgekom om die N G Kerk, waarvan hy leraar was te verlaat nie, ten spyte daarvan dat hy hom nie met die kerk se verstrengeling met die ideologie kon versoen nie. Hy sê self dat die evangeliebediening in die N G Kerk vir hom geweldig baie beteken het. Vir Beyers Naudé was die eise van die evangelie egter van meer deurslaggewende belang as om te buig voor die ideologiese magte wat beide die kerk en die samelewing bedreig het. Die suigkrag van die ideologie het vir hom veral duidelik geword in die invloed van die diep gewortelde apartheidsdenke, die magtige invloed van die Broederbond, die invloed van die staatsbeheerde radio op die denke van die Afrikaner en dan ook die Ned Geref Kerk (Naudé, C F B 1995 : 61).

Hy het egter al hoe meer onder die besef gekom dat God hom geroep het vir ‘n nuwe taak. Die roeping was om ongeregtigheid in Suid-Afrika met al die middele tot sy beskikkking te bestry. Hy moes ook die ekumeniese bewustheid van die N G Kerk aanwakker (Potgieter, J 1994 : 92).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


In sy preek in Aasvoëlkop van 27 Mei 1962, het Beyers Naudé sy hart teenoor sy gemeente en die N G Kerk oopgemaak. In sy preek het hy opnuut weer sy onvoorwaardelike aanvaarding van die Woord van God vir die hele lewe van die gelowige onderskryf. Dit is vir Beyers Naudé imperatief dat die gesag van die Skrif hoër is as enige ander menslike gesag.

> Die Woord van God verbied dat enigiemand uit die kerk geweer kan word op grond van ras of kleur. Om mense te verbied om saam te aanbid, is teen die Woord van God. Alle mense word opgeroep om mekaar lief te hê. Die uitkoms van hierdie liefde is dat ek ander groepe sal toelaat om dieselfde regte en voorregte as my groep te hê. Waarheid en geregtigheid seëvier eers as mense daarna streef en soek ooreenkomstig die Woord van God (Ryan, C 1990 : 70).

Vir Beyers Naudé het dit net om een saak gegaan, naamlik dat Christus verkondig word. Die nadraai van hierdie preek is dat 'n formele klag by die kerkraad ingedien is. Alhoewel die saak afgestem is, was dit volgens Beyers Naudè duidelik dat hy te staan gekom het teen die bewuste en onbewuste ideologiese gevangenisskap van 'n deel van die Afrikanervolk wat die waarheid nie kon onderskei of verstaan nie. Dit was vir hom duidelik dat 'n aantal individue op hulle eie moes gaan om so die profetiese roepstem helder en duidelik te laat hoor.

Beyers Naudé het in hierdie tyd deur intense worsteling gegaan. Daar is aan hom 'n aanbod gemaak om die direkteurskap van die Christelike Instituut oor te neem. Soos later aangetoon sal word, wou die Christelike Instituut langs studie en besprekingskringe vir Christene 'n groter insig gee in die wil van Christus vir sy kerk, gesien die heersende omstandighede in apartheids-Suid Afrika. Die omstandighede wat die bestaan van so 'n Instituut nodig gemaak het, was volgens Beyers Naudé hoofsaaklik die gebrek aan 'n geleentheid vir gelowiges om te ontmoet en saam te gesels asook die ideologie van apartheid wat die ekumeniese verlange by baie gelowiges buitengewoon stimuleer en aan die ekumeniese arbeid van die kerk baie eise gestel het (O' Reilly, D J 1981 : 40).

Die weiering van die Ned Geref Kerk om hom uit te spreek oor sake van nasionale belang, veral rasse-aangeleenthede, het hom gedring om 'n beslissing te neem. Dit is hy wat die inisiatief neem om 'n formele ekumeniese struktuur daar te stel wat die eenheid van die kerk van Christus kan demonstreer (Serfontein, J H P 1985b:15).

September 1963 het Beyers Naudé sy Rubicon bereik met die aanvaarding van die pos as direkteur van die Christelike Instituut. Die N G Kerk het hom toestemming geweier om die pos as direkteur van die Instituut te aanvaar en sy predikantstatus te behou. Dr Frans Geldenhuys, wat voorsitter was van die kerk se regskommissie het die nuus aan Beyers oorgedra. Die brief het net gesê dat die kerk sy aansoek nie goedkeur nie, sonder opgaaf van redes (Naudé, C F B 1995 : 68).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Beyers Naudé en sy stryd teen die N G Kerk se onderskrywing van die ideologie van apartheid.

Beyers Naudé moes in 'n situasie van sosiale konflik die stem van God onderskei en in die voetstappe van Christus volg. Hy moes 'n helder en uitgesproke standpunt vir en vanuit die evangelie neem, veral waar dit oor die gemarginaliseerdes in die samelewing gaan. In sulke situasies moet die wekroep dat ons een in Christus is, helder en duidelik gehoor word (Villa Vicencio, C 1995: 49).

Beyers Naudé het sy gemeente en die N G Kerk gekonfronteer om te kies vir die koninkryk van God of vir die van die volk. Om by God te staan het vir hom beteken dat die koningskap van Jesus Christus oor alle volke, ook oor die Afrikanervolk uitgeroep en verkondig moes word. Hierdie boodskap was vir hom veral ook van belang vir die kerk se ekumeniese en rasse verhoudinge.

Vir Beyers Naudé het dit ten diepste nie gegaan om *Pro Veritate* of die Christelike Instituut nie, maar om Christus. Dit gaan vir hom daarom of die Woord van God die hoogste gesag in die gelowiges se lewens inneem. As die kerk, die N G Kerk, wat Beyers Naudè intens liefhet, die oproep van die Woord gehoorsaam, dan roep die Woord hulle op om 'n hand van broederskap na almal uit te steek. Die keuse is teen ander magte en 'n keuse vir dit wat die Woord van God van alle mense, Blank en nie-Blank verwag(Naudé, C F B 1995: 160).

University of Pretoria etd – Heaney, M J  (2004)


Die Christelike Instituut se visie, met Beyers Naudé aan die voorpunt, was juis om mede Christene en landgenote op praktiese wyse te dien. Deelname aan die Instituut het nie beteken die verbreking van kerklike verbintenis nie, maar verbreed o.a. die gedeelde erfenis van verskillende kerke met mekaar. Die prys wat die N G Kerk sou moes betaal vir die naam wat aan hom gegee word dat hy die bolwerk van die ideale van die Afrikanervolk is, was volgens Beyers Naudè te hoog. Dit sou beteken dat hy die bolwerk is van 'n bepaalde politieke party. Hy word dan dienaar van 'n vreemde heer.

Die guns van mense en van politieke maghebbers wat as loon daarvoor aan hom voorgehou word, was volgens Naudè soos die loon van dertig silwerstukke teen die prys van Jesus Christus. Die heil van die volk is egter nie sinoniem met die apartheidbeleid, die Nasionale Party, met die selfhandhawing van die Afrikaner en die selflose diens wat die NG Kerk aan die volk verskuldig is nie (*Pro Veritate* 15.12. 1966 : 10).

Die Afrikaner dra volgens Beyers Naudé in die algemeen die skuld dat hy gedwonge apartheid aktief ondersteun het. 'n Diepe vrees vir sy eie ondergang het hom gemotiveer, sodat hy bereid was om mee te werk om veel diskriminasie, onreg, liefdeloosheid, en ongeregtigheid in die strukture van die land vas te lê. Die kerk in Suid Afrika oor die algemeen staan skuldig, omdat hy 'n valse onbybelse skeiding en teenstelling tussen die geestelike en die politieke sy van die lewe gemaak het.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die gevolg was dat die kerk eintlik net bekommerd was oor die siel van die mens, en nie ook die evangelie op die samelewing in woord en daad nie (*Pro Veritate*, 15.08. 1973 :1).

Apartheid is volgens Beyers Naudé 'n valse evangelie. Die valse god is rasse-identiteit. Die leuse wat heers is jou volk, jou kultuur, jyself, jou eie wat jy moet liefhê ten koste van ander (*Pro Veritate*, 15.08.1973:15) Hierdie leuse lê ten grondslag van die apartheidsbeleid, en 'n struikelblok op die groter sigbaarmaking van die eenheid van die kerk.

Beyers Naudé verwyt die N G Kerk daarvoor dat hy 'n ongehoorde bondskap met politieke nasionalisme in Suid–Afrika aangegaan het (*Pro Veritate* 15.05.1968 : 8).

Die solidariteit tussen die N G Kerk en die Nasionale Party plaas 'n demoniese binding op die kerk (*Pro Veritate* 15 : 05. 1969 :8). Die Afrikaner verlaat die weg van die evangelie as hy op "Gods wonder" by Bloedrivier bou, as hy na die gebeure in sy geskiedenis as tekens van uitverkorenheid verwys, en as die geskiedenis ' n teken van God vir apartheid geword het.

Dan het die Afrikaner nie meer die volle geloof in Christus nie, maar rus sy eintlike vertroue in die sprekende stemme van God in sy geskiedenis. Die vertroue rus nie mee op die vleesgeworde Christus nie, maar in 'n opvallende gebeurtenis in die volksgeskiedenis. Daaruit vloei die hoogmoedige houding voort wat op die ander volke neersien en apartheid noodsaaklik maak. (*Pro Veritate* 15.12.1971 : 9).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die N G Kerk het hierdie profeet in hulle midde nie met akklamasie aanvaar nie. Reeds by die 1966 vergadering van die Algemene Sinode van die N G Kerk is die Christelike Instituut in wese as kettery gebrandmerk. Alle lidmate en predikante van die N G Kerk is gevra om hulle van die Christelike Instituut te onttrek. Dit was ‘n baie teer saak vir Beyers Naudè. Die N G Kerk was immers nog sy geestelike tuiste. Beyers Naudè se reaksie was dat sy kerk in stryd met die Woord van God opgetree het (Mc Cleod, B G : 27).

3.4 In dialoog met die Wêreldkerk.

Om Beyers Naudé se ekumeniese denke te verstaan is dit nodig om kortliks ‘n uiteensetting te gee van die drie hoof teologiese strominge in die kerk van Christus se siening rakende die ekumene in die twintigste eeu. Veral sal gefokus word op die ekumeniese denke na die Tweede Wêreldoorlog tot aan die begin van die negentigerjare van die twintigste eeu, aangesien dit ook die tydvak is waarin Beyers Naudé as baanbreker vir die ekumene opgetree het. Beyers Naudè as kerkleier en baanbreker vir die ekumene is aan die teologiese en ekumeniese denke van die tyd blootgestel en hy het self ook ‘n invloed op die ekumene uitgeoefen. Die volle besluite van die vergaderings word nie gereflekteer nie, net die wat betrekking het op die ekumene, en dan net kursories, aangesien dit nie die hoofdoel van die studie is om die besluite van die vergaderings in diepte na te vors nie.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Beyers Naudé se ekumeniese arbeid het nie net op Suid Afrika nie, maar ook op die kerk in die wêreld, op al ses kontinente gefokus. Beyers Naudé propageer in 'n bundel opstelle getitel *Ecumenism*, 'n nuwe wêreldperspektief van ekumenisme. In 'n gesamentlike rubriek getitel: *Church unity and anti-racism*, stel hy sy perspektief:

- Die kerke sal 'n hoofrol moet speel om 'n nuwe wêreldperspektief te propageer.
- Die kerke sal verantwoordelikheid moet neem vir mense se welwese hier op planeet aarde.
- Die ekumeniese beweging sal as "kontakbeweging" tussen kerke en gemeenskappe meer moet doen as net 'n nader beweeg na mekaar in die soeke na eenheid.
- Die gemeenskappe wat kontak soek met mekaar sal 'n *caring community* moet word, 'n gemeenskap wat omgee vir die hele wêreld, sy lewe en die toekoms van sy kinders.
- Die behoefte aan 'n alternatiewe perspektief sal gestel moet word wat onder andere insluit, omdat die ekonomie nie van die res van die lewe, soos die etiek, die politiek, gesondheid, en ontwikkeling geskei kan word nie.
- Die tendens dat die globale ekonomiese sisteem onbetaalde arbeid ondersteun, is nie aanvaarbaar nie. Die uitbuiting van arbeiders en natuurlike hulpbronne lei daartoe dat werkers uitgebuit word en honger lei of in armoede verkeer. Geld is nie die skepper van lewe nie, maar lewe kom in interaksie met die natuur en veral met jou medemens.(Lombaard, C 1999 : 287 – 288).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


3.4.1 Verskillende strome in die ekumene

J. Potgieter maak die stelling dat die tydperk tussen 1967 en 1974 gekenmerk is deur 'n opbloei van die ekumene van die Christelike kerk in die wêreld. Dit volg onder andere op die Tweede Vatikaanse Konsilie van die Rooms Katolieke Kerk wat met verskeie tussenposes tussen 1962 en 1965 gehou is. Die wêreldomstandighede van die sestigerjare het dit vir die Christelike kerke moeilik gemaak om geïsoleerd te bestaan. 'n Bepalende faktor wat 'n invloed op die wêreld sou hê, was die toetrede van die derde wêreld tot die wêreldpolitiek. Die Derde wêreld het al meer die internasionale arena begin betree, en volle medeseggenskap begin eis (Potgieter, J 1994 : 270).

Ontwikkelings in die wyer ekumene het neerslag gevind in Naudé se denke en hy het sy idees in die Suider-Afrikaanse debat aan die orde gestel. Die onderskeie ekumeniese strome word nie in detail bespreek nie. Enkele opmerkings word egter gemaak om aan te dui in watter mate ekumeniese ontwikkelings in die wyer ekumene neerslag gevind het in Beyers Naudé se denke. 'n Breedvoeriger analise van hierdie aspek sou goedskiks in 'n ander studie onderneem kan word.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


3.4.2 Die Wêreldraad van Kerke.

Kritiek teen apartheid het veral uit die kring van die Wêreldraad van Kerke (WRK) gekom. Die WRK wat in 1948 in Amsterdam tot stand gekom het, is saamgestel deur die kerke om die een ekumeniese beweging te dien. Dit sluit in die werk van die wêreldbewegings vir *Faith and Order*, *Life and work*, *The International Missionary Council*, en *The World Council of Christian Education.* Van die hoofdoelwitte van die WRK is :

- Om netwerke tussen ekumeniese organisasies te vestig.
- Om mekaar op te roep tot sigbare eenheid in die geloof, en om eenheid te bevorder sodat die wêreld kan glo.
- Om hulle verbintenis aan diens (diakonia) te demonstreer deur grense tussen mense af te breek, en die mens in sy nood aan te spreek.
- Om die biddende soek na vergifnis en versoening tussen mense te bevorder (Goosen, Gideon 1993: 23).

By die byeenkoms van die WRK te *Evanston* in 1954 word standpunt teen die verdeeldheid van die kerke ingeneem en word die stelling gemaak dat as verskeurdheid tussen kerke die eenheid verbreek, dit 'n sondige verskeurdheid word. Die kerk behoort hom teen alle vorme van diskriminasie te verset. Enige vorm van segregasie word as strydig met die evangelie beskou (Crafford D & Gous G, 1993:103).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Rassisme is by die WRK se vergadering te Uppsala veroordeel as ‘n blatante ontkenning van die Christelike geloof en van die versoeningswerk van Christus. Die stryd teen rassisme behoort ook ‘n stryd te wees vir die omverwerping van onregverdige ekonomiese en politieke strukture (Crafford D & Gous, 1993:113-115).

Wat by die WRK bespreek is, vind neerslag by Naudé. In *Pro Veritate* van 15 April 1964 spreek Beyers Naudé hom oor uit oor die sosiale implikasies van die evangelie. Hy verwys na bepaalde Skrifgedeeltes wat hom oor sosiale geregtigheid uitspreek, soos Amos, Hosea, Miga en Jesaja en maak die volgende uitspraak:

> As ons nie diep geraak word deur wat God in hierdie Skrifgedeeltes vir ons sê oor wat ons besig is om te doen aan die mense van hierdie land nie, dan het ons voorwaar die genade van God baie nodig. Bewaar ons daarvan, o God, dat ons iets sal doen of sal toelaat waarvoor ons berou sal hê wanneer ons voor u verskyn (*Pro Veritate*, 15.04.1964:3).

In hierdie uitspraak van Naudé doen hy ‘n beroep op die sosiale gewete van die mense van Suid-Afrika, om die uitlewing van hul Christenskap te toets aan die norme van God se Woord. Hy sluit hier aan by die uitsprake van die W R K wat die kerke oproep om by die praktiese nood van mense betrokke re raak. Naudé se uitspraak is gerig aan al die bewoners van die land. Dit sou egter goed gewees het as hierdie uitspraak ook gebalanseer is met ‘n uiteensetting van dit wat onderliggend is aan elke mens se nood, bevoorregte en minderbevoorregte, naamlik ‘n gebroke verhouding met God.

Die WRK doen ook ‘n beroep vir die omverwerping van onregverdige ekonomiese en politieke strukture. Naudé sluit aan by hierdie beroep in sy toespraak voor die KJV in Belgavia in Maart 1965. Hy bepleit in sy toespraak op implisiete wyse verset teen die staat. Hy bepleit aanvanklik vir ‘n nie-geweldadige opsie, maar dis duidelik uit die toespraak dat hy nie ‘n geweldadige opsie uisluit nie. Dit is duidelik uit die volgende aanhaling:

> Waar die staat die grense van sy gesag oortree, word die kerk geroep om duidelik en onbevrees die staat te weestaan, nie met die nagsmidelle van die wêreld, lis en geweld nie, maar met die swaard van die Woord…waar die staat nie luister nie, is die kerk geroepe om uiteindelik aan die staat aan te kondig dat hy nie langer gehoorsaam kan wees nie en dan moet die kerk vrywillig en vreugdevol die lyding aanvaar en verdra wat deur sulke Godvereiste ongehoorsaamheid sy deel word (Naudé, C F B 1995 *My land van hoop.*:165).

Beyers Naudé het die nuwer gedagtes van die Wêreldraad van Kerke in die Suid-Afrikaanse debat aan die orde gestel op so ‘n wyse dat dit blyk uit van sy uitsprake dat daarby aansluiting vind. Die implikasies van sulke uitsprake is egter nie altyd wel deurdink nie, soos welke vorme van verset gevra word en wat die grense is waarbinne die ongehoorsaamheid van die kerk hom mag afspeel.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


### 3.4.3 Die Evangeliese beweging

Naas die Wêreldraad van Kerke, vorm die evangeliese beweging 'n baie belangrike komponent van die Wêreld Christendom. In 1966 is twee groot evangeliese wêreldkonferensies gehou, nl. die *Wheaton Congress on the Church's Worldwide Mission* te Wheaton, en die *World Congress on Evangelism* te Berlyn. By Wheaton is Sending gesien as verkondiging van die evangelie, en is die primêre taak van die kerk. Tog word gelowiges opgeroep om te stry vir sosiale geregtigheid. Die Lausanne kongres het die weg geopen vir groter sosiaal-politieke betrokkenheid (Crafford D & Gous, G 1993 : 144).

Die Kongres te Berlyn in 1966 was besonder sensitief vir die verhouding tussen evangelisasie en sosiale aksie. Rassisme binne die kerk is gesien as 'n verloëning van die evangelie en 'n afskrikmiddel vir evangelisasie (Scherer, J A 1987 : 167).

In 1974 is die *Lausanne kongres for World Evangelization* gehou onder beskerming van die *Billy Graham Evangelistic Association*. Lausanne het die feit beklemtoon dat die hele kerk en nie net 'n groep individue as 'n georganiseerde instituut staan in die sentrum van alle pogings tot sending. By Lausanne is die gedagte van organisatoriese eenheid al meer op die agenda van die evangeliese beweging geplaas. 'n Swakheid is egter dat die kerk steeds beoordeel is in terme van evangeliese sukses.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Drie van die vier klassieke kenmerke van die kerk, naamlik, eenheid, heiligheid en katolisiteit is vergeestelik, terwyl die vierde, apostolisiteit gesien is as 'n outentieke kenmerk van die kerk (Saayman, W A 1984:81).

Naas verkondiging is die sosiale verantwoordelikheid van die kerk ook beklemtoon. Die Lausanne kongres het evangelisasie en verkondiging in die sentrum van evangeliese aktiwiteit geplaas. 'n Onderafdeling van die *Lausanne Covenant* het gehandel oor die Christen se sosiale verantwoordelikheid. Evangelisasie en sosio-politieke betrokkenheid is gesien as onafskeidbare uitdrukkings van die gelowige se gehoorsame respons op die evangelie (Scherer, J A. 1987: 174).

Beyers Naudé gaan selfs verder en sien apartheid, die heersende beleid van die regering van die dag, as "anti-evangelie." In 'n berig in *Pro Veritate* van 15 Augustus 1966 tipeer hy apartheid as strydig met die evangelie. Hierdie uitspraak is radikaal aangesien die beleid van apartheid deur kerke soos die N G Kerk gesien is as in lyn met die evangelie. Naudé laat hom soos volg uit:

> Vertolk die begip "apartheid" nie 'n gesindheid wat van die van Christus en Sy evangelie so ver verwyder is dat daar geen versoening moontlik is nie en dat dit noodwendig op 'n konflik moet uitloop? Dit word steeds duideliker dat apartheid bely wil word. Dit wil geglo word as die enigste weg van heil vir Suid-Afrika. Dit wil verabsoluteer word as 'n evangelie, as ons enigste toevlug en hoop,

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


> as die enigste verskansing van ons bestaansreg en die abslote voorwaarde vir ons bestaansmoontlikheid, sodat elkeen wat hom aan apartheid vergryp, die sonde by uitnemendheid begaan (*Pro Veritate* 15.08.1966: 4).

Uit hierdie aanhaling van Naudé oor apartheid as "anti-evangelie," is dit duidelik dat hy veel verder gaan as wat selfs die evangeliese beweging van die dag gewaag het om te gaan. Sy kritiek op die Suid-Afrikaanse regering kom hiermee baie naby aan die demonisering van die staat. Die Bose werk deur mense en instellings. Om egter apartheid as die sonde by uitnemendheid te beskryf kan daarop sinspeel dat apartheid as die enigste euwel in die samelewing gesien word, terwyl die grond van die mens se sonde en ellende immers sy gebrek is aan 'n lewende en persoonlike verhouding met God deur Jesus Christus.

### 3.4.4 Rome

Soos reeds in die verhandeling vermeld, wou Naudé deur die Christelike Instituut sterk klem lê op die sigbare demonstrasie van eenheid tussen Christene en het hy ook 'n lid van die Rooms Katolike Kerk op sy beheerraad gehad. Gebeure in die Rooms Katolieke Kerk is die afgelope halfeeu oorheers deur die Tweede Vatikaanse Konsilie. Tydens die Konsilie, sowel as in ontwikkelinge wat daarop gevolg het, is die Katolieke beskouing oor ekumene gevorm en geslyp.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die Tweede Vatikaanse Konsilie wat tussen Oktober 1962 en Desember 1965 periodiek vergader het, het 'n dramatiese verandering in die Rooms-Katolieke kerk se siening van ekumene teweeggebring. Vatikanum Π word genoem die waterskeiding van ekumenisme vir die Rooms Katolieke kerk.

Voor Vatikanum Π was dit die aanvaarde siening van Rome dat die ekumeniese strewe verwesenlik word wanneer alle Christene in die gemeenskap van die een kerk van Rome verenig sou word. Dit beteken dat missie en ekumene in wese een en dieselfde aksie is. Die Vatikaanse konsilie het die herstel van eenheid onder alle Christene as een van sy prioriteite gesien. Na Vatikanum Π het Rome 'n deelgenoot van die ekumeniese beweging geword. Pous Paulus V Ī het in sy openingsrede van die tweede sessie van die Konsilie, sy vergifnis vir sy kerk se skuld teenoor die verwyderde broeders gevra (Crafford, D & Gous G 1993 : 158 -159).

Die Tweede Vatikaanse Konsilie het ook 'n dekreet rakende ekumenisme uitgevaardig. In breë trekke het die dekreet gepleit vir die herstel van eenheid onder alle Christene, daar Christus net een kerk gegrondves het. Verdeeldheid onder Christene is gesien as strydig met die wil van God, en benadeel die effektiewe prediking van die evangelie (Scherer, J A 1987 : 199).

Vir Beyers Naudé is die herstel van die eenheid onder Christene eweneens belangrik. In sy preek aan die gemeente van Aasvoëlkop op 27 Mei 1962 spreek hy hom ondubbelsinning hieroor uit:

> Ek glo op grond van die wese van die Nagmaal soos deur Christus self uiteengesit en soos weergegee in ons Nagmaalsformulier, dat geen mede-Christene van 'n ander volk, stand, ras of kleur wat saam met my dieselfde Here en Verlosser bely het en dieselfde belydenis onderskryf het, van die tafel van die Here geweier mag word nie. Wat Christus ons duidelik en onmiskenbaar gebied het, is om in die Nagmaal uitdrukking te gee aan die eenheid van Sy liggaam deur ons gewilligheid en verlange om saam met medegelowiges wat dit opreg begeer Nagmaal te vier word (Naudé, C F B 1995 *My land van hoop*:155).

Deur die viering van die gesamenlike Nagmaal sou die Christene in Suid-Afrika volgens Naudé juis ook die eenheid van die kerk van Christus reflekteer. Hierdie uitsprake sou ook by Vatikanum Π weerklink. Naudé se uitsprake was pioniersdenke in 'n land waar Christene onderling verdeeld was.

In *Pro Veritate* van 15 Mei 1965 kom hierdie versugting na die eenheid van die kerk ook sterk na vore as Naudé verwys na die week van gebed vir Christelike eenheid wat in Suid-Afrika gehou is. Sy versugting vir die eenheid van die kerk kom hier baie sterk onder woorde as hy skryf:

> No prayer is more urgently needed for the church and the Christian community in Sout Africa than this one. But it will never become effective until it first become an anguished cry from the heart of Christians who,

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


> because of their deep concern and sense of obedience to the will of our Lord, will lay all our sinful divisions before the throne of God. But prayer without action is no prayer. The test of our sincerity in participation will be our witness in spirit, word and deed after we have prayed together. Then only will the world believe if it sees the outcome of our supplications in the lives of the people of God (*Pro Veritate*, 15.05.1965:5).

Hierdie denke van Naudé is ook pioniersdenke in die sin dat dit nie pleit alleen vir "onsigbare" eenheid soos deur kerke in Suid-Afrika van die dag bepleit is nie. Naudé se oproep is om sigbare eenheid in lyn met die oproep van die Rooms Katolieke kerk dat verdeeldheid onder Christene in stryd is met die wil van God.

### 3.4.5 Wêreld konfessionele families

Verskillende denominasies het hulself wêreldwyd saamgesnoer in konfessionele ekumeniese organisasies. Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) en die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) is twee sulke liggame. Die WBGK is op 20 Augustus 1970 in Nairobi byeengeroep en het meer as 160 lidkerke waarvan die meeste lede is van die WRK. Die GER se naam was aanvanklik die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES), maar is in 1988 na die GER verander. Die GES is gestig in 1946. Die GER is een van die kleiner ekumeniese liggame en bestaan huidiglik uit 37 lidkerke. (Crafford, D & Gous G   1993: 148 -151).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


### 3.4.6 Beoordeling

Die tydvak waarbinne Beyers Naudé na vore getree het as ekumeniese figuur en sy kritiese rol vervul het, was 'n tydvak waar daar in die ekumeniese wêreld alle pogings aangewend is tot bevordering, versterking en konsolidering van die godsdienstige, kerklike en maatskaplike eenheid van alle Christene oor die hele wêreld heen. Rassisme is veroordeel, en sosiale geregtigheid is bepleit. Hierdie temas was aan die orde in die wêreldkerk se teologiese besinning, beide by die WRK as die evangeliese beweging. Veral die WRK het 'n duidelike invloed op Beyers Naudê se ekumeniese denke uitgeoefen. Die ontdekking dat die kerk in en vir die wêreld is, sowel as die herontdekking van die kerk se verhouding tot God se skeppende en verlossende werk deur die skepping heen, veral met betrekking tot die stryd teen rassisme, tree na vore in sy ekumeniese denke. Dit sal verder toegelig word in Hoofstuk drie, as op die ekumeniese rol van die Christelike Instituut gefokus word. Daar kan kritiek ingebring word teen die wyse waarop sommige van Naudé se uitsprake nie altyd deurdag was nie, en gevra het vir duideliker teologiese formulering. Dit kan egter nie weggeneem word dat Beyers Naudé 'n pioniersbydrae gelewer het om die ontwikkelinge in die wyer ekumeniese denke in die Suid-Afrikaanse debat aan die orde te stel nie. Sy rol was nie om die status quo vanuit die lig van die evangelie wat hy gehad het, te bevraagteken. Rassisme binne die kerk is gesien as ' n verloëning van die evangelie en 'n afskrikmiddel vir evangelisasie. Beyers Naudè lewer eweneens in aansluiting by die stem van die wêreldkerk 'n kritiese stem teen rassisme.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Apartheid is volgens Beyers Naudé 'n valse evangelie. Die valse god is rasse-identiteit. Daarom het hy hom beywer vir die ware evangelie wat mense in Christus versoen teenoor die valse evangelie wat die liggaam van Christus verdeel. Beyers Naudé se ekumeniese strewe het plaasgevind teen die agtergrond van 'n tydvak waarin daar skerp kritiek gelewer is deur die ekumeniese wêreld teen rassisme en segregasie, en moet dus ook in hierdie lig verstaan word.

Beyers Naudé het die visie wat die Here aan hom gegee het, i v m samewerking van die verskillende kerke, die visie i v m die eenheid van die liggaam van Christus, help versterk en bevorder. Dit is vir hom in sy ekumeniese strewe belangrik dat hierdie verandering deur Christene aan die gang gesit word. Gelowiges is aangespoor om hul houdinge en motiewe te ondersoek om vas te stel of dit vertroebel is, deur enige sondige skeiding, enige misverstand of haatdraendheid, enige vooroordeel of vrees, en die weg van die evangelie te kies. Dit gaan vir Beyers Naudé daarom of die Woord van God die hoogste gesag in die gelowiges se lewens inneem, ook vir rasse-aangeleenthede.

David Bosch wys tereg daarop dat die enigste wyse om bevry te word van jou vyande is om hulle lief te hê, en dit is nie maar net om hulle dood te maak deur jou vriendelikheid nie, maar om deur te dring tot die grondoorsaak van alle verdrukking en dominering, en dit is die mens se gebrek aan medelye (Bosch, D J 1973:37).

Beyers Naudé se ekumeniese denke, gevorm deur die van die wêreldkerk, wou deurdring tot die grondoorsaak van verdrukking. Dit kan met goeie reg gekonstateer word dat teologie, die gelowige nadenke oor God, nie net 'n dogmatiese dimensie bevat nie, maar ook 'n etiese, maar omdat dit eties is, dit ook krities is.

Heyns stel dit dat die teologie krities is, omdat dit die strukture en tendense in die werklikheid, met die oog op 'n menswaardige bestaan, moet beoordeel. Maar hy maak ook die belangrike punt, naamlik, dat die teologie beide 'n vertikale *en* horisontale dimensie het, en dat dit die leer oor God is, wat betekenis het vir die leer oor die mens (Heyns, J A 1975 : 7-8).

Die aard van die ekumeniese krisis in Suid-Afrika het gevra vir radikale teologiese refleksie oor die verknegting deur die land en sy mense deur 'n mensgemaakte ideologie, 'n refleksie met implikasies vir die horisontale dimensie van die evangelie, en dit het Beyers Naudé, geïnspireer deur die wêreldkerk gedoen. Beyers Naudé kon egter in sy ekumeniese besinning op die horisontale dimensie en implikasie van die evangelie vir die ekumene, groter klem gelê het op die *gronde* van ons verlossing, op die leer oor God.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


## 3.5 Ideologiekritiek

### 3.5.1 Inleiding

In hierdie afdeling sal spesifiek aandag gegee word aan Beyers Naudè se rol in die uitoefening van kritiek op die ideologie van apartheid soos gesien vanuit ekumeniese perspektief. Kenmerke van die ideologie van apartheid sal ook uitgelig word, ten einde die kritiek daarop te verstaan. Beyers Naudè se ideologie kritiek, wat via die ekumeniese blad, *Pro Veritate*, en die projekte van die Christelike Instituut uitgespreek is, sal onder oë geneem word, asook sy ekumeniese uitsprake.

Wat belangrik is vir hierdie studie, is dat die ideologie van apartheid juis van strategieë en metodes gebruik gemaak het om die massas, d.i. die Blankes in Suid-Afrika te oorreed om aan die realisering van die apartheids–Suid Afrika mee te werk. In die geval van apartheid is ras beklemtoon, sowel as die ruimtelike ordening van die samelewing op 'n rassegrondslag.

Ideologieë bied nie 'n voldoende en wetenskaplike kennis van die realiteit nie. Dit verbloem eerder die realiteit. Ideologie styg nie bokant die empiriese vlak nie. Dit vervul op spontane aan die behoefte om die status quo te legitimeer (De Gruchy, John W 1979:211).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die behoud van Blanke dominansie deur die uitskakeling van politieke integrasie in 'n unitêre staat is ook nagestreef. Dit kan gesien word in die apartheidsmaatreëls wat getref is. Kinghorn wys daarop dat allerlei maatreëls ingestel is ten einde hul uitwerking in elke faset van die samelewing te laat geld. Hy bespreek 'n aantal voorvereistes waarsonder die apartheidstelsel nie sou kon klaarkom nie, soos rasse-klassifikasie, minimale sosiale integrasie, die daarstel van groepsgebiede, die instelling van sogenaamde Bantoe-onderwys, die dominansie van Blanke domein in die politieke sfeer, sowel as hervestigingsprogramme van Swart mense, verwyder van Blanke gebiede. Die beleid het onderweg 'n omvattende projek vir samelewingsdekonstruksie geword (Kinghorn, J 1986 : 29-35). Dit is in die lig hiervan dat ons Beyers Naudè se ideologiekritiek moet verstaan. Die implikasies van gemelde samelewings-dekonstruksie, het 'n impak op die kerk in Suid- Afrika se ekumeniese roeping gehad, soos later aangetoon sal word.

Die N G Kerk het byvoorbeeld toegelaat dat die ideologie van apartheid ook sy kerklike organisasie en praktyk ten koste van die sigbare uitlewing van die eenheid van die kerk beïnvloed het. Daarvan het die handhawing van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe, die wyse waarop die "moederkerk" die verhouding tot die dogterkerke hanteer het, en die toenemende ekumeniese isolasie van die NG Kerk getuig (Kinghorn, J 1986: 158).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die besluit van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in Ottawa om die lidmaatskap van die N G Kerk op te skort, is onder andere juis geneem omdat die kerk die apartheidsisteem aktief ondersteun het, en daardeur volgens die Wêreldbond, die evangelie en die Gereformeerde belydenis misbruik het (De Gruchy, J & Villa Vicencio C 1983:62).

B van der Walt toon aan dat apartheid 'n *hardnekkige* ideologie was, wat as hoeksteen van die samelewing gefunksioneer het. Hy beskryf ses ideologiese kenmerke van apartheid, wat hieronder gelys word:

- Apartheid was 'n *nasionalistiese* ideologie, in die sin dat nasionale identiteit verabsoluteer is, tot die benadeling van ander etniese groepe.
- Apartheid was 'n *kommunale* ideologie deurdat mense in groepskategorieë ingedeel is, en dat vrye assosiasie nie vir jou ruimte in die groep gee nie; jy is daarin gebore, en om die eie groep te realiseer, moet ander uitgesluit word.
- Apartheid was 'n *rassistiese* ideologie, nie net in die sin dat dit 'n vyandige ingesteldheid teenoor mense van 'n ander kleur gehad het nie, maar ook dat dit die gelykheid van alle mense nie aanvaar het nie deurdat die mensdom ingedeel is in vlakke van ontwikkeling. (die ontwikkeldes teenoor die sg onderontwikkeldes) Die vae groepskonsep van nasionalisme het nie genoeg gronde vir die klassifisering van mense in groepe gebied nie, maar rassisme het wel, vandaar die rassistiese inslag van die ideologie.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Apartheid was 'n *sekuriteits-ideologie*. Die effek van apartheid was die vestiging van 'n klimaat van agterdog en onsekerheid onder die bevolking, want die eenheid van die nasie is voortdurend bedreig deur die diversiteit van nasies en rasse. Die beeld van die vyand of die gewaande vyand is buite verband geruk, en slagspreuke is ontwerp om mense in vrees te hou, soos die aanslag van goddelose kommunisme of die Illuminati. Uiteindelik het naakte geweld soos die noodtoestand, instrumente geword in die herskepping van die maatskappy.
- Apartheid was 'n *rewolusionêre* ideologie, want dit het gestrewe om die samelewingsorde te verander teen die wense van die lede van daardie samelewing, deurdat die staat hoofsaaklik in belang van 'n uitgesoekte deel van die bevolking opgetree het, en die eise van geregtigheid in die Skrif verontagsaam het.
- Apartheid het 'n *godsdienstige aangesig* gehad. Om die apartheids-ideologie aanvaarbaar te kon maak vir die Blankes, waarvan die meerderheid Christene was, moes die ideologie geheilig word in die naam van die evangelie. Daarom het die proponente van apartheid die beginsel dat die nasionale groep die Goddelike wyse was waarop gemeenskappe georden word, vanuit die Skrif probeer regverdig. Skrifgedeeltes soos Genesis 11: 1-9 is buite konteks aangehaal.
- Tot en met 1986 het die NG Kerk slegs spesifieke elemente in hierdie teologie verwerp, sonder om die teologie self te verwerp (Van der Walt, B 1993 : 31-39).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Hierdie samelewingsdekonstruksie, soos deur van der Walt hierbo uitgewys, het dus ’n bepalend negatiewe uitwerking gehad op die kerklike gemeenskap in Suid Afrika, sowel as op die ekumeniese verhoudings, soos reeds aangetoon is in die studie. Dit het aan Beyers Naudè die uitdaging gebied om sy kritiek teen die ideologie van apartheid te lewer, ‘n uitdaging wat hy as roeping van God beleef het. Vervolgens word Beyers Naudè se ideologiekritiek in ekumeniese perspektief bespreek deur te wys op die rol van *Pro Veritate*, sowel as ekumeniese projekte van die Christelike Instituut.

### 3.5.2 Omskrywing van begrippe

Daar is vele omskrywings wat bestaan oor wat ’n ideologie presies is. Daar is reeds aan die begin van hierdie hoofstuk verwys na die opmerkings van Verkuyl oor ideologieë. Dit word hier herhaal t.w.v. die bespreking oor ideologiekritiek:

> Ideologieë is bloudrukke van die toekoms wat ‘n bepaalde ideoloog of elite van die gemeenskap ontwerp het, waar die bloudruk ten doel het om die massa te mobiliseer. Ideologieë wil ‘n bloudruk van die samelewing voorstel of aanbied en sluit ‘n aantal strategieë en metodes in, waarmee die afstand tussen hoor en doen oorbrug moet word, ten einde ’n gegewe situasie te verander of te handhaaf. Die ideologie doen hiervoor ’n beroep op die massa wat die volk en ras insluit, om aan die realisering van die toekoms mee te werk (Verkuyl, J 1975 : 507).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Ook die opmerkings van Van der Walt word hieronder weergegee:

> Die ideologie, wat gewoonlik in ’n situasie van bedreiging ontstaan, is ’n vervanging van die ware religie, met ’n allesbeheersende doel as die hoogste ideaal, ter bereiking waarvan enige (mags) middel gebruik mag word, norme aangepas, offers geëis en ’n spesifieke vyandsbeeld gepropageer word (Van der Walt, B J 1984 : 51 -53).

Die volgende definisie word voorgestel: Ideologieë is voorgestelde bloudrukke van die samelewing en sluit ’n aantal strategieë en metodes in waarmee die afstand tussen hoor en doen oorbrug moet word, ten einde ’n gegewe situasie te verander of te handhaaf. Die ideologie doen hiervoor ’n beroep op die massa wat die volk en ras insluit, om aan die realisering van die toekoms mee te werk. Die ideologie, wat gewoonlik in ’n situasie van bedreiging ontstaan, is ’n vervanging van die ware religie, met ’n allesbeheersende doel as die hoogste ideaal, ter bereiking waarvan enige (mags)middel gebruik mag word, norme aangepas, offers geëis en ’n spesifieke vyandsbeeld gepropageer word.

Die ideologie bied regverdiging vir die verafgoding van ‘n betrokke samelewingsverband, soos die apartheids- Suid-Afrika. In plaas daarvan dat God se beginsels van liefde, geregtigheid, naasteliefde en selfopoffering die doel stel, moet hulle by die doel aanpas. Die doelverwesenliking van die ideologie het tot gevolg dat die middele nie aan beginsels, norme of wette getoets kan word nie, maar dat die onbybelse “die doel heilig die middele,” gehanteer word. In hierdie geval was dit die verwesenliking van die ideologie,

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


naamlik die daarstelling en onderhouding van die beleid van apartheid. In die lig van die bespreking van die begrip hierbo, sal ons die *ideologiekritiek* van Beyers Naudé definieer as kritiek op die ideologieë van mense, wat ten doel het om die ideologie aan die hand van die evangelie te ontmasker vir wat dit is, synde teen die wil van God, en strydig met die Groot Gebod, naamlik dat jy die Here met alles moet liefhê en jou naaste soos jouself.

Piet Meiring maak die opmerking oor die tydvak waarin apartheid in staat en kerk hoogty gevier het, dat dit waar bly dat baie dominees, ook die kerk in die algemeen, nie hul profetiese roeping nagekom het nie, en ook nie raakgesien het wat om hulle gebeur nie- of dit nie wou raaksien nie. Hy vermeld ook dat hulle dikwels huiwerig was om in die prediking, in kerklike besluite asook in onderhandelinge met die regering te sê wat gesê moes word, en het dikwels die evangelie en die eise wat die evangelie stel, gekompromitteer-of so *binnesmonds* verwoord dat ander dit nie kon hoor nie. (Meiring–Heaney onderhoud) Dit opsig self, saam met talle ander stemme, aangehaal in hierdie verhandeling, is getuienis van die mag wat die ideologie op die denke en lewens van mense kan uitoefen. Waar ander geswyg het, of binnensmonds getuienis gelewer het, het Beyers Naudè algaande, al meer in die openbaar hom teen die ideologie van apartheid uitgespreek.

Wolfram Kistner, 'n medewerker van Beyers Naudè, maak veral ook melding van Naudè se ideologiekritiek, deur te wys op sy sensitiwiteit vir mense wat ly, en dat ander Christene verantwoordelik was vir die lyding van hul medegelowiges, en dat dit volgens hom, 'n besliste impak op sy teologie gehad het. (Kistner-Heaney onderhoud)

Daar is reeds in Hoofstuk Een van hierdie verhandeling verwys daarna dat die menseregte vergrype van die Britse volk teen die Afrikanervolk 'n besprekingspunt in Naudè se ouerhuis was. Hy het ook deur sy verbintenis met Ilse Weder onder die indruk geraak van die effek van die beleid van segregasie tussen mense onderling in Suid-Afrika, veral te Genadendal. Dit het sy ideologiekritiek help vorm.

Beyers Naudé se teologie en ideologiekritiek is ook gevorm deur sy buitelandse kontakte tydens die Kerkjeug studietoer. Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk daarna verwys dat hierdie toer by hom 'n nuwe visie oor die ekumene laat posvat het. By die ekumeniese studiekringe het hy en andere ook die ideologie van apartheid aan die soeklig van God se Woord onderwerp. Sy ideologiekritiek is dus gewortel in die Woord van God. Hy wou aan God se roepstem gehoorsaam wees.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Beyers Naudé se ideologiekritiek is ook gewortel in sy persoonlike verhouding met God. Hy skryf die oortuiging wat hy ontvang het, naamlik dat die verdediging van apartheid op Bybelse gronde 'n ernstige fout was en geen legitimiteit gehad het nie, toe aan die werking van die Heilige Gees. Volgens hom was dit veral sy studie van die gedeeltes wat aangehaal is om die apartheidsbeleid te regverdig, wat deur die Heilige Gees gebruik is om hom tot ander insigte te bring (Naudé, C F B 1995 : 41-42).

Ons sien verder ook dat die stem van die internasionale kerkgemeenskap sy ideologiekritiek help vorm het. Hier word gedink aan die Gereformeerde wêreld se kritiek teen die apartheidsideologie, soos bv die Gereformeerde Ekumeniese Sinode. Die besluite van die Wêreldraad van kerke het ook vir Beyers Naudé beïnvloed.

Daar is reeds in die bespreking van volume 9 van *Pro Veritate* daarop gewys dat hy die besluite van die WRK hoog geag het. Sy internasionale kontakte, sy kontakte met swart Christene, en die swart kerke, soos bv A I CA, het 'n invloed op sy ideologiekritiek uitgeoefen.

In *Pro Veritate* volume 4, soos reeds aangetoon, spreek Beyers Naudê hom uit ten gunste van 'n Belydende kerk in Suid-Afrika. J A van der Ven meld dat die kritiese opstelling van Beyers Naudé teenoor die NG Kerk en die voorbeeld van die Belydende kerk in Duitsland tydens die Nazi-tydperk,

hom ook geïnspireer het om te poog om ‘n Belydende kerk in Suid-Afrika op te rig. ‘n Belydende kerk in Suid Afrika sou in prediking en kategese, in diakonie en evangelisasie, in erediens, Nagmaal en doop so suiwer moontlik die eenheid van die kerk, die versoening van almal deur geloof in Christus en die geregtigheid van God, asook die Bybelse en teologiese legitimering van apartheid, tot uitdrukking wou bring (Pieterse, H J C: 92-93). In die volgende afdeling word die invloed van die ideologie van apartheid op die NG kerk bespreek.

### 3.5.3 Kritiese denke

Roelf Meyer wat ten nouste met Beyers Naudé by die Christelike Instituut saamgewerk het, het die rol van Beyers Naudè so opgesom : “Beyers Naudè het ruimte vir ander, veral die in nood, geskep en hul lewe en die sin daarvan onderskryf” (Pieterse, H J C : 27).

Beyers Naudé het die ideologie van apartheid ingrypend bevraagteken. Daar was vir hom veral in die Afrikanergemeenskap ‘n lojaliteit aan ‘n verkeerde idee. Hierdie lojaliteit aan ‘n verkeerde idee, met name apartheid, is deur J H Cilliers geanaliseer in ‘n homilities-analitiese perspektief op Nederduitse Gereformeerde volksprediking uit die jare 1960-1980.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Hierdie studie is gedoen aan die hand van preke gepubliseer in *die Kerkbode,* amptelike orgaan van die N G Kerk. Die breë koördinate-sisteem waarbinne die preke geplaas is, was enersyds die ervaring van bedreiging en angs en andersyds die intensie om die situasie van die Blanke volk teologies te verklaar. Cilliers se slotsom was dat die prediking misverstaan is as 'n middel om bepaalde volksideale te realiseer en te verdiep, asook dat die verblindende effek van die ideologie was om homself so in die taal te versteek, dat eie skuld verborge gebly het. Sy aanbeveling om so 'n situasie te vermy, was om te strewe na 'n *ekumeniese hermeneutiek* (Coertzen, Pieter 2002 : 118).

Cilliers se aanbeveling, naamlik die strewe na 'n *ekumeniese hermeneutiek*, is ironies, aangesien Beyers Naudé se strewe in die tydvak waarna Cilliers verwys, juis was na 'n ekumeniese hermeneutiek vir die samelewing.

Ideologiekritiek, het ons aan die begin van hierdie hoofstuk gesê, is kritiek op die ideologieë wat mense aanhang. Ideologiekritiek is egter ook selfkritiek. Dit sien ons by Beyers Naudé se preek in die Aasvoëlkop gemeente op 22 September 1963. In hierdie boodskap roep hy sy eie mense op tot selfondersoek. Die N G Kerk word deur Beyers Naudé opgeroep tot selfkritiek, om die gehoorsaamheid wat God opeis te beoefen, anders gaan die kerk eindelose skade opdoen.

Die N G Kerk word ook gewaarsku teen vervreemding van die sogenaamde “dogterkerke” en ook dat hy sy pad na getuienislewering in Afrika sluit. Die kerk word opgeroep tot tydige bekering en die uitreik van ‘n hand van broederskap na almal (Naudé, C F B 1995: 160).

Dit is opvallend dat hierdie oproep van Beyers Naudé in 1982 met die aanvaaring van die *Ope Brief aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk* aandag sou geniet. Die Ope Brief is onderteken deur predikante en gelegitimeerdes van die N G Kerk wat hul oortuiging uitspreek dat egte versoening in Christus tussen mense en groepe die grootste enkele behoefte in die kerk en daarom ook in die land en die samelewing is (Bosch J ; König A ; & Nicol W, 1982: 13). Die seminale invloed van Beyers Naudé se ekumeniese getuienis het voorwaar deurgewerk na kerk en samelewing! Beyers Naudé wou nie op ‘n afstand kritiek lewer teen sy kerk en volk nie, maar vanuit ’n diepe bewoënheid oor sy eie mense se ideologiese verblinding. Volgens Beyers Naudé het die lojaliteit en die patriotisme van die Afrikaner religieuse afmetings begin aanneem. Alle teenstand teen hierdie religieuse status, het neergekom as verraad aan God. Dit is in wese ook die wesenkenmerke van ‘n idee wat in ‘n ideologie verword het.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


God se bedoeling met Sy wêreld, Sy kinders, Sy volk, word misverstaan en apartheid as die enigste waarheid verkondig. Volgens D. Sölle gaan dit in die ideologie om 'n foutiewe verlossingsleer wat die denke van 'n groep mense soos 'n volk beheers . Dit gaan om 'n eng verlossingsbegrip, wat die verlossing net toespits op die heil van die individu. Die eng verlossingsbegrip het volgens D Sölle min of meer neergekom op die individu wat bevry sal word van 'n slegte wêreld, wat tog nooit sal verander nie. Dit gaan dus om die handhawing van die status quo. In hierdie eng verlossingsbegrip gaan dit om die verlossing van die ego, want die ego is die eintlike saak waaroor dit in die kerk gaan. Met hierdie tipering van die ideologie, het Beyers Naudé sy instemming betuig in die onderhoud. Vir Beyers Naudè kon die status quo nie gehandhaaf word nie, veral nie waar dit in botsing was met die norme van die evangelie nie (Naudé C F B & D Sölle, 1985 : 16 – 17).

Bogenoemde opmerking van Naudé vind ook weerklank in die teologie van 'n bekende teoloog in N G Kerk kringe, te wete prof J A Heyns. Heyns wys daarop dat die kerk krities-solidêr betrokke moet wees by die wêreld. En wanneer die kerk geluister het, spreek hy. Die kerk luister volgens hom na die stemme uit en oor : armoede en rykdom, integrasie en segregasie, want hierdie sake mag nooit ongemerk en onbeantwoord by die kerk verbygaan nie.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die kerk is betrokke by die wêreld, nie soseer in die sin dat die kerk die oplossing het vir die suksesvolle bestryding van armoede en diesmeer nie, maar in die sin dat die kerk die beginsels met betrekking tot hierdie sake verkondig, en sy lidmate die wêreld instuur om konkrete gestalte aan daardie beginsels te gee (Heyns, J A. 1978 : 371) .

Beyers Naudé was iemand wat die stemme oor armoede en rykdom, integrasie en segregasie, apartheid en versoening gehoor het, en vanuit die Bybel die beginsels rakende hierdie sake verkondig het. Hy was ‘n mens wat in die tyd geleef het, in die hier-en-nou. Vir hom het die evangelie implikasies gehad vir die hede, die konkrete “Sitz –im-leben” waarin mense hulle bevind het, waarmee bedoel word dat die eise van die evangelie gekonkretiseer moes word in die apartheids- samelewing van Suid Afrika.

Dat Beyers Naudé hom bemoei het met die “Sitz-im-leben” waarin die gewone mens en dan ook die Christen hom bevind, is reeds beskryf in sy betrokkenheid by die ekumene, onder andere sy betrokkenheid by die projekte van die C I, soos *Sprocas*, sowel as *The Christian Fellowship Trust*. Deur die jare het daar dikwels in die openbare pers berigte verskyn oor verskeie sake wat deur Beyers Naudè en die C I aangespreek is.

Enkeles word hieronder genoem.

- Beyers Naudé beskryf die tydperk na 1960 as 'n tydperk waarin die deure al meer vir Suid-Afrika begin toegaan het, en hy skryf dit toe aan toenemende onderdukkende wetgewing soos die paswette en aandklokreël, sowel as die ontugwet. Hy lê klem daarop dat die proses omgekeer kan word as daar 'n verandering in die rassebeleid kom, anders sal daar net 'n beker van rassehaat oorbly (*The Star* 4 March 1970).
- Beyers Naudé doen 'n beroep op die internasionale gemeenskap om 'n organisasie wat die slagoffers van rassisme in die wêreldgemeenskap kan bystaan in die lewe te roep, omdat rassediskriminasie 'n wêreldwye probleem is (*The Star* 28 October 1969).
- Hy is daarvoor verantwoordelik om rassediskriminasie binne die kerk internasionaal te ontmasker, deur 'n brief van die NG kerk in Noord Transvaal voor te dra by die Nederlandse Sinode van die Gereformeerde kerke te Lunteren, waarin die Sinode daarop aandring dat enige Nederlandse sendingwerkers die maatskaplike beleid van kerk en staat (wat apartheid is) moet navolg. Dit sou impliseer geen vermenging met swart staf na ure nie (*The Star* 9 March 1970).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Hy stel die Christelike Instituut daartoe bereid om alles te doen om die breuk tussen die C I en die N G kerk te help heel, omdat dit vir die Christelike Instituut gaan om die boodskap van versoening (*Christian reconciliation now aim of two group*s 23 March 1970).
- Die rassebeleid verongeluk volgens hom alle strewe na geregtigheid en vrede, en hy stel voor dat daar geen verder werksreservering moet wees nie, maar dat mense op grond van meriete aangestel moet word.
- Hy wys daarop dat dit die roeping van die kerk is om hierdie onreg uit te wys.
- Beyers Naudé lê klem daarop dat die rassebeleid in Suid-Afrika kommunisme bevorder (*S. A. Racialism aids the Reds : Naudè.* 17 February 1970).

Beyers Naudé het hom daarop toegelê om Blankes in Suid Afrika bewus te maak van die eksistensiële nood van die swart bevolking. Hy stel dat dit dat die heropvoeding van die Blankes ‘n taak is wat gruwelik nagelaat is deur talle kerke. Hy was die spreker by ‘n byeenkoms van die Vroue- liga van die Rooms Katolieke kerk waar die vrou van ‘n Soweto dokter haar negatiewe ervarings beskryf het, van wat dit beteken om swart te wees in Suid Afrika *(Churches under fire for race neglect* 11 October 1970).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Let ‘n mens verder ook op die fokus van *Pro Veritate*, sowel as die werk van die Christelike Instituut, kom jy onder die indruk daarvan dat Beyers Naudé nie teruggedeins het daarvan om te alle tye in die lig van die evangelie antwoorde te probeer vind vir die problematiek van die dag nie, en ook nie om die kerke uit te daag om standpunt in te neem nie. Dit was nie soseer dat Beyers Naudè al die antwoorde op al die vrae van die dag probeer verskaf het nie. Beyers Naudè se rol was eerder om die ekumeniese gesprek te stimuleer, sodat kerke in die lig van die evangelie kan besin oor die eise en aansprake van die evangelie van Jesus Christus, eise en aansprake wat direk strydig was met die apartheids-ideologie.

Tereg het Charles Villa-Vicencio die rol van Beyers Naudè so opgesom: “Die probleem met ‘n man soos Beyers was dat sy idees altyd kleintjies gekry het" (Randall, P 1982 : 91).

Beyers Naudé se rol kan beskryf word as formatief op ekumeniese denke. Die ideologiekritiek van Beyers Naudé was veral nie gebore uit ‘n siening van meerderwaardigheid of selfs vyandigheid teenoor sy eie mense nie. Die kritiek wat Beyers Naudé lewer bevat ‘n pastorale element wat insae toon op ‘n veel breër ekumeniese visie wat ruimte gelaat het om al mense van die land in te sluit by die ontferming van God.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die boodskap van die ryk van God, is volgens J A van der Ven (Pieterse, H J C : 85) ook die bron vir die kritiek wat hy uitoefen op die ideologie van die apartheidsbewind. Sy ideologiekritiek het dus ‘ n duidelik godsdienstige lading gehad. Beyers Naudé verwys male sonder tal na die aansprake van die evangelie in sy ideologiekritiek. Met sy preek in Aasvoëlkop gemeente op 22 September 1963 met die titel : “Gehoorsaam aan God,” waar hy sy besluit om die direkteurskap van die Christelike Instituut te aanvaar verduidelik, konfronteer Beyers Naudè die gemeente met die vraag wie se koninkryk vir hulle (en ook vir hom) eerste kom; die koninkryk van God of die van ons volk (Naudé, C F B 1995: 160). Beyers Naudé het die weg van gehoorsaamheid aan God gekies.

### 3.5.4 Die N G Kerk en apartheid

Om te verstaan wat die N G kerk se verbintenis met apartheid was, en waarom Beyers Naudé se kritiek daarop geregverdig was, moet ons eers vra: *Wat is apartheid* ? Prof C J Labuschagne, lektor in Ou Testamentiese vakke aan die Universiteit van Groningen, het ‘n aantal gedagtes oor versoening en apartheid in *Pro Veritate* na vore gebring wat die begrip apartheid verhelder :

- Apartheid is in wese die voortsetting van gebroke verhoudinge, vervreemding en vyandskap tussen rasse en mense. Versoening is gerig op die ophef van daardie gebroke verhoudinge, vervreemding en vyandskap.

- Apartheid gaan daarvan uit dat versoening tussen verskillende rasse in ‘n geintegreede samelewing nie haalbaar is nie en beteken ‘n verloëning van die versoeningswerk van Jesus Christus. Versoening streef na die realisering van daardie nuwe wat God die mense deur Christus geskenk het.
- Apartheid, as produk van ‘n geperverteerde Christelike antropologie, berus op ‘n waardering van die medemens wat volledig verbygaan aan dit wat God deur die versoening in Christus aan die mens gedoen het. Versoening berus op die erkenning dat God in Christus inderdaad soveel aan die mens verander het dat hy ‘n nuwe skepping is en dat wêreldlike maatstawwe vir die beoordeling van die medemens nie meer geld nie.
- Apartheid probeer te ontkom aan die eis tot bekering en verandering van hart en gesindheid in die intermenslike verkeer. Versoening stel as eerste en vernaamste eis juis hierdie bekering en verandering van hart en gesindheid(*Pro Veritate*, 15 November 1970 : 3).

Die beleid van apartheid was inderdaad ‘n lewens-en mensbeskouing wat daarop aangedring het dat ons ons identiteit moet vind deur van mekaar af te skei, en tussen mekaar te onderskei. Dit wou die grensloosheid van God se genade begrens, en die werking van die Heilige Gees teenstaan, wat ons dring om die verwydering tussen mense te bowe te kom, deur die versoening wat God aan ons in Christus skenk (Emmen, E 1971:83).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Ook die opmerkings van Kinghorn is nuttig, naamlik dat apartheid van segregasie (wat reeds die beleid van al die regerings van Suid-Afrika tussen 1910 en 1948 was) verskil, in die sin dat dit onder ideologiese bekoring, die reeds bestaande tradisie van segregasie absoluut gemaak het, konsekwent uitgebrei en totalitêr toegepas het (Kinghorn, J 1986 : 1-2).

Die NG Kerk in Suid Afrika het veral daarin uitgeblink om stukrag en geloofwaardigheid aan ‘n bepaalde ideologie, met name die ideologie van apartheid te verleen. Johan Kinghorn wys daarop dat die Federale Raad van Kerke se aanvaarding van die Sendingbeleid van 1935, wat in 1962 deur ‘n Sendingreglement vervang is, ‘n rigtinggewende rol in die Ned Geref Kerk gespeel het. Dit is volgens hom gebruik vir meer as net ‘n rigsnoer by sendingaktiwiteite. By gebrek aan ‘n sosiaal-teologiese kriterium in die kerk, is dit ook betrek by die beoordeling van politieke idees, asook die kwessie van apartheid (Kinghorn, J 1986 : 87).

Die beleid van apartheid het gehandel oor kerklike en verskeie ander sosiale kwessies in die land. Veral die maatskaplike faset was van belang . In die maatskaplike faset van die beleid is verwys na die Afrikaner se tradisionele vrees vir “gelykstelling“ tussen swart en wit, en sy afkeer van die idee van rassevermenging. Die kerk het hom onomwonde teen hierdie vermenging uitgespreek, maar tog die Naturel en Kleurling ‘n sosiale status misken.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Elke nasie het volgens diè beleid die reg om homself te wees en homself te ontwikkel. Waar die kerk hom dus teen sosiale gelykstelling in die sin van die verontagsaming van ras-en kleurverskille tussen wit en swart in die daelikse omgang verklaar, wou hy sosiale differensiasie en geestes- of kulturele segregasie aanmoedig of bevorder.

Kinghorn vermeld dat die opvallendste aspek van die apartheids beleid die feit was dat na vrees as motivering vir ‘n beleid verwys word. Dit is te verstane teen die agtergrond van die sosiaal-ekonomiese ellende waarin die Afrikaner destyds verkeer het. Alhoewel daar volgens Kinghorn ‘n *pastorale* motief in die beleid van apartheid mag gewees het, vind ‘n mens volgens hom inherent in die beleid aanwesig, die onmiskenbare beïnvloeding uit rassistiese en volksromantiese hoek. Hierdie opvattings het deur die Sendingbeleid van 1935 ‘n stewige vastrapplek in die Ned Geref Kerk verkry (Kinghorn, J 1986 : 88).

Die N G Kerk in Suid Afrika het veral in die veertigerjare op ’n groot aantal skeidingsmaatreëls aangedring. Kinghorn wys daarop dat daar vir dekades ’n sterk neutraliteit oor konkrete sosiale aangeleenthede was, wat die gevolg was van ’n ideologiese binding. Ideologieë bepaal vooruit hoe die realiteite daar moet uitsien. Die NG kerk het ’n kerkstruktuur ontwikkel wat geen intieme en alledaagse Christelike gemeenskap oor die “kleurgrens” heen kon meebring nie (Kinghorn, J 1986 : 192) .

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Ideologieë het ‘n manier om ‘n hele volk op sleeptou te neem. Volgens E Botha (1984:24) is ideologieë in ‘n sekere sin ‘n kollektiewe psigose. Dit verdwaas en verblind die aanhangers daarvan in so ‘n mate dat die ware toedrag van sake in die werklikheid nie gesien kan word nie.

Die verduisterende effek van die ideologie kan veral ook gesien word in die feit dat alhoewel die politieke sisteem in Suid Afrika in die sestiger en sewentigerjare van die twintigste eeu deur die historiese ontwikkelinge agtergehaal is, daar desondanks nog steeds aan die ideologie van apartheid as haalbare oplossing vir die sosio- en maatskaplike landskap in Suid Afrika vasgehou is. Die aanhangers van die ideologie van apartheid wou tot elke prys, selfs met geweld, die sisteem van apartheid op die werklikheid afdruk. Die werklikheid is as gevolg daarvan verwring en verteken. Die verwringing van die werklikheid, om die waarheid van die evangelie te verkrag in diens van die ideologie van apartheid, het tot wanhoop by die deel van die bevolking wat onder die beleid moes ly, gelei. Dat een deel van die bevolking van Suid Afrika onregmatig bo ’n ander bevoordeel is deur die apartheidsbeleid, word deur J Kinghorn geïllustreer daarin dat staatsbesteding aan die Blanke bevolkingsgroep in die tydperk tussen 1960 en 1976 ‘n syfer van 58 % beloop het. Blanke per capita besteding was volgens sy navorsingsbronne agt keer groter in die geval van blankes as in die geval van Swartmense, alhoewel die swartmense die oorgrote meerderheid van die bevolking uitgemaak het (Kinghorn, J 1986: 36).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


In die geval van woonbuurtskeiding lê die koste volgens J Kinghorn in die verbittering en vervreemding wat deur die toepassing van die Groepsgebiedewet meegebring is, en soos ook in die geval van onderwys-apartheid, in die vermindering en uitskakeling van geleenthede om medeburgers as mense te leer ken. Alles dui volgens Kinghorn daarop dat wrywing in die kontak in die sosiale en kulturele sfeer, met afsku bejeën is deur 'n deel van die bevolking wat onder die apartheidsmaatreëls moes ly. Die ingryping van die owerheid het daartoe gely dat die lewenskanse van groot getalle nie-Blankes relatief tot die van Blankes benadeel is (Kinghorn, J 1986: 38-39).

Ook geloofsgemeenskappe is eksistensieël geraak deur die toepassing van die apartheidsbeleid. Verskeie kerkleiers soos Vader Smangeliso Mkatshwa, is gerarresteer en gemartel. Talle gemeenskappe het die verlies van geboue, skole en ander instellings gerapporteer. In 1988 is Khotso Huis, die hoofkwartier van die SARK aangeval en ses weke later die hoofkwartier van die Suid Afrikaanse Katolieke Biskoppe konferensie (Hofmeyr, J W; Lombaard C J S & P J Maritz 2001: 110).

In die finale twee volumes van die Waarheids en Versoeningskommissie (WVK) het voormalige president F W de Klerk erken dat die apartheidsregering betrokke verantwoordelik was vir die bomplanting by Khotso huis. Die voormalige Vlakplaas bevelvoerder Eugene de Kock, het die SAPS span gelei wat vir die bomplanting verantwoordelike was.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die WVK het bevind dat die bomplanting 'n growwe skending van menseregte was (SAPA-berig. 22 Maart 2003). Hierdie insident toon aan ons hoe destruktief die ideologie van apartheid ingewerk het op die denke en lewens van Suid-Afrikaners, dat selfs kerkgemeenskappe nie ontsien is, in die strewe na die bevordering van die ideologie van apartheid nie. Die stem van die kerk moes stilgemaak word. Na die eerste vrye en regverdige verkiesings in Suid Afrika in 1994, sou die W R K nog vele ander vergrype wat in die naam van apartheid gepleeg is na vore bring.

Hierdie gedokumenteerde bewyse onderstreep die destruktiewe mag van die toepassing van die apartheidsideologie. Meiring stel dit dat 21 400 slagoffers van die apartheidsbeleid verklarings ingedien het, en dat tragiese verhale aangehoor is, maar wat wel tot kommer strek is die talle slagoffers wat nie na vore gekom het nie, ook uit die Blanke gemeenskap. 'n Totaal van 3,5 miljoen mense is gedurende die apartheidsjare met geweld uit hul huise geneem en na ander dele van die land "verplaas" (Meiring, P 1999: 379 -381).

Die Bybelse beginsels van liefde en geregtigheid is deur die toepassing van die apartheids-ideologie "verkrag." Hierdie "verkragting" van die waarheid van die evangelie, het die ekumeniese wêreld daartoe genoop om daadwerklike aksiestappe te neem met die oog op die aftakeling van so 'n onregverdige sisteem. J. Potgieter (1994:245) wys tereg daarop dat die kritiek wat Beyers Naudè teen die NG Kerk ingebring het, met verloop van tyd ook deur Nederlandse teoloë teen die kerk ingebring is.

University of Pretoria etd – Heaney, M J  (2004)


So is die waarneming by van die teoloë dat daar in Suid-Afrika tekens was wat daarop begin dui het dat die land 'n nasionaal-sosialistiese land genoem kan word (Potgieter, J 1994: 245).

Daar sal voorstanders wees wat die sogenaamde "goeie vrugte" van die apartheidsbeleid sou wou aanvoer as motivering dat die beleid nie in alle opsigte boos was nie, soos bv. die bou van Sendingskole en hospitale. Dit kan nie ontken word nie. Dit is egter debateerbaar of daardie goeie vrugte enigsins verband gehou het met die toepassing van die apartheids-ideologie, en of dit *ten spyte van* die toepassing van die apartheids-ideologie was. Die reg en vryheid om aan die eie kulturele erfenis getrou te bly, is tot 'n politieke ideologie van apartheid uitgebou as 'n sisteem vir die beskerming van eie belange van die blanke minderheid ten koste van die van andere.

Gaum skryf oor die NG Kerk se reis met apartheid dat die NG Kerk se verhouding met die CI veral in die sestigerjare gekenmerk is deur die feit dat die NG Kerk op daardie stadium van die geskiedenis oortuig was dat afsonderlike ontwikkeling die weg was waarlangs die oplossing vir die verhoudingsvraagstukke in Suid Afrika gevind sou moes word. Die NG Kerk het wel na Cottesloe met sy eie studie oor rasseverhoudinge in die land voortgegaan. In 1965 het 'n kommissie agt rapporte aan die Kaapse Sinode voorgelê waarvan die eerste die titel gedra het van *Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif* (Gaum, 1960-1994 : 4.4.1).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


In ‘n verslag oor trekarbeid is bv bevind dat die praktyk lei tot verwaarlosing van die huisgesin, aanrandings en seksuele afwykings, en dat die kerk se Sendingtaak onder die Swartman bemoeilik. Die kerk waarsku in hierdie verslag teen die skrikwekkende uitwerking van die stelsel en dring by die staat daarop aan om ‘n deurtastende ondersoek na die stelsel te doen (Emmen, E 1971:89-90). Die N G Kerk het dus nie opgehou om in die lig van die Woord te besin oor rasse-en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif nie.

Die beleidstuk, *Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif,* is in 1974 deur die Algemene Sinode van die N G Kerk aanvaar. Daar is versigtig gesê dat die Skrif, en veral die Nuwe Testament, onder bepaalde omstandighede en voorwaardes, ruimte laat vir die saambestaan van verskillende volkere in een land langs die weg van afsonderlike ontwikkeling.

Daar is ook beklemtoon dat die gebod tot naasteliefde die etiese norm vir die reëling van volkereverhoudinge moet wees. Die beleid van die destydse regering is steeds Skriftuurlik geregverdig. Ongelukkig is nie indringend aandag gegee aan die ellende wat die toepassing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling in die swart en bruin gemeenskappe veroorsaak het nie, veral ten opsigte van praktiese sake soos die opbreking van huisgesinne, die skeiding van wettig getroudes, die verwaarlosing van die gesinslewe wat tot morele aftakeling gelei het nie (Gaum, 1960-1994*:* 4.4.1-4.4.3).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


In 1986 het die N G Kerk na jarelange besinning oor die Skriftuurlike begronding van die apartheidsbeleid, die beleidstuk *Kerk en Samelewing* aanvaar. In paragraaf 282 van *Kerk en Samelewing,* erken die N G Kerk, die kerk wat so 'n groot rol gespeel het in die legitimering van die apartheidsbeleid, dat hy te lank die beleid van apartheid te abstrak en te teoreties beoordeel het, asook die feit dat apartheid as stelsel in sy stryd teen integrasie, 'n *ideologiese* en etnosentriese basis gekry het.

Liefde vir die eie het meermale die vorm van rassisme aangeneem en daaraan is wetlike en strukturele uitdrukkingsvorme gegee. (*Kerk en Samelewing*, 1990 : par 282). Daarmee erken die N G Kerk die ideologiese basis van apartheid en dat die beleid strydig was met die evangelie van Jesus Christus, wat juis ook die evangelie van versoening is.

J Kinghorn (1986:152) maak die stelling dat die N G kerk hom te veel met die belange van een volk, te wete die Afrikanervolk vereenselwig het. Apartheid was 'n pseudo-religieuse ideologie of sekulêre evangelie wat in stryd was met die evangelie van Jesus Christus. Hierdie stelling word in hierdie verhandeling onderskryf, en dit was ook die uitgangspunt van Beyers Naudè se kritiek op die ideologie van apartheid.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die N G Kerk het erken dat apartheid in stryd met die evangelie begin funksioneer het, in soverre dat die grootste deel van die landsbevolking dit ervaar het as 'n onderdrukkende sisteem wat deur gedwonge skeiding tussen mense in werklikheid een groep onregmatig bo die ander bevoordeel het, en so die menswaardigheid van die medemens aangetas het, en in stryd gekom het met die beginsels van liefde en geregtigheid. (*Kerk en Samelewing,* 1990: par 284) Die N G Kerk het verder gegaan en erken dat die beleid die menswaardigheid van die medemens aangetas het, en so in stryd gekom het met die beginsels van liefde en geregtigheid. Hierdie sisteem van apartheid is uiteindelik as sondig afgewys en as Bybels-eties onverdedigbaar. Hierin het die N G Kerk Beyers Naudè en ander wat soos hy gedink het, gelyk gegee (*Algemene Sinodale kommissie van die NG Kerk 1997*. 5.1.4).

Wat ook opvallend is, is die besluit van die Algemene Sinode om gemeentes aan te moedig om die liefdesgebod met al die praktiese implikasies daaraan verbonde uit te leef. Daar is aan die hand gedoen dat gemeentes deur Bybelstudie en gespreksgroepe erns moet maak met versoening in die plaaslike gemeenskap (*Algemene Sinodale kommissie van die NG Kerk 1997*. 10.1.3).

Hierdie oogmerk van versoening en die uitleef van die liefdesgebod, was immers ook die oogmerk van die Christelike Instituut in die tyd toe apartheid sy hoogbloei beleef het, soos bv die stigting van ekumeniese studiekringe. Volg die N G Kerk Beyers Naudè hier na ?

3.5.5 Die Schlebusch-kommissie

Die Eerste Minister van Suid Afrika, mnr John Vorster het op 7 Februarie 1972 in die parlement aangekondig dat "n kommissie van ondersoek" na "sekere organisasies" benoem is ten einde die doelwitte, bedrywighede en finansiering van die bepaalde organisasies te ondersoek wat verdink is van die ondermyning van die staat. Die Eerste Minister, mnr John Vorster wou sy oog hou op die landssituasie en sg. "subversiewe" groepe ten einde voorsorg te tref dat daar geen ondermyning van die staatsgesag was nie, veral gesien in die lig van die gespanne situasie in Suid Afrika.

By hierdie ondersoek is dan ook die Christelike Instituut ingesluit. Veral in die spervuur was Beyers Naudé en die Christelike Instituut. Beyers Naudè en die Christelike Instituut het egter geweier om voor die Schlebusch kommissie te verskyn. Die redes vir hulle weiering om voor die kommissie te verskyn, het hulle aangegee as sou dit 'n positiewe Christelike daad wees om te weier om met 'n regering op 'n onchristelike wyse en oor 'n saak wat as onchristelik bewys kan word, saam te werk (Naudé, C F B 1995 : 97-98).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Een van die redes vir Beyers Naudé en die C I se weiering om voor die kommissie te verskyn, was dat hulle dit gesien het as 'n publisiteitstruuk om die Blanke kiesers voor te berei op die onderdrukking van protesbewegings teen apartheid wat aan die einde van die sestigerjare na vore begin tree het. Hulle vermoede is bevestig, want, in die tydperk waarin die Sclebusch-sage hom afgespeel het, is sleutelleiers van NUSAS- *The National Union of South African Students* (Blankes), *The South African Students' Organization* (Swartmense), *The Black Community Programme* en *The Black People's Convention* verban, en teen 1974 was 40 jong Suid Afrikaners sonder verhoor aangehou onder die wet op die bekamping van terrorisme (Randall, P 1982: 62).

Almal, Beyers Naudé ingesluit, wat geweier het om voor die kommissie te verskyn, is aangekla kragtens die komissiewet, en Beyers Naudé moes dus in die hof verskyn. 'n Kort uiteensetting van die Schlebusch-sage bied insig in die ekumeniese denke van Beyers Naudé. Veral gesien in die lig daarvan dat die voortspruitende verhoor voor die magistraat, mnr L M Kotze, in die hof in Pretoria, aan Beyers Naudé geleentheid gebied het om hom in die openbaar te verantwoord oor sy ekumeniese getuienis. Regter Kriegler het Beyers Naudé na die getuienisbank toe geroep vir kruisondervraging.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


In hierdie ondervraging kom dit baie duidelik na vore dat Beyers Naudé se ekumeniese denke beïnvloed, sowel as gevorm was deur die eise van die evangelieboodskap van Jesus Christus. Mense sou kon verskil oor wat die eise van die evangelie vir 'n gegewe situasie binne 'n bepaalde tydsgewrig sou wees. Maar Beyers Naudé was daarvan oortuig dat die evangelie van Jesus Christus hom dring om die eise van die evangelie te laat weerklink binne die konteks van die Suid Afrikaanse samelewing. In sy getuienis voor die kommissie kom die ekumeniese betrokkenheid van Beyers Naudé duidelik na vore en dat sy kritiek op die Suid Afrikaanse samelewing onpartydig was.

- Beyers Naudé se betrokkenheid by die Christelike Instituut was volgens hom om meer sigbare uitdrukking te verleen aan die Bybelse waarheid van die eenheid van alle Christene ;
- om die waarheid van evangelie van toepassing te maak op die vraagstukke van elke dag ;
- om Christene te aktiveer om versoening in die land te bewerk ;
- om 'n diens te verskaf aan lidmate en kerke wat die behoefte aan fasilitering het om hul opdrag om die koninkryk van God te bevorder in woord en daad uit te leef.
- Die ekumeniese roeping wat Beyers Naudé op homself en die Christelike Instituut geneem het, was teologies gemotiveer, en is gedring deur 'n diensmotief wat die kerk as liggaam van Christus in Suid Afrika wou dien en inspireer om die implikasies van die koninkryk van God vir die hele mens en die hele wêreld te laat vergestalt.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Vir Beyers Naudé was die taak van die kerk om getuie te wees van God se Verlossingsdade onlosmaaklik verbonde aan die eenheidsbeeld wat die kerk van Christus na die wêreld moes uitstraal. Die liggaam van Christus was vir Beyers Naudé verdeeld, en het die geloofwaardigheid van die evangelie in gedrang gebring.
- Die ekumeniese getuienis van die kerk kan nie agter geslote deure gelewer word nie. Christus het aan Sy kerk die opdrag gegee om lig vir die wêreld te wees, en dat hulle lig so voor die mense skyn dat dit God verheerlik. Die implikasie van hierdie opdrag van Christus aan Sy kerk, volgens Beyers Naudé, is dat die kerk nie sy ekumeniese missie agter geslote deure kan beoefen nie. Die kerk sou dislojaal aan sy Opdraggewer Jesus Christus wees as sy boodskap nie ook in die openbaar gehoor word nie.
- Die ekumeniese roeping van die kerk in Suid Afrika is vir Beyers Naudé veral van belang vir die gespanne rassesituasie in die Suid Afrikaanse samelewing. Hy lig veral die verklarings van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Lunteren, wat die situasie van die dag aanspreek uit waarmee hy hom in sy ekumeniese strewe ten nouste mee vereenselwig.
- Die pastorale taak van die kerk beteken dat sy haar moet beywer daarvoor om gesindhede van rassevooroordeel en meerderwaardigheid deur intensiewe en volhardende pastorale arbeid te bestry.
- Die evangelie van Jesus Christus moet aan alle mense verkondig word ongeag hulle ras.
- Die beginsel van liefde vir die naaste beteken dat die vrug van hierdie arbeid mag beteken dat nuwe kerke tot stand kan kom, wat nuwe weë van selfverwesenliking in die lig van die Skrif mag vind.
- Die eenheid van die liggaam van Christus, moet volgens Beyers Naudé tot uitdrukking kom in gesamentlike aanbidding wat gesamentlike Nagmaalviering insluit.

- Die gesamentlike aanbidding van God se volk uit alle rasse sal vir die wêreld 'n teken wees van die eenheid van die kerk van Christus en van die gemeenskap van die heiliges. Kerk en staat moet hulle weerhou daarvan om in die sosiale en gemeenskapslewe van mense in te dring met besluite en ordinansies wat die toets van die Heilige Skrif nie kan deurstaan nie, soos bv. die verbod op gemengde huwelike (*International commission of jurists,* 1975 : 44 - 55).

Die feit dat Beyers Naudé juis die resolusies van Lunterenen beklemtoon in sy openbare verhoor bevestig sy blootstelling en betrokkenheid by wêreldekumene, maar ook dat sy ekumeniese getuienis konkreet betrekking gehad het op die realiteite van die samelewing waarbinne hy hom bevind het, en wat 'n konkrete antwoord gevra het in die lig van die evangelie. Oor die verband tussen versoening en geregtigheid en die verband tussen versoening en die begrip identifikasie, is Beyers Naudé van mening dat geen versoening sonder geregtigheid moontlik is nie en die man of vrou wat hom of haar beywer vir versoening, behoort heel eerste die oorsake van ongeregtigheid in die harte en lewens van die verontregte na te speur.

Ten einde die oorsake van ongeregtigheid vas te stel, is dit volgens Beyers Naudé nie genoeg om net die voor die hand liggende individuele feite van die saak na te speur nie daar 'n Christen hom met hart en siel, behoort te kan indink en invoel, in die hart, die gewete, die gevoelens van die verontregte persoon. Hierdie vermoë is die vrug van die nuwe geboorte in Christus. Oor hierdie vermoë het Beyers Naudè beskik.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die ekumeniese en profetiese getuienis van Beyers Naudé onder andere in die Hof te Pretoria, noop J K Riches van die Universiteit van Skotland, Glascow (Riches, J K 1977: 278) daartoe om Beyers Naudè te vergelyk met 'n ander ekumeniese figuur in Duitsland, met name Bonhoeffer.

Bonhoeffer was die leier van die Belydende Kerk in Nazi-Duitsland, en was betrokke by die ekumeniese beweging aldaar wat in opposisie teen die onderdrukkend en rassistiese beleid van Hitler in verset gekom het. Die Belydende Kerk het enige alliansie tussen die Christendom en Nazisme teengestaan (Packer, J I 1988 : 107).

Riches trek die parallel tussen Beyers Naudé en Bonhoffer, want beide was volgens hom gewikkel in die stryd om reg en geregtigheid in hulle onderskeie lande. Beide het die rol van martelaar aangeneem. Bonhoeffer het uiteindelik met sy lewe betaal. Naudé het sy reg as bedienaar van die Woord in sy eie kerk laat vaar, ten einde hom te beywer vir rassegelykheid in die land. Hy sou ook ingeperk wees in sy eie geboorteland. Wat vir Riches die samebindende faktor tussen Beyers Naudé en Bonhoeffer is, is die feit dat hulle beide gewillig was om die Seun (Jesus Christus) te volg op Sy reis na 'n ver land, die visie om dissipels van Jesus te wees op 'n pad wat lei na 'n bestemming wat ver verwyderd is van die tradisies en geskiedenis van hul eie kerke en om in hierdie pelgrimsreis die vryheid van die kinders van God te vind (Riches, J K 1977: 278).

3.5.6 Tyd : roeping en antwoord

J A van der Ven (Pieterse, H J C : 69) maak in ‘n ongepubliseerde boek oor utopie en ideologiekritiek melding van die wyse waarop Beyers Naudè met die tyd omgegaan het. Dit is duidelik dat Beyers Naudè voortdurend in die tyd leef, in die hier-en-die–nou en die steeds wisselende situasies van die hede.

Hy het nie daarvan teruggedeins om die konkrete situasie van onreg in die Suid Afrikaanse samelewing vanuit die lig van die evangelie te belig nie. Hy het voortdurend die situasie in Suid Afrika krities geanaliseer, daaroor nagedink en vanuit hierdie situasie ‘n toekoms geskets wat op normatiewe waardes gebou is

Dat Beyers Naudé die tyd uitgekoop het en die konkrete situasie in Suid Afrika vanuit die lig van die Skrif beoordeel het, kan gesien word in sy toespraak voor die KJV in Belgravia op 9 Maart 1965. Beyers Naudè stel dit aan die jeug teenwoordig dat die doel van sy praatjie was om gelowiges te help sy Christelike roeping ten opsigte van die politiek van die dag tot uitvoering te bring. Dit gaan vir Beyers Naudè dus nie maar net om teologisering nie, maar dat die kerk haar profetiese roeping sal uitleef, veral as sy seker is dat sy uitsprake en oordele op suiwer Christelike oorwegings gegrond is, want dan sal haar maatstaf die Christelik-etiese eise van geregtigheid, liefde en waarheid kan deurstaan om dan onbevrees te kan sê : “So sê die Here ! “ (Naudé, C F B 1995: 165).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die besef by Beyers Naudé dat hy telkens in die eietydse situasie lewe, moet volgens J A van der Ven nie misverstaan word as louter aktualisme nie. Die vertrekpunt vir Beyers Naudè was steeds die situasie waarin hy hom in die "hier en die nou" bevind het. Die vraag na wat die situasie van hom vereis het, het vir Beyers Naudé egter nie beperk gebly tot die hede nie, maar was ook op die toekoms gerig (Pieterse, H J C : 70).

*The Message*, waarvan Beyers Naudé 'n mede opsteller was, stel dit duidelik dat die kerk van Jesus Christus haar nie met die sogenaamde Suid Afrikaanse manier van lewe kan vereenselwig nie. Indien dit gebeur al die kerk ontdek dat hulle 'n afgod in die plek van Christus daargestel het.

Die kerk kan volgens *The Message*, nie net fokus op 'n veraf hemel waar alle probleme opgelos sal word nie. Wat Christus gedoen het, het Hy reeds gedoen. Ons kan daarvan wegvlug of kies om hier op aarde daarvolgens te leef. Beyers Naudé is dus in sy afwysing van die status quo as normatief vir die hede ook gerig op die toekoms.

Dit gaan daarom dat die kerk deur Christus geroep is om die regte optrede in die konkrete situasie te vind as antwoord op die oproep wat vanuit die huidige konkrete situasie uitgaan. (Naudé, C F B 1995: 169).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


3.5.7 Ekumene en die koninkryk.

Oor die implikasies van die boodskap van die koninkryk stel J A Heyns (1986 : 60) dit dat die boodskap van die koninkryk hoop in die harte van die burgers daarvan wek. Daardie hoop is volgens hom nie maar net ‘n vurige wens of brandende verwagting nie, maar ‘n onsterflike hoop wat kan heenkyk en die toekoms kan raaksien, maar hy lê klem daarop dat die boodskap van die koninkryk juis ook vir hierdie wêreld bedoel is en na hierdie wêreld kom.

Die boodskap van God se koninkryk was vir Beyers Naudè juis aktueel vir hierdie wêreld en sy nood. Die boodskap van die koninkryk was die besieling en motivering vir sy ideologiekritiek teen apartheid. Hy is geïnspireer en georiënteer is deur die boodskap van die Ryk van God.

‘n Ondersoek deur J A van der Ven (Pieterse: 83-84) na dokumente deur Beyers Naudé opgestel, dui daarop dat hy ‘n voorkeur in die Nuwe Testament het vir die briewe van Paulus en Handelinge en dat hy weinig gebruik maak van die gelykenisse. Wanneer Beyers Naudé verwys na die Ryk van God doen hy dit in algemene terme. Sy interpretasie van die Ryk van God is volgens J A van der Ven meer profeties as apokalipties. Beyers Naudé lê nadruk op God in teenstelling met die volk, die politiek en die staat. Vir Beyers Naudè staan die ryk van God altyd haaks met die optrede van mense.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Vanuit die Ryk van God moet kritiek gelewer word op die optrede van mense. In hierdie siening is die Ryk van God ‘n sterk transendente (nie van hierdie wêreld nie) en eties-profetiese grootheid (Pieterse, H J C : 83-84).

Oor die koninkryk van God skryf T van der Walt dat daar ‘n oorlog om die koninkryk is. Dit bring ‘n duidelike spanning mee in die tyd waarin ons lewe. Hierdie spanning werk ook deur in die lewe van die gelowige. Ons kan nie met gevoude hande wag tot God self die einde laat aanbreek nie. Ons is immers nie net God se kinders nie, ons is ook Sy soldate (Van der Walt, T 1985 : 13-14). Beyers Naudè was in sy ekumeniese strewe betrokke by hierdie stryd om die koninkryk.

Heyns stel dit dat die kerk as deel van die koninkryk, heenwys na die volheid van die koninkryk wat vir homself en ander gestaltes bedoel is en roep ook op tot gestaltegewing van die koninkryk in die gemeenskap. Die kerk wat die koninkryk uit sy gesigseinder verloor, en begin arbeid aan homself het sy roeping verloor, want die kerk bly ‘n eksemplariese gemeenskap wat in sy bestaan, protesteer teen sonde in die gemeenskap en moet daarom ook ‘n radikale Christelike maatskappy-kritiek as deel van sy taak aanvaar (Heyns, J A 1978 : 354). Op hierdie punt stem Heyns en Naudè saam.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die koninkryk van God is ‘n teenwoordige realiteit en nie ‘n *pie in the sky* nie. Juis daarom kan die prediking van die evangelie vernuwend en veranderend werk in baie vasgeloopte sosio-politieke situasies van gevestigde belange, menings, waardes en vooroordele. Dit is die prediking van God se alternatief wat leer dat die oue verby is en dat die nuwe gekom het. Dit is hierdie vaste hoop wat in God se moontlikhede glo, wat gewillig is om risiko’s te loop, die risiko van gehoorsaamheid aan God.

Dit is die risiko’s wat Beyers Naudé ook geloop het. Daarom is die evangelie van die koninkryk ook die evangelie van verandering in en deur die gehoorsaamheid van mense aan God se heerskappy. In die prediking van die evangelie van die koninkryk, is daar ook ‘n eskatologiese imperatief ingesluit. Daarom is die prediking van die koninkryk ’n prediking wat tot gehoorsaamheid oproep. Die taak van die kerk mag ook nie die status quo, waar dit lynreg indruis teen die eise van die evangelie, kondoneer nie. Die koninkryk is die domein van God se heil. Dit verteenwoordig Sy regering en heil op aarde.

Die boodskap van die koninkryk moet as God se evangelie en daarom God se alternatief vir die wêreld en ander neerdrukkende situasies soos apartheid, aangebied word. Hierdie boodskap van die koninkryk vind neerslag in Beyers Naudé se ideologiekritiek. Die boodskap van die koninkryk vernietig redenasies en neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.

Dit roep oor partypolitiekery heen tot gehoorsaamheid aan Christus, en daarom tot partydigheid vir Hom en Sy saak, en juis daarom sien dit God se “partydigheid“ vir die arme, die ellendige, die vreemdeling en die reglose raak en verdedig ook God se saak, wat van die koninkryksprediking gevaarlike prediking maak. Wie die magte, veral die magte op sosiopolitieke gebied aanspreek, trap op diepgewortelde belange en tradisies en moet teenstand verwag (Louw, D J 1985 : 148 -150). Hierdie roeping het Beyers Naudé nagekom en daarom het hy ook teenstand ondervind.

Heyns stel dit dat wie in die koninkryk bly, met die anti-ryk te doen het, en dat wie in die koninkryk wil bly sal moet aanhou stry, teen magte wat die arbeidslewe, kultuurlewe, politieke lewe wil onttrek aan die heerskappy van God. Maar omdat die anti-ryk agtergehaal is deur die koninkryk van God, mag die burgers van die koninkryk se liefde vir hul naaste nie verkil nie, en die stryd om geregtigheid nie verslap nie. Deur triomfantelik uit die oorwinning te leef, kom die krag van die toekoms in mense se hande, die visie op die toekoms in mense se oë en die blydskap oor die teenwoordige toekoms in mense se hande (Heyns, J A 1986 : 62).

Dit is juis hierdie stryd om geregtigheid, hierdie sensitiwiteit vir die sosiale en maatskaplike implikasies van die koninkryksprediking wat Beyers Naudé gedring het om gehoorsaam te wees aan die Woord en die wil van God rakende die boodskap van die koninkryk. Beyers Naudé is deur die Skrif self aangegryp, wat duidelike opdragte bevat oor die versorging van armes, weduwees,

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


vreemdelinge, vlugtelinge en verstotenes, mense wat deur die samelewing opsy geskuif is (Naudé, C F B 1995 : 143).

Namate die wil van God deur ons gedoen word, kom die Koningskap van God in ons tot openbaring, want die koninkryk van God is daar waar Sy wil geskied. Dit het vir Beyers Naudé gegaan om 'n worsteling en 'n soeke, dikwels teen die eie wil en sin in , na die wil van God vir die lewe van die gelowige in Sy koninkryk. Dit gaan ten diepste om die keuse vir of teen Christus. Dit het vir hom gegaan om die keuse om gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan die Woord van God. Die gehoorsaamheid aan God se roepstem het bepaalde implikasies vir sy bediening gehad, ook vir sy aanvaarding van die direkteurskap van die Christelike Instituut, wat hom by die skeiding van die weë gebring wat betref sy bediening in die N G Kerk (Naudè, C F B 1995 : 158). Die wil van God hou volgens J van der Ven se beoordeling van Naudè beide 'n negatiewe en positiewe betekenis in:

- *Negatief* gesien beteken die wil van God by Naudè dat dit voortkom uit 'n kontras-ervaring, die ervaring van skreeuende onreg, waarin mense genoop word om uit te roep teen die mens-onwaardigheid van die apartheidsideologie;
- *Positief* gesien maak die strewe na God se wil dit ook moontlik daarvoor op te offer, wat by Naudè die geval was, juis omdat jy die roepstem van God gehoor het (Pieterse H J C: 85-87).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Vir Beyers Naudé was die keuse tussen 'n bediening in die NG kerk wat nie die wil van God gedoen het nie, en sy strewe na die uitvoering van God se wil eenvoudig. Hy stel dit so : "Wanneer die wil van die mens te staan kom teen die wil en weg van God, dan moet die mens weet dat hy aan God meer gehoorsaam moet wees as aan mense, want die kerk se eerste gehoorsaamheid en hoogste trou is aan Christus" (Naudè, C F B 1995: 158). Die roepstem wat tot Beyers Naudè gespreek het, was vir hom die roepstem van God, vanuit Sy Ryk van geregtigheid, waaraan elke situasie opnuut aan Sy wil getoets moes word.

### 3.5.8 Beoordeling

Verkuyl stel dit dat Christene in ekumeniese omgang met mekaar moet verkeer, en begrip toon vir die ander se situasie, en nie toegee aan die druk van ideologiese blokvorming nie, want dit is juis die ekumeniese verbondenheid wat Christene wedersydse begrip gee vir mekaar se situasie. Veral dan word Christene opgeroep tot kritiese solidariteit in die opbou van die samelewing, wat sal beteken dat elke ideologie beoordeel moet word in die lig van die boodskap van die koninkryk van God (Verkuyl, J 1975 : 530-531).

Beyers Naudé het in die lig van die boodskap van die koninkryk van God nie berus in 'n onkritiese beoordeling van die samelewing of die status quo nie. Hy het hom gebonde gevoel aan die boodskap van die koninkryk.

Wanneer die wil en die weg van die mens volgens hom te staan kom teen die wil en weg van God, dan moet die mens weet : nou moet hy God meer gehoorsaam wees as die mense. Die trou en gehoorsaamheid aan Christus en Sy Woord, beteken vir hom dat die kerk se eerste gehoorsaamheid en hoogste trou aan Christus is. Vir Beyers Naudè was dit belangriker om aan God gehoorsaam te wees as aan mense.

Die wil van God het vir Beyers Naudé betrekking gehad op die situasie in die hier-en-nou wat 'n godsdienstige "call / response" struktuur vertoon, m a w in en deur die oproep wat in die reeds wisselende situasie wat tot die gelowige kom, roep God hom self om in sy gewete, gesterk deur Bybelstudie en gebed, na te gaan welke antwoord hy op die roepstem van God moet gee (Pieterse, H J C : 85-87).

God se Ryk van geregtigheid, was die maatstaf waarin die situasie hier-en-nou krities gemeet en getoets word. So is dit teen die wil van God, aldus Beyers Naudé om wette te maak soos die wet op gemengde huwelike, die groepsgebiedewet, die paswette, die wet op aanhouding sonder verhoor, wette wat een groep onregmatig bo ander bevoordeel, en tot ongenoemde lyding lei. Beyers Naudè se ideologiekritiek was 'n antwoord op God se roepstem. In 'n latere hoofstuk sal hierdie antwoord verder krities toegelig word.

Daar was by Beyers Naudé die *kontraservaring* van onreg wat teen die wil van God ingaan, waarna die besef gebore is dat 'n mens persoonlik moet reageer op die wil van God. Die wil van God kom dan vir hom voort uit 'n belewing van onreg wat vir hom geen ruimte laat vir enige kompromis nie, en hom ook geen ander keuse laat as om daarteen te veg nie (Pieterse, H J C : 86).

Beyers Naudé se afskeidspreek uit die gemeente Aasvoëlkop om die pos as direkteur van die Christelike Instituut te aanvaar, weerspieël ook iets van die gedrewenheid om die wil van God te laat seëvier. Dit is vir hom van uiterste belang dat die kerk van God sal naspeur waar God besig is om te werk en wat Hy van elke belydende Christen vereis. Gelowiges moet volgens Beyers Naudè weer die Woord van God ernstig neem, om so met die Woord van God om te gaan, dat dit die onfeilbare reël word vir ons denke en optrede, vir ons hele wese. Wie met God worstel soos Jakob, sal ontdek wat elke gelowige en geloofsgemeenskap moes ontdek, naamlik dat die antwoorde op ons vrae, die hoop vir ons toekoms, lê in volle gehoorsaamheid aan Hom wat die lewende Woord is (Ryan, C 1990 : 82).

In die lewe van Beyers Naudé het die wil van God nie los gestaan van die begrip "uur van God" nie. Wie eenmaal bewus geword het van God se roepstem om teen onreg op te tree, het geen keuse as om op hierdie roepstem te antwoord nie (Pieterse, H J C : 87).

So bewus was Beyers Naudé van die roepstem van God teen onreg, dat hy nie gehuiwer het om die opsie van lydelike verset uit te oefen nie. In reaksie op die kommissie van ondersoek deur die regering na die Christelike Instituut, weier Beyers Naudè samewerking met die regering, juis omdat die regering van die eise van die evangelie afwyk. Die Christen het die verantwoordelikheid om God en Sy reg meer gehoorsaam te wees as die regering (Naudé, C FB 1995 : 175 ).

Volgens D A du Toit kan die Christelike etiek die gelowige ondersteun in vreedsame en geweldlose aksies wat hervorming en die uitskakeling van onreg op die oog het. Christene het 'n roeping om alle onreg teen te staan en op alle lewensterreine vir geregtigheid te werk (Du Toit, D 1987 : 78). Dit is die weg wat Beyers Naudè gekies het.

> Die skynwoord, die ideologie, doen hom altyd voor as die Woord en kom met dieselfde pretensies. En vele loop agter die skynwoord aan en laat hulle deur die skynsel bekoor. Die ideologie gee voor dat dit krag het om berge te versit. En dit het krag. Maar terwyl die Logos, die Woord, werklike krag het, is die ideologia skynkrag. Die Logos het reddende krag, maar die ideologia vernietigende krag. Dit verteer uiteindelik sy aanhangers (Janson, M : 60).

Hoe waar was dit nie in die geval van die apartheidsideologie nie, en hoe belangrik was Naudè se ideologiekritiek nie !

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


# HOOFSTUK 4: PROFEET IN SY EIE LAND

## 4.1 Profeet vir 'n rasverdeelde land.

F Deist (Deist, 1984:136) definieer profete as mense wat die wil van God vir hul eie tyd verkondig, en die implikasies van beide gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid uitspel. Beyers Naudé kan as so 'n profeet getipeer word. In 'n referaat gelewer by die Universiteit van Kaapstad in Februarie 1977 getitel: "Die Afrikaner as rebel," is Naudé hoopvol dat ware bevryding vir die krisis waarin die land hom bevind, vanuit die kring van die Afrikanerdom sal kom. Dit kan gedoen word volgens hom, as daar weggebreek word van die bestaande politieke status quo, as die Afrikaners oorgaan tot vreedsame verset en as daar 'n nuwe lewensstyl van opoffering is. Hy verklaar soos volg:

> Selfs in hierdie late uur wil ek beweer dat daar nog die moontlikheid bestaan vir die Afrikaner om 'n wending te gee aan die gang van sake wat andersins rampspoedig gaan wees (*Pro Veritate* 15.03.1977:7).

W Saayman beoordeel in 1985 hierdie profetiese oproep van Naudé as dat dit nie tevergeefs was nie. Dit was nog die tyd waarin apartheid in kerk en samelewing geheers het. Hy wys egter daarop dat alhoewel die Afrikanerdom nie meer so monolites is as wat dit voorheen was nie, dit tog so is dat Afrikanermag al meer gekonsolideer is. Die Swart meerderheid bevind hulle egter nog steeds buite in die koue.

Hy stel dit egter dat sukses nie altyd die toets was vir profetiese betroubaarheid nie. Daarom mag Naudé volgens hom voortgaan om die mense van Suid-Afrika op te roep tot 'n alternatiewe, meer hoopvolle weg. Dit sal ingrypende optrede vereis van alle rolspelers. Hy motiveer sy voorwaardes vir verandering soos volg:

> Whoever wants to bring about real change in the social, economic and political structures of South Africa will have to deal with racism at the fundamental ideological level (Villa-Vicencio, C 1985:59-60)

Beyers Naudé se ekumeniese strewe het inderdaad hoop gebied aan die inwoners van Suid-Afrika wat onder die beleid van apartheid gely het. Dit het hulle uitgedaag om nie hul hoop op mensgemaakte ideologieë soos apartheid te stel nie, maar in God wat alles nuut maak.

B J van der Walt (1991:103-105) stem hiermee saam. Hy stel dit dat ons die oordeelsfout kan maak deur die mens die bron en inhoud van ons hoop te maak. Die mens is net in staat om wanhoop te skep as hy op sy eie vermoëns staatmaak. Veral valse hoop wat staatmaak op materiële rykdom en op die sekuriteitsideologie van die staat word ontmasker.

Beyers Naudé se profetiese uitspraak dat die Afrikaner nog 'n wending aan sake in die land kan gee, wat andersins rampspoedig kan afloop is nie dadelik vervul nie. Hy sou self eers deur 'n tydperk van swaarkry gaan voordat hy uiteindelik erkenning van die N G Kerk sou kry, die kerk wat hom nie as profeet wou erken nie. Dit sou by die Algemene Sinode van 1994 gebeur.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Dit gebeur in dieselfde jaar waarin daar vrye en regverdige demokratiese verkiesings in Suid-Afrika was. Die Afrikaners het juis dan ook 'n reuse aandeel gespeel het in politieke transformasie in die land. Die res van hierdie hoofstuk sal aandui hoedat Beyers Naudé deur persoonlike lyding en praktiese ekumeniese betrokkenheid, uiteindelik self die vervulling van sy hoop vir die land beleef het.

## 4.2 Die sewe "maer jare" [1977 – 1984]

### 4.2.1 Ingeperk

Op 16 Junie 1976 het duisende skoliere in Soweto teen die verpligte gebruik van Afrikaans in sommige vakke op skool betoog. Die vreedsame optog het oorgegaan tot geweld. Die nuus van die geweld is met skok deur Suid-Afrikaners ontvang. Die opstande by Soweto was die produk van opgekropte bitterheid, verontregting en pyn wat miljoene Swart mense vir jare in Suid Afrika moes verduur. Die regering het die Swart Bewussynsbewegings die skuld gegee vir die gebeure te Soweto. Beyers Naudé vermeld dat die Christelike Instituut waar moontlik wel die Swart Bewussynsbewegings ondersteun het.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die gebeure het Beyers Naudé en die Christelike Instituut direk geraak met ernstige en direkte gevolge vir homself. Op Woensdag 19 Oktober 1977 het Beyers Naudé 'n oproep ontvang van die Kaapse direkteur van die Christelike Instituut dat die Veiligheidspolisie die kantore van die Christelike Instituut deursoek. Die Minister van Justisie, mnr Jimmy Kruger het 'n inperkingsbevel uitgereik waarvolgens Beyers Naudè se bewegings vir ten minste die volgende vyf jaar ingeperk word.

Beyers Naudé se gemoed was vol. Sy denke is in beslag geneem deur bekommernisse oor watter ekumeniese impak die optrede van die regering op die kerke binne en buite Suid-Afrika sou hê, oor watter impak die besluit op die C I sal hê, maar ook oor watter impak dit op sy gesin sal hê (Naudé, C F B 1995 : 110)

Te midde van hierdie worsteling in sy gemoed was Beyers Naudé se gedagtes ook gefokus na Bo, na God. Hy herroep die gebede wat hy opgestuur het : "Dankie Here dat u my in u goedheid vir veertig jaar in u diens gebruik het. " En ook : "Vergeef hulle Vader, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Naudè, C F B 1985 *My seven lean years*: 5). Hierdie gebede weerspieël die piëteit en geloofsoortuigings van Beyers Naudé, oortuigings wat hom laat glo het dat die evangelie die krag het om die haat en bitterheid in Suid Afrika te oorwin. Beyers Naudé se reaksie op die inperking en sy volharding om te staan by wat hy geglo reg was volgens die evangelie,

ja, sy oortuiging om God meer gehoorsaam te wees as die mense het 'n seminale invloed op die samelewing gehad, is reeds gesê. Dit het self iemand soos die gewese President van Suid Afrika en wenner van die Nobelprys vir vrede, president Nelson Mandela se lewe geraak.

In die voorwoord van *A Festschrift for Beyers Naud*è (Villa Vicencio, C 1985 : 7- 8) skryf Mandela dat Beyers Naudè se inperking en gevolglike "sewe maer jare" vir hom 'n bewys was dat geregtigheid nooit deur verdrukking of onreg oorwin kan word nie, want in al die jare van sy inperking, te midde van 'n onophoudelike stroom van besoekers, was Beyers Naudè konsekwent in sy veroordeling van apartheid. Beyers Naudé se moed van oortuiging om onder die inperking getrou te bly aan die bevrydingsstryd, was volgens Nelson Mandela vir hom en die ander vryheidsvegters een van die redes waarom hulle hul veral na 1976 steeds beywer het vir die nie-rassige aard van die bevrydingsstryd. Beyers Naudé was vir hulle die lewende bewys dat *baasskap* nie die essensiële karakter is van die Afrikanervolk nie. Beyers Naudé verpersoonlik volgens Mandela die nie-rassige karakter van die stryd teen apartheid, en Naudé self is 'n simbool van menslike moed, soos ook gesien kan word in sy onvermoeide arbeid om deur die mondstuk *Pro Veritate*, veral die Afrikaner op te roep om hom van die navolging van die apartheidsideologie te bekeer.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Dit is uit hierdie opmerking van 'n man van statuur soos Nelson Mandela, iemand wat self gely het onder apartheid en jare lank in die gevangenis was, duidelik van watter kritiese belang Beyers Naudè se ekumeniese bydrae was, onder ander ook deur die skep van 'n gees van versoening onder Suid-Afrikaners.

Die laaste gepubliseerde toespraak van Beyers Naudé voor sy inperking is gelewer voor die Transvaalse Verenigde Onderwysersvereniging (TVO). Hy lê klem daarop dat Suid Afrika 'n kritieke periode in sy geskiedenis bereik het en dat dit sy inwoners voor 'n keuse stel, om by te dra tot die verdere verslawing van die totale samelewing of mee te werk aan die uiteindelike bevryding daarvan, en daarom versoek hy veral die opvoedkundiges teenwoordig om hul strategiese posisie te benut om by te dra tot die bevryding van die Christelike kerk en die totale samelewing. In sy toespraak voor die TVO, wys Naudé daarop dat die ondersteuning van die apartheidsbeleid van die regering deur 'n leidende kerk soos die Nederduitse Gereformeerde Kerk (maar ook ander kerke) teenproduktief was vir die boodskap van die evangelie en dat dit Swart Christene daartoe genoop het om tot die gevolgtrekking te kom dat die Christelike geloof, omdat dit die witman se geloof is, gelyk is aan rasse-onderdrukking. Miljoene Swart Christene vereenselwig die Christendom met rassediskriminasie, onderdrukkende wetgewing, ontkenning van politieke regte, en dwingelandy as gevolg van jou velkleur.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Omdat die apartheidsbeleid Goddelike sanksie ontvang het, sover dit die Blankes aangegaan het, het daar onder die Swart Christene vanweë apartheid 'n verwerping van die Christelike geloof begin ontwikkel, wat 'n geloofwaardigheidskrisis vir die Christelike geloof laat aanbreek het (Mc Cleod, Bryan G 1978:132).

Een van die gebeurtenisse wat vir Beyers Naudé diep geraak het tydens sy inperking, was die besluit van die Algemene Sinode van die N G Kerk in Oktober 1978 in Bloemfontein, om die dringende versoek te weier van drie jonger sogenaamde "dogterkerke," die NG Sendingkerk, die N G Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa, dat al vier hierdie kerke tot eenwording moet oorgaan. Die N G Kerk het hierdie versoek met 'n groot meerderheid verwerp. 'n Direkte gevolg van hierdie besluit, volgens Beyers Naudé, het in Augustus 1982 gekom, toe die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke apartheid tot 'n dwaalleer verklaar het en die lidmaatskap van die N G Kerk en die Hervormde Kerk opgeskort het.

Die Sinodebesluit was volgens Beyers Naudé vir hom die keerpunt in sy lank volgehoue pogings om die N G Kerk te dien. Dit was vir hom onmoontlik om met 'n rein gewete langer lidmaat te bly van 'n kerk Bybelse opdrag van Kerkeenheid afwys, veral van 'n kerk wat oorspronklik een kerkstruktuur was (1857), wat dieselfde belydenisskrifte met sy "dogterkerke" gedeel het, en wat die dringende pleidooi van die "dogterkerke" om hereenwording bloot op grond van ras of kleur verwerp het.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Vir Beyers Naudé se vrou Ilse was die besluit ook ingrypend. Beyers Naudè se opmerking spreek boekdele : “Dit is die prys wat ons twee moet betaal vir die sonde wat apartheid ook binne ‘n kerk teweegbring.” In Maart 1980 is hy deur ds Sam Buti as lidmaat in die NG Kerk in Afrika verwelkom (Naudé, C F B 1995:118– 119).

4.2.2 Impak van die inperking

Die inperkingsregulasies het behels dat ‘n ingeperkte persoon beperk is tot ‘n bepaalde gebied; dat ‘n ingeperkte mag nie met meer as een bepaalde persoon sosiaal mag verkeer het nie; dat ‘n ingeperkte niks met die oog op publikasie mag geskryf het nie; dat ‘n ingeperkte mag nie aan enige diskussie van enige politieke vraagstuk deelgeneem het nie; en dat ‘n ingeperkte hom minstens een keer per week by ‘n Polisiestasie moes aanmeld. Met hierdie regulasies het die regering gehoop om Beyers Naudé se ideologiekritiek die mond te snoer.

Beyers Naudé sou hom kon onderwerp aan die inperkingsbevel, of vrywillig in ballingskap gaan. Hy sou die keuse kon uitoefen om die Christelike Instituut in die buiteland in stand te hou en uit te brei, of in Suid Afrika te bly. Hy vermeld self die faktore wat meegewerk het, om in Suid Afrika te bly. Hierdie faktore het nie net ‘n bepalende invloed op Beyers Naudé self gehad nie (Naudé, Beyers 1985: 115–116).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Dit het ook 'n invloed uitgeoefen op sy ekumeniese getuienis, op die honderde besoekers wat hom tydens sy inperking juis oor apartheid en die nadelige gevolge daarvan kom besoek het, besoekers teenoor wie hy kon bly getuig van sy siening oor die onreg en verkeerdheid van die apartheidsbeleid. Beyers Naudé se standvastigheid tydens die inperking, het bygedra om sy geloofwaardigheid as Christen, as getuie van Christus, in die oë van die Swart gemeenskap, te versterk.

Die reaksie van die ekumeniese kerkgemeenskap word deur G. Bryan Mc Leod verwoord (Bryan, G. Mc Leod 1977 : 102) Hy meld dat die inperking 'n poging was om Beyers Naudé se profetiese boodskap in te perk, maar dat daardeur juis die krag van die Christelike boodskap onderskat is, juis omdat Beyers Naudè se getuienis nie uit homself ontspring nie. Dit het volgens Mc Leod behoort tot die universele stem van God, en die Woord van God kan nie die swye opgelê word nie. Met hierdie beoordeling van Mc Leod kan instemming betuig word.

Die impak van die inperking het dan juis ook die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat die owerheid voor gehoop het. Beyers Naudè noem self die voordele van die inperking :

- Dit het die geleentheid gebied om opnuut met besoekers uit alle kerke en bevolkingsgroepe vanuit die Bybel te besin oor die onregverdige apartheidsisteem.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Hierdie teologiese refleksie het daartoe bygedra dat hy die onophoudelike stroom besoekers by sy deur, Swart en Wit, kon bemoedig en inspireer in die stryd teen apartheid. Op hierdie wyse het die kritiese rol van Beyers Naudè met betrekking tot die ekumene na vore getree.
- Deur kruisbestuiwing van idees en interaksie met verteenwoordigers uit die breë spektrum van die Suid Afrikaanse gemeenskap het hy die gemeenskap, ook die kerklike gemeenskap, opgeroep om die stryd teen apartheid nie te laat vaar nie.
- Met die Afrikaners wat hom besoek het, kon hy saam besin oor die onregverdige sisteem van verdrukking wat hulle in desperaatheid probeer onderhou het.
- Aan die opkomende aspirasies van Swartmense kon hy aandag gee, en ook saam met hulle soek na weë hoe om die doelwitte van swart bevryding te verwesenlik.
- Met studente uit verskillende ras- en kulturele agtergronde kon hy besin oor die stryd om vir hulself te ontdek wat die toekoms vir hulle inhou. Veral ook die groeiende frustrasie in die swart studentegemeenskap is ondervang ; 'n frustrasie wat uiteindelik sou lei tot opstand en rewolusie.
- Ook die posisie van die kerke en die Christelike geloof in Suid Afrika het die aandag van Beyers Naudè ontvang. Veral die ekumene het sy aandag nie ontgaan nie. Die toenemende betrokkenheid van die wêreldkerk, soos die Wêreldraad van kerke , sowel as die rol van die Rooms Katolieke Kerk in hul stryd om sisteme waarin geregtigheid gevind kan word, was deel van sy ekumeniese gespreksvoering tydens sy inperking. (Naudé, Beyers 1985 : 10 - 13).

Op 28 Oktober 1982 het die aanvanklike inperkingstydperk verstryk, maar die minister van wet en orde, Louis le Grange het besluit dat Beyers Naudè vir ‘n verdere drie jaar ingeperk word. Ingevolge die wetgewing is daar geen redes vir sy inperking verstrek nie. Beyers Naudè het volgens die dagblad, *die Vaderland*, die besluit met *kalme berusting* aanvaar, alhoewel hy nie aangehaal mag gewees het nie. *Die Vaderland* vermeld wel dat dr Naudè ‘n lewendige belangstelling in die Suid Afrikaanse politiek behou het, deur daagliks ses koerante te lees en elke moontlike boek van politieke of teologiese aard te bestudeer. Hy het ook as pastorale hulp opgetree vir die besoekers aan sy deur. Volgens bronne na aan hom, het sy kritiek teen die regering se beleidsrigtings geensins verander nie (*Die Vaderland*. 29 Oktober 1982).

Op 26 September 1984 was Beyers Naudé juis betrokke by ekumeniese gesprekke met kerkleiers uit Duitsland. Op hierdie dag is die inperkingsbevel teen hom opgehef. Hy is vrygelaat in ‘n tyd van toenemende rassewrywing, met nuwe veiligheidswetgewing wat deur die staat ingestel is, asook die voorkoms van onluste in swart woongebiede. Hy was tydens sy inperking en gesprekke met die besoekers by hom, aktief betrokke met besinning oor die toekoms van die land. Beyers Naudè se fokus was na sy inperking gerig op die toekoms en hy was meer vasbeslote as ooit dat apartheid afgetakel moes word, en hoe om maniere te vind om die land so gou moontlik van die onderdrukkende sisteem van apartheid te bevry (Naudé, C F B 1995 : 122).

Skaars ‘n maand na sy ontperking, in sy eerste openbare toespraak by die byeenkoms van die komitee vir Akademiese Vryheid aan die Universiteit van die Witwatersrand, betuig hy sy solidariteit met die Swartmense in Suid Afrika. Hy laat egter nie na om ook in pastorale bewoënheid hom te rig tot die Afrikanerjeug van Suid Afrika nie. Hieruit blyk die breedte van sy ekumeniese horison. Hy doen ‘n beroep op die Afrikanerjeug om weg te breek van hulle valse sekuriteit en isolasie en die realiteite van Suid Afrika tegemoet te gaan. Hy stel dit ook duidelik dat hy die swaarkry van die Swartmense na sy inperking beter verstaan, en dat alhoewel sy inperking opgehef is, hy nooit vry sal voel, tensy almal wat nog ingeperk en aangehou word nie vry is nie (*Die Vaderland* 4 Oktober 1984).

Die dagblad, *Die Vaderland* gee Beyers Naudè se emosionele belewenis rakende die inperking weer waarin hy dit stel dat alhoewel hy die sewe jare van sy inperking die “sewe maer jare” noem, sy lewe in die tyd aansienlik verryk is deur die kontak wat hy met honderde mense gemaak het, wat hom een op ‘n slag kom besoek het. Die berig meld ook van die neerslagtigheid wat hom by tye beetgepak het, maar dat sy nadenke en gesprekke met mense wat hom kom besoek het, hom bewus gemaak van ‘n groot ongeduldigheid by mense wat nie meer bereid was om te wag op die beloofde land nie, en daarom is sy boodskap aan die regering om ‘n regverdige gemeenskap te skep, om dringend aandag te skenk aan die eise van die vakbonde, en dat akademiese vryheid die basis van elke Universiteit moet wees.

Die berig verwys ook na sy waarneming dat daar 'n groot skeuring tussen die kerke van die land is, vanweë ideologiese en dogmatiese verskille (*Die Vaderland* : 09.05.1985).

Die kritiese stem van Beyers Naudé is tydens die "sewe maer jare" van sy inperking, nie uitgedoof nie. Inteendeel, twee maande na sy ontperking, tydens 'n byeenkoms van die *Belydende Kring* in Mayfair Johannesburg, spreek hy hom ondubbelsinnig uit oor wat dit beteken om mens se geloof te bely in die Suid Afrika van die dag (*Confessing the faith in South Africa today*). Die hoofinhoud daarvan word hieronder kortliks weergegee, en toon aan dat hy steeds gefokus was op die bevryding van die samelewing. Die volgende uitsprake is gemaak :

- Die geloof wat bely moet word deur Christene, is nie die piëtistiese geloof van individuele verlossing nie, dit is nie van Charismatiese groepe, wat skuilplek soek in plekke soos Rhema kerk nie, dit is die geloof van hulle wat glo in 'n God van geregtigheid en vrede, 'n God wat aan die kant is van die verdrukte, en die bevryding begeer van hulle wat in gevangenisskap is.
- Outentieke geloof kan nie in 'n politieke, sosiale, of ekonomiese vakuum gemaak word nie, maar hou verband met die lewe en stryd van Christene van dag tot dag, van 'n spesifieke situasie.

- Die situasie van Suid Afrika aan die einde van 1984 beskou hy as 'n krisissituasie, wat deur die daaglikse ervarings van die meerderheid van die inwoners van die land beleef word, terwyl die Blanke minderheid in isolasie leef, en of onbewus, of gedeeltelik bewus, of onbesorgd is oor die toestand in die land.
- Die krisis in die land word op verskeie vlakke beleef, naamlik konstitusioneel, opvoedkundig, in die arbeidsmag, in die sosiale sfeer, op morele gebied, ekonomies, en die kerk sowel as die Christen word opgeroep om met 'n gekoördineerde poging aan die voorpunt van die bevrydingsstryd te wees.
- Die basis van die kerk se belydenis in die Suid Afrika van die dag, berus in die beloftes van Jesus Christus, nl dat goed oor kwaad sal triomfeer; dat Sy koninkryk besig is om in Suid Afrika te realiseer; dat lyding en opoffering vir die saak van geregtigheid en vrede sy eie beloning inhou.
- Vrede en vreugde behoort 'n integrale deel van hierdie belydenis te vorm want ons weet dat as ons aan die kant van Christus staan, die waarheid aan ons kant is; want ons het die versekering van die oorwinning van reg oor onreg en dat 'n nuwe gemeenskap aan die ontwikkel is; want ons weet dat ware versoening uit die konflik sal voortspruit; want ons kan 'n bydrae lewer tot die stryd vir geregtigheid en vrede.
- Almal wat hierdie geloofsbelydenis nasê leef nie in wanhoop nie, maar hoop, want die toekoms behoort aan God, en aan almal wat hulle aan Sy leiding toevertrou (Naudé, Beyers 1984 : 1-12).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Uit hierdie voordrag voor die Belydende Kring is dit duidelik dat die jare van inperking aan Beyers Naudé se ideologiekritiek ‘n baie skerper kant gegee het wat elemente van die bevrydingsteologie bevat. Die geleentheid tot nadenke oor die ideologiese verknegting van die apartheidsideologie, sowel as die ekumeniese roeping van die kerk in Suid Afrika, het Beyers Naudé juis in die tyd van sy inperking, voorberei vir nog groter verantwoordelikhede, en dan juis op ekumeniese gebied, naamlik die Algemene Sekretarisskap van die Suid Afrikaanse Raad van Kerke. Hieraan word in die volgende afdeling aandag gegee.

## 4.3 Algemene Sekretaris van die S A R K [1985-1988]

Beyers Naudé se ekumeniese bydrae tot die ekumene in Suid Afrika is deur die kerklike gemeenskap in Suid Afrika raakgesien en waardeer. Dit is duidelik daarin te sien dat die leiers van die Suid Afrikaanse Raad van Kerke hom verkies het tot Algemene Sekretaris van die Suid Afrikaanse Raad van Kerke. Dit is ‘n verdere getuienis van sy ekumene in praktyk.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


In die tydperk waarin Beyers Naudé  Algemene Sekretaris van die SARK was, is daar betekenisvolle verhoudinge met 'n groot aantal kerkvergaderings en konsilies, sowel as talle ekumeniese organisasies wêreldwyd opgebou.  Beyers Naudé sou as Algemene Sekretaris dien van Februarie 1985 tot Julie 1988.   In hierdie tydvak is deurslaggewende besluite deur 'n aantal kerkvergaderings geneem o a deur  die NG Sendingkerk in Suid Afrika en die NG Kerk.

Albei hierdie kerke het besluite geneem wat  in twee belangrike dokumente oor kerk en samelewing vervat is, nl die *Belydenis van Belhar* en die beleidsdokument *Kerk en Samelewing*. Beide dokumente  sny inhoudelik die temas aan wat deur Beyers Naudè in sy kritiek op die ideologie van apartheid gelewer is.  Alhoewel die besluite nie die besluite van die SARK was tydens Beyers Naudé se termyn as Algemene Sekretaris nie, word 'n bondige opsomming van die inhoudelike daarvan hieronder  weergegee, te einde die ekumeniese agtergrond waarin Naudè Algemene Sekretaris was, te skets, veral daar die besluite inhoudelik ooreenstem met sy ekumeniese visie.

In die geval van die NG Sendingkerk was daar die *Belydenis van Belhar.*  Van der Ven, wat in gesprek met Beyers Naudé was, stel dit dat die *Belydenis van Belhar* onder inspirasie van die  Barmen verklaring van die Belydende Kerk van Duitsland opgestel  is en hy maak  ook melding daarvan dat die *Belydenis van Belhar* die

goedkeuring van Naudé weggedra het (Pieterse, H J C :92).
Die temas wat die *Belydenis van Belhar* aansny, is o a dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus gawe en opdrag is, dat kerklike apartheid verwerp word, sowel as rassediskriminasie, dat God geregtigheid en vrede onder mense wil bring, dat 'n ideologie wat armoede legitimeer verwerp word, en dat die Belydenis so kosbaar is, dat dit daadwerklik in die praktyk gestel moet word (*Belydenis van Belhar*, 1986). Hierdie uitgangspunte is in lyn met die ideologiekritiek van Beyers Naudé.

Kort na Beyers Naudé se verkiesing tot Algemene Sekretaris van die SARK, spreek hy hom in sy hoedanigheid as Algemene Sekretaris uit oor die geestelike verarming in die NG kerk. In 'n onderhoud met die dagblad *Beeld* stel hy dit dat daar baie Afrikaanse predikante is wat apartheid bo die Christelike boodskap gekies het, en dat daar ook baie is wat deur 'n kerkleiding gekonfronteer word wat sterk ideologiese standpunte handhaaf, wat op sy beurt weer 'n geweldige geestelike verarming in die kerk meebring (*Verarming in N G Kerk met ideologie*: 04 Februarie 1985).

Die NG Kerk sou 'n jaar later in 1986, 'n beleidstuk oor kerk en samelewing die lig laat sien, genaamd *Kerk en Samelewing*. In hierdie dokument word die verskeurdheid van kerke as sonde erken en bely, en word dit duidelik gestel dat die kerk die verantwoordelikheid het om sy eenheid sover dit fisies moontlik is,

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


met alle gelowiges te beleef en sigbaar te maak, daar die waarneembare eenheid van die gelowiges vir die kerk 'n bevestiging is van die waaragtigheid van Jesus se sending. In hierdie beleidstuk is bely dat die hantering van apartheid as politieke en maatskaplike sisteem wat mense verontreg het, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kon word nie (*Kerk en Samelewing*, 1986: 16-17). Dit is sake waarvoor Beyers Naudè hom onvermoeid beywer het.

### 4.3.1 Beyers Naudé se "politieke getuienis"

Beyers Naudé se rol as Algemene Sekretaris van die SARK, is saamgevat in die boek *My land van Hoop*:

> Dit was vir hom belangrik dat die stem van die stemloses gehoor word. Daar is solidariteit betoon met die onderdruktes wat gesmag het na bevryding. Die kerklike gemeenskap in Suid Afrika is opgeroep om 'n bydrae te lewer tot 'n nuwe samelewing waarin die erkenning van menswaardigheid, menseregte en menslike verantwoordelikheid die hoekstene sou vorm vir die toekoms van die land.

.

> Die *sosiale implikasies* van die evangelieboodskap is ook deur Beyers Naudé en die Suid Afrikaanse Raad van kerke op die agenda van die kerklike gemeenskap geplaas. Op hierdie agenda was onder andere die noodsaaklikheid om regshulp te verleen aan slagoffers van die apartheidssisteem. Die nood van apartheidsslagoffers het aandag geniet. Dit was belangrik dat die werk van die Raad van kerke op streeksvlak aandag moes kry.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


> Die *bemiddelingsrol* wat die Raad van kerke onder leiding van Beyers Naudé betreffende die bevrydingsbewegings sou speel, was ook prominent, veral ten opsigte van die beëindiging van die gewapende stryd (Naudé, C F B 1995 : 127 -128).

Wanneer ons verwys na Beyers Naudé se politieke getuienis, is die bedoeling nie om te suggereer dat hy die politieke arena betree het nie. Hy het self die implikasies van die boodskap van koninkryk van God deurgetrek na elke sfeer van die samelewing, ook die politieke lewe.

By die byeenkoms van die Raad van Kerke in Durban op 3 Mei 1985, tree Beyers Naudé op in sy hoedanigheid as Algemene Sekretaris van die Suid Afrikaanse Raad van Kerke, waar hy hom onder ander uitlaat oor die politieke rol van die kerk. Wanneer gevra word na die politieke rol van die kerk, fokus hy veral op die politieke aspirasies van die jeug. Hy doen 'n analise van die opstandigheid van die Swart jeug en ontleed ook die krisis van die Blanke jeug.

Dit is immers die jeug wat op die voorpunt gestaan het van die bevrydingstryd, veral na die Soweto opstande in 1976. Ten slotte doen hy voorstelle aan die hand oor wat die rol van die kerke is rakende die krisis. *(Durban Council of Churches*, 1985: 1-10) Hieronder word 'n bondige uiteensetting van sekere van sy uitsprake aangebied oor hierdie temas.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Op 3 Junie 1976, dae voor die Soweto opstande, spreek Naudé hom uit oor die Suid-Afrika wat hy in sy toekomsvisie sien. Minder as twee weke later sou die Soweto opstande uitbreek, wat 'n waterskeiding in die politieke en maatskaplike situasie in Sui-Afrika sou wees. Die jeug van Suid-Afrika sou 'n prominente rol speel in hierdie opstande (*Pro Veritate* 15.06.1976:3-4).

Die visie wat Naudé in die vooruitsig gestel het vir Suid-Afrika het hoop gebied aan die Swart jeug wat aan die een kant gefrustreer was deur apartheid, maar ook hoop aan die Blanke jeug wat aan die anderkant apaties geraak het oor politieke en sosiale aangeleenthede. Die Suid-Afrika wat Naudé wou hê, moes nie gekenmerk word deur diktatorskap van enige aard nie. Dit moet ook nie 'n Suid-Afrika wees waar die interne sekuriteit op so 'n wyse bedreig word dat drakoniese maatreëls nodig is om die orde te handhaaf nie. Dit moet ook nie 'n Suid-Afrika wees gebaseer op 'n politieke ideologie nie. Die Suid-Afrika wat hy wou hê moes een wees waar die permanensie van al die inwoners erken word, waar daar harmonie in alle menseverhoudings is, waar daar geen paswette is en vrye opvoeding vir almal, waar die gevoelens van die Swart gemeenskap teenoor die kapitalistiese sisteem in ag geneem word, waar daar verantwoordelike deelname van almal in die land is. Hierdie droom vir Suid-Afrika sou vervul word na die verkiesings van 1994, maar vryheid is steeds 'n ideaal waarvoor gewerk moet word (*Pro Veritate* 15.06.1976:3-4).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Oor die toekoms van die jeug laat hy hom so uit:

> A new South Africa is being born-a South Africa in which I wish to live, a South Africa in which I wish our children to live, a South Africa in which I wish to give of myself to all the people of our land (*Pro Veritate* 15.06.1976:3-4).

4.3.1.1 Die krisis van die Swart jeug

Die land pluk volgens Beyers Naudé die vrugte van die dekades lange toepassing van wrede en onregverdige wette wat die Swartmense in die land hulle fundamentele regte ontneem het. Die jeug het die punt bereik waar hulle geregtigheid soek en nie langer kans sien om onderdruk te word nie. Die jeug het ook hul vertroue in gesagsinstellings verloor. Die gesagsfigure se onmag of onwilligheid om op te tree het hulle genoop om die reg in eie hande te neem. Die Swart jeug het ook hul geloof in die effektiwiteit van nie-gewelddadige aksie verloor. Veral na 1976 het talle jongmense laat blyk dat die gebruik van geweld nie meer vir hulle ‘n morele probleem is nie, eerder ‘n wyse van strategie. Die Swart jeug het volgens Beyers Naudè ook geloof in die kerk se rol as bevryder verloor. Die swart jeug het waardering vir sommige kerke se rol in die sosiale opheffing van gemeenskappe, maar soek tasbare bewyse dat die kerk identifiseer met hul bevrydingstryd (*Durban Council of Churches*, 1985: 5-6).

Beyers Naudé se analise van die Swart jeug se frustrasies is nie maar net op lukrake wyse gedoen nie. Hy het self in sy “sewe maer

jare“ besoek deur talle van hierdie ontnugterde swart jongmense en het hulle frustrasies en strewes aangehoor en as klankbord daarvoor gedien. Hy regverdig nie hulle frustrasie nie, maar bring dit onder die kerke se tydige aandag.

#### 4.3.1.2 Die krisis van die Blanke jeug

Beyers Naudé openbaar in sy analise van die krisis van die blanke jeug ‘n sensitiwiteit vir die problematiek van die totale gemeenskap in Suid Afrika. Hy kan nie daarvan beskuldig word dat hy net gefokus het op Swart aspirasies nie. Kort na Beyers Naudé se verkiesing tot Algemene Sekretaris van die SARK, spreek hy hom in sy hoedanigheid as Algemene Sekretaris uit oor die geestelike verarming in die NG kerk. In ‘n onderhoud met die dagblad *Beeld* stel hy dit dat daar baie Afrikaanse predikante is wat apartheid bo die Christelike boodskap gekies het, en dat daar ook baie is wat deur ‘n kerkleiding gekonfronteer word wat sterk ideologiese standpunte handhaaf, wat op sy beurt weer ‘n geweldige geestelike verarming in die kerk meebring. Naudè glo sterk in die rol van die *Afrikanerjeug* wat uit die moed van hulle oortuiging hul stem sal laat hoor oor die onreg wat in die naam van apartheid gepleeg word (*Beeld* : 4 Februarie 1985).

Beyers Naudé se ekumeniese bydrae was juis dat daar kontak tussen gelowiges uit alle rassegroepe en oor kerkgrense heen moet wees. Hy vestig die kerke se aandag daarop dat die gebrek aan betekenisvolle kontak op ‘n menslike vlak oor soveel dekades in

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Suid Afrika as gevolg van die apartheidsisteem, by die blanke jeug ‘n vakuum gelaat het. Kontakgeleenthede sal geskep moet word. Die oproep herinner aan die aanbevelings van die K J V studietoer, waarop die N G Kerk hom gestuur het en waarna aan die begin van die verhandeling verwys is, ‘n studietoer wat volgens Beyers Naudé ’n belangrike invloed op sy ekumeniese vorming uitgeoefen het.

Die tragiese nasleep van apartheid was volgens Naudè dat die Blanke jeug, met name die Afrikanerjeug, apaties geraak het en grootliks min belang gestel het in kritieke politieke en sosiale aangeleenthede. Daar is ook ‘n segment van die Blanke jeug wat in opstand teen die politieke gesag kom en as gevolg van gewetensbesware weier om diensplig te verrig. Die opkomende gety van swart opposisie het talle van hulle hul toevlug laat neem na bepaalde vorme van spiritualiteit soos die *Rhema* Bybel kerk, wat op daardie stadium grootliks min belang in sosiale geregtigheid of die boosheid van die apartheidsisteem getoon het (Durban Council of Churches, 1985: 5-6).

4.3.1.3 Die politieke situasie in die land

Ten tye van Beyers Naudé se termyn as Algemene Sekretaris van die SARK, is ‘n noodtoestand in 36 landdrosdistrikte van Suid Afrika deur die regering afgekondig. Die noodtoestand is gedeeltelik opgehef, maar in Junie 1986 landwyd ingestel en die situasie sou voortduur tot en met 1990. Beyers Naudé spreek hom as Sekretaris van die SARK uit oor die noodtoestand en meen “dat dit ‘n wanhopige handeling deur die regering is om die onweerstaanbare vloed van bevryding te stuit.“

Die SARK vra ook volgens Beyers Naudé dat die regering basiese Christelike norme in die hele Suid Afrika moet toepas, omdat die afkondiging van die noodtoestand nie gerig was op die wortel van die probleem in Suid Afrika, nl die gevolge van die verdrukking in Suid Afrika nie (*Die Burger*, 22 Julie 1985).

Beyers Naudé doen in *Ecunews* (Ecunews, May 1985:8-9) ‘n ontleding van die politieke situasie in die land. Hy sien die hoofoorsaak van die politieke situasie in die land nie vanweë ‘n kommunistiese aanslag nie, maar juis vanweë die beleid van apartheid wat die hele Suider Afrikaanse streek destabiliseer.

Die SARK onder Beyers Naudé se Algemene Sekretarisskap het ook hom vereenselwig met die disinvesteringsveldtog, ten einde

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Blanke Suid Afrikaners ernstig te laat besin oor die konflik in die land. Die SARK het ook 'n oproep om 'n dag van gebed gemaak "om die onregverdige regering" tot 'n val te bring (*Die Burger*, 29 Junie 1985). Die aftakeling van apartheid word dus gesien as ook 'n geestelike stryd.

So ernstig het Beyers Naudé oor die onderdrukkende beleid van apartheid gevoel dat hy in 'n onderhoud met *Die Vaderland* (*Die Vaderland*, 27.11.1985) hom bereid verklaar het om vir die bevryding van Suid Afrika te sterf. Dit dui op die passie wat in sy hart geleef het en die oortuiging waarmee hy hom beywer het vir 'n meer regverdige bestel in Suid-Afrika.

### 4.4 Die bemiddelingsrol van Beyers Naudé.

Volgens Naudé het die boodskap van die koninkryk van God duidelike implikasies vir hierdie lewe; vir hierdie aardse gemeenskap waar geregtigheid, liefde, vrede en die waarheid heers en waar die menswaardigheid van elke mens erken word, ongeag ras, klas of godsdiens (Durban Council of Churches, 1985: 8-9). Hy beywer hom dan ook vir oplossings wat met die praxis te doen het.

Beyers Naudé het in 'n onderhoud aan die Vaderland (26 Junie 1985) 'n oplossing vir die konfliksituasie waarin Suid Afrika hom

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


op daardie stadium van sy geskiedenis bevind het, aangebied. Dit was om die politieke gevangenes vry te laat, uitgewekenes die kans te gee om terug te keer, en die geleentheid te skep vir die vrye verkiesing van leiers deur die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Dit is egter die kerke se bemiddelingsrol wat vir Beyers Naudé op die ekumeniese kerke-gemeenskap se tafel kom. Onder sy leierskap het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke n belangrike aantal take gehad om te vervul. Van hierdie take was onder andere om die slagoffers van onrus te ondersteun, waarvoor die SARK 'n fonds van een miljoen rand in die lewe geroep het. Die SARK sou ook sy Christelike solidariteit met die onderdruktes uitspreek, en die saak van regverdigheid en vrede met alle middele tot hulle beskikking ondersteun.

In hierdie eerste drie maande van Beyers Naudé se Algemene Sekretarisskap het hy talle besoeke van 'n groot verskeidenheid organisasies, links en regs van die politieke spektrum ontvang, sowel as uit die onderskeie geloofsgemeenskappe in die land. Hulle het by hom kom antwoorde soek op die dringende vraagstukke wat die land in die gesig staar (*Ecunews*, Mei 1985: 4- 5). Sy rol as bemiddelaar in die Suid-Afrikaanse politieke opset word hiermee erken.

Die tydperk wat hy as Algemene Sekretaris gedien het, het volgens dr Naudè vir homself 'n geweldige verdieping in sy persoonlike en

teologiese sienswyse teweeggebring, in die sin dat hy soos nooit tevore uitgedaag is om duidelikheid te kry oor sy geloof en die relevantheid daarvan vir die worsteling van Swart Christene op politieke, kerklike en ekonomiese vlakke (*Beeld,* 02 Julie 1987).

### 4.4.1 Die Kerkeberaad te Vereeniging [1989]

Die Kerkeberaad te Vereeniging in Maart 1989 vind drie jaar na die aanvaarding van die beleidsdokument van die Ned Geref Kerk getitel *Kerk en Samelewing* plaas, en kan as deel van die gespreksvoering met die NG Kerk familie gesien word. Die *Belhar belydenis* deur die NG Sendingkerk is ook in hierdie tyd aanvaar. Beide dokumente het kritiese besluite oor kerk en samelewing geneem.

Die Kerkeberaad het plaasgevind op aandrang van die Gereformeerde Ekumeniese Raad wat in 1988 in Harare plaasgevind het. Beyers Naudé het die beraad as raadgewer van die destydse NG Kerk in Afrika (later die V G K S A) bygewoon (Naudé, C F B 1995 : 137).

Die beraad is bygewoon deur die interim komitee van die G E R en deur afgevaardigdes van die NG Kerk familie, die Ned Geref Kerk,

die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa. Die verslag van die Ad Hoc komitee vir voorstelle is saamgestel deur C B F Naudé (sameroeper), A Boesak, H Y Hara, J A Heyns en F D Sakala. Die verslag van die Kerkeberaad was in talle opsigte verreikend vir kerk en samelewing.

Die Ad Hoc komitee se verslag het melding daarvan gemaak dat die afvaardiging van die NG Kerk die sisteem van diskriminerende apartheid verwerp het. Hulle sou ook die regering versoek om diskriminerende wette te skrap. Die N G kerk het aanvanklik in die gees van "Kerk en Samelewing" hulle deelname aan die instelling en legitimering van die ideologie van apartheid bely. Die afvaardiging van die NG Kerk het ook erken dat die weerhouding van stemreg van 'n deel van die bevolking die menswaardigheid van 'n deel van die bevolking aantas (*The Saga of Vereeniging*, 1989 : 6).

Die kerke het ook duidelik dit duidelik gestel dat hulle apartheid as sonde beskou, en onversoenbaar met die evangelie van Jesus Christus. Apartheid in al sy vorme moet geheel en al uitgeroei word. Die Kerkeberaad het die feit dat die verskillende lede van die familie van NG kerke alhoewel hulle een in Christus is, nogtans verdeeld is op die basis van ras, etnisiteit en kleur, betreur.

Die beraad het hom plegtig verbind tot een, verenigde, nie- rassige Gereformeerde kerk. Vervolgens het die beraad hom ook verbind

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


tot 'n oop, nie-rassige, demokratiese gemeenskap. Solidariteit met mekaar en afhanklikheid van die leiding van die Heilige Gees vir die toekomstige proses is erken (*The Saga of Vereeniging*. Ongepubliseerde dokument. 1989 : 7).

Die sake waarvoor die Kerkeberaad hom beywer het, was ook sake waarvoor Beyers Naudé hom beywer het. Reeds in 1962, in die Aasvoëlkop preek spreek hy hom so uit:

> Alle wetgewing dus wat die beoefening van hierdie naasteliefde of geregtigheid tussen mense verhinder of bemoeilik, is teen die wese en die wil van God; dit vernietig wat dit soek om te behou en dit bring skeiding en verwydering wat die voortplanting van die Evangelie ernstig bemoeilik. Waar 'n volk in geloof in God geregtigheid beoefen, seën God daardie volk en word sy voortbestaan beveilig (Naudé, C F B : 155).

4.4.2 Beyers Naudé en die Kerkeberaad.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Beyers Naudé sien die Vereenigingberaad in Maart 1989 as 'n mylpaal in die lang stryd teen apartheid, veral sover dit die familie van NG Kerke betref (Naudé C F B 1995 : 137). Hy was immers ook die sameroeper van die komitee vir voorstelle en het die NGKA verteenwoordig by die beraad. Dit wat by die Vereeniging beraad gebeur het, is 'n bevestiging van die kritiese ekumeniese rol wat Beyers Naudé gespeel het in sy kritiek op die ideologie van apartheid.

Beyers Naudé laat hom uit oor die belang van die beraad deur op te merk dat die dominerende leierskap van die Blanke NG Kerk afgeskud is, en dat die swart kerke die leiding geneem het om aktief deel te neem in die proses van bevryding van kerk en samelewing in Suid Afrika. Vervolgens het die swart NG Kerke volgens hom, die verdeeldheid op die basis van etnisiteit en ras deurbreek en hulle verbind tot een verenigde Gereformeerde Kerk. Die proses van bevryding wat in die Swart Kerke begin is, is 'n uitdaging aan alle Christelike kerke om te verenig as een liggaam van Christus. Die bal is nou in die hande van die NG Kerk. Om die getuienis van Vereeniging te onderskryf, in gehoorsaamheid aan God en Sy Woord, sodat die kerke in die land 'n nuwe toekoms kan tegemoet gaan (*The Saga of Vereeniging* 1989 : 28).

### 4.4.3 Rustenburgse beraad [1990]

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


4.4.3.1 Inleiding

Die ekumeniese beraad van 230 kerkleiers en 40 kerke te Rustenburg, het ten doel gehad om mee te werk met die oog op 'n verenigde Christelike getuienis in 'n veranderende Suid Afrika. Een van die hooftemas van die beraad was die aanspreek van belydenis oor ongeregtighede uit die apartheidsera (Amstutz, M 1995: 19).

In die publikasie oor die kerk se ekumeniese roeping van Dionne Crafford en Gustav Gous, (1993 : 228 – 230) word verwys na die woorde van die Katolieke Aartsbiskop George Daniel rakende die Rustenburg beraad, as sou die gebeurtenis dieselfde impak het as die val van die Berlynse muur sover dit die kerklike situasie in Suid Afrika raak.

Die Rustenburg beraad het nie net lof ontvang nie, maar ook kritiek. So het daar onder andere in regse kringe groot ontsteltenis geheers oor die belydenis wat Willie Jonker namens die Afrikanervolk gedoen het, naamlik dat apartheid sonde is. Die algemene strekking van die kritiek was dat die hele Rustenburg beraad deel vorm van die aanslag op die Afrikanerdom en dat die Afrikanervolk nie moet toelaat dat linkse integrasioniste en knoeiers van die een wêreld ideologie vir die Afrikaner die pas moet aangee in sy vryheidstryd nie. (*Teoloë moet saamwerk teen die aanslag*, Beeld .19.08.1991).

Wat aanleiding gegee het tot die beraad was 'n oproep van staatspresident F W de Klerk aan al die kerke om gesamentlik 'n

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


strategie bevordelik vir onderhandeling, versoening en verandering te bepaal. Aanvanklik wou die SARK nie deelneem aan die beraad vanweë die betrokkenheid van president F W de Klerk nie. Onderhandelings het egter daartoe gelei dat die SARK as mede-organiseerders van 'n algemene landswye Kerkeberaad sou optree, mits die staatspresident hom aan die beraad sou onttrek, wat wel gebeur het. Onderwerpe tydens die vergadering het ingesluit sake soos hindernisse op die weg na versoening, en wat die kerk-staat verhouding behoort te wees.

Die Rustenburg beraad van 5 tot 9 November 1990 het na raming kerke verteenwoordigend van meer as 90 % van die Christendom in Suid Afrika betrek. Die beraad vind 30 jaar na die Cottesloe beraad plaas. Beide Cottesloe en Rustenburg was volgens Crafford en Gous (Crafford, D & Gous G 1993 : 229) momente van versoening in die geskiedenis van die kerk in Suid Afrika. Die breuk wat na Cottesloe gevolg het vanweë de NG Sinodes se ekumeniese onwil om die Cottesloe-besluite te aanvaar, is eers dertig jaar later tydens Rustenburg weer herstel.

Op hierdie beraad het die Ned Geref Kerk by monde van Prof W D Jonker ook skuld bely aan sy aandeel aan apartheid. Die belydenis word soos volg weergegee:

> Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie,
> maar plaasvervangend waag ek dit om dit ook namens die Ned Geref Kerk te doen, waarvan ek 'n lidmaat is, en vir die Afrikaners. Ek het

> die vryheid om dit te doen, want die Ned Geref Kerk het apartheid op sy afgelope Algemene Sinode tot sonde verklaar en sy eie skuld van nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie (W D Jonker, 1990 : 1-9).

In 'n hoofartikel het *Die Kerkbode* op 16 November 1990 soos volg oor skuldbelydenis geskryf:

> Vir die Ned Geref Kerk is die skuldbelydenis van die Algemene Sinode van 1990 en die oordra daarvan aan die Rustenburgse Kerkeberaad 'n oomblik van bevryding. Nou weet almal wat moet weet: die amptelike Ned Geref Kerk erken dat apartheid sonde is en bely sy aandeel in die toepassing en handhawing daarvan as verkeerd (*Algemene Sinodale kommissie van die N G Kerk* 1997 : 5.6.5).

Die versugting wat Beyers Naudé uitgespreek het in September 1963, en gerig is aan sy kerk, die N G Kerk, is hiermee beantwoord. Die versugting word hieronder weergegee:

> Is u bereid om onreg te erken waar onreg gepleeg is, ook teenoor die Afrikaner, om liefde en begrip te gee waar dit nodig is en om die minste te word sodat Christus die meeste kan word? (Naudé, C F B: 161).

4.4.3.2 Referaat van Beyers Naudé

Volgens C J Wethmar (Wethmar, C J 1985 *Kerk en geregtigheid* : 180-183) het die kerk 'n wesenlike roeping om hom kragtens sy wese oor geregtigheid uit te spreek, want in die kerk gaan dit oor mense wat weet dat hulle eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid moet soek, en dat hulle dan sal ontdek dat al die ander dinge vir hulle toegevoeg word en daarom kan die totale inhoud van die evangelie tot uitdrukking gebring word in die begrip geregtigheid. Beyers Naudé het hom beywer vir geregtigheid in kerk en samelewing.

Die titel van Beyers Naudé se referaat het gehandel oor die rol van die kerk in 'n veranderende Suid Afrika. In hierdie referaat spreek hy hom sterk uit oor die kerk en geregtigheid. Volgens Beyers Naudé is dit vir hom 'n verblydende dag dat die meerderheid hoofstroomkerke apartheid as sondig verwerp het. Dit is vir hom egter belangrik dat hierdie erkenning geimplimenteer met word. Hy toon 'n aantal terreine aan waarop hierdie erkenning praktiese gestalte behoort te kry. Hy verwys na die lewe, getuienis en diens van al die kerke wat saam sal moet staan om die uitdagings van die dag die hoof te bied. Die wyse waarop die kerke volgens hom moes saamstaan ten einde hul ekumeniese roeping na te kom, word hieronder gelys:

- Die kerke behoort eers hul eie huis in orde te kry. Alle kerke sal sake soos gesamentlike aanbidding en gesamentlike Nagmaal moet implementeer.
- Elke diskriminerende praktyk binne die struktuur van die kerk sal uitgeroei moet word. Enige kerkwet of praktyk

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


wat diskrimineer op 'n rasse-of kleurbasis sal verwyder moet word. Op alle sfere sal die eenheid van die liggaam van Christus konkrete gestalte moet vind.

- Bewuste en volhoubare programme van Bybelse opvoeding aan alle lidmate sal aangebied moet word, ten einde alle oorblyfsels van rassisme, paternalisme en rassevooroordeel te verwyder.
- Die kerke sal aandag moet gee aan mekaar se ekumeniese getuienisse en belydenisskrifte, soos die Belhar belydenis en die Kairos dokument. Die verskillende teologiese, sosiale en politieke posisies wat die kerke inneem sal ondervang moet word deur met mekaar in gesprek te tree.
- Alle apartheids- en diskriminerende wette, soos die bevolkingsregistrasiewet, en die groepsgebiedewet. sal van die land se wetboeke verwyder moet word.
- Die kerke sal die voortou moet neem in die aandrang dat hierdie wette verwyder word.
- Werkloosheid en die krisis in swart opvoeding is een van die sake wat volgens Naudè dringend aandag sal moet geniet. Christene sal betekenisvolle bydraes moet lewer om 'n nuwe gemeenskap te help vestig gebaseer op geregtigheid. Alle diskriminerende praktyke in swart opvoeding sal uitgeroei moet word.
- Die land beleef 'n groot tekort aan swart behuising, wat die nadraai is van die apartheidsbeleid, en gelei het tot die dakloosheid van mense. 'n Gemeenskap sal gebou moet word waar die welsyn van die mense voorrang geniet.
- Die wat sensitief is sal in die hartklop van miljoene mense in die land 'n diep kreet hoor, die kreet van miljoene slagoffers wat gely het onder apartheid.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Kerke sal hul skuld moet bely, waar hulle aan hierdie lyding 'n aandeel gehad het. Vergifnis sal gevra en aangebied moet word.
- Die kerke in Suid Afrika sal 'n aktiewe belang moet hê en verantwoordelikheid moet neem om aan die staat leiding te gee rakende die Bybelse waardes van geregtigheid, vrede en menseregte. Die beste wyse om dit te verseker is die insluiting van 'n handves van menseregte wat verskans word in 'n Handves van menseregte vir Suid Afrika.
- Die kerke sal moet aandring vir die verwydering van alle struikelblokke op die weg na vreedsame onderhandelings oor die toekoms van die land. Die kerke sal hul volle samewerking moet gee om die grondoorsaak van geweld in Suid Afrika te ondersoek.
- Die kerke sal alle slagoffers van geweld materieel en geestelik moet bystaan. Die kerke sal alle Suid Afrikaners moet aanmoedig om deel te neem aan die proses van onderhandeling in die land.
- Beyers Naudé stel dit dat sy diepste besorgdheid nie soseer die politieke prosesse is nie, maar die ekonomiese.
- Die kerke sal ook aandag moet gee aan ekonomiese geregtigheid, aan die groot gaping tussen die wat het en die wat nie het nie. Die kerke loop gevaar om net die middelklas te verteenwoordig (Naudé, Beyers 1990 : 1- 8).

Beyers Naudé was oortuig daarvan dat Suid Afrika voor enorme uitdagings te staan kom. Christene kan nie uit eie krag die vereistes van verdraagsaamheid, liefde, geregtigheid en ontwikkeling hanteer

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


nie. Sommige Christene het vir hom aan die een kant van die standpunt af uitgegaan dat die groot klem moet val op gebed en persoonlike verlossing terwyl ander weer klem daarop gelê het dat die fokus moet val op die teologie van bevryding en die aandag wat die nood van die armes moet geniet. Beyers Naudè is van mening dat die evangelie van Jesus Christus al hierdie aspekte insluit. Beyers Naudè se uitspraak beteken dat hy wel beide die vertikale, sowel as die horisontale dimensies van die evangelie raakgesien het. Die vraag was vir hom net of die kerke oop is vir die oortuigingswerk van die Heilige Gees en bereid is om te besef dat alle outentieke gebed lei tot "betekenisvolle dade van getuienis en diens aan almal wat smag na 'n nuwe lewe en 'n nuwe toekoms." (Naudé, Beyers 1990 : 1- 8).

Beyers Naudé se referaat bied insigte in die ekumeniese aard van sy lewe en roeping. Dit onderstreep net weer sy rol as baanbreker vir die ekumene in Suid Afrika. Hy sien die rol van die kerke in die land, veral waar 'n vrye en regverdige verkiesing nog nie plaasgevind het in die land nie, as *ekumenies* van aard. Om mense met hoop vir die toekoms te kan inspireer, moet die kerk diep-geestelik uit haar geloof in God leef en in die wêreld van die dag gewortel wees.

Beyers Naudé bou sy visie vir die kerke en die land nie net op ekonomiese of politieke kragte nie, alhoewel hy die rol van hierdie kragte nie misken nie. Die kritiese rol van Beyers Naudè met

betrekking tot die ekumene en die verenigde getuienis van die kerk in die land oor 'n beter toekoms vir almal, is gebou op sy diepgewortelde geloof in God en die boodskap van die evangelie wat sy optrede deur sy hele lewe bepaal het, al moes hy hom teen sy eie mense wend en vir dertig jaar lank wag voordat sy profetiese blik van die sestigerjare 'n werklikheid in die negentigerjare geword het. Hy probeer in hierdie referaat die teenstelling tussen persoonlike verlossing en geregtigheid as vrug van sodanige verlossing verdiskonteer in sy uitsprake.

Die Rustenburgse byeenkoms was 'n besondere ekumeniese gebeurtenis in die geskiedenis van die kerk in Suid Afrika. Volgens Meiring (1996: 319) was dit die eerste keer waar die N G Kerk weer sedert Cottesloe saam met kerke wat gesamentlik die hoofstroom van die ekumene in die land verteenwoordig, vergader het. Volgens Meiring was versoening en vergifnis in die lug, want dit was ook die geleentheid waar biskop Tutu, Willie Jonker se belydenis oor apartheid wat hy namens homself en die N G Kerk gedoen het, aanvaar het.

Die N G Sendingkerk en die N G Kerk in Afrika het egter gemaan dat die belydenis nie op sigwaarde aanvaar moes word nie, want hulle wou eers uit die dade van die N G Kerk bevestiging hê dat die

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


woorde van die belydenis waar was.

## 4.5 Die "huistoe kom"

### 4.5.1 Sinode van 1994

Die Algemene Sinode van 1994, sou bekend staan as "die Sinode van versoening." By hierdie Sinode is die sirkel voltooi, en is Beyers Naudé se bydrae as baanbreker vir die ekumene in Suid Afrika, deur die kerk waarin hy aanvanklik geroep was as predikant, en die kerk wat hy nog altyd liefgehad het, erken. In die *Verhaal van die N G Kerk se reis met apartheid*: 1960-1994, word gestel dat daar sommige was wat die N G Kerk se opregtheid met sy afwysing van apartheid en skuldbelydenis oor sy aandeel in die kondonering van die apartheidsideologie, in twyfel getrek het. Die N G Kerk het egter by die Algemene Sinode van 1994 sy opregte begeerte uitgespreek om proaktief die toekoms binne te gaan en 'n daadwerklike bydrae tot die heropbou en ontwikkeling van die land te lewer (*Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid*: 1960-1994 : 6.1.4).

Die Algemene Sinode van 1994 is inderdaad gekenmerk deur 'n gees van versoening. Nie net is die hand uitgereik na mense soos Prof Ben Marais en dr Beyers Naudé nie, teenoor wie daar van

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


kerklike kant in die verlede soms op ‘n onbarmhartige wyse gehandel is nie, maar ook na kritici van die NG Kerk se beleidstuk, *Kerk en Samelewing*. Ook die besoek van president Nelson Mandela aan die vergadering het in die gees van versoening gestaan.

President Mandela het onder meer in sy toespraak aan die Sinode gesê dat die N G Kerk se versoenende taak in Suid Afrika onontbeerlik is Dit op sigself is ‘n merkwaardige gebeurtenis wat hom 34 jaar na die verwerping van die Cottesloe byeenkoms afspeel. Nelson Mandela se opmerking weerspieël die feit dat die gesindheidsverandering by die N G veral rakende die N G Kerk se rol in kerk en samelewing raakgesien is. Die Sinode het aan lidmate die versekering gegee dat hy sy profetiese funksie sal vervul om elke politieke model, wat in die nuwe Suid Afrika ontwikkel mag word, aan Bybelse beginsels en norme sal toets. Ook het die Algemene Sinode besluit om saam met die ander lede van die N G Kerkfamilie saam te werk aan ’n kerkorde vir een nuwe kerkverband (*Die Kerkbode* 28 Oktober 1994). Hierdie voorneme van die Algemene Sinode het ’n duidelik ekumeniese inslag en dui op ’n begeerte om aan die Woord van God gehoorsaam te wees in sake wat die roeping van die kerk in kerk en samelewing betref.

Dit is opvallend dat hierdie voorneme van die N G Kerk in lyn is met Beyers Naudé se eie klem op die aanvaarding van die Woord van God vir die hele lewe van die gelowige, sowel as sy passie vir

kerkeenheid.

4.5.2 Beyers Naudé se ontvangs in die N G Kerk.

In 1994 sou die N G kerk by sy Algemene Sinode van 1994, erkenning geen aan Naudé as 'n kerkman, profeet en ekumeniese leier in belang van andere. Dit is die kerk wat Naudé se ekumeniese visie help vorm het, die kerk wat aanvanklik nie erkenning wou gee aan die kritiese rol wat Beyers Naudè m.b.t. die ekumene gespeel het. Die N G Kerk wou ook nie sy steun verleen aan die Christelike Instituut nie en aanvanklik ook nie Beyers Naudé se rol in die ontmaskering en aftakeling van die ideologie van apartheid wou erken nie. Prof B J Marais en dr C F Beyers Naudé het die Algemene Sinode op verskillende dae besoek. Albei is met hartlikheid ontvang en die volgende besluit van die Sinode is aan hulle voorgehou:

> In die lig van die klag van politieke dienstigheid deur die Ned Geref Kerk, wys die Algemene Sinode lidmate daarop dat daar deur die jare heen steeds lidmate, ampsdraers (en selfs kerklike vergaderings) was wat krities was oor apartheid en kerklike besluite in hierdie verband. Die Algemene Sinode erken met spyt dat daar in die verlede dikwels van kerklike kant op 'n onbarmhartige en onsaaklike wyse teenoor sulke persone gehandel is *(Algemene Sinodale kommissie van die NG Kerk 1997* : 6.1. 5).

Beyers Naudé se hoop dat die Afrikaner kan verander, soos hy dit aan die begin van hierdie hoofstuk verwoord, is inderdaad nie beskaam nie!

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Prof Piet Meiring gee sy indrukke oor Beyers Naudé se ontvangs deur die NG Kerk so weer :

> Beyers Naudé het 'n onuitwisbare invloed op die N G kerk se teologiese denke gehad. Sy teenstanders sowel as sy navolgers het hom baie ernstig opgeneem! Hy het die teoloë uitgedaag om die konsekwensies van die Gereformeerde teologie in ons land te trek - en uit te leef. Sy woorde was nie goedkoop nie, as Suid-Afrikaanse 'Bonhoeffer' het hy duidelik gewys hoe duur die eis van dissipelskap in Suid-Afrika werklik is. Hy het die N G Kerk se apartheidsteologie en praktyk met groot erns aan die kaak gestel en bestry - en toe die N G Kerk uiteindelik sy foute en sy sonde in dié verband raakgesien en bely het, was Beyers Naudé van die eerste om sy hande uit te steek en die kerk op pad terug na die Christelike gemeenskap te begelei. Dit was 'n roerende oomblik toe oom Bey by die N G Kerk se algemene sinode van 1994 terug verwelkom is (Meiring–Heaney onderhoud. 2003)

## 4.6 Beyers Naudé, die N G Kerk en die Suid Afrikaanse Raad van Kerke.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


In die eerste hoofstuk van hierdie studie is verwys na Beyers Naudé opmerking dat dit die NG Kerk was wat hom gehelp het om sy ekumeniese visie te ontwikkel, met verwysing na die KJV studietoer. Uiteindelik het die NG Kerk nie kans gesien om Beyers Naudé toe te laat, om sy ekumeniese visie uit te leef, as direkteur van die C I nie. Wat wel belangrik is, is dat dit juis Beyers Naudè was, wat vir die NG kerk uiteindelik weer, na die ekumeniese isolasie wat na die nadraai van Cottesloe gevolg het, die deur oopgemaak het na die SARK en die wêreld ekumene.

Die NG Kerk het inderdaad ‘n lang pad afgelê. Die verloop van die proses word kortliks hieronder geskets:

> Die Algemene Sinode van 1966 se besluite oor die SARK (toe nog bekend as die Christenraad), was gekenmerk deur toenadering en verwydering. Toenadering in die sin dat verteenwoordigers wel na konferensies van die Raad gestuur is, maar ook verwydering in die sin dat die kerk nie bereid was om met die Raad saam te besin oor regeringsoptrede teen die raad nie.

> Die Algemene Sinode van 1970 se besluite oor die SARK is gekenmerk deur afwysende belangstelling in die werksaamhede van die SARK, en ‘n gebrek aan belangstelling in onder andere die Ekumeniese Navorsingseenheid wat deur die SARK geskep is.

Die Algemene Sinode van 1974 het besluit om nie deel te neem aan landswye evangelisasie veldtog, gereël deur die SARK in Natal nie, onder andere omdat die NG Kerk nie lid was van die SARK nie, en ook nie die doelstellinge van die SARK onderskryf het nie. Weereens 'n afwysende houding. Die Algemene Sinode van 1978 het eweneens 'n afwysende houding ingeneem. Dit geld ook vir die Algemene Sinode van 1982.

Die Algemene Sinode van 1986 het besluit om die beleidstuk *Kerk en Samelewing* goed te keur as beleidstuk van die N G Kerk, Dit het die NG Kerk op 'n nuwe pad rakende sy ekumeniese verhoudinge, veral met die SARK geplaas.

Die Algemene Sinode van 1990 het besluit om aansoek te doen vir waarnemerstatus by die SARK. Vanuit die geledere van die NG Kerkfamilie is egter beswaar aangeteken teen die NG Kerk se toelating.

Dit is eers na die Algemene Sinode van 1994, op 6 Julie 1995 dat die NG Kerk uiteindelik met waarnemerstatus toegelaat is in die geledere van die SARK, en is die deur na die wêreldekumene so oopgemaak (Meiring, P G J 1996 311- 323).

Volgens Meiring, het Beyers Naudé persoonlik die voorstel by die SARK ingedien om die N G Kerk na al die jare in die gemeenskap van al die ander kerke terug te verwelkom en hy verwys na oud-

president Mandela se opmerking : nl "dat die feit dat Afrikaners altyd welkom in Suid-Afrika sal wees, en dat hulle hul koppe kan optel ná apartheid, aan een man te danke is : Beyers Naudé!" Vir Beyers Naudé, wat in hierdie saak 'n groot rol gespeel het, was die geleentheid van die NG Kerk se terugkeer na die ekumeniese wêreld 'n uiters emosionele gebeurtenis en die verhoring van sy gebede (P Meiring – Heaney onderhoud. 2003).

Die kerk in Suid Afrika, die N G kerk, alle inwoners van hierdie land, is veel dank aan die Here verskuldig, vir die ekumeniese baanbrekerswerk van Beyers Naudé. In die volgende hoofstuk word 'n samevattende beoordeling aangebied, met praktiese wenke vir die toekoms aan die hand van waarnemings gemaak in hierdie studie.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


# HOOFSTUK 5: SAMEVATTING EN BEOORDELING

## 5.1 'n Relevante teologie vir Suid Afrika: kontekstualisering en bevryding.

Hierdie verhandeling se uitgangspunt is dat Beyers Naudé 'n baanbreker t o v die ekumene in Suid Afrika was in die afgebakende tydperk tussen 1960-1994. Die nalatenskap van Beyers Naudé illustreer aan ons dat dit moontlik is om uit die dwingelandy van ideologiese gevangenisskap te breek, om nuut te lewe teenoor ons medemens. Ons kan inspirasie put uit die nalatenskap waaruit hy sy krag en inspirasie geput het, nl die Bybelse inspirasie om God meer gehoorsaam te wees as mense en om 'n oor te hê vir die gemarginaliseerdes in die samelewing (Kistner, W 2003).

Beyers Naudé stel dit self dat hy nie 'n ywerige student was nie. (Naudé, C F B 1995:25). Hy het egter 'n besliste bydrae gelewer tot 'n relevante teologie vir Suid Afrika. Hierdie stelling word bespreek vanuit die oogpunt van kontekstualisering en bevrydingsteologie.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


### 5.1.1 Kontekstualisering

Solank as wat die Christelike geloof en die Christelike teologie voorrang geniet in die samelewing, en hom moet verantwoord in daardie samelewing, is die gestaltegewende "teks" van die kulturele omgewing en leefwêreld, en die aktuele "konteks," volgens H Waldenfals (Mùller, K & Sundermeier T 1987: 225 – 231) ten nouste met mekaar verweef. Die verband tussen teks en konteks het sy oorsprong in die hermeneutiek.

Waldenfals omskryf kontekstuele teologie as die huidige, noodwendige gestalte van die Christelike teologie wat hom te midde van 'n groeiende bewussyn van die veelheid van godsdienste en wêreldbeskouinge, politieke en samelewingsisteme bevind, en wat sy stem moet laat hoor te midde van die "op die oomblik" geskiedkundige en samelewingskonteks waarbinne hy hom bevind.

Bosch (1992:421–432) gaan van die uitgangspunt uit dat die missionêre boodskap van die Christelike kerk homself geïnkarneer het in die leefwêreld waarna toe uitgereik is. Die teks is dus nie maar net 'n statiese grootheid nie, die kerk se totale konteks is op die spel wanneer 'n Bybelse teks geïnterpreteer word, in soverre dat die interpretasie van 'n teks nie maar net 'n literêre oefening is nie, maar ook 'n sosiale, politieke en ekonomiese oefening, en derhalwe kan die gevolgtrekking gemaak word dat alle teologie in sy aard, kontekstueel is.

Bosch onderskei dan ook twee vorme van kontekstuele teologie, nl die *inkulturasiemodel* (die verinheemsingsmotief) en die *rewolusionêre model* (bevrydingsteologie, swart teologie en feministiese teologie). Die kontekstuele teologie hoef nie aan politieke teologie gekoppel te wees nie. Indien die verkondiging van die evangelie binne 'n bepaalde konteks tot sy reg kom, kan ons wel praat van 'n regmatige kontekstualisering. Kontekstualisering mag egter nie beteken dat so in die konteks opgegaan word dat die katolisiteit van die kerk in die proses in die gedrang kom nie.

Daar sal 'n voortdurende bewuswording moet wees teen die gevaar van eensydigheid, en 'n bereidheid om altyd weer deur die boodskap van die Bybel, en die ekumeniese kerkgemeenskap terug geroep te word na die sentrum van die Skrif toe. Oor wat die sentrum van die Skrif is word gekies vir die verstaan wat deur Heyns gegee word nl dat "*die sentrum van die Skrif God se Koninkryk is, en die sentrum van die sentrum is Jesus Christus*" (Heyns, J A 1978 : 28) .

Heyns (1986 : 219) sien 'n verband tussen die situasie en die etiese, wat impliseer dat van die kontekstuele aspek van die etiese en die etiek gepraat kan word. Hy wys egter die uitgangspunt af dat die Christelike handelinge aangepas moet word om die situasie te pas, maar stem tog daarmee saam dat die Christen se lewe verstaan moet word binne 'n historiese perspektief.

H L Pretorius (1977: 343) sluit aan by hierdie gedagte van Heyns rakende die kontekstuele aspek van die etiese, deur daarop te wys dat die konteks waarin Christene hulleself bevind, noodwendig 'n invloed het op die teologie wat in hulle midde bedryf word, en dat die verskynsel verklaar kan word deur die feit dat die menslike lewe 'n eenheid vorm, waarin sosio-ekonomiese, politieke, kulturele en godsdienstige faktore uiteindelik 'n onlosmaaklike samehang vertoon. Dit is in hierdie konteks besin oor God en Sy dade en dat teologie bedryf word.

In sy opmerkings oor die kerk en geregtigheid stel C Wethmar (1985: 182- 183) dit duidelik dat by die oorweging van die kerk se spreke oor geregtigheid, die kerk voor die opdrag staan om die totale Bybelse getuienis aangaande die geregtigheid van God en die eise wat dit vir die mens inhou, deur te vertaal na die konkrete omstandighede van die hede toe. Hy waarsku egter ook dat die poging om die evangelie histories genuanseerd te vertaal, daar altyd die gevaar bestaan van vereensydiging en verenging en dat die belydenis daarom altyd ekumenies moet funksioneer, sodat gelowiges mekaar teen vereensydinge kan vermaan. Beyers Naudé het in sy ekumeniese strewe juis gewys op die eensydige verstaan, 'n illegitieme verstaan van die evangelie deur veral die Afrikaanse kerke wat die apartheidsideologie ondersteun het in Suid Afrika.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Hy het juis ook deur sy ekumeniese wekroep hom beywer daarvoor dat in wedersydse kontak die kerk tot die korrekte verstaan van die evangelie sou kom. Oor die konkrete omstandighede van die Suid Afrika van 1960-1994, waarin Beyers Naudé sy ekumeniese baanbrekerswerk gedoen het, is reeds in hierdie verhandeling van verslag gedoen. Dit was 'n tydperk waarin apartheid konkrete gestalte in kerk en samelewing gekry het, en bygedra het tot onderlinge kerklike verdeeldheid. Ook die teologiese besinning oor apartheid in teologiese vaktydskrifte, is nie altyd in praktiese terme vir die konkrete situasie van die dag vertaal nie.

S W A Albertyn (1986 : 100 - 101) het 'n studie gemaak van teologiese gesigspunte in die SA samelewing soos gereflekteer in Suid-Afrikaanse teologiese tydskrifte vanaf 1960–1980. Tydskrifte wat ondersoek is, is *Missionalia*, *Journal of Theology of Southern Africa, Ned Geref Teologiese Tydskrif, en Theologia Evangelica*. Albertyn maak die opmerking dat hoewel baie geskryf is oor die feit dat die kerk moes meewerk aan die verandering van sondige strukture in die samelewing, die *manier* waarop dit gedoen is nie aan die orde gestel is nie. Van die vorme van lyding wat aan die orde gestel is, het "godsdienstige lyding" en "politieke lyding" die meeste aandag geniet. Politieke lyding is egter nooit behoorlik ontleed, volgens Albertyn se bevinding nie, maar hy maak tog die opmerking dat die teoloë wel klem gelê het op die geweldige pyn en vernedering wat die gekleurde deel van die bevolking in Suid-Afrika moes verduur het a g v die politieke stelsel van apartheid.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Daar word pertinent gewys daarop dat Blanke Christene mede-verantwoordelik was vir die skepping van die sisteem wat Swartmense ontmens het, en gelowiges verdeel het. Beyers Naudé se ekumeniese visie en strewe om die kerke te verenig in hul stryd teen die ideologie van apartheid, was om die heersende onreg, o a die politiek en godsdienstige lyding in die "hier-en-die-nou" uit te wys. Beyers Naudé het inderdaad na maniere gestreef waarop die kerke in ekumeniese verband kon meewerk aan die verandering van die sondige strukture en ontmensliking van mense in die land.

### 5.1.2 Bevrydingsteologie

Die term *Bevrydingsteologie* word deur F Deist (1984: 94) beskryf as 'n interpretasie van teologie vanuit die gesigspunt van die politieke en sosiale onderdruktes, waarmee God as aan die kant van die verdruktes verkondig word, en wat hulle dan aanmoedig om hulleself te bevry van verdrukkende magte ten einde vry te wees. Ons het reeds ook gesê dat Bevrydingsteologie as 'n vorm van kontekstuele teologie beskou kan word, en dan meer spesifiek tuishoort onder die rewolusionêre gestalte van kontekstuele teologie.

Swart Bevrydingsteologie is nie bloot 'n teoretiese ontwerp nie, want verdrukking en bevryding was vir die Swartman in Suid Afrika werklikhede, en daarom moes bevryding ervaar word net soos die verdrukking in die Suid Afrikaanse verband ondervind word. Beyers Naudè kan beskuldig word daarvan dat sy teologiese uitgangspunt die van die Bevrydingsteologie was, veral na die sestigerjare, selfs dat hy in sy ekumeniese ywer te veel gefokus het op geregtigheid op horisontale vlak, en dit sou legitieme kritiek wees.

Uit die studie soos vervat in hierdie verhandeling, is dit egter ook duidelik dat Beyers Naudé hom die lot van die onderdruktes in Suid Afrika ten nouste aangetrek het. Hy het hom die saak van die onderdrukte, in hierdie geval die lot van die Swart bevolking nou aangetrek. Hy het hom ingeleef in hulle omstandighede. Hy het soos Paulus in 1 Kor 9: 20 dit stel : "...vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen." Die Bevrydingsteologie verwoord immers ook die ervaring van mense.

Die Bevrydingsteologie verwoord die ervaringe van volke in 'n reeks van kulturele en politieke kontekste, en kan gesien word as 'n metode waarmee onderdrukking en stryd geanaliseer kan word, om deur die getuienis van die Bybel aan die armes en onderdruktes 'n stem te gee.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Dit is dus die gemeenskap wat teologie bedryf, dit is die gelowiges wat teologies verantwoordelik is. Armoede en onderdrukking word ingespan as metafoor wat die werklikheid van honger, lyding, siekte, en nadelige ekonomiese praktyke aan die kaak wil stel en tot niet wil maak. So is die bevryding van die armes dan nie net 'n kenmerk van die Bevrydingsteologie nie, maar van alle teologie, want as ons van bevryding praat, dan moet hierdie bevryding ook konkreet beleef word binne die eksistensiële leefwêreld van mense. Dit hoort ook tot die aard van die Christelike boodskap dat hy homself in nuwe kontekste en situasies kan laat geld. In die soeke na kontekstualisering mag die transkulturele en ekumeniese aard van hierdie soeke ook nie misken word nie. Die verkondiging van die heil in Christus kan nie net beperk word net tot die private of die lokale sfeer nie (Blaser, K 1980.: 226-235).

Vra ons na die globale konteks waarbinne die Christelike evangelie verkondig word, dan is daar wêreldwyd ekonomiese ongeregtigheid, daar is rassevooroordeel, daar is menseregte vergrype, daar is politieke verdrukking. Christene leef in 'n wêreld waar die ontwikkelde wêreld rofweg geskat twaalf keer ryker is as die onderontwikkeldes, waar die bruto nasionale produk van 'n land soos Swede vyftig keer die is van Malawi. Die Bevrydingsteoloë bepleit dus ' n wêreld waar daar 'n verandering in die samelewing moet kom (Brown, C 1978 : 975).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Hierdie verandering kom welliswaar van Bo, van God, maar die kerk is God se instrument, Sy taakmag. F Deist (1983 : 66) verwys na ‘n voorbeeld van ‘n toespraak deur ds C B Brink by ‘n Volkskongres van Afrikaners in Julie 1947, ‘n jaar voor die oorname van die Nasionale Party, waarin daar volgens Deist duidelike elemente van Bevrydingteologiese taal en Bevrydingsteologiese denke voorkom. In die toespraak het Brink onder andere verwys daarna dat die doel van die kerk is om sosiale geregtigheid teweeg te bring, en as voorvegter op te tree vir die saak van die arme Die verwysing na hierdie voorbeeld van Deist is nie om legitimiteit aan Bevrydingsteologie te verleen nie, maar om aan te toon dat in bepaalde kontekste (*veral ook onderdrukkende kontekste*), verskillende volke hulle wend na die evangelie om lig te vind rakende die eise van die dag.

Dit is ook betekenisvol dat Prof Carel Boshoff, wat later nou betrokke sou raak by die regse politiek in Suid Afrika in 1973, twee jaar voor die Soweto opstande, en midde in die frustrasie van die Swartmense met apartheid in Suid Afrika, hom negatief uitspreek in ‘n artikel oor Swart Teologie as Bevrydingsbeweging, maar tog opmerk dat die kerk haar behoort te beywer vir ‘n teologie wat ook ‘n woord oor die politiek spreek. Hy merk ook op dat aan die opbou van ‘n Teologie vir Afrika gewerk moet word, maar dan ‘n teologie van die gekruisigde Heiland vir Afrika. (Boshoff, C W H 1973:19–20). ‘n Mens sou hierby kon vra:“’n Bevrydingsteologie?”

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Bevrydingsteoloë verstaan teologie as 'n kritiese refleksie op die Christelike praxis, op dit wat gebeur in die Christen se presensie in die wêreld. Deur bg refleksie, lê teologie die verband tussen geloof en sosiale aksie, ten einde beide die positiewe en negatiewe manifestasies van daardie presensie in die lig van die evangelie te openbaar. Dit vra 'n lewe van gehoorsaamheid voor God (Maimela, S 1987 : 85).

D Bosch (1992 : 442-443) lewer 'n positiewe beoordeling oor die Bevrydingsteologie deur daarop te wys dat dit die kerk gehelp het om haar eeue oue geloof in Jahwe te herontdek, 'n geloof wat daarin bestaan het dat Hy 'n God is wat betrokke was in die geskiedenis as die God van reg en geregtigheid wat die saak van die armes en die verdruktes behartig het.

Dit het ook die kerk gehelp om die Heilige Gees opnuut te verstaan, veral Sy vermoë om lewe te blaas in wat dood is, om die swakkes te bekragtig, sowel as om die Gees se presensie in menseharte en in die alledaagse wêreld van kerk en kultuur te herken. Dit het ook die vertroue versterk dat niks hoef te bly soos dit is nie, m a w dat nie in vasgeloopte situasies of kontekste berus hoef te word nie. Beyers Naudé het inderdaad hom nie in die vasgeloopte konteks van apartheid berus nie, maar hom profeties daarteen uitgespreek.

## 5.2 Beyers Naudé as ekumeniese denker

Beyers Naudé was 'n ekumeniese denker. Sy denke vind neerslag in artikels wat gepubliseer is in Pro Veritate, toesprake by Kerkeberade en ander geleenthede, en ook in die projekte van die Christelike Instituut. As ekumeniese denker het hy die moed gehad om voor die gesag van die Bybel te buig, nie net in teorie nie, maar ook in die praktyk van sy denke. Dit het 'n bevrydende woord gespreek in die krisis wat Suid-Afrika onder die apartheidsbewind beleef het. In hierdie verhandeling is reeds na verskeie uitsprake en optredes van Naudé rakende die ekumene verwys. Hierdie afdeling poog om slegs kortliks die buitelyne van sy ekumeniese denke weer te gee.

Die begrippe versoening, eenheid en samewerking is sleutelbegrippe in die verstaan van die ekumene by Beyers Naudé. Die eerlike uitlewing van naasteliefde kom vir hom daarop neer dat aan ander mense dieselfde regte en geleenthede gegun word wat mens vir jouself en jou eie groep opeis. God se versoening in Christus moet alle menslike verhoudinge raak en moet 'n sigbare daad in die vlees word. Veral die Skrifgedeelte oor versoening soos aangedui in 2 Kor 5 het vir hom groot betekenis gehad. Die konsep van versoening beteken dat gelowiges opgeroep word alle mensgemaakte strukture wat mense apart hou, teen te gaan. Gelowiges soek versoening omdat die oue verby is en die nuwe gekom het.

Die kerk in haar getuienis teenoor die wêreld mag nie verdeeld wees nie. Die kerk word immers nie deur natuurlike faktore saamgebind nie, maar deur die Hemelse Vader self. Ons behoort ons houdinge en motiewe te ondersoek om vas te stel of dit vertroebel is deur sondige skeiding of misverstand. In skeiding mag nie berus word nie.

Die gesag van die Skrif is hoër as enige ander menslike gesag. Die kerk sal steeds moet vra of sy voor hierdie gesag buig en of sy van benede deur die wense van mense gelei word.  Die vraag is vir Naudé of God se Woord die finale gesag is, en of daar vanuit die Woord geleef word.

Die kerk moet bevry word van haar ideologiese gevangenisskap, deur voortdurend selfondersoek te doen om sy nog getrou is aan die evangelie van Jesus Christus.  Die vraag vir die kerk is wie se koninkryk eerste kom.  Die koningskap van Christus moet ook uitgeroep word oor ekumeniese en rasseverhoudinge. Die eise van die evangelie is van groter deurslaggewende belang as die eise van die ideologie.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Die ekumeniese beweging sal as “kontakbeweging” tussen kerke en gemeenskappe meer moet doen as net ‘n nader beweeg na mekaar en ‘n soeke na eenheid. Die kerke sal aandag moet gee aan mekaar se ekumeniese getuienisse en belydenisskrifte, soos die Belhar belydenis en die Kairos dokument. Die verskillende teologiese, sosiale en politieke posisies wat die kerke inneem sal ondervang moet word deur met mekaar in gesprek te tree.

Die boodskap oor die eenheid van die kerk is dat die evangelie van Jesus Christus die mure van skeiding tussen God en mens afbreek, en dat grense van ras en nasionaliteit nie die inklusiewe broederskap van Christus se dissipels mag bedreig nie. Om mense te verbied om saam te aanbid, is teen die Woord van God. Die gesamentlike aanbidding van God se volk uit alle rasse sal vir die wêreld ‘n teken wees van die eenheid van die kerk van Christus. Veral die proses van kerkvereniging binne die familie van NG Kerke is van deurslaggewende belang. Daar is vir Naudé geen toekoms vir ‘n kerk wat in ekumeniese isolasie wil leef nie.

Outentieke geloof kan nie in ‘n politieke, ekonomiese, of sosiale vakuum gemaak word nie, maar hou verband met die lewe en stryd van Christene van dag tot dag, van ‘n spesifieke situasie. Die geloof wat bely moet word deur Christene, is die geloof in ‘n God van geregtigheid en vrede, ‘n God wat aan die kant is van die verdrukte en die bevryding begeer van hulle wat in gevangenisskap is.

Die kerke sal sterk leiding moet gee rakende die Bybelse waardes van geregtigheid, vrede en menseregte. Al die kerke in die land sal ‘n ondubbelsinnige standpunt vanuit die Woord moet laat hoor oor sake van die dag. Die kerke mag nie vlug vir die eise van die evangelie in ’n “onsigbare” kerk vir die konsekwensies van die evangelie nie. Die waarheid van die evangelie moet van toepassing gemaak word op die vraagstukke van elke dag. Die kerk van Jesus Christus het ‘n verantwoordelikheid tot diens in die gemeenskap.

Die kerke moet oop wees vir die oortuigingswerk van die Heilige Gees en deur gebed ingestel wees om betekenisvolle dade van getuienis te lewer. Die evangelie van Jesus Christus is die goeie nuus dat God in Jesus Christus die skeidsmure van verdeeldheid tussen God en mens kom afbreek het, asook die mure van verdeeldheid tussen mense onderling. Dit is ook die kerk se boodskap. Apartheid is volgens Naudé ‘n valse evangelie.

Die kerk mag hom nooit in ‘n wêreldvreemde entoesiastiese, individualistiese vroomheid terugtrek nie, maar daar wees waar mense ly en ‘n nuwe gemeenskap help vestig gebaseer op geregtigheid. Om ‘n klimaat van verdraagsaamheid, liefde, geregtigheid en ontwikkeling aan te spreek, sal groot klem aan die een kant moet val op gebed en persoonlike verlossing, maar ook aan die anderkant op die teologie van bevryding en die nood van die armes. Naudé het ‘n sensitiwiteit gehad vir mense wat ly. Die status quo mag nie gehandhaaf word waar dit in botsing kom met die eise van die evangelie nie.

## 5.3 Beyers Naudé as ekumeniese leier

Beyers Naudé was nie alleen 'n leier binne sy eie kerk nie, hy was bv moderator van die Suid Transvaalse Sinode van die N G Kerk, maar hy was ook leier op ekumeniese gebied. Hier dink ons onder andere aan sy redakteurskap van *Pro Veritate*, sy direkteurskap van die CI en sy termyn as Algemene Sekretaris van die Suid Afrikaanse Raad van Kerke. Die vraag is hoe hy hierdie leierskapsrol of posisies vervul het. Daar sal nie gepoog word om breedvoerig op hierdie tema in te gaan nie, aangesien dit goedskiks die tema van 'n verdere verhandeling sou kon wees.

Ten einde hierdie tema van Naudé se ekumeniese leierskapsrol te eksploreer, word kortliks verwys na enersyds die opmerkings van Nouwen oor leierskap en andersyds Hinson se opmerkings oor ekumeniese spiritualiteit. Beide temas word in die bespreking vervleg, aangesien die twee sake met mekaar verband hou.

H Nouwen (1979:36-45) stel dit dat elke toekomstige geslag desperaat soek na 'n visie, 'n ideaal om hulle aan te verbind, 'n vorm van "geloof", en iemand wat hulle hierin sou kon begelei. Hy maak hierdie uitlatings teen die agtergrond van die sewentigerjare van die twintigste eeu. Hy vermeld dan spesifiek drie rolle wat die leier van die toekoms moet kan vervul, naamlik die van 'n vertolker van innerlike gebeure, die van 'n man van medelye en ontferming en laastens die van 'n kontemplatiewe kritikus.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Hierdie drie kenmerke van leierskap word kortliks hieronder toegelig, met spesifieke verwysing na die rol van Beyers Naudé.

Hinson(1993:1-10) trek die buitelyne van ‘n ekumeniese sprituialiteit met spesifieke verwysing na die kontemplatiewe, oftewel Benediktynse tradisie. Die drie kenmerke van ‘n ekumeniese spiritualiteit, is wedersydse waardering vir jou eie tradisie sowel as die van ander, ‘n kosmiese Christologie of Pneumatologie, en ‘n persoonsgentreerde benadering tot eenheid. Hierdie spesifieke tradisie vertoon kenmerke van inklusiwiteit en ‘n tipe sprituialiteit wat volgens Hinson daartoe bygedra om die skeidsmure wat Christene uitmekaar gehou het deur die eeue te help afbreek. Beyers Naudé se leiding op die Suid Afrikaanse ekumeniese toneel veral het bygedra daartoe dat die skeidsmure tussen mense in Suid Afrika afgebreek is, en die bespreking hieronder sal dit aantoon.

- Vertolker van innerlike gebeure

Om vertolker te wees van innerlike gebeure, beteken dat mens jou eie geartikuleerde geloof tot die beskikking van ander stel wat om hulp kom soek. Beyers Naudé was iemand wat hierdie rol vervul het in die wyse waarop hy bereid was om sy hoop en wanhoop met ander te deel. In besonder was hy ‘n goeie luisteraar. Hy het hom beywer vir kontakgeleenthede tussen gelowiges. En tydens sy jare van inperking het die stroom besoekers wat na hom gekom het vir raad en adviese nooit opgedroog nie.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Hy was 'n dienaar onder mede-dienaars. Hy self was bereid om in geloof die onbekende pad voor hom te betree, maar ook om ander wat hierdie pad sou betree te kan begelei. Ons sien hom as vertolker van innerlike gebeure, in die geloofstap wat hy geneem het om ten spyte van teenkanting te doen wat ander hom afgeraai het, naamlik om die lig van die innerlike oortuiging wat hy van die Gees van God ontvang het, in dade om te sit met die stigting van die Christelike Instituut. Hy vermeld self dat hy die stap gedoen het na deeglike nadenke en in antwoord op die stille, pleitende stem van die Heilige Gees. Dit was dus geen impulsiewe besluit nie. Hy het toegelaat dat die Gees hom uitlei uit die apatie van sy eie milieu en gedemonstreer dat ware koinonia tussen mense moontlik is. Dr N Smith se opmerking oor die bevryding wat dr Naudé persoonlik beleef het, bevestig ook hierdie stelling. In 'n peroonlike onderhoud stel hy dit soos volg :

> Ek dink dat dr Naudé deur die bevryding wat hy in homself beleef het toe hy hom van die Afrikaner-*establishment* losgemaak het en die Christelike Instituut gestig het, hy in die eerste plek die eng grense van sy eie kerklike verband deurbreek het en met talle mense van baie verskillende kerke begin saamwerk het. Dit het sy gees verruim en hy was nie meer 'n gevangene van sy eie taal, kultuur en tradisies nie. Hy kon vrylik met mense van ander kerklike tradisies kommunikeer. Sodoende is sy gees ook verruim om mense van ander godsdienstige tradisies te respekteer en vrylik met hulle om te gaan (Smith-Heaney onderhoud).

Beyers Naudé het die krisis in in die Suid Afrikaanse samelewing, die toenemende isolasie van medemense, die vasgeloopte situasies geartikuleer deur daarop te wys dat mense as medemense saam op pad is, en in hierdie op weg wees daar is om mekaar te dien met hul gawes en by mekaar te leer. Hy het die belang daarvan om 'n leerbare gees te hê, gevoed deur die implikasies van die evangelie te vertolk vir die eietydse situasie. Hy het die bevolking van Suid Afrika, ja die wêreld, geinspireer met die boodskap dat daar is hoop is midde in die aangesig van die ideologiese verknegting van apartheid, die hoop wat wortel in gelowiges se diep geestelike geloof in God. Hy het dit gedoen deur nuwe grond te ploeg, deur te waag met sy ekumeniese strewes en betrokkenheid, en dit wat God aan hom geopenbaar het, met ander te deel. Dit het hom die geestelike leier gemaak wat hy was.

Veral het hy gelei deur sy persoonsgesentreerde benadering tot eenheid. Deur self voor te loop en sodoende die teenkanting van sy eie mense te verduur, deur self die leierskapsrol van die Christelike Instituut op hom te neem, deur sy aktiewe praktiese betrokkenheid by die ekumene en die bevordering van die eenheid van die kerk het hy duidelik sy identifikasie met die liggaam van Christus, veral dan die verskeurde liggaam van Christus, gedemonstreer. Hy self was iemand wat grense oorgesteek, het, persoonlike, politiese, kerklike en kulturele grense, om met ander te deel wat God aan hom geopenbaar het in verband met die eenheid van die kerk en die boodskap van versoening in Christus.

Rudolph Meyer (Meyer-Heaney onderhoud) beskryf hom as 'n leier wat empaties was en nie voorskriftelik nie. Hy was volgens Meyer ondersteunend en het daarin geslaag om ander op die voorgrond te stel, juis ook vanweë sy demokratiese leierskapsstyl.

- 'n Leier wat lei deur medelye en ontferming

Om 'n leier te wees wie se leierskap gekenmerk word deur medelye en ontferming vereis besondere eienskappe van 'n persoon. Dit beteken dat hy nie vanaf 'n afstand, onbetrokke kan staan teenoor sy volgelinge nie. Hy moet midde-in die stryd, sigbaar tussen die mense wees. Hierdie eienskappe, skryf H Nouwen (1979:41), beteken 'n gesagsvolle presensie, wat nie deur die druk van die in-groep beheers word nie, maar juis grense, grense tussen taal en nasies, ryk en arm, geletterd en ongeletterd transendeer. Hierdie medelye ontruk mense van die geslote "in-groep" na die groter wêreld waar elke menslike gesig, die gesig word van 'n naaste.

Beyers Naudé voldoen aan die profiel van 'n ekumeniese leier , wat lei deur medelye en ontferming. Sy uitgangspunt was van die begin af dat ons as gelowiges saam met ons medemense op weg is om mekaar te dien. Die kerk se missie is die van die hele kerk vir die hele wêreld. Hy was bereid om aangegryp deur die nood en lyding wat apartheid veroorsaak het na alle mense Swart en Wit, uit te reik met die boodskap van Christus se versoening.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Rudolph Meyer stel dit dat Beyers Naudé :

> … persoonlike kontak met leiers gehad en hul probleme met hulle bespreek het. Hy wou kerke bymekaarbring en het debatte met andersdenkendes soos Prof Carel Boshoff gevoer. Hy het baie skryfwerk gedoen, maar veral het hy hom op die evangelie beroep en vir kerkeenheid beywer. Hy het mense van verskillende kulture bymekaar gebring sodat hulle hulle griewe, nood en smart met mekaar kon deel, veral die nood van die Swart bevolking wat gely het onder apartheid is onder die aandag van die Blankes gebring (Meyer-Heaney onderhoud).

Dit was vir Naudé belangrik dat daar praktiese inisiatiewe aan die dag gelê moes word om 'n alternatief daar te stel vir die immorele beleid van apartheid. Soos tereg in hierdie verhandeling opgemerk is, was die projekte van onder andere die Christelike Instituut georganiseerde empatie, meegevoel vir die politieke en kerklike pyn en nood waaraan soveel landbewoners blootgestel is. Ook Beyers Naudé se inperking, en sy keuse om te luister na die nood van sy mede-landgenote, om saam met hulle te ly, eerder as die land te verlaat, is 'n aanduiding van sy empatie en medelye. Dit openbaar ook 'n persoonsgesentreerse benadering tot eenheid, deurdat dit wat hy gedoen het, vir ander was, sowel saam met hulle as deur hulle.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- ‘n Kontemplatiewe kritikus

E Hinson (1993:6) stel dit dat dit die uniekheid van Christus is wat openheid teenoor ander motiveer. Die Christelike lewe is ‘n voortdurende ontdekking van Christus op onverwagte plekke in ons midde, in aardse vorm. Hierdie Christologiese perspektief maak dit moontlik vir die ontdekking van lig in die uithoeke van ‘n groter wordende wêreld. Die lewe van die kontemplatiewe kritikus beweeg juis vanuit die binnekamer na die wêreld, omdat hy die stem van die Heilige Gees in sy binneste ontdek het.

H Nouwen (1979:45) stel dit dat die Christelike leier wat ‘n kontemplatiewe kritikus is, ook in die ware sin van die woord rewoulusionêr is. Hy toets alles wat hy sien en hoor vir evangeliese betroubaarheid. Hy sal krities let op dit wat om hom gebeur en dan sy besluite aan die hand daarvan baseer om ‘n innerlike oortuiging en nie streef na populariteit of vrees vir verwerping nie. Hy laat niemand toe om afgode te vereer nie, maar is bereid om ontstellende en blootstellende vra te vra, en deur te dring na die grondoorsaak van ‘n samelewing of gemeenskap se nood. Hy is ook bereid om risikos te loop, wetende dat dit juis die mosterdsaadjie is wat ontwikkel in ‘n groot boom. Ten einde hoop te wek vir die toekoms, moet daar volgens so ‘n leier, reeds tekens in die hede opgerig word.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Hierdie beskrywing van die kontemplatiewe kritikus is van toepassing op Beyers Naudé. Hy het nie gevrees vir verwerping nie, maar was bereid om sy eie kerk met die waarheid van die evangelie te konfronteer. In die proses het hy hom die verwerping en die kritiek van sy eie mense op die hals gehaal. En tog was dit altyd sy hoop dat die NG Kerk sou verander. Nie die ideologie nie, maar die evangelie het vir hom die laaste woord gespreek oor die situasie van die dag.

Hy het self toegelaat dat sy studie van die Bybel, juis saam met ander lede van die liggaam van Christus, sy eie insigte verruim en verbreed. Hy het Christus ontdek in die lyding en nood van medegelowiges sowel as sy medemens, ongeag ras en geloof. Vanuit die Woord het hy dan ook sy kritiek gelewer, maar ook hoop gebied dat daar 'n alternatief vir apartheid was.

Natuurlik was daar ook tye van wanhoop. Maar ook dan was hy bereid om himself bloot te stel aan ander. Nico Smith stel dit so:

> Wat sy hoop betref, glo ek dat dit geheel en al gevestig was op die bevryding van die land uit die greep van die politieke ideologie van apartheid. Daarvoor het hy gewerk en gebid en dit bly hoop. En sy wanhoop was oor die Afrikaners en hulle regering wat met verhardheid bly glo het dat apartheid die enigste oplossing vir rasse verhoudings in Suid-Afrika was. Oor die Afrikaners se houding het hy dikwels ook teenoor my, sy wanhoop uitgespreek. Hierdie hoop en wanhoop het hy met ander gedeel deur sy besonder gawe van kommunikasie. Dr Naudé het elke mens met wie hy gepraat het, ernstig geneem en het veral die vermoë gehad om te luister.

> Deur sy innemende geaardheid kon hy mense gou op hulle gemak laat voel en kon hy dus sy hart teenoor hulle uitpraat en met hulle sy hoop en wanhoop deel (Smith-Heaney onderhoud).

Uit bogenoemde waarnemings is dit duidelik dat Beyers Naué in alle opsigte 'n ekumeniese en geestelike leiersfiguur was, wat bereid was om te ly, ja saam met ander te ly, vir dit waarin hy geglo het die aansprake van die evangelie was, en so ook aan die lydendes hoop te bied met die oog op genesing en bevryding.

## 5.4 Beyers Naudé as ekumeniese praktisyn

Wat is die implikasies van Beyers Naudé se optrede as ekumeniese baanbreker? Hoe kan die kerk in Suid Afrika in die een en twintigste eeu dit wat hy voor gestaan het, in woord en daad toepas? Beyers Naudè se ekumeniese ywer, sy ideologiekritiek het blywende waarde vir die kerk. Indien oor reg en geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing van die toekoms besin word, sal dit gedoen kan word aan die hand van kontoere wat reeds vasgelê is in die nalatenskap van Beyers Naudé.

Die implikasie van Beyers Naudé se versoeningsboodskap beteken onder andere dat versoening in juridiese sin moet plaasvind in die sin dat daar retribusie moet wees. Daar is ook die ekonomiese dimensies van versoening wat die vraag aan die orde stel of daar sprake van versoening kan wees as die meerderheid van Suid Afrika se mense in armoede leef.

Beyers Naudé se 2 Korintiërs 5 preek wat handel oor die tema van versoening impliseer ook dat ware versoening die stryd aanknoop teen die strukture van onversoenlikheid en uitsluiting van mense deur mekaar. Natuurlik geskied dit vanuit die versoening met Christus (Chapman Audrey & Spong Bernard 2003:291). Die kontoere wat Naudé in sy ideologiekritiek neergelê het, het die volgende implikasies vir die kerk in Suid Afrika:

- Die kerk durf nooit weer in sy prediking en openbare uitsprake swyg oor sake van openbare belang, sake wat die kwaliteit van lewe in ons samelewing bepaal en toenemend gaan bepaal nie.
- Die kerk sal voortdurend moet reformeer en die eis tot bekering en versoening bly 'n wesenlike deel van die roeping van die kerk in Suid Afrika en die wêreld.
- Beyers Naudé het nie gehuiwer om hom oor sake, soos sosiale, ekonomiese en politieke ongeregtigheid uit te spreek nie, sake wat in die brandpunt is van die post apartheid Suid Afrika. Die kerk sal nie mag terugdeins vir die eise van die dag nie.
- Enige nuwe ideologie, sal betyds deur die kerk herken moet word, en in die lig van God se Woord getoets moet word.
- Die kerk sal hom nooit weer die las op die skouer kan haal om enige politieke stelsel Bybels te wil regverdig nie, maar elke stelsel aan die Woord van God te toets.

- Om God se versoening in Christus ‘n sigbare daad in die vlees te laat word, sal daar gefokus moet word op praktiese ekumeniese programme om die land se ontsaglike sosio-ekonomiese probleme, soos armoede , moraliteit en MIV-Vigs aan te pak. Dit veronderstel bekering van selfgesentreerdheid en ‘n diensbereidheid-‘n dienskneggestalte.
- Beyers Naudè het deur die ekumeniese projekte soos *Pro Veritate*, *The Christian Fellowship Trust* en die Christelike Instituut ekumeniese dialoog bevorder. Dit sal nodig wees om op plaaslike en streeksvlak soortgelyke en nuwe ekumeniese projekte te bevorder, soos onder andere die vestiging van getuienisforums, interkulturele byeenkomste, en ander projekte.
- Ekumeniese dialoog sal baie sterk moet fokus op die gewilligheid om na mekaar te luister, om mekaar se vrees en mekaar se hoop te ondervang. Daarvoor sal ‘n pastorale benadering nodig wees, aangesien elke gelowige ook ‘n gewonde gelowige is. Die pyn van die verlede moet in die gesig gestaar word.
- Veral die N G kerk sal sy voorneme om praktiese gestalte aan die Bybels gefundeerde proses van kerkhereniging te gee, moet versnel, t w v die getuienis en geloofwaardigheid van die kerk, dalk deur ‘n mikpunt te stel vir die jaar 2007, d w s 150 na die gewraakte besluit dat ruimte gemaak moet word vir “die swakheid van sommige.”

- Die NG Kerk en die VGKSA sal eerlik en in die gees van versoening, oor die belydenis van Belhar moet praat, en bereid moet wees om met mekaar die tweede myl te loop. Maar die noodsaak van 'n eietydse, kontekstuele belydenis is van deurslaggewende belang vir 'n herenigde kerk.
- Kerke sal nie langer die luukse kan bekostig om individueel na die regering te gaan nie, maar as een liggaam van Christus in Suid Afrika hul profetiese roeping moet na kom en so ekumeniese samewerking bevorder, sodat die wêreld kan glo.
- Die gelowiges uit die verskillende kerke sal hul moet oopstel vir die werking van die Heilige Gees, en die samelewing soos suurdeeg binnedring, deur 'n voorbeeld van verdraagsaamheid, begrip, en samewerking uit te leef.
- Beyers Naudé het veel gemaak van die rol van die jeug. Dit sal goed wees as die NG Kerk, weer die aanbevelings van die KJV toer waar Beyers Naudé op was, onder oë neem, en die jeug blootstel aan ekumeniese kontak en projekte.
- Die vraag na waarheen is ons op pad **na** apartheid met ons verhoudinge as kerke onderling in Suid Afrika sal beantwoord moet word.
- Die vraag na die motief vir ons strewe na versoening sal beantwoord moet word, veral dan op plaaslike vlak d m v samewerkingsprojekte en versoeningsaksies.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Werkbare forums met realiseerbare toekomstige beloftes, en saamdoen projekte sal daargestel moet word.
- Kommunikasie en genesing sal kernwaardes moet wees in die proses van versoening in die land, veral binne die N G Kerkfamilie.
- Die kerk in Suid Afrika sal die nalatenskap van Beyers Naudé in ere hou, as sy steeds die heerskappy van Christus erken teenoor alle ander aansprake en steeds bereid is om risikos te loop ten behoewe van ander, en daardeur haar dienskneggestalte behou.
- Die Ned Geref Kerk behoort te bely watter faktore veroorsaak dat die gemeenskap van die gelowiges steeds nie as ‘n liefdeseenheid binne die kerk funksioneer nie en ‘n gees van gemeenskaplike vertroue bevorder.

## 5.5 Waardering en kritiek

### 5.5.1 Waardering

Die kerk kan nooit ‘n verdediger van die status quo wees nie, veral nie wanneer die status quo die van apartheid was nie. Apartheid in kerk en samelewing in Suid Afrika was ‘n destruktiewe en ontmenslikende ideologie. Beyers Naudé het as baanbreker vir die ekumene in Suid Afrika opgetree in die tydperk 1960-1994 en was ‘n simbool van hoop vir die land,

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


al is sy rol nie deur almal so beoordeel nie. Sy ideologiekritiek was gerig teen die ideologie van apartheid en hy het daarna gestreef om die kerke te verenig in eendragtige opposisie daarteen.

- *Beoefenaar van Kontekstuele Teologie*

Beyers Naudé was in die beoefening van sy ideologiekritiek '*n eksponent van Kontekstuele Teologie,* waarin elemente van die Bevrydingsteologie waargeneem kan word. Sy beoefening van kontekstuele teologie was nie bo kritiek verhewe nie, soos reeds aangetoon, maar die bydrae wat dit gelewer het tot die ekumeniese getuienis van die kerk en die bevryding van die samelewing in Suid Afrika verdien vermelding.

As eksponent van kontekstuele teologie, het hy daarna gepoog om die Bybelse motiewe, of soos hy dit gestel het, die evangelie , binne die konteks van apartheid en die toepassing daarvan in Suid Afrika gestalte te laat kry. Sy bydrae as eksponent van Kontekstuele Teologie moet aan die een kant as *winspunt* gesien word. Hy het 'n wesenlike bydrae gelewer tot die debat oor apartheid en die verdelende effek daarvan op die Suid Afrikaanse samelewing en het oplossings aan die hand gedoen waarvolgens die kerke deur gesamentlike optrede hul kon beywer vir 'n meer regverdige samelewing. 'n Mens sou inderdaad ook kon sê dat hy 'n bydrae gelewer het tot 'n ekumeniese hermeneutiek.

Daar is reeds in die studie daarop gewys dat hy die teoloë en lidmate uit verskillende kerke, met name ook die Afrikaanse kerke in die land, uitgedaag het om die konsekwensies van die evangelie te trek en uit te leef. In sy Ideologiekritiek het hy daarop gewys dat die Christelike geloof nooit mag berus in 'n ideologie waardeur die belange van een groep bo die ander bevoordeel word nie, aangesien dit strydig is met die eise van die evangelie. Hy het ook daarop gewys dat die koninkryk van God 'n teenswoordige realiteit is en nie 'n "pie-in-the-sky-when-you-die" nie, en dat die kerk nooit die status quo mag kondoneer nie. Dit kan as winspunt van sy ideologiekritiek beskou word.

Die bydrae van sy ideologiekritiek was ook dat die belydenis van die kerk ekumenies behoort te funksioneer. Daarom sy sterk aandrang op die eenheid van die kerk, en sy strewe om kerklike ekumeniese isolasie te deurbreek, deur te fokus op konkrete projekte, soos deur die Christelike Instituut uitgeleef, projekte wat verband hou met die *doen* van teologie, met die *praxis*. Dit is ook 'n wesenlike bydrae van sy kontekstuele teologie-beoefening.

Beyers Naudé het in sy soeke na die wil van God, soos hy ook daarna verwys het en bespreek is in hierdie verhandeling, die kerk teen die beoefening van spekulatiewe teologie gewaarsku. Hy het altyd weer gevra wat die implikasies van die evangelie was vir die politiek, die samelewing, die ekonomie, die kerk.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Sy strewe na die eenheid van die kerk, en sigbare versoening van mense uit verskillende denominasies, is ook 'n winspunt vir toekomstige beoefening van teologie. Die tragiese gebrek aan Kerkeenheid binne die familie van N G Kerke is 'n uitroepteken dat die ekumeniese taak van die kerk in Suid Afrika nog nie klaar is nie. Buiten die gebrek aan Kerkeenheid is daar ook die feit van samelewingstendense soos armoede en spanning oor regstellende aksie in die Suid Afrikaanse samelewing, wat die kerk roep om die eise van die evangelie relevant te maak vir die konteks waarbinne Suid Afrikaners hulle in 'n post-apartheid Suid Afrika bevind.

Daar is geen ander pad nie, as dat Swart en Wit Christene hulle gesamentlik sal beywer vir die Bybelse beginsels waarop die koninkryk van God gebou sal word, nl versoening, geregtigheid, menswaardigheid en eenheid van gelowiges. Beyers Naudè het deur Pro Veritate en die Christelike Instituut ruimte gemaak vir Christene om oor kerkgrense heen na mekaar te luister. Dit is hierdie nalatenskap van Beyers Naudé waarop voortgebou moet word. Hierdie roeping om na mekaar te luister, sal steeds die taak van die kerk bly.

Beyers Naudé het daarin geslaag om die totale Bybelse getuienis aangaande die geregtigheid van God en die eise wat dit vir die mens inhou, deur te vertaal na die konkrete omstandighede van die hede toe. Hy het deur die getuienis van die Bybel aan die armes en onderdruktes 'n stem gegee.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Beyers Naudé se bydrae tot die kontekstuele teologie word dus met behoud van kritiese opmerkings, positief beoordeel. Beyers Naudé se ekumeniese strewe is egter nie bo kritiek verhewe nie, soos onder andere die wyse waarop hy teologiese insette rakende die ekumene in Suid Afrika gemaak het nie. J. Potgieter (1994:249) maak die kritiese opmerking dat Beyers Naudé in sy teologiese ontwikkeling daartoe gekom het om die *Bevrydingsteologie* en die *Swart teologie* te verkondig. Hy meen dat Naudé en die C I se stryd gewentel het om die bevryding van veral die swart mense in Suid-Afrika. Potgieter beoordeel ook die wyse waarop Beyers Naudé profeties-krities teenoor die kerk staan as tekens van die *Bevrydingsteologie*, omdat Naudè van die uitgangspunt is dat die Woord getoets moet word vanuit die politieke en ekonomiese situasie deur sowel gelowiges as ongelowiges, en dat die Gereformeerde teologie die Skrif as norm het waaraan die situasie getoets moet word.

J W de Gruchy vermeld ook dat die C I aanvanklik gefokus het op die verandering van die gesindheid van Blankes, sowel as die gesindheid van Blanke kerke, maar dat sy rol algaande een geword het van ondersteuning vir die swart bevrydingstryd (Villa Vicencio, C 1985 : 22). Op hierdie kritiese opmerkings sal nou verder in die hoofstuk ingegaan word.

Daar is reeds in hierdie studie aangetoon dat apartheid vir Beyers Naudé onversoenbaar was met die evangelie van Jesus Christus. Dit was die toepassing van die ideologie van apartheid wat gelowiges onderling verdeel het, en die ideologie moes bestry word deur die eendragtige getuienis van die kerke in Suid Afrika daarteen. Hierdie getuienis sou dien tot 'n eenheid van geloofsgemeenskap tussen gelowiges

Dit is vir hom juis weens wedersydse verbondenheid wat Christene begrip ontwikkel vir mekaar. Die geloofwaardigheid van die evangelie was vir hom op die spel weens die verdeeldheid van die liggaam van Christus. Deur verskeie ekumeniese projekte is gestreef na die verwesenliking van hierdie ideaal van eenheid, ook eenheid in getuienis teen die aparheidsideologie.

In die sewentigerjare het die fokus van Beyers Naudé en die C I al meer begin verskuif, en het die Christelike Instituut al nouer met die Swart bewussynsbewegings in Suid Afrika begin saamwerk. Beyers Naudé het algaande ook die sg. Swart Teologie en die Swart bewyssynsbewegings se idees begin aanvaar. Veral deur die *Sprocas* studies het Beyers Naudé en die lede van die Christelike Instituut in gesprek met die Swart Bewussynsbewegings getree. Hierdie affiniteit het noodwendig ook daartoe gelei dat groter simpatie deur Beyers Naudé met die Swartman en die Swart Christen in Suid Afrika getoon is, veral in hul bevrydingsstryd, teen die euwels van die apartheids-samelewing. Beyers Naudé het hom geskaar aan die kant van die bevrydingstryd in Suid Afrika.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


De Gruchy stel dit dat die kerk se roeping nie is om die wêreld te verlos nie, maar wel die opdrag het tot ‘n bediening van opofferende liefde. Die kerk moet ook besorg wees oor diegene in magsposisies. Die kerk mag ook nie te veel van die staat verwag nie, want dit is deel van die gevalle wêreld. Maar tegelyk mag die kerk ook nie te min van die staat verwag nie. Die kerk mag ook nie die outoriteite as die vyand beskou nie (De Gruchy, John W 1979:225-227).

5.5.2 Kritiek

Aan die een kant is daar waardering vir Beyers Naudé se bydrae. Niemand minder nie as oud-president Nelson Mandela het soos vroeër reeds aangehaal in hierdie verhandeling, gemeld dat Naudé vir hom die nie-rassige karakter van die apartheidstryd verpersoonlik, en dat geregtigheid nooit deur verdrukking of onreg oorwin kan word nie (Villa-Vicencio, C 1985: 7-8). Dit neem egter nie weg dat ernstige kritiek, soms grondige kritiek gelewer kan word op Naudé se optredes en standpunte nie. Die belangrikste punte van kritiek word hieronder gelys:

- Beyers Naudé het nie altyd die impak van sy optredes op mense besef nie. So was die oorhandiging van vertroulike dokumente van die Broederbond, teenoor wie hy ‘n onderneming gegee het, ‘n vertrouensbreuk, wat hom die steun van talle Afrikaners gekos het. Hy erken dit self.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Hierdie vertrouensbreuk het gemaak dat sy verdere optredes in negatiewe lig beoordeel is. Daar moet onthou word dat die hele gebeure gesien moet word in die lig daarvan dat die Afrikaner die tye waarin hy geleef het as tye van bedreiging vir sy voortbestaan as volk gesien het.

- Sy aanvaarding van die idees en doelstellings van die Swart Bewussynsbewegings kon by Blankes die indruk laat dat hy hom skaar aan die kant van ‘n bepaalde sosio-kulturele groep. Die gevaar is dan dat die groep se vyande ook vyande van God sou word. So sou enigiemand wat apartheid ondersteun dan gesien word as God se teenstander, en dit werk polarisering in die hand.

- Sy kritiek op die euwels van apartheid, was alhoewel regverdigbaar, tog nie altyd deurdag nie. Apartheid is dikwels as die euwel en die wortel van alle kwaad in die Suid Afrikaanse samelewing gesien. Dit ontbreek egter aan ‘n duideliker hamartologie by Naudé. Die grond van die mens se sonde en ellende is immers sy gebrek aan ‘n lewende en persoonlik verhouding met God deur Jesus Christus. Apartheid was nie die enigste euwel in die Suid Afrikaanse samelewing nie.

- Beyers Naudé se analise van die Suid Afrikaanse samelewing as dat die euwels aan apartheid toegeskryf is, en dat hierdie euwels verwyder moet word om sodoende bevry te word, hou nie genoegsaam daarmee rekening dat onregverdige sosiale strukture nie net die produk is van die geskiedenis nie, maar ook van die sonde van mense, Swart en Wit.

- Beyers Naudé het hom sterk met die saak van die verdruktes vereenselwig. Alhoewel hy altyd sy solidariteit met die Afrikaner betuig het, het hy tog geneig om in eksklusiewe terme te dink. Dit is nie net die verdruktes uit die Swart bevolking wat bevry moet word nie. Die fokus op God se verlossing in die Bybel is altyd die volk van God. Die evangelie kan nie net die instrument wees vir die bevryding van 'n etniese groep soos Swartmense nie. Toegegee moet gesê word dat die bevryding van die Swartman, volgens Beyers Naudé ook die bevryding van die Blanke inhou.

- Beyers Naudé gee nie altyd genoeg erkenning aan die proses wat binne die NG Kerk gevolg is rakende die voortdurende besinning vanuit die Skrif rakende die implikasies van die Skrif oor ras en volkereverhoudings nie. Van geloof, hoop en liefde, bly die liefde altyd die grootste, maar die liefde staan nooit los van geloof en hoop nie.

- Die NG Kerk se worsteling met die euwels van apartheid het ook tekens van hoop aan die Suid Afrikaanse samelewing gebied, en was nooit losstaande van die kerk se geloofsbelydenis van Christus, as die Here nie. Die Kaapse NG Kerk se verslag oor trekarbeid (Emmen, E 1971:89) spreek bv sy bekommernis uit oor die nadelige uitwerking van apartheid soos die effek van trekarbeid op die huislike lewe van die Swartman en dat dit ernstige sosio-godsdienstige probleme veroorsaak.

- Beyers Naudé se teologie se kritiek op die SA regering, het baie naby aan demonisering van die staat gekom. Die boosheid self bly immers altyd die vyand, nie mense nie, alhoewel die bose deur mense en instellings werk. Kritiek wat berus op demonisering van mense of instellings werk polarisasie in die hand.

- In sy kritiek teen die ideologie van apartheid het Beyers Naudé nie altyd genoeg erkenning gegee aan "tekens van hoop" wat daar wel in die Suid Afrikaanse samelewing was, soos bereidwiligheid van talle Blankes en Afrikaners wat hulle beywer het vir die verbetering van die lot van Swartmense nie.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Beyers Naudé het sterk gefokus op die horisontale implikasies van die boodskap van die koninkryk van God. Die volle implikasies van die boodskap van die koninkryk, naamlik wat die implikasies vir die mens se persoonlike verhouding met Jesus Christus is nie duidelik genoeg uitgespel nie. Veral word hier gedink aan die rol van skuldbelydenis, die navolging van Christus en wat die implikasies van die evangeliese eis is dat kwaad met goed vergeld moet word, of dat daar vir die vyande gebid moet word.

- Daar was nie altyd genoegsame selfkritiek teenwoordig in die ideologiekritiek van Naudé nie. Die kritiek was geprojekteer op eksterne faktore, soos apartheid, maar die optredes van die onderdruktes is nie altyd voldoende aan selfkritiek onderwerp nie, naamlik dat mense ook van die bande wat hulself persoonlik bind bevry moet word nie. Die "Teks van die Woord" moet altyd lig werp op die konteks van mense, sy dit dan in hierdie geval die ideologie van apartheid.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


## 5.6 Slotwoord

In die sestigerjare van die twintigste eeu het Beyers Naudé as baanbreker vir die ekumene opgetree binne die konteks van 'n land wat verdeel was, en gely het onder die onderdrukkende maatreëls en ideologiese knelgreep van apartheid. Daar is reeds aangetoon dat apartheid 'n rewolusionêre ideologie was, wat in wese rassisties was, wat in belang van kommunaliteit, strydig was met die eise van geregtigheid in die Skrif, en nadelig vir die uitlewing van die eenheid van die kerk was. Dit is teen hierdie agtergrond wat die ideologiekritiek van Beyers Naudè verstaan moet word. In die sestigerjare van die vorige eeu in Suid Afrika het Beyers Naudé geywer vir die realisering van die eenheid van die kerk, o a vir 'n Belydende Kerk, is die Afrikaner en sy kerk gekonfronteer met die onversoenbaarheid van apartheid met die Christelike evangelie, en is daar ook ekumeniese projekte geloods met die oog op die transformasie van die Suid Afrikaanse samelewing, as alternatief vir apartheid.

In die sewentigerjare van die twintigste eeu, het die samelewing in Suid Afrika al hoe meer geradikaliseer geraak. Dit was die tyd van die opkoms van die Swart Bewussynsbewegings, en die Soweto opstande m a w 'n al groter verset teen onderdrukkende maatreëls van die apartheidsisteem. Beyers Naudé het algaande, is reeds opgemerk, die idees van die Swart Bewussynsbewegings en Swart Teologie begin aanvaar en word sy teologiese uitsprake ook meer radikaal.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Nadat sy inperking opgehef is en na jare van indringende gesprekke met gelowiges uit talle lae van die samelewing, is Beyers Naudé nog meer uitgesproke oor die onversoenbaarheid van apartheid met die evangelie, en roep hy die Christene in Suid Afrika op om aan die voorpunt van die bevrydingsstryd te wees. Tog tree hy ook op as bemiddelaar tussen die verskillende kerke in die land.

Dit is die *bevinding* van hierdie studie dat Beyers Naudé in die oorsteek van taal, ideologiese, kulturele en ander grense, dit moonlik gemaak het dat die gevangenisskap van die ideologie, met name apartheid deurbreek is. Sy ekumeniese bydrae het meegewerk tot die vestiging van 'n regverdige samelewing wat tot voordeel gestrek het van beide kerk en samelewing in Suid Afrika. Die gevangenisskap van die ideologie is deurbreek deur die bydrae wat sy ideologiekritiek gelewer het, onder andere deur sy onbaatsugtige en gehoorsame uitlewing van die eise van die evangelie, sowel as deur die hoopgewende projekte onder sy leiding wat 'n alternatief gebied het vir die valse eise en aansprake van die ideologie.

Die bydrae van Beyers Naudé tot die ekumene in Suid Afrika verleen hom ook tot verdere studie. Sy bydrae as baanbreker vir die ekumene kan nog verder ontgin word, tot voordeel van die kerk . Veral gesien in die lig van die toekomstige rol van die kerk in post apartheid Suid Afrika, sowel as die moontlik hereniging van die N G Kerkfamilie.

Dit is duidelik dat al is daar al baie oor Beyers Naudé geskryf, daar ruimte is vir nog studie en navorsing. Die volgende temas vir verdere navorsing word voorgestel :

- Kontekstuele teologie in Suid Afrika: met verwysing na die bydrae van Beyers Naudé.
- Die rol van ekumene in praktyk: met verwysing na *The Christian Fellowship Trust*.
- Die profetiese roeping van die kerk : met verwysing na die bydrae van Beyers Naudé.

As 'n *naskrif* word die sitaat aan Beyers Naudé ter geleentheid van die oorhandiging van die Franklin Delano Roosevelt Vryheidmedalje op 23 Junie 1984 hier aangehaal–'n passende eulogie vanuit die internasionale gemeenskap op die lewe en werk van Beyers Naudé :

> The freedom of every person to worship God in his own way..everywhere in the world... with these words Franklin Delano Roosevelt described the second essential element of human freedom. On this day 23d of June 1984, recognizing a prophet exiled in his own land whose faith defies and defeats the state in the name of the truth of God,

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


the Franklin Delano Roosevelt Freedom Medal is awarded to the Reverend C F Beyers Naudé. Knowing both the bravery and bitterness of the Afrikaners in the aftermath of war, you were reared in the tradition of a great family, welcomed into the councils of your peers, and recognized as a leader of your church. Because of your love for your country and your greater love of God, you rejected apartheid as irreligious and immoral. Your courage in teaching the Scriptures as you believe them has led you to renounce power and privelege and to accept ostracism by your church and punishment by your state. Your conviction that all men are brothers, your struggle against the ideological prison of racism, have given vision to those who had abandoned hope. You have taught that true salvation lies not in exclusion and coercion but in forgiveness and faith. Though despair has been part of your loneliness, you have in word and deed avoided violence. Let this day echo our belief that your sacrifice will heal the wounds of your beloved country. Like Tagore, *" you slept and dreamt that life was joy. You awoke and saw that life was duty, you acted and beheld that duty was joy"* In your witness to God, you have taught us the ineffable joy of truth. We salute your spiritual presence in our times and in our lives, and we celebrate your courage in giving new meaning to Franklik D Roosevelt's old dream of Freedom of Worship everywhere in the world (Franklin Delano Roosevelt Freedom Foundation, June 23 1984). 'n Gepaste naskrif !

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


LITERATUURLYS

BOEKE

Albertyn, S W 1986. *Teologiese gesigspunte op lyding in die Suider-Afrikaanse samelewing soos gereflekteer in enkele Suid-Afrikaanse teologiese tydskrifte*. Ongepubliseerde M.Div. Verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Balie, I 1988. *Die Geskiedenis van Genadenal*. Kaapstad: Perskor-Uitgewers.

Balia, D M 1989. *Christian resistance to apartheid.* Braamfontein : Scotaville publishers.

Bassham, R C 1987. *Mission Theology*. Pasadena: William Carey library.

Belydenis van Belhar 1988. *'n Eenvoudige uitleg van die Belhar belydenis.* Belhar.

Brown, Colin 1978 . *Dictionary of New Testament Theology ( 3* ) . U K : Paternoster Press.

Bosch, David; König A & Nicol W 1982. *Perspektief op die Ope Brief.* Kaapstad: Human & Rousseau.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Bosch, David J 1992. *Transforming Misson.* New York : Orbis books.

Chapman Audrey & Spong Bernard 2003. *Religion and reconciliation in South Africa.* Pennsylvania : Templeton Foundation Press.

Coertzen, Pieter 2002. *350 jaar Gereformeerd*. Bloemfontein : CLF drukkers.

Crafford, D & Gous G 1993. *Een liggaam-baie lede*; Pretoria: Verba vitae uitgewers.

De Gruchy, J W 1968. *The message in perspective*. Braamfontein : C.E. Folkey (Pty) Ltd.

De Gruchy, J W & de Villiers W B 1968. *A book about " A Message tot the people of South Africa "* . Braamfontein : South African council of Churches.

De Gruchy, John W 1979. *The Church Struggle in South Africa*. Grand Rapids : Wm.B.Eerdmans.

De Gruchy, John & Villa Vicencio Charles 1983. *Apartheid is a heresy.* Claremont : David Philip, Publisher.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Deist, Ferdinand 1982. *Sê God so ?* Kaapstad. Tafelberg uitgewers.

Deist , Ferdinand 1983. *Verandering sonder geweld ?* Kaapstad : Tafelberg uitgewers.

Deist, Ferdinand 1984. *A Concise Dictionary of Theological Terms.* Pretoria: J L van Schaik ( Pty)

DeVilliers, W 1969. *Lunteren en die rassekwessie.* Johannesburg: Christelike instituut van Suider Afrika .

*Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid : 1960-1994* . Wellington : Hugenote uitgewers ( electronic ed )

Du Toit, D 1987. *Staatsgesag en burgerlike ongehoorsaamheid.* Lux Verbi. Pretoria.

Emmen, E 1971. *Het Christelike Instituut in Zuid-Afrika.* Amsterdam : Uitgeverij Bekking.

Goosen, Gideon 1993 . *Bringing churches together : a Popular introduction to ecumenism.* Geneva : WCC Publications.

Heyns, J A 1975. *Teologie van die rewolusie*. Kaapstad : Tafelberg uitgewers.

Heyns, J A 1978. *Dogmatiek.* Pretoria : NG Kerk boekhandel.

Heyns, J A 1986. *Teologiese etiek.* Pretoria : N G Kerk boekhandel.

Hinson, E. Glenn 1993. *Spirituality in ecumenical perspective*. Westminister/John Knox Press.

Hofmeyer, J W; Lombaard C J S & P J Maritz 2001. *Perspectives on Christianity.* Pretoria : University of Pretoria printers.

Instituut vir Reformatoriese studie, 1984. *Ideologiese stryd in Suider Afrika.* Potchefstroom : Central publications departement.

International commission of jurists, 1975. *The trial of Beyers Naudè : Christian witness and the rule of law* London .

Janson, M Ongedateerd. *Die Kerk en die ideologie*. Pochefstroom : Die evangelis.

Jonker, W 1998. *Selfs die kerk kan verander*. Tafelberg Uitgewers.

Kerk en Samelewing, 1990. *'n Getuienis van die Ned Geref Kerk oor kerk en samelewing.* Bloemfontein : N G Sendingpers.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Kinghorn J, 1986. *Die NG Kerk en apartheid.* Braamfontein: Macmillan Suid - Afrika.

Kleynhans, J H 1991. *CF Beyers Naudé se breuk met die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Universiteit van Pretoria.

Kotzè, C S 1970. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die ekumeniese beweging tot 1910.* Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit Stellenbosch.

Louw, D J 1985. *Op die breuklyn.* Kaapstad : NG Kerk Uitgewers.

Louw, D J 1987. *Versoening en geweld*. Kaapstad: N G Kerk Uitgewers.

Lombard, C & JH Hunter. (Reds) 1995 *Kom ons word een.* Windhoek: EIN Publications.

Lombaard, C 1999. *Ecumenism.* Pietermaritzburg: Clust publications.

Lùckhoff, A H 1978. *Die Cottesloe-kerkeberaad.* Tafelberg uitgewers.

Maimela, S 1987. *Proclaim freedom to my people.* Braamfontein : Skotaville publishers.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Mc Cleod, Bryan G 1978. *Naude, Prophet to South Africa* . John Knox press

Meiring, P 1975. *Stemme uit die Swart kerk.* Tafelberg Uitgewers.

Meiring, P 1999. *Kroniek van die Waarheidskommissie*. Carpe Diem boeke. Vanderbijlpark.

Mùller, K & Sundermeier T 1987. Lexikon Missions-Theologischer Grundbegriffe. Berlin : Reimer

Naudé, R M 1988. *Die etiek van die Ekumene toegespits op die South African Council of Churches.* Onbekende uitgewer.

Naudé, C F B & Strauss W.de W, *Kerk en Jeug*. Ongedateerd. Pretoria: N G Kerk-uitgewers.

Naudé, C F B 1995. *My land van hoop*. Kaapstad : Human & Rousseau

Naudé, C F B & Sölle D 1985. *Hoop voor geloof* . Baarn: Uitgeverij ten have.

Nouwen, Henri J M 1979. *The wounded healer: ministry in contemporary society.* New York. Doubleday.

O' Reilly, D J 1981. *Die Christelike Instituut van Suidelike Afrika in die lig van die kerk-staat verhouding.* Proponentskripsie. Universiteit van Pretoria.

Packer, J I 1988. *New dictionary of theology*. Leicester : Inter-vasity press.

Pieterse, H J C. *Ons ware profeet: die Christelike denke van Beyers Naudé.* Ongepubliseerde boek.

Potgieter, Jordaan 1991. *Cottesloe: keerpunt in die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde kerk en ds. Beyers Naude.* Bloemfontein: UOVS.

Potgieter, Jordaan 1994 . *Die verhouding tussen Beyers Naudé en die Nederduitse Gereformeerde kerk:'n ekklesiologiese verantwoording.* Bloemfontein: UOVS.

Report of the consultation among South African member churches of the WCC. 1961 *Cottesloe Kerkeberaad*. Grahamstown .

Randall, P 1982 *Not without honour : tribute to Beyers Naud*é. Cape Town : Blackshaws.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Rossouw, P 1988 *Ekumeniese verkenning.* Bloemfontein : N G Sendingpers .

Ryan, C 1990. *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith.* Grand Rapids: Wm.B. Eerdmans .

SABRA, 1986. *Van skeiding tot integrasie.* Suid Afrikaanse bureau vir rasse-aangeleenthede.

Saayman, WA 1984. *Unity and mission*. Pretoria : University of South Africa.

Saayman, Willem 1991. *Christian mission in South Africa*. Pretoria: University of South Africa.

Scherer, JA 1987. *Gospel, Church & kingdom.* Minneapolis: Augsburg publishing house.

Steenkamp, J J 1987. *Die Wêreldraad van kerke se bemoeienis met die rassevraasgtuk in Suid-Afrika.* Pretoria: Doktorale verhandeling.

Strauss, P J Du Rand. J A and Kellerman J S, eds, 1989. *Ekumene gestol ? Die invloed van die Cottesloe beraad op die ekumene van die Nederduitse Gereformeerde kerk*. Diensknegte van die koning. “Hudigingsbundel” ter ere van prof. J.J. de Klerk en Prof EPJ Kleynhans.

Thomas, D 1979. *Councils in the ecumenical movement South Africa.* Braamfontein: The Natal Witness.

Universiteit Pretoria Teologiese studies, 1987. *Die Eenheid van die kerk van Christus.* Pretoria : NG Kerk Boekhandel.

Van der Walt, B J 1984. *Mense en gode in Suider Afrika.* Potchefstroom : PU vir C H O.

Van der Walt, B J 1991. *More precious than gold.* Potchefstroom: P U vir C H O.

Van der Watt, P B 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905–1975*. Goodwood : Nasionale boekrukkery.

Van Rooyen, J H P 1990. *Die NG Kerk, Apartheid en die Christelike instituut van Suidelike Afrika.* University of Witwatersrand: Departement of religious studies.

Verkuyl, J 1975. *Inleiding in die nieuwere zendingwetenskap*. Kampen : Uitgeversmaatschappij J. H. Kok.

Villa-Vicencio, C 1995. *Many cultures, one nation.* Cape Town.: Human & Rosseau.

Villa-Vicencio, C 1985. *Resistance and hope : South African essays in honour of Beyers Naudé*. Grand Rapids: W. B. Eerdmans.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Webb, P 1994. *A long struggle.* Geneva: WCC publications.

TYDSKRIFTE

Amstutz, Mark R 1995. Religion and politics in South Africa : Christian churches during the apartheid era. *Christian scholar's review* 25 no 1:8-29.

Bosch, David J 1977. The Church and the liberation of peoples. *Missionalia* 5 no 2 : 37.

Blaser, K 1980. *Kontextuele* Theologie als ökumenisches Problem. *Theologische Zeitschrift* 36 : 221 – 235 .

Boshoff, C W H 1973. Die betekenis van die Swart Teologie vir Kerk en Sending in Suid Afrika: Die Swart Teologie as Bevrydingsbeweging. *NGTT* 14 : 5-20)

Brown, Robert Mc Afee 1974. Christian institute of Southern Africa vs the state of South Africa. *Journal of Ecumenical studies* 11:99-102

Brown, Robert Mc Afee 1977. Beyers Naude : a prophet without honour. *Christianity and crisis*. 37 : 302-303

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Bryan, G. Mc Leod 1977. Banning of Beyers Naude. *Christian century*. 94 : 1020 - 1021

Christelike Instituut byeenkoms 26 Oktober 1974. Kaapstad . *CI Pamflet.*

Collier, Mark 1968. Ecumenism in South Africa. *Journal of ecumenical studies.* 5:616-617

Cowan, W 1985. Beyers Naude, outcast : his conscience is his problem. *Christianity and crisis*. 45:38-39.

De Gruchy, J W 1991. From Cottesloe to Rustenburg and beyond : The Rustenburg Conference in historical perspective *Journal of Theology for Southern Africa* 74 2:21-34.

Durand, J J F 1961. Cottesloe, Wêreldraad van kerke en ekumeniese sending. *NGTT* 2 3: 147-152.

Durban Council of churches, 1985. South African youth in crisis : the churches' response. *Ongepubliseerde dokument*.

Ecunews, May 1985. My first ninety days. *Maandblad van die Suid Afrikaanse Raad van kerke.*

Gaum, F 1990. Die lang reis van Cottesloe na Rustenburg. *Die Kerkbode* 146 20:6-7.

Gous, G 1995. From the church struggle to a struggling church: a tale of three conferences : Cottesloe, Rustenburg and Cape Town. *Missionalia* 21 3: 253-271

Gous, A G S 1993. Plaaslike ekumene en die einddoel van die eenheidstrewe. Ongepubliseerd.

Govender, Shun 1985. Doing theology for human transformation. *Mission studies*. 1: 39-46.

Green, Clifford J 1985. South African church leaders speak out: here we stand. *Christianity and crisis* 45: 440-444

Howell, Leon 1967. Ecumenical movement on trial: libel in South Africa. *Christianity and crisis*. 27:39-42.

Jonker, W D 1990. Understanding the Church situation: obstacles to a united witness. National Conference of Churches-Rustenburg

Kemper, V. 1986 South Africans honoured on Washington. *Sojourners*. 15, 1:12

Kistner, W. 2003 The contribution of dr C F Beyers Naudè towards the witness of the Church. *Ongepubliseerde artikel.*

Lediga, S.P, 1960/1961. Ecumenism : impressions on what is known as Cottesloe consultation. December 1960. *Ministry* 1 3:23.

Loubser, J A 1996. Apartheid theology : A "contextual" theology gone wrong? *Journal of Church and Stat*e 38 : 321-337.

Meiring, P G J 1996. Die Suid Afrikaanse Raad van Kerke en die Ned Geref Kerk : Die ervaring van 'n halfeeu. *NGTT* 37: 311-323.

Meiring, P 1995. Nuwe situasie vra nuwe antwoorde: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nuwe ekumeniese situasie. *Universiteit van Pretoria : Predikantekonferensie*.

Meiring, P 2003. Versoening in Suid – Afrika na die Waarheids en Versoeningskommissie: die rol van die N G Kerk. *NGTT* 44, 121.

Naudé, Beyers 1984. Confessing the faith in South Africa today. *Referaat gelewer by die tiende verjaarsdag van die Belydende kring* Augustus 1984 : 1-12.

Naudé, Beyers 1985. My seven lean years. *Festschrift for Beyers Naudè*: University of Cape Town.

Naudé, Beyers 1990. The role of the Church in a changing South Africa. *National Conferences of Churches – Rustenburg.*

Pityana, N B 1995. Dr C F Beyers Naude: a tribute. *South African outlook* 125: 5 May.

Pretorius, H L 1977. Wit / Swart bevrydingsteologie in Suid Afrika. *NGTT* 18 : 343 – 357.

Pro Veritate. Volumes 1- 14.

Pro Veritate. 1962. Volume 1. Wat ons wil. *Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. 1962. Volume 1. Die eenheid en pluriformiteit van die kerk van Christus. *Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. 1962. Volume 2. *Gods reality and the ideologies of men. Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. 1963. Volume 2 The churches' answer to the youth's question. *Publikasie van Christelike Instituut* .

Pro Veritate. 1963. Volume 2. On the unification of the churches. *Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. 1964. Volume 2. The influence of ecumenism on theology. *Publikasie van Christelike Instituut*.

Pro Veritate. 1964. Volume 3. Jou naaste soos jouself. *Publikasie van die Christelike Instituut.*

Pro Veritate. 1965. Volume 4. The gospel of love requires. *Publikasie van Christelike Instituut.*

Pro Veritate. Volume 4. The prayer we need. *Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. Volume 5 1967. Inleidingsartikel-Kerknood . *Publikasie van Christelike Instituut* 12 : 1

Pro Veritate. 1965. Volume 4. Die tyd vir 'n belydende kerk is daar. *Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. 1967. Volume 5. Verwerplike kompromis. *Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. 1968. Volume 7. Gospel or ideology. *Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. 1968. Volume 7. R E S rejects racism. *Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. 1968. Volume 8. Kerk en politiek in S A vandag. *Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. 1970. Volume 9. Die Wêreldraad en die skeiding van die weë. *Publikasie van Christelike Instituut.*

Pro Veritate. 1970. Volume 9. Versoening en apartheid. *Publikasie van die Christelike Instituut*.

Pro Veritate. 1970. Volume 9. Nairobi. *Publikasie van die Christelike Instituut.*

Pro Veritate. 1972. Volume 10. Nou of nooit ? *Publikasie van Christelike Instituut*

Pro Veritate. 1973. Volume 12. Ons kla aan. *Publikasie van Christelike Instituut* .

Pro Veritate. 1973. Volume 12. The DRC and Sydney : Structural change instead of charity. *Publikasie van die Christelike Instituut.*

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Pro Veritate . 1974. Volume 13. Die Skrif is aan die muur. *Publikasie van Christelike Instituut.*

Pro Veritate. Maart 1974. Volume 12. Apartheid sekuriteit lei na die einde. *Publikasie van Christelike Instituut.*

Pro Veritate. Oktober 1974. Nederduitse Gereformeerde Kerksinode. *Publikasie van die Christelike Instituut.*

Pro Veritate . 1975. Volume 14. Daad van toewyding aan Christus en die arbeid van die Christelike Instituut. *Publikasie van Christelike Instituut .*

Pro Veritate. 1976. Volume 14. God is 'n "ons" moment. *Publikasie van die Christelike Instituut.*

Pro Veritate. 1976. Volume 15. Dit is besig om te gebeur. *Publikasie van Christelike Instituut.*

Pro Veritate. 1976. Volume 15. The South Africa I want. *Publikasie van Christelike Instituut.*

Pro Veritate. 1976. Volume 15. The Afrikaner as rebel. *Publikasie van Christelike Instituut.*

Pro Veritate. 1977. Volume 16. Jesus the Liberato*r. Publikasie van die Christelike Instituut.*

Riches, John K 1977. Article review of the trial of Beyers Naude and Bonhoeffer. *Scottish journal of theology. 3:271-278.*

SACC post. 1986. Search for new general secretary. *One world*. 116:19.

Serfontein, J Hennie P 1985a. A surprising pilgrimage. *One world*. 104:4-5.

Serfontein, J H P 1985b. From Broederbond to brotherhood : a tribute to CF Beyers Naude. *Reformed Journal* 5:12-17.

Serfontein, J H P 1985 c. Beyers Naudè and the establishment of the Christian Institute. *Ecunews*. March 1985.

Spring, Beth 1985. The rationalism of racism: South African unrest has it roots in faulty theology. *Christianity Tod*ay 14 :18-19.

Strauss, P 1994. Die Algemene Sinode van 1966 van die Nederduitse Gereformeerde kerk en apartheid. *Studiae Historiae Ecclesiasticae* 20 no 2: 195-214.

Squire, John 1967. South Africa: Institute leaders bring suit. *Christian century.* 84 : 356-358.

The Saga of Vereeniging, 1989. Dutch Reformed Church In Africa *(DCRA Action).*

Universiteit van Pretoria. Ongedateerd. *Ekumene deur die eeue*. Studiestuk KGS 452.

Van der Walt, T 1985. Die koninkryk van God in die Bybel. Potchefstroom : *Instituut vir Reformatoriese studies*.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Van der Walt, B 1993. Human dignity and identity : according to apartheid and according to the Word of God. *Institute of Reformational studies* 302 : 40-41.

Verhoef, P A 1965. Die Christelike Instituut van Suid Afrika. *NZWA kroniek* 2 no 12 : 1-3.

Villa-Vicencio, C 1985. Southern Africa today : Twenty five years after Sharpville. *Journal of theology for Southern Africa* 80 no 51 : 66-72.

Wallis, J 1988. A testimony to conversion and hope. *Sojourners* 17:21.

Walshe, P 1981. Mission in a repressive society : the Christian Institute of Souhern Africa. *International bulletin of missionary research. 5*:146 -152.

Walsche, Peter 1977. Church versus state in South Africa: the Christian Institute and the resurgence of African nationalism. *Journal of church and State* 19 : 457 – 479.

Wethmar, C J 1985. Kerk en geregtigheid. *Skrif en kerk* 6 : 180-183.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


ONDERHOUDE

C F B Naudé-Heaney onderhoud. 2001. Ongepubliseerd

H Giliomee & A du Toit onderhoud met Beyers Naudé. 1985. Ongepubliseerd.

W Kistner-Heaney onderhoud . 2003. Ongepubliseerd.

P Meiring– Heaney onderhoud. 2003. Ongepubliseerd.

N Smith – Heaney onderhoud. 2004. Ongepubliseerd.

R. Meyer- Heaney onderhoud 2004. Ongepubliseerd.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


ALGEMENE PERS

"Versoening." Die Kerkbode. 28 Oktober 1994.

"Migratory work-evils attacked." The Star. 25 January 1969

"Does Goverment fear Christians?" The Star. 22 Januarie 1969.

"Formation"warning to South African Church Leaders. The Star. 22 Augustus 1969.

"S A racism aids the Reds: Naudè." The Star. 17 Feb 1970.

"To aid victims of racialism." The Star. 28 October 1969.

"Naude's call to the N G K." The Star. 09 March 1970.

"Youth must speak." The Star. 01 May 1970.

"Whites in S A blind to reality." The Star. 04 March 1970.

"Christian reconciliation now aim of two groups." The Star. 23 March 1970.

"Churches under fire for race neglect." The Star. 11 October 1970.

"Churches' Cottesloe findings still valid–Naudé." The Star. 28 October 1969.

"Minister na nuwe bevel." Die Vaderland. 29 Oktober 1982.

"Dr Naude." Beeld. September 28 1984.

"Beyers Naudè." The Citizen. September 28 1984.

"Ek is nie vry voor almal vry is nie." Die Vaderland. 04 Oktober 1984.

"Verarming in N G Kerk met ideologie." Beeld. 04 Februarie 1985.

"Dit is burgeroorlog, meen Beyers Naudè." Die Vaderland. 04 April 1985.

"Dis nie die einde." Beeld. 02 Julie 1987.

"Wanhopige handeling, sê Beyers Naudè." Die Burger. 22 Julie 1985.

"Maatreëls net olie op vuur van geweld." Die Beeld. 22 Julie 1985.

"Naudé names major source of violence." The Star. 22 Junie 1986.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


"Goverment is morally illegal, claims Naudé." The Star. 01 Julie 1987.

"Naudé : SACC can play big role for equality." The Citizen. 04 July 1987.

"Beyers Naudé 'n lewende heilige, sê Ted Kennedy." Die Burger. 05 November 1987.

"Dr Naudè verras en verslae oor sy insluiting." Beeld. 16 April 1990.

"ANC het begrip vir Afrikaner." Rapport. 15 April 1990.

"NG Kerk moet Rubicon oorsteek." Beeld. 24 April 1990.

"Teoloë moet saamwerk teen die aanslag." Beeld. 19.08.1991.

SAPA. Internet berig. 22 Maart 2003

PUBLIKASIES VAN BEYERS NAUDE (Koerantberigte uitgesluit). Geen amptelike katalogus van publikasies van Beyers Naudé is nog gepubliseer nie, en hierdie lys sou aangevul kon word met dokumente wat op verskillende plekke oorsee en ter plaatse geberg is, maar moeilik opspoorbaar is. Talle dokumente is ook deur die Suid-Afrikaanse Veiligheidspolisie gekonfiskeer en het in die proses verlore geraak.

Naudé, C F B & Strauss W de W. Ongedateerd. *Kerk en Jeug*. Pretoria: N G Kerk-uitgewers.

Naudé, Beyers 1984. Confessing the faith in South Africa today. *Referaat gelewer by die tiende verjaarsdag van die Belydende kring*

Naudé, C F B & Sölle D 1985. *Hoop voor geloof* . Baarn: Uitgeverij ten have.

Naudé, C F B 1985. *My seven lean years*. Festschrift for Beyers Naudé. University of Cape Town.

Durban Council of churches, 1985. South African youth in crisis : the churches' response. *Ongepubliseerde dokument*.

Ecunews, May 1985. *My first ninety days*. Maandblad van die Suid Afrikaanse Raad van kerke.

Naudé, C F B 1990. *The role of the Church in a changing South Africa.* National Conferences of Churches: Rustenburg.

Naudé, C F B 1995. *My land van hoop*. Kaapstad : Human & Rousseau.

*PRO VERITATE*. (Artikels gepubliseer in *Pro Veritate*)

Pro Veritate. 15 Mei 1962. Wat ons wil.

Pro Veritate. 15 Junie 1962. *Lack of contact*.

Pro Veritate. 15 Junie 1962. *Bybelse voorligting oor rasseverhoudinge.*

Pro Veritate. 15 Julie 1962. *Kritiek oor Pro Veritate.*

Pro Veritate. 15 Augustus 1962. *Conflict of loyalties.*

Pro Veritate. 15 September 1962. *Die kerk: eenheid en verskeidenheid.*

Pro Veritate. 15 September 1962. *The voice of the younger churches.*

Pro Veritate. 15 Oktober 1962. *Van alleenspraak tot samespraak.*

Pro Veritate. 15 Desember 1962. *The challenge to the ministry*.

Pro Veritate. 15 Januarie 1963. *Tyd is nie ryp nie*.

Pro Veritate. 15 Februarie 1963. *The churches' answer to the youth's questions.*

Pro Veritate. 15 April 1963. *The church in time of crisis*.

Pro Veritate. 15 September 1963. *Die kerk en kommunisme.*

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Pro Veritate. 15 November 1963. *Die taak van die profeet.*

Pro Veritate. 15 Januarie 1964. *Population growth and missionary development.*

Pro Veritate. 15 Februarie 1964. *Die roep van hongerlydendes*.

Pro Veritate. 15 Maart 1964. *So word kommunisme bevorder*.

Pro Veritate. 15 Maart 1964. *A call to the people of South Africa.*

Pro Veritate. 15 Mei 1964. *Jou naaste soos jouself.*

Pro Veritate. 15 Oktober 1964. *Church hypocrisy: the only valid reply.*

Pro Veritate. 15 Desember 1964. *Friendship through service.*

Pro Veritate. 15 Januarie 1965. *Die stryd om Afrika.*

Pro Veritate. 15 Februarie 1965. *Weighed and found wanting*.

Pro Veritate. 15 Julie 1965. *Die tyd vir 'n Belydende Kerk is daar.*

Pro Veritate. 15 Desember 1965. *Nou juis die Belydende Kerk*.

Pro Veritate. 15 Januarie 1966. *Moet die Christelike Instituut van die toneel verdwyn?*

Pro Veritate. 15 Julie 1966. *Die swaarder eis.*

Pro Veritate. 15 Augustus 1966. *Apartheid as anti-evangelie*.

Pro Veritate. 15 Augustus 1967. *Die Kerkbode, die Christelike Instituut en die NGK.*

Pro Veritate. 28 September 1968. *Our coloured community: a challenge of conscience to the church and the South African community.*

Pro Veritate. 15 April 1969. *Bantoekerke soek dringend hulp*.

Pro Veritate. 15 Mei 1969. *Waaroor het die eintlik vir Calvyn gegaan?*

Pro Veritate. 15 Maart 1970. *Progress towards justice and peace*.

Pro Veritate. 15 Oktober 1970. *Die skeiding van die weë.*

Pro Veritate. 15 Maart 1971. *Konfrontasie tussen kerk en staat.*

Pro Veritate. 15 November 1971. *Wreedame geweld.*

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Pro Veritate. 15 Januarie 1972. *Die toekoms en ... kleur, kolonialisme en kommunisme.*

Pro Veritate. 15 November 1972. *South Africa tomorrow / Suid-Afrika möre.*

Pro Veritate. 15 Februarie 1973. *Blanke ootmoed oor trekarbeid*.

Pro Veritate. 15 Julie 1973. *The need for reform.*

Pro Veritate. 15 Desember 1973. *'n Teken van solidariteit*.

Pro Veritate. 15 Oktober 1974. *Nie meer ons mense nie*.

Pro Veritate. 15 Januarie 1975. *Christian involvement in the struggle for human rights and justice.*

Pro Veritate. 15 Augustus 1975. *Die stem van swart Christelike besorgdheid.*

Pro Veritate. 15 Februarie 1976. *Die gaping steeds groter.*

Pro Veritate. 15 April 1976. *On majorities and minorities*.

Pro Veritate. 15 Mei 1976. *Responsible liberation.*

Pro Veritate. 15 Junie 1976. *The South Africa I want.*

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Pro Veritate. 15 Augustus 1976. *Sequel to Soweto.*

Pro Veritate. 15 Maart 1977. *The Afrikaner as rebel*.

Pro Veritate. 15 April 1977. *Christian ministry in a time of crisis.*

Beyers Naudé mag as ingeperkte persoon niks gepubliseer het nie in die jare van sy inperking wat gestrek het vanaf einde 1977-1984.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


BYLAES:

Bylae A:

M J HEANEY - ONDERHOUD MET DR BEYERS NAUDE

‘n Persoonlike onderhoud is met Beyers Naudé gevoer op 01 Maart 2001. Die onderhoud is vroeg beeindig, daar dr Naudé nie wel was nie. ‘n Opvolgonderhoud was nie moontlik nie, daar dr Naudé ersntig siek geword het en baie maande kritiek was. Sy gesondheid het nie weer ‘n onderhoud moontlik gemaak nie.

Maart 2001

Vraag 1a:

Dr Naudé, is u gemaklik met die definisie dat ekumene daardie beweging is waarin elk gelowige en elke kerk as deel van die liggaam van Christus, die ander, aan die anderkant van die taal, kulturele grens, kleur en ideologiese grens soek, omdat hy met hulle in gesprek wil tree, met hulle versoen wil wees, met hulle wil saamwerk, met hulle saam die waarheid van die Skrif wil verstaan en per slot van sake

met hulle een wil wees, en deur die ekumene 'n getuienis wil lewer aan die wêreld.

Die uitgangspunt van die definisie is dat die kerk die een liggaam van Christus op aarde is wat hoewel dit baie lede het, tog 'n sigbare eenheid moet vertoon tot 'n getuienis vir die gebroke wêreld.

<u>Respons</u> : Ek is gemaklik met die definisie.

Vraag 1b Dr Naudé, wat het aanleiding daartoe gegee dat u by die ekumene betrokke geraak het en hoe sou u u ekumeniese visie beskryf ?

<u>Respons</u> : As dit nie vir die NG kerk was nie, sou ek na alle waarskynlikheid nooit enige betekenisvolle visie in verband met die ekumene ontwikkel het nie.

Ek wil u verwys na 'n opdrag wat die N G Kerk aan myself en dr Strauss gegee het, om die kerk en die jeug in die buiteland te gaan ondersoek. Ons was ses maande lank in die buiteland, om die betrokke tema te bespreek en terug te kom en 'n verslag te gee aan die kerk. Ons is uitgestuur deur die Kerkjeugvereniging. In my gedagtewêreld was die saad van die ekumene reeds gesaai. Die navorsing wat ons in die buiteland gedoen het, het daardie visie gestimuleer. Daarom sê ek dat dit die NG Kerk self was wat die ekumeniese visie in my hart gelê en versterk het. Dis baie belangrik, want sommige mense dink dis 'n visie wat gekom het van die Wêreldraad van Kerke of die Bevrydingsteologie. Die

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Wêreldraad en die Bevrydingsteologie het daartoe bygedra om my ekumeniese visie te help vorm.

My ekumeniese visie het egter ontwikkel uit die opdrag wat die kerk aan my en dr Strauss gegee het.

Vraag 1 c : Hoe sien u u eie ekumeniese visie ?

Respons : Die stigting van die CI en die werk wat ek onderneem het, het die visie indirek bevorder. Die doel van die CI was nie om die ekumene te bevorder nie, maar dit was onvermydelik dat die ekumene daardeur bevorder sou word. In Suid Afrika, maar ook in die buiteland, het my werksaamhede by die CI onbewus die ekumeniese visie versterk.

Vraag 2 Dr Naudé , wat sou u sê was die hoof fokus van die ekumeniese beweging in Suid Afrika , veral na die Cottesloe beraad tot en met die verbanning van die CI in 1977 ?

Respons : Die SARK en die pogings van die ander kerke tot samewerking om die ekumene te bevorder, het beteken dat daar steeds 'n ekumeniese fokus was. Die ander kerke se probleem was die onwil of vrees van die NG Kerk om saam te werk . Die reaksie in die hart van die NG Kerk was dat, sodra jy iets wou sê van interkerklike samewerking, daar onmiddelik 'n negatiewe reaksie

was. Dit was nie net waar van die NG Kerk nie, daar was 'n huiwering by die ander kerke ook oor hoe die saak benader moet word. Die kerke se strewe om nie iets te doen wat skade sou veroorsaak aan die ekumeniese visie nie, het huiwering en teruggetrokkenheid ten opsigte van ekumeniese samewerking veroorsaak.

Vraag 3:Dr Naudé, wat was na u mening die impak wat die Cottesloe beraad op die ekumeniese toneel in Suid Afrika gehad het?

<u>Respons</u> : Daar was huiwering en terughouding op die ekumeniese toneel. Die Cotttesloe beraad het tot gevolg gehad dat daar 'n negatiewe reaksie teenoor die ekumene was in Suid Afrika.

By die NG Kerk en Hervormde Kerk veral was daar 'n negatiewe reaksie. By die NG Kerk het dit wonderlik verander. By die Hervormde kerk het dit langer vasgesteek. Wat die Engelse kerke betref, soos die Anglikaanse Kerk was daar 'n verlange om die eenheid van die kerk van Christus te bevorder. My belewenis was dat daar 'n besef by die kerke was dat Cottesloe het die saak van die ekumene skade aangedoen het.

Vraag 4 Na die Cottesloe beraad het dr Bob Billheimer van die WRK die *Rand Ecumenical Study Circle* in Johannesburg toegespreek. Hoe het hierdie ontmoeting

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


u denke en visie oor die ekumene beìnvloed ?

Respons : Dr Billheimer is deur Vissser't Hoof na SA gestuur. Dr Visser was 'n Nederlander en hy het die geskiedenis van die NG kerk in S A baie goed geken en in daardie opsig het hy 'n uitstekende keuse gemaak om Bob Billheimer namens hom te stuur. Daar was by my geen twyfel oor dr Billheimer se rol nie, nl. dat hy rustig, liefdevol en objektief wou gesels oor die oogmerk van die WRK en ekumeniese samewerking. My herinnering was dat hy ons teruggestuur het na die Skrif. Dat hy gesê het moenie in die eerste plek gaan kyk na die Wêreldraad nie, maar gaan kyk na die opdrag van die evangelie, van wat die Woord van God van ons vra. Ek dink dr Billheimer se toespraak het 'n geweldige uitwerking gehad op my denke en visie oor die ekumene. Almal wat daar gesit het, het geweet dis nie hy wat praat nie, maar dat hy ons terug wou bring na die wortels van ons geloof, na die Skrif.

Vraag 5 : Dr Naude wat was na u mening die invloed wat die WRK gehad het op die ekumeniese toneel in Suid Afrika, en lig dit toe met voorbeelde.

Respons : Na Cottesloe, was die deure in Suid Afrika in sekere sin vir die WRK gesluit. Die regering self het alles in hulle vermoë gedoen dat daar geen wesenlike kontak sou wees tussen die WRK en die Suid Afrikaanse kerke nie. Persone soos John Vorster en sy uitsprake, sowel as die rol van Koos Gericke het hierdie geslotenheid help bevorder om alle moontlike krane tussen die WRK en die Suid Afrikaanse kerke toe te draai. Daardie krane het

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


hulle baie goed toegedraai. Baie min water het uit daardie krane gedrup. Aan die anderkant weer was daar talle predikante binne die NG Kerk wat ten spyte van al hierdie dinge hulle belangstelling in die ekumeniese visie verdiep het . Mens moet in alle billikheid sê, amptelik was die krane toe, maar nie-amptelik, is die saadjie vir die ekumene gesaai in die harte van kerkleiers.

Vraag 6 Wat was u oogmerk met die stigting van die joernaal, Pro Veritate?

Respons : Die visie wat ek dink die Here aan my gegee het, ivm samewerking van die verskillende kerke, die visie ivm die eenheid van die liggaam van Christus, het gemaak dat 'n aantal van ons gesê het, daar moet een of ander orgaan wees, een of ander blad wees wat daardie visie kan help versterk en bevorder.
Die doel van Pro Veritate was uit en uit, nie net alleen om die eenheid van die liggaam van Christus te bevorder nie, maar ook om die ekumeniese visie in Suid Afrika te versterk.

Vraag 7 Watter invloed het Pro Veritate op die ekumeniese toneel in Suid Afrika gehad ?

Respons : In 'n sekere sin was die reaksie op Pro Veritate negatief, en het dit die aggressie van die kant van die konserwatiewe

predikante verskerp.

Maar 'n klein aantal Blanke predikante van die N G Kerk, en ook van die Sendingkerk, het Pro Vertitate positief beoordeel. Naas die Bybel was Pro Veritate 'n deurslaggewende dokument wat hulle gehelp het om die evangelie beter te verstaan.

Vraag 8 — Wat was die rol van die *All Africa Conference of Churches* in Kampala , 1963 op u ekumeniese denke en watter ekumeniese invloed het u na u mening daar vervul ?

Respons : Ek dink nie ek het enige betekenisvolle bydrae gelewer nie, daar my bedoeling was om te luister, te verneem, en te leer en veral te verneem wat die visie is wat die swart kerke het ivm met die ekumeniese denke.

Almal het gesê hoe verskillend ons ook dink, een ding weet ons die Skrif leer ons moet toesien dat die liggaam van Christus een moet wees, sigbaar moet wees in die wêreld.

Vraag 9 — U besoek aan Amerika in 1964 het u blootgestel aan die ekumeniese wêreld. Hoe het hierdie besoek u ekumeniese visie verbreed en neerslag gevind in die Suid Afrikaanse samelewing.

Respons : Die besoek aan Amerika, en die strewe van die Amerikaanse kerke om die worsteling om die liggaam van Christus

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


meer sigbaar aan die wêreld bekend te maak, het my beinvloed. Ek het besef die kerk van Christus is verdeeld. Nie net alleen in SA nie, maar ook in ander lande van die wêreld. Ek het besef dis vir hulle 'n worsteling om te weet hoe hulle daardie eenheid meer sigbaar, betekenisvol kan maak, want daardie kerke het besef dat as hulle nie sigbaar 'n getuienis in die wêreld kan gee van die eenheid van die liggaam van Christus nie, dan gaan die bevolking van Amerika nie meer die nodige steun liefde en toewyding aan die kerk gee nie.

Vraag 10 Hoe het die bywoon van die Mindolo konsultasie in Zambië u ekumeniese visie en die ekumeniese toneel in Suid Afrika beìnvloed ?

<u>Respons</u> : Prof Geyser en ekself was daar gewees. Prof A Pont het inligting bekom, foutiewe inligting wat aan die Hervormer oorgedra is. Ons was eintlik verplig om 'n hofgeding teen hom in te stel as gevolg van sy verdraaide inligting. Die beweringe van Prof Pont, het veral daaroor gegaan dat ons 'n geweldadige rewolusie wou bewerkstellig in Suid Afrika. Ons het die hofsaak gewen, maar die hartseer van die saak was dat prof Pont nie bereid was om tot versoening te kom nie. Die saad van bitterheid is diep gesaai.

Vraag 11 Hoe het die stigting van die African Independent

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Churches Association, bygedra tot die bevordering van 'n ekumeniese bewussyn in Suid Afrika ?

Respons : Die predikante in AICA sal self daardie vraag moet beantwoord. Ek dink dat indirek het die stigting van AICA by jou swart kerke die noodsaaklikheid tuisgebring dat daar interkerklike samewerking moet wees, sowel as kontak tussen historiese sendingkerke en onafhanklike kerke. Voorheen was daar baie min kontak. Aan my is gesê ek het 'n baie belangrike rol gespeel om daardie eerste oorbrugging te bewerkstellig, en om verlange by onafhanklike kerke te bevorder om kontak met historiese kerke te maak. Belangrik egter is dat ons by die waarheid van die evangelie moes uit kom naamlik die hele visie van die eenheid van die liggaam van Christus. En as dit in botsing met my siening is, moet ek buig voor die gesag van die Skrif en die Woord van Christus.

Vraag 12 Wat is na u mening die rol wat die Christelike Instituut gespeel het in die vorming van en bevordering van 'n ekumeniese bewussyn in Suid Afrika ?

Respons : Ek is oortuig daarvan dat die Christelike Instituut het 'n baie belangrike bydrae gelewer in die bevordering van 'n ekumeniese bewussyn in Suid Afrika. Die C I het baie duidelik gesê dat ons nie 'n kerk is nie. Dat ons nie 'n kerk wou wees nie, dat ons nie 'n kerk wou gaan stig nie. Ons was 'n aantal individuele Christene, wat die dubbele doelstelling van die Christelike instituut

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


wou bevorder nl die bevordering van die ekumeniese visie en die uitlig van die gesag van die Skrif oor ekumenise sake. Ek persoonlik meen die CI het 'n baie belangrike rol hierin gespeel. Ek sê dit omdat die hele klimaat sodanig was dat daar onder die oppervlakte in die hart van die kerk 'n diepe verlange was om die ekumeniese visie te bevorder omdat almal van ons geweet het, as ons nie duideliker die eenheid van die kerk van Christus gaan illustreer en bekend maak nie, dan gaan die kerk skade ly en talle Christene gaan hul belangstelling in die kerk verloor.

Vraag 13 Watter projekte van die CI sou u wou uitsonder wat 'n besondere invloed op die bevordering van die ekumene in Suid Afrika gehad het, en wat was u spesifieke rol daarin ?

Respons :..Ek kan my nie enige spesifieke projekte uitlig nie , behalwe die studie van Sprocas wat op indirekte manier 'n bydrae tot die bevordering van die ekumene gehad het.

Onderhoud beeindig : Op hierdie punt moes die onderhoud ongelukkig beeindig word, as gevolg van Beyers Naudé se verslegtende gesondheidstoestand. Hy het vir maande siek gebly en verdere onderhoude is nie deur die familie toegestaan nie.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Bylae B:

Onderhoud met Prof Piet Meiring : Verteenwoordiger van die Afrikaanse kerke op die Waarheids en Versoeningkommissie.

1 Prof Meiring, as lid van die Waarheids en Versoeningskommissie, wat was na u mening die impak wat die ideologie van apartheid op die Suid-Afrikaanse gemeenskap uitgeoefen het in die jare 1960 – 1994, en dan veral op kerklike en maatskaplike terrein ?

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


<u>Respons</u> : Die ideologie van apartheid het 'n geweldige invloed op elke terrein van die samelewing uitgeoefen: polities, sosiaal, ekonomies, wat die onderwys betref, kultureel, en beslis ook op die gebied van die kerk en teologie. Niks is onaangeraak gelaat nie, op een of ander manier is alle verhoudinge in die land deur die ideologie en praktyk van apartheid versteur. Wat kerklike verhoudings betref, was dit net so opmerklik.

Aan die een kant van die ideologiese kloof was die N G Kerk (en ook die ander Afrikaanse kerke) wat nie net die praktiese implementering van apartheid goedgekeur en selfs aangemoedig het nie, maar wat ook 'n teologiese fundering vir die ideologie verskaf het.

Aan die ander kant van die kloof was die Engelssprekende kerke wat die ideologie in beginsel teengestaan het en ook veroordeel het al het baie van hul lidmate en amspdraers oënskynlik vrede gehad met die status quo. Vir die N G Kerk wat aanvanklik 'n belangrike rol in die ekumeniese gesprek in SA gespeel het, het sy steun aan apartheid 'n breuk met sy ekumeniese vennote in die binneland en buiteland meegebring-iets wat die N G Kerk oor baie jare geïsoleer en verarmd gelaat het. Nog ernstiger, vir die swart en bruin en Asiër lidmate van die 'N G Kerfamilie' het die N G Kerk se steun aan apartheid baie verwarring en pyn meegbring. Aan die een kant was die 'dogterkerke' nie altyd welkom by die 'moeder' nie (veral nie

eredienste op Sondae nie), en aan die ander kant moes hulle gedurig die verwyt van swart en bruin mede-Christene verduur, dat hulle aan die apartheidskerk behoort.

Geen wonder dat van die felste kritici van die N G Kerk die afgelope dekades vanuit die kring van die eie 'familie' gekom het nie. Ook wat die beoefening van sy teologie betref, was die steun van die kerk aan apartheid gegee het, nadelig. Soveel energie het in die uitbouing en verdediging van die apartheidsteologie gegaan , dat min aandag aan ander teologiese en etiese vrae van die dag gegee kon word.

Ook wanneer die N G Kerk-teoloë probeer het om gedurende die laaste helfte van die vorige eeu hul stemme te laat hoor, om aan teologiese diskussies deel te neem, is die een deur na die ander vir hulle toegemaak. Ekumenies en teologies is die N G Kerk (soos die ander Afrikaanse kerke) al meer geïsoleerd gelaat.

2 Uit u deelname in die Waarheids en Versoeningskommissie, wat sou u sê was die invloed wat Beyers Naudé op die leef en denkwêreld van die gemiddelde Suid Afrikaner uitgeoefen het in die apartheidjare ?

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Respons : Beyers Naudé se invloed op die gemiddelde Suid-Afrikaner was groot. Hy was altyd daar - en mense moes eenvoudig van hom kennis neem, of hulle wou of nie! Aan die begin van sy loopbaan was hy die 'goue seun van die kerk', die briljante jong dominee wat met sy prediking, sy teologiese insig en sy leierseienskappe 'n inspirasie vir baie was. Later, toe hy ná Cottesloe gewaag het om 'n ander weg op te gaan, het hy die simbool geword van alles waarteen die gemiddelde blanke Suid-Afrikaner (veral die Afrikaners) gekant was: integrasie, opposisie teen apartheid, die einde van die tradisionele lewenspatroon waaraan hulle vir driehonderd jaar gewoond geraak het. Sy bevraagtekening van die tradisionele teologie van die kerk was 'n aanstoot vir baie.

Vir 'n minderheisgroep in die kring van die Afrikaners en Afrikaanse kerke, wat saam met hom baie vrae begin vra het oor apartheid en oor die profetiese rol van die kerk in die land, was Beyers Naudé se voorbeeld 'n ligbaken en 'n troos. Vir Swart en Bruin Suid-Afrikaners was 'oom Bey' (soos hy dekades lank bekend gestaan het) 'n geliefde figuur, een Afrikaner wat hulle nood raakgesien het en dit gewaag het om aan hulle kant te kon staan, om hulle stem te wees. Hoe dieper hy by die stryd teen apartheid betrokke geraak het en hoe duurder die prys wat hy en sy gesin daarvoor moes betaal, hoe groter het sy invloed gegroei. Vir baie - ook vanuit die buiteland - was hy die Bonhoeffer van Suid-Afrika.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


3 U was predikant , teoloog en kerkleier in die tydvak waarin Beyers Naudè as baanbreker vir die ekumene in Suid Afrika opgetree het, nl 1960-1994. Hoe sou u die ekumeniese bydrae van die Christelike Instituut in hierdie tydvak evalueer in terme van die seminale invloed wat die C I uitgeoefen het op die kerke ?

Respons : Aanvanklik was daar heelwat belangstelling in die CI, in Afrikaanse sowel as Engelse kerkkringe. 'n Hele paar dominees en teoloë het saamgewerk en saamgeskryf.

Toe die CI in die branding gekom het en toe die Algemene Sinode van die N G Kerk dit veroordeel het, het die steun vir die CI afgeneem - wat nie beteken het dat daar nie van kennis geneem is nie. In die N G Kerk se publikasies is daar dikwels na die CI verwys en is uitsprake van Beyers Naudè en sy kollegas CI aan die kaak gestel en beveg.

Dit was duidelik dat baie kerkleiers die invloed van Beyers Naudè en die CI, veral op jong teologiese studente en dominees, gevrees het. Die Engelse kerke was amptelik vriendeliker teenoor die CI, maar aangesien hulle lidmate nie veel anders as die gemiddelde

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Afrikaner oor apartheid gedink het nie, was hul steun aan die CI ook maar sag en dikwels binnesmonds. Vir swart Christene, veral binne die kring van die SARK, was die CI se werk 'n inspirasie.
Die steun wat Beyers Naudé en die CI vanuit die buiteland gekry het - veral vanuit die VSA, Engeland, Nederland, Duitsland en die Skandinawiese lande - was 'n duidelike aanduiding van hoe belangrik hulle die werk van die C I geag het.

4 Het u persoonlike kontak met Beyers Naudé gehad in die tydperk 1960-1994 en watter invloed het sy ekumeniese visie op u eie teologiese denke oor die ekumene gehad ?

Respons : Ja, heelwat! In die vyftiger en vroeë sestiger jare was my pa (ds A M Meiring, Heidelberg) moderator van die N G Kerk van Transvaal, terwyl oom Bey die jong assessor was. Moderatuursvergaderings is dikwels in ons pastorie gehou. Oom Bey en my pa het - selfs gedurende die storms ná Cottesloe - kontak met mekaar gehou. Ek het tuis 'n brief waarin oom Bey nog aan my pa skrywe dat hulle asseblief nie moet dink dat hy arrogant of beterweterig wil wees nie, maar dat hy vanuit sy diepste oortuiging nie anders kan as om die weg op te gaan waarop die Here hom geplaas het nie.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Toe ek as eerstejaarstudent aan UP by Sonop-tehuis aangemeld het, was oom Bey se oudste seun Johan ('Doom') 'n mede-'ienk', wat meegebring het dat ons paaie bly kruis het. Toe ek as jong dominee in Pretoria bevestig is en later na Turfloop toe is as dosent in diens van die N G Kerk in Afrika, was daar ook van tyd tot tyd kans om kontak te hou. Gedurende die tyd dat oom Bey geban is, was dit moeiliker - maar na sy ontbanning was die kontak meer reëlmatig. Die laaste paar jaar was dit my voorreg om hom meer dikwels te sien en 'n keer of wat die woord te voer by huldigingsgeleenthede.

Om my eie denke het oom Bey 'n groot invloed gehad. Sy teologiese insigte het my aan die dink gesit! Ek het soms as jong man gemeen dat van die dinge wat oom Bey in Pro Veritate skryf partykeer 'n bietjie eensydig en oordrewe is - net om later tot my skande uit te vind dat wat hy gesê het korrek was.

Sy evangeliese inslag, sy ekumeniese aanvoeling, die moeite wat hy gedoen het om brue te bou, sy merkwaardige liefde vir die N G Kerk wat hom uit gestoot het, sy nederigheid, sal my altyd bybly. Oom Bey se voorbeeld, dat hy bereid was om te ly ter wille van sy oortuigings, was 'n inspirasie en dikwels 'n beskaming vir my. Oom Bey het die pad gekies van 'n profeet buite die mure van die N G Kerk, terwyl ander (Ben Marais, David Bosch en andere) hulle stemme binne die mure laat hoor het. Vir altwee soorte profete was daar 'n eie rol. Oom Bey s'n was die moeiliker een, maar dat die Here hom op 'n merkwaardige manier gebruik het, staan vas!

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


5 Wat was na u mening die uitstaande bydrae van Beyers Naudè in terme van sy rol om die kerke in Suid Afrika te verenig in die stryd teen die ideologie van apartheid ?

<u>Respons</u> : Oom Bey het 'n groot rol gespeel om die kerke te verenig in hul stryd teen apartheid. Sy duidelike standpuntstelling, sy organisatoriese vermoëns, die vestiging van die CI en Pro Veritate, sy onvermoeide ywer ter wille van die stryd teen apartheid, sy gewilligheid om te ly, het alles meegewerk. Gedurende die tyd wat hy as algemene sekretaris van die SARK opgetree het, was dié liggaam omtrent die enigste wat nog met buitelandse kerke en menseregte-organisasies kon kontak hou, en was die SARK die kanaal waardeur groot bedrae geld en ander hulp na politieke gevangenes en hul families, asook na anders slagoffers van apartheid, gekanaliseer is.
Met die vorming van die United Democratic Front toe talle kerkleiers hulle openlik teen apartheid verset het, was Beyers Naudè saam met Tutu en andere aan die voorpunt.

6 In retrospektief, as lid van die Waarheids en Versoeningskommissie, sou u saamstem met die stelling dat die ideologie van apartheid die Suid Afrikaanse samelewing op kerklike gebied verdeel het, en in watter mate ?

<u>Respons</u> : Baie beslis. Die grootste fout van apartheid was dat dit so goed gewerk het! Soos op elke terrein van die samelewing is die

University of Pretoria etd – Heaney, M J  (2004)


kerke daardeur geraak en verdeel.

Tydens die WVK se getuienisgeleentheid vir geloofsgemeenskappe in Oos-Londen (November 1997) was dit duidelik dat daar drie groepe in die land was en dat lidmate van al die kerke (en ook die ander geloofsgemeenskappe) onder al drie groepe te vinde is:
(1) dié wat apartheid verdedig het en daarvan voordeel getrek het, (2) dié wat slagoffers van die sisteem was, en (3) diegene wat teen apartheid gestry het.

7 Hoe sou u, na aanleiding van u deelname aan die WVK, die opmerking van Beyers Naudè beoordeel , as hy sê dat die predikante in Suid Afrika "....skuldig is daaraan dat hulle die regeerders van die land toegelaat het om die ideologie van gedwonge skeiding ter wille van sogenaamde orde en reg ongestoord deur te voer sonder 'n verenigde verset deur die verkondiging van geregtigheid en vrede. (Kroniek van die Waarheids en Versoeningskommissie : 161)

Respons : Beyers Naudé se uitspraak (in sy ope brief) was 'n beskaming vir baie. As oom Bey so sê, wat dan van ons! Maar dit

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


bly waar dat baie dominees, die kerk in die algemeen, nie hul profetiese roeping nagekom het nie. Ons het nie raakgesien wat om ons gebeur nie - of ons wou nie raaksien nie.

En ons was dikwels huiwerig om in ons prediking, in ons kerklike besluite asook in ons onderhandelinge met die regering te sê wat gesê moes word. Ons het dikwels die evangelie en die eise wat die evangelie stel, gekompromitteer - of dit so binnesmonds verwoord dat ander ons nie kon hoor nie!

8 Sou u gemaklik wees met die stelling dat Beyers Naudé 'n baanbreker was vir die ekumene in Suid Afrika, in die tydvak 1960 -1994 en lig u respons toe met moontlike verwysings wat u antwoord kwalifiseer ?

Respons : Ek stem saam met die stelling. Die ekumeniese visie wat hy ontwikkel het, die voorbeeld wat hy gestel het, die kontakte wat hy aangeknoop het, die brûe wat hy na alle kante toe gebou het, sy vreeslose stem, het alles daartoe bygedra. Naudé was nie sonder foute nie. Hy is die eerste om dit te erken. Sy hantering van die Afrikaner Broederbond gegewens, toe vertroulike inligting in die hande van die pers beland het, is iets waaroor hy vandag nog jammer is - en dikwels al om verskoning gevra het.

9 As lid van die Waarheids en Versoeningskommissie is u blootgestel aan die lyding van Suid Afrikaners onder

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


apartheid. Was die gevolge van apartheid regtig so skadelik vir interkulturele en interkerklike verhoudings as wat die verslag van die Waarheids en Versoeningskommissie te kenne gee, en kan u u antwoord toelig met konkrete voorbeelde?

Respons: Die antwoord is ongelukkig 'ja'. Apartheid was - ten spyte van die goeie bedoelings van baie - in elke opsig negatief. Dit het die lewens van miljoene mense diep geraak: nie net die 27 000 wat deur die WVK as slagoffers van ernstige menseregteskending aangewys is nie, maar die 40 miljoen swart en bruin Suid-Afrikaners wat elke dag met die negatiewe gevolge van apartheid te make gehad het. Ook vir blanke Suid-Afrikaners was apartheid 'n albatros om die nek-en was die aanbreek van 'n nuwe demokratiese bestel 'n gawe van die Here.

10 Watter invloed het Beyers Naudé na u mening gehad op die Nederduitse Gereformeerde Kerk se teologiese nadenke ,veral as profeet vir en gewete van die kerk ?

Respons : Soos hierbo gesê het Naudé 'n onuitwisbare invloed op die N G kerk se teologiese denke gehad. Sy teenstanders sowel as sy navolgers het hom baie ernstig opgeneem! Hy het die teoloë uitgedaag om die konsekwensies van die Gereformeerde teologie in ons land te trek - en uit te leef. Sy woorde was nie goedkoop nie, as Suid-Afrikaanse 'Bonhoeffer' het hy duidelik gewys hoe duur die eis van dissipelskap in Suid-Afrika werklik is.

Hy het die N G Kerk se apartheidsteologie en praktyk met groot erns aan die kaak gestel en bestry - en toe die N G Kerk uiteindelik sy foute en sy sonde in dié verband raakgesien en bely het, was Beyers Naudé van die eerste om sy hande uit te steek en die kerk op pad terug na die Christelike gemeenskap te begelei.

Dit was 'n roerende oomblikke toe oom Bey by die N G Kerk se algemene sinode van 1994 terugverwelkom is en, 'n paar weke later, toe hy persoonlik die voorstel by die SARK ingedien het om die N G Kerk na al die jare in die gemeenskap van al die ander kerke terug te verwelkom. Oud-president Mandela het gesê: Die feit dat Afrikaners altyd welkom in Suid-Afrika sal wees, dat hulle hul koppe kan optel ná apartheid, is aan een man te danke: Beyers Naude!

Bylae C:

Onderhoud met Dr W Kistner, kollega in die *Ecumenical Advice Bureau*, oor sy verhouding met en siening van die rol van dr Beyers Naudè as baanbreker tov die ekumene in Suid-Afrika. 23 Junie 2003.

1 How long did you and dr Naudé have a working relationship, if any?

Response: I knew Beyers Naudè from 1976, from the SACC . We

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


were friends.

2 How do you see the role dr Naudè fulfilled in uniting the churches in South Africa against apartheid?

Response : The churches were divided internally and he brought the different sections together, in the struggle against apartheid that includes the laity and the Church leaders.

3 Do you think the ecumenical journal: “ Pro Veritate “ had a seminal influence in uniting the churches in South Africa against apartheid ?

Response: Yes. It stimulated thought and caused opposition against apartheid.

4 How would you assess the role dr Naudè fulfilled as director of the Christian Institute?

Response: He brought individual Christians from different Christian Churches together, in study circles, joint Bible studies, and how the Bible related to issues in South African society. He challenged the churches to discuss the issues of socialism, and stimulated debate.

5 How would you assess the role dr Naudè played as secretary of the SACC (South African Council of churches

Response : He was secretary in a short transition period, the period of political transition. His role was important in preparing the minds of the people for elections and helping them face the issue of how negotiations are advisable against the background of being opposed to apartheid and suddenly be prepared to negotiate for a new dispensation.

6 Would you agree with the statement that dr Naudè was a trailblazer for ecumenism in South Africa in the period 1960 -1994?

Response: To describe him as a trailblazer would be too sensational; one would rather speak of his witness as contribution to the witness of the church. Maybe it would be better to speak of his witness as Christian.

There were certain passages of Scripture which was proclaimed in various stages in his life, for example, Acts 5, and 2 Cor 5. One of the major themes prevalent in his witness was the subject of reconciliation.

7 Do you think dr Beyers Naudè was influenced by liberation theology in formulating his own theology?

Response: Beyers Naudè practiced his theology under pressure. I think he was initially influenced by the confessing Church in Germany, but also by Black consciousness and also by Black

Theology.

8 How would you describe the ideological critique of dr Naudè, if any?

Response: He listened, had a sensitivity , for suffering people, he realized that other Christians were responsible for the suffering of their fellow Christians and that would have had a impact on his theology.

9 How would you evaluate the overall contribution dr Naudè made to ecumenism in South Africa?

Response : His call to be obedient to the authorities, under pressure, his passion for reconciliation, his consistent line of thinking stood out. Even after the political transition he still remained critical.

10 How would you describe your own relationship with dr Naudè?

Response: It was one of friendship, we worked together in The Ecumenical Advice Bureau from 1988 – 1997.

11 How would you describe the contribution dr Naudè made to theology in general?

Response : I refer to my previous comments in the interview.

12 What would your assessment be of the so called "seven lean years " (house arrest) of dr Naudé? Do you think he had any influence on society, if any?

Response: The Christian Institute was in a critical stage. The Schlebusch suppression gave Beyers Naudé publicity, he ave credibility to the Black Consciousness movement. The banning of Beyers Naudé did not destroy the Christian Institute, but gave it more influence and the diaspora of its members, propagated its work.

13 How would you describe the political role of Beyers Naude

Response : He upheld theological principles in time of change and brought people together.

14 Who, to your knowledge played a formative role in the viewpoints of Beyers Naudè ?

The Moravian church through his wife; His father, His wife, Ben Marais, Prof du Plessis.

15 How would you evaluate the influence of dr Naude in the African Independent Churches association (AICA), and what was the role of AICA ?

Response: It illustrated his strength in listening to people. People

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


felt accepted and it was a great relief to be listened to. That was one of the difficulties in him being so a good listener, that people thought he was taking sides.

16 How would you describe the role Dr Naudè played as ecumenical figure in the period 1990 – 1994 ?

Response: His role was mainly as a symbolical figure, as he was getting weaker. People went to him for advice. He had a certain radiation, that was a gift. His integrity was respected. He supported scholarships for younger people. He had the ability to raise and channel money for good causes.

Bylae D: Onderhoud met Dr Nico Smith (voormalige medeleraar en vriend van Beyers Naudé)

Vraag 1: In watter hoedanigheid het u dr Beyers Naudé geken?

Respons: My eerste kennismaking met dr Beyers Naudé was as vierdejaar student in die Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Hy was destyds studenteleraar en het op 'n besondere wyse met die studente omgegaan en hulle vertroue gewen. Hy het ook groot belangstelling in die sending gehad en het aan ons wat Sondae

sendingwerk in die hospitale onder die swart pasiënte gaan doen het, altyd sy medewerking en ondersteuning verleen.

Nadat ek my studies voltooi het en vir twee en ŉ half jaar in die gemeente, Benoni-Noord werksaam was, is ek as sy medeleraar na die Moedergemeente in Potchefstroom beroep. Dit was vir my ŉ besondere eer en geleentheid om met hom saam in ŉ gemeente te wees en ek het daarna uitgesien om baie van hom te leer. Ek was veral vir die Jeugwerk in die gemeente verantwoordelik.

Na ŉ jaar is ek egter op ŉ besondere wyse gelei na Vendaland om daar ŉ sendingstasie te begin. Ek en my vrou sou daarheen vertrek sonder die waarborg van ŉ vaste inkomste. Maar dr Naudé het hierin ook ŉ besondere rol gespeel deur talle individue te kry om ons finansieel en andersins te ondersteun. Hy het my dan ook op Louis Trichardt (Makado) as sendeling kom bevestig.

Uit die gemeente Potchefstroom het met dr Naudé se samewerking die eerste groep studente in Desember 1952 na ons gekom om te help met die opbou van die sendingstasie. Dit was die begin van die latere werkerskampe wat deur talle studente van verskillende universiteite meegemaak is op baie verskillende sendingstasies.

Vraag 2: Op watter wyse het dr Naudé volgens u die skeidsmure wat mense van mekaar geskei het in hierdie land probeer afbreek?

Respons : Die belangrikste wyse was natuurlik dat dr Naudé tot die insig gekom het dat die politieke beleid van apartheid nie regverdigbaar was nie deurdat dit die swartmense in die land veronreg het. Sedertdien het hy persoonlik deur die skeidsmure wat apartheid daar gestel het, gebreek en met mense van die ander bevolkingsgroepe in die land begin kommunikeer. Sy insig dat apartheid verkeerd was, het ek nog persoonlik gedurende die jaar wat ek sy mede-leraar was, meegemaak. dr Naudé was destyds moderator van die NG Kerk sinode, Suid-Transvaal. Hy moes gevolglik dikwels na Johannesburg gaan vir kerklike vergaderings. Wanneer hy ander kerkleiers vir samesprekings ontmoet het, het hy aan my gesê: "Nico, al die swart kerkleiers kan tog nie verkeerd wees as hulle almal sê dat hulle mense deur apartheid onderdruk en veronreg word nie. Ons sal weer oor apartheid moet begin dink". Hierdie bewussyn het by hom gegroei namate hy ook met sendelinge van die NG Kerk wat in die swart gemeentes gewerk het, nouer kontak opgeneem het.

Ek sou dus sê dat die belangrikste wyse waarop dr Naudé die skeidsmure afgebreek het was deur persoonlik met die swartmense kontak te maak en hom te vergewis van hulle omstandighede en na hulle roepstemme om bevryding te luister.

Vraag 3: Op watter wyse het dr Naudé waardering getoon vir die godsdienstige tradisies van ander wat verskil het van die van sy eie?

Respons: Ek dink dat dr Naudé deur die bevryding wat hy in

homself beleef het toe hy hom van die Afrikaner-*establishment* losgemaak het en die Christelike Instituut gestig het, hy in die eerste plek die eng grense van sy eie kerklike verband deurbreek het en met talle mense van baie verskillende kerke begin saamwerk het. Dit het sy gees verruim en hy was nie meer ŉ gevangene van sy eie taal, kultuur en tradisies nie. Hy kon vrylik met mense van ander kerklike tradisies kommunikeer. Sodoende is sy gees ook verruim om mense van ander godsdienstige tradisies te respekteer en vrylik met hulle om te gaan. Dit was veral ook sy kontak met die Indiër gemeenskap met wie hy in noue aanraking gekom het deur die NG Kerk se sendelinge wat onder die Indiërs gewerk het. Manne soos Proff Charl le Roux en Gerrie Lubbe het hierin ŉ belangrike rol gespeel.

Vraag 4: Op watter wyse het dr Naudé, volgens u die hoop en wanhoop wat hy beleef het oor die situasie in Suid-Afrika met ander gedeel?

Respons: Wat sy hoop betref, glo ek dat dit geheel en al gevestig was op die bevryding van die land uit die greep van die politieke ideologie van apartheid. Daarvoor het hy gewerk en gebid en dit bly hoop. En sy wanhoop was oor die Afrikaners en hulle regering wat met verhardheid bly glo het dat apartheid die enigste oplossing vir rasse verhoudings in Suid-Afrika was. Oor die Afrikaners se houding het hy dikwels ook teenoor my, sy wanhoop uitgespreek.

Hierdie hoop en wanhoop het hy met ander gedeel deur sy besonder

gawe van kommunikasie. Dr Naudé het elke mens met wie hy gepraat het, ernstig geneem en het veral die vermoë gehad om te luister. Deur sy innemende geaardheid kon hy mense gou op hulle gemak laat voel en kon hy dus sy hart teenoor hulle uitpraat en met hulle sy hoop en wanhoop deel.

Vraag 5: Wat sou u sê was die grootste dryfveer wat dr Naudé daartoe gebring het om te sê apartheid was verkeerd, en watter rol het die Bybel hierin gespeel?

Respons: Soos reeds hierbo aangedui, glo ek dat dit deur sy persoonlike kontak met swartmense was dat sy oë begin oopgaan het. Dit was een van die geslaagste taktieke van die apartheidsregime dat dit die kontak tussen wit en swart in die land tot ŉ minimum beperk het. So moes ŉ wit persoon wat ŉ swart woonbuurt wou binnegaan, eers om ŉ permit vir toegang aansoek doen.

Daarin moes hy aandui vir watter doel hy die woonbuurt wou binnegaan, vir wie hy gaan spreek en waaroor en hoe lank sy verwagte teenwoordigheid in die woonbuurt sou wees. Aan hierdie wet is ek self nog onderwerp toe ek predikant van die swart gemeente in Mamelodi geword het. Ek het dit egter slegs eenkeer gedoen en toe besluit dat ek nooit weer toestemming sou vra nie omdat dit ŉ skreiende wyse van inperking van mense se vryheid van beweging beteken. Ek het hierin dus die weg van burgerlike ongehoorsaamheid gevolg. Dit was juis hierdie soort strategie van

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


apartheid wat dr Naudé ingesien het as van die ergste vergrype teen swartmense se menswaardigheid. En wat onregverdig was, het hy as teen die Bybel se weg vir die mens en die samelewing beskou.

Ongelukkig het Beyers Naudé weinig geskryf en geskrifte nagelaat waarin hy sy persoonlike teologiese beskouings nader uitgespel het. Naudé was ŉ aktiewe mens (aktivis) en daarom het hy weinig tyd gevind om teologies te kon produseer. Daar is egter talle ander geskrifte wat hy gelewer het. ŉ Sistematiese uiteensetting van sy teologiese insigte en beskouings het egter ontbreek. Maar as ŉ diep gelowige mens, spreek dit vanself dat dr Naudé sy beskouings vanuit die Bybel sou begrond.

Vraag 6: Op watter wyse het dr Naudé medelye en ontferming teenoor mense betoon?

Respons: Ja, omdat dr Naudé so ŉ simpatieke (ireniese) mens was, was medelye en ontferming natuurlik deel van sy menswees. Hy het dit in die eerste plek betoon deur gewillig te wees om na die swartmense te luister en hulle noodkrete ernstig te neem. Op die wyse het hy hom aan die kant van die verdruktes en die armes geskaar. Hy het deur sy buitelandse kontakte dan ook groot somme geld ingesamel en in diens van die armes in die swart gemeenskappe gestel. Hiervan was die talle beurse wat hy aan swart

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


leerlinge en studente beskikbaar gestel het, waarskynlik die belangrikste.

Vraag 7: As u die leierskapsrol van dr Naudé sou tipeer, hoe sou u dit beskryf?

Respons: In die eerste plek sou ek sê dat dit sy charismatiese persoonlikheid was wat hom ŉ besondere mens gemaak het. En met charismaties bedoel ek dat hy mense ernstig geneem het, ander wat van hom verskil het, nooit summier verwerp het nie, baie simpatiek kon staan selfs teenoor diegene wat hom verwerp het en nooit toegelaat het dat bitterheid van hom besit neem nie. Hy het rustig en ongesteurd sy weg gegaan en dit gedoen waarvan hy oortuig was dat hy dit moes doen.

Vraag 8: Indien iemand dr Naudé sou tipeer as ŉ gewonde geneser, sou u daarmee saamstem?

Respons: Ja, iemand sou hom as sodanig kon tipeer. Persoonlik dink ek nie dat dr Naudé homself as sodanig sou tipeer nie. Hy het homself nooit as gewond beskou nie. Hy het trouens begrip gehad vir diegene wat hom bestry en verwond het. Dit klink na ŉ soort kontradiksie – enersyds het ander hom wel gewond maar self het hy nooit verwond gevoel nie en nooit soos ŉ gewonde mens opgetree nie. Daarom sou ek hom eerder as ŉ verwonde geneser wou beskryf. Miskien moet ŉ mens nader ingaan op die betekenis-

konnotasie van die twee woorde, gewond en verwond. Hulle lê dig bymekaar maar daar is tog wel ŉ ander nuanse wat aan die woord verwond verbonde is. Geneser was hy wel omdat hy probeer heelmaak het wat in Suid-Afrika stukkend gegaan het, nl. menslike verhoudings.

Vraag 9: Hoe sou u die bydrae wat dr Naudé gelewer het in die aftakeling van apartheid tipeer?

Respons: Vir my is die belangrikste dat dr Naudé ŉ simbool van verset geword het. Hy het nie slegs wat verkeerd was geopponeer nie maar hom daarteen verset. En daar is ŉ daadwerklike verskil tussen opponeer en verset. Verset dui op die daad. Hy was onder andere gewillig om aan straatoptogte as teken van verset deel te neem – ŉ optrede wat in die apartheidsjare as blasfemie beskou is en daarom beskou as ŉ optrede waaraan geen ordentlike Christenmens moet meedoen nie. Opponeer bestaan gewoonlik slegs in woorde. Dr. Naude het die simbool geword van Afrikaner bevryding.

Juis omdat hy so ŉ besondere leiersrol onder die Afrikaners gespeel het en hom uiteindelik teen hulle dade verset het, het hy vir talle ander Afrikaners tot inspirasie gedien. Die feit dat hy as Afrikaner kerkleier nie bereid was om te swyg oor wat hy as verkeerd beskou het nie, het aan hom beslis ŉ ere-plek in die geskiedenis van die Afrikaners verleen.

Vraag 10: Watter rol het persoonlike vroomheid, soos onder andere

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


gebed en Bybelstudie, na u mening in die lewe van dr Naudé gespeel?

Respons: Soos reeds hierbo in antwoord op ŉ ander vraag, vermeld, was dr Naudé ŉ vroom mens. Ek sou hom selfs as van piëtistiese godsdienstige oriëntering beskou. Ek glo dat hy dit hoofsaaklik in sy opleiding as predikant meegekry het. Die spiritualiteit van die NG Kerk was immers altyd sterk Piëtisties geneigd. Miskien was dit ook die rede dat dr Naudé, soos dit gewoonlik met ŉ Piëtistiese geestelike instelling gesteld is, nooit werklike belangstelling in die teologie getoon het nie. Hy was ŉ man van van die daad en daarby van vroomheidsdade. Sy Piëtistiese instelling het hom egter geen nougesette mens gemaak nie. Hy het tog ook ŉ ruimheid van gees gehad wat strenge godsdienstige grense deurbreek het.

Watter rol gebed en Bybelstudie in sy persoonlike geloofslewe gespeel het, sou ek nie kan sê nie. Ek neem egter aan dat as gevolg van sy vrome instelling, hy wel die Bybel voortdurend sou bestudeer het. Ek dink dat dr Naudé liefs self die vraag na sy Bybelstudie en gebedslewe sal moet beantwoord. Dit is immers sake waaroor ŉ mens nie ligtelik met ander oor sal praat nie, tensy jy daarmee ŉ soort aansien wil verwerf.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Bylae E: Onderhoud met Rudolph Meyer. (Vriend van Beyers Naudé en redakteur van Pro Veritate).

Vraag 1: In watter hoedanigheid het u dr Beyers Naudé geken ?

Respons: Ek het hom geken as vriend , as medewerker, as redakteur van Pro Veritate, en as direkteur van die CI. Ons was saam op Zenith drukkery se raad, en het gesamentlike projekte

bedryf soos die Botshabelo trust vir arm mense. Ons was ook nou betrokke by die eenheidsproses tussen die NGKA en die NGSK. Ons het ook tegelyk uit die NG Kerk bedank. Ek ken hom reeds van 1962.

Vraag 2: Op watter wyse het dr Naudé volgens u die skeidsmure wat mense van mekaar geskei het in hierdie land probeer afbreek ?

Respons: Hy het persoonlike kontak met leiers gehad en hul probleme met hulle bespreek. Hy wou kerke bymekaarbring en het debatte met andersdenkendes soos Prof Carel Boshoff gevoer. Hy het baie skryfwerk gedoen, maar veral het hy hom op die evangelie beroep en vir kerkeenheid beywer. Hy het mense van verskillende kulture bymekaar gebring sodat hulle hulle griewe, nood en smart met mekaar kon deel, veral die nood van die Swart bevolking wat gely het onder apartheid is onder die aandag van die Blankes gebring.

Vraag 3: Op watter wyse het dr Naudé waardering getoon vir die godsdienstige tradisies van andere wat verskil het van die van sy eie?

Respons: Hy het sy opposisie met respek benader en na hulle kant toe oorgebuig en was bereid om die tweede myl te loop. Hy het waardering gehad vir die godsdienstige tradisies van andere . Hy het graag na mense geluister en wou hulle op persoonlike vlak

bereik. Dit was tegelyk sy sterkpunt, maar ook sy swakpunt was dat hy te maklik toegegee het.

Vraag 4: Op watter wyse het dr Naudé, volgens u die hoop en wanhoop wat hy self beleef het oor die situasie in Suid Afrika met ander gedeel?

Respons: Hy was 'n positiewe mens wat baie hoop gehad het en uitgestraal het. Sy hoop was groter as sy wanhoop, ongeag hoe haglik die omstandighede was. Sy wanhoop was dat daar nie verandering in Suid Afrika gekom het nie. Dit het hom gedryf om vir sanksies te vra. Die besluit was dalk eerder uit sy wanhoop gebore.

Vraag 5: Wat sou u sê was die grootste dryfveer wat dr Naudê daartoe gebring het om te sê apartheid was verkeerd, en watter rol het die Bybel daarin gespeel?

Respons: Die nood van die Swartmense en sy kontak met anderskleuriges het hom onder die indruk gebring van hulle lyding. Hy het sy standpunte altyd getoets aan die Bybel, en het apartheid vanuit die Bybel afgewys.

Vraag 6: Op watter wyse het dr Naudé medelye en onterming teenoor mense betoon?

Respons: Hy het dit op allerlei maniere gedoen. Op strukturele vlak het hy groot maatskappye uitgedaag om iets aan die nood van die Swartman te doen. Op persoonlike vlak het hy waar hy kon geld ingesamel wat hy aan die armes uitgedeel het.

Vraag 7: As u die leierskapsrol van dr Naudé sou moes tipeer, hoe sou u dit beskryf?

Respons: Hy was 'n empatiese leier en nie voorskriftelik nie. Hy was ondersteunend en het daarin geslaag om ander op die voorgrond te stel. Sy styl was meer demokraties as outokraties.

Vraag 8: Indien iemand dr Naudé sou tipeer as 'n gewonde geneser, sou u daarmee saamstem en waarom ?

Respons: Ek sou sê dat hy wel gewond was , maar dan nie in die sin van 'n slagoffer nie. Hy was eerder 'n benadeelde geneser. As die lewe hom wonde toegedien het, het hy dit goed verwerk.

Hy het egter die pyn van ander fyn aangevoel omdat hy so empaties was. Hy het die nood van ander probeer verstaan.

Vraag 9: Hoe sou u die bydrae wat dr Naudé gespeel het in die aftakeling van apartheid tipeer?

Respons: Sy naam is in die hoogste kringe genoem , soseer dat die ANC hom genader het om hulle by die regering te verteenwoordig

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


in die gesprekke oor 'n nuwe toekoms. Hy het 'n groot rol gespeel om ook in die buiteland die situasie in Suid Afrika vir mense te interpreteer. Hy het ook die onderbou vir sanksies verskaf. Sy publieke Getuienis was belangrik en sy stem het selfs tot in die parlement in Nederland weerklink.

Vraag 10: Watter rol het persoonlike vroomheid, soos onder andere gebed en Bybelstudie na u mening in die lewe van dr Naudé gespeel ?

Respons: Hy was 'n toegewyde mens wat baie gebid en op die Here vertrou het. Hy het in die Bybel probeer naspeur wat die Here van hom vra, veral die vraag na God se wil was vir hom belangrik. Veral die Bybel se aanspraak dat ons aan God meer gehoorsaam moet wees as aan mense het hom sy lewe lank beinvloed.

Bylae F:

*1* *Pro Veritate*: Die sestigerjare. 1962 - 1970

Die Suid Afrikaanse samelewing in die sestigerjare, is gekenmerk deur die implementering van apartheid. Wette soos die Wet op Gemengde Huwelike, die Bevolkingsregistrasiewet en die Wet op Bantoe onderwys, is al strenger toegepas en geadministreer. Die

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


tydperk na 1962 was ook die tydperk na die ekumeniese breuk te Cottesloe, die stigting van die Christelike Instituut, en die opkoms van die Swart Bewussynsbewegings.

In hierdie tyd het *Pro Veritate* gedien as klankbord en instrument waardeur die gewete van die kerke sensitief gehou is vir die rasse en kleurvraagstuk in Suid Afrika. Verskeie sake het onder die loep gekom. Die roeping van die kerk in 'n veelrassige gemeenskap is aangespreek. Die verganklikheid van 'n ideesisteem (ideologie) soos apartheid en dat mense nie hul hoop daarop moes vestig nie het aandag geniet.

'n Ander saak wat beklemtoon is, was die eenheid van die kerk. Die isolering van gelowiges op gemeentelike vlak van die universele kerk word uitgelig. Nog 'n tema wat aangeraak is, was dat die tydsgewrig waarin die kerke hulle bevind het, gevra het vir 'n profetiese roepstem. Die invloed van die ekumene op die lewe van die Christen word ook in *Pro Veritate* beskryf .

Daar word gekies vir die ekumeniese visie van die Wêreldraad van kerke. Ekumenisme in die kerk, as beweging van die Heilige Gees word beskryf in terme van die beweging van *Faith and Order* en *Life and Work.* Beyers Naudè spreek hom ook ten gunste daarvoor uit vir die daarstelling van 'n Belydende Kerk op voetspore van die Duitse ervaring van die dertigerjare, waar Dietrich Bonnhoefer 'n leidende rol gespeel het. Die term "Belydende Kerk," beteken vir Beyers Naudè nie nuwe kerkformasie nie. Dit beteken eerder dat

Christene uit elke denominasie hulle kerke oproep om 'n ondubbelsinnige standpunt en getuienis vanuit die Woord van God te laat hoor. Die gebrek aan Bybelse vorming en teologiese begrip onder lidmate word ook betreur in hierdie tydperk. In Volume 5 van *Pro Veritate* is dit duidelik dat Beyers Naudè se ekumeniese roepstem ook in die buiteland weerklank gevind het.

Sterk standpunt word in hierdie tyd ook uitgespreek teen die onskriftuurlike beleid van apartheid en rassevooroordeel in die samelewing. Die Afrikaner en sy kerk word ook daarmee daarmee gekonfronteer dat hulle verdedigers is van 'n party-politiese ideologie. Ook die projekte van die Christelike Instituut soos Sprocas geniet aandag in die blad. Sprocas was 'n projek wat gesamentlik deur die Suid Afrikaanse Raad van kerke en die Christelike Instituut geloods is, met die oog op die transformasie van die Suid Afrikaanse samelewing. Beyers Naudé waarsku ook in *Pro Veritate* dat die stilswyende stem van die meerderheid anderskleurige landgenote, die Blankes in die land onrustig behoort te stem.
Hieronder volg uittreksels uit die volumes wat in die sestigerjare van *Pro Veritate* verskyn het, waarin spesifiek die ekumeniese wekroep van *Pro Veritate* uitgelig word. Die name van medewerkers word sover moontlik, vermeld.

*Pro Veritate : Volume 1*

In hierdie volume word veral aandag gegee aan die roeping van

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


die kerk in ‘n veelrassige gemeenskap. Veral ook die jeug se dilemma word onder die soeklig geplaas. Die jeug se dilemma met die kerk se dogma en lewenspraktyk word in ‘n redaksionele artikel belig. Die jeug van Suid Afrika se krisis om Christus se gebed om die eenheid van Sy kerk te versoen met die verdeeldheid van die kerk, word toegelig. ‘n Christendom wat homself onttrek in die beoefening van persoonlike piëteit, en nie antwoorde het vir die lewe van die ingrypende vraagstukke van die dag soos rassisme nie, loop die gevaar om die jeug te verloor. Hiermee wil *Pro Veritate* dan ook ‘n oproep doen op die publiek om die toekoms van die kerk en die rol van sy opkomende lidmate in die aanspreek van die rassedilemma in ag te neem (*Pro Veritate* 15.02.1963 : 3) .

T o v die kerk en die belydenisskrifte word daarop gewys dat die Dordtse leerreëls daaroor duidelik is dat die uitverkiesing van die gelowiges een en al is vir die gelowiges wat salig word. Die heil in Christus is bestem vir alle volke. Dit gaan in die belydenisskrifte net om die teenstelling tussen gelowiges en ongelowiges. Die evangelie is bestem vir alle volke (*Pro Veritate* 15 . 05. 1963 : 2).

*Pro Veritate : Volume 2*

In hierdie volume, in 'n artikel deur Prof J C G Kotzè, word verwys na 'n ideësisteem wat vir 'n beskawing 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid gee. Hier word implisiet verwys na die ideologie van apartheid. Sekere idees en oortuigings bevredig gemoedere, maar is nie blywend nie. Mense bou om bepaalde idees en oortuigings 'n sisteem. Dit kan egter gebeur dat sulke sisteme ineenstort, omdat die idees waarom hulle gebou is nie meer gemoedere bevredig nie. So kom die soekende mens tot nuwe idees. Wanneer die nuwe idees die massas aangryp, vind 'n platoverskuiwing plaas. Dis asof die een era afsluit en 'n ander een begin. Die rassesituasie van die dag met al sy eise en spanninge, sal volwassenheid en rypheid van almal vereis.

*Pro Veritate* waarsku sy lesers dat die tye besig is om te verander. Die realiteit sal verwerk moet word en daarvoor sal verantwoordelikheid aanvaar moet word. By die veranderde omstandighede sal aangepas moet word.

Die ideesisteme waarop mense hul hoop vestig, soos apartheid , sal uieindelik ook tot niet gaan. *Pro Veritate* wil dus sy lesers oproep om bewus te wees van omstandighede wat besig is om te verander en daarby aan te pas (*Pro Veritate*, 15:06. 1963 : 2).

'n Ander saak wat in hierdie volume aandag geniet is die eenheid van die kerk. Die isolering van gelowiges op gemeentelike vlak van die universele kerk word deur Eerwaarde J B Hawkridge

uitgelig. Die gevaar dat hierdie isolasie daartoe kan lei dat individuele kerke hulle alleen as die ware kerk kan beskou, word toegelig. Daar word ook daarop gewys dat 'n groeiende kerklike introversie kan lei tot konflik tussen die kerke. Sosiale opskuddings, ongelykheid, ook kulturele ongelykheid dra daartoe by. Die eenheid van die kerk is imperatief. Die kerke moet uit een mond kan praat (*Pro Veritate*, 15.08. 1963 : 6-7).

Nog 'n saak wat in hierdie jaar aangeraak is, is dat die tydvak waarin die kerke hulle bevind, vra vir 'n profetiese roepstem. In 'n inleidingsartikel, word gemeld dat daar tye van krisis is waar profete nodig is wat kan uitroep: "So sê die Here !" Profete is nodig wat die duisternis van denke kan deurbreek. Te lank het Christene die verskoning gebruik dat die tyd nog nie ryp is nie. Die profetiese woord sny teen alle stemme en verwagtinge in. Dit skeur alle menslike pretensies aan flarde (*Pro Veritate,* 15.08. 1963 : 6-7).

*Pro Veritate : Volume 3*

Volume drie van *Pro Veritate* bevat 'n artikel deur Samuel S. Seane oor die invloed van die ekumene op die lewe van die Christen. In hierdie volume word gekies vir die ekumeniese visie van die Wêreldraad van kerke. Ekumenisme in die kerk, as beweging van die Heilige Gees word beskryf in terme van die beweging van *Faith and Order* en *Life and Work.* Hier word dan ook verwys na

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


die eerste en tweede vergadering van die Wêreldraad van kerke, nl. 1948 te Amsterdam en 1954 te Evanston. By Evanston was die tema : *Christus, die hoop vir die wêreld* . Pro Vertitate brei uit op hierdie tema . Die kerk se roeping as bewaarder van die evangelie, as gewete van die nasie, as God se nuwe skepping het implikasies vir die samelewing. Dit het implikasies vir die huis, vir die werkplek, vir die nywerhede, vir rasseverhoudinge, teen rassediskriminasie, teen uitbuiting en verdrukking en die verdraaiing van die evangelie van Jesus Christus. Die noodsaak dat alle Suid Afrikaners sal leer om na mekaar te luister, om met mekaar te praat, om mekaar te leer ken, om mekaar lief te hê en te respekteer, ongeag ras of kleur word uitgelig en dan word klem daarop gelig dat ekumenisme ons met hierdie taak kan help. *Pro Veritate* lê dus klem op die kommunikasiegebeure in ekumene ( *Pro Veritate*, 15 . 09. 1964 : 5).

Volume 3 bevat ook ‘n artikel oor jeugsake deur John Davies met spesifieke verwysing na die S C A, (*Students’Christian Association*.) Op negatiewe noot word veral verwys na die gebrek aan ‘n duidelike sosiale mandaat by die SCA. Hier word egter ook op ‘n positiewe noot verwys na die eendragtige getuienis wat vanaf die organisasie uitgaan in ‘n land wat verdeel is op rassebasis. Die feit dat die S C A wat in Bloemfontein gestig is, eenheid oor alle grense (ras sowel as kultureel) heen soek word voorgehou as model

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


vir die res van die land en as simbool van hoop.

‘n Woord van vermaning word egter aan die S C A voorgehou. En dit is dat hulle altyd moet onthou dat hulle ook na die wêreld gestuur is. Hulle moet ook die gemeenskap waarbinne hulle getuienis moet lewer in hulle fokus hou. Die S C A word daarop gewys dat hulle ‘n interdenominasionele organisasie moet wees (*Pro Veritate*, 15.02. 1965 :2). Uit hierdie opmerkings word duidelik dat *Pro Veritate* die jeug as toekoms van die land teiken om tekens van hoop en samewerking daar te stel. Beyers Naudé se ekumeniese jeug studietoer het duidelik ‘n invloed op hierdie denke van Pro Veritate gehad.

*Pro Veritate : Volume 4*

In Volume 4 (15.07. 1965) van *Pro Veritate* spreek Beyers Naudé hom weereens ten gunste daarvoor uit vir die daarstelling van ‘n Belydende Kerk in Suid-Afrika. Die term “Belydende kerk,” beteken vir Beyers Naudé nie nuwe kerkformasie nie. Dit beteken eerder dat Christene uit elke denominasie hulle kerke oproep om ‘n ondubbelsinnige standpunt en getuienis vanuit die Woord van God

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


te laat hoor. Daar is vir hom paralelle te trek tussen die situasie in Nazi Duitsland en Suid Afrika. Veral die algemene vrees reaksie onder Christene in Suid Afrika, soos in Nazi Duitsland, om hulle oor sake van die dag uit te spreek word vermeld. Hierdie vrees lei volgens Beyers Naudé tot onhoudbare kompromisse of onduldbare stilswye. Dit versterk die politieke beheer, wat kragtens die hele rassefilosofie wat sy beleid ten grondslag lê, strenger maatreëls aanlê teen die kerk en Christene wat uit suiwer Bybelse en Christelike oortuigings, onchristelike elemente in die rassebeleid veroordeel.

Die gebrek aan Bybelse vorming en teologiese begrip onder lidmate word ook betreur. Daar word ‘n appèl gedoen op lidmate van die onderskeie kerk om hul sondige stilswye oor die landsituasie te laat vaar. Hierdie getuienis waartoe Beyers Naudé die onderskeie kerke oproep is ‘n getuienis van die erkenning van die beeld van God in elke mense ongeag sy stand of kleur, en van die beoefening van naasteliefde, medemenslikheid en geregtigheid in alle menslike en maatskaplike verhoudinge.

*Pro Veritate* doen dan ‘n beroep dat daar meer gesante van God sal wees wat gedring deur die Woord van God sal getuig. Hierdie getuienis is die getuienis van die eenheid van alle Christene, in liefde gemeenskap en diens, oor die grense van taal en ras en volk en kerk heen (*Pro Veritate*, 15.07. 1965 :6).

*Pro Veritate : Volume 5*

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


In Volume 5 van *Pro Veritate* is dit duidelik dat Beyers Naudé se ekumeniese roepstem ook in die buiteland weerklank gevind het. In die Gereformeerde Weekblad van 11 November 1966 doen Prof J van den Berg van die Vrije Universiteit van Amsterdam 'n dringende appèl op die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Algemene Sinode om sy besluit oor die Christelike Instituut in heroorweging te neem.

Die Algemene Sinode het besluit om die Christelike Instituut te verwerp as 'n dwaalrigting wat die suiwere leer ondermyn, die goeie orde in die kerk ondergrawe en tweedrag onder lidmate saai. Prof J van den Berg spreek sy beswaar uit oor hierdie besluite van die Algemene Sinode en spreek hom in geen onduidelike taal uit ten gunste van die werksaamhede van die Christelike Instituut. Daar word daarop gewys dat die Christelike Instituut 'n gemeenskap van Christene is, gebaseer op die Woord van God.

Die Christelike Instituut se rol om mense bymekaar te bring in 'n band van gehoorsaamheid en liefde word hoog aangeprys, maar die gedagte dat die Christelike Instituut 'n dwaalleer is, word sterk afgewys. Ook t o v die ondermyning van die goeie orde kan niks teen die Christelike Instituut ingebring word nie. Die Christelike Instituut word gewaardeer as stimulus om die probleme wat die Suid Afrika van die dag konfronteer vanuit die Woord van God te bestudeer en lig vanuit die Skrif daarop te werp. In die betrokke

artikel word ook ‘n lansie gebreek vir Beyers Naudè. Hy word getipeer as iemand wat leef en dink vanuit die radikaliteit van die geloof in Jesus Christus. ‘n Dringende appèl word vanuit die kerk in Nederland gedoen om ‘n ‘ moeder ‘ te wees wat nie haar ore vir haar kinders toestop nie. Die kerk word geroep om saam met die Christelike Instituut te soek na die weg wat God vir Suid Afrika wys (*Pro Veritate*, 15. 12 .1966 : 10 -11).

Volume 5 van *Pro Veritate* bevat onder andere ook ‘n Inleidingsartikel waarin sterk standpunt ingeneem word teen die onskriftuurlikheid van die beleid van apartheid. In hierdie artikel word daarop gewys dat die aanhangers van die ideologie van apartheid, die fundamentele kritiek teen die ideologie probeer ontwyk deur die kritiek daarteen onder die noemer van die liberalisme te bring. Die feit dat die Bybel betrek word om formele kerklike gesag te legitimeer, en die ideologie van apartheid sodoende te kanoniseer, word verwerp.

*Pro Veritate : Volume 6*

Volume 6, nommer 11 van *Pro Veritate*, word gewy aan vooroordeel en rasseverhoudinge, geskryf deur J P Feddema. *Pro Veritate* wys daarop dat Christene nie die bestaande orde mag verabsoluteer nie, maar dat die evangelie oproep tot ‘n aktiewe deelname aan allerlei pogings om die maatskappy te herstruktureer. Hierdie herstrukturering word in nie-geweldadige sin verstaan in

University of Pretoria etd – Heaney, M J  (2004)


die sin dat mense van verskillende rasse mekaar kan ontmoet as medemense en as medeburgers van dieselfde "maatskappy". Christene kan hulle nie by die bestaande , by die onreg, by groeps-egoïsme neerlê nie (*Pro Veritate*, 15.03.1968 :7).

In volume 6, nr 12, word die kerke opgeroep om 'n lewe van versoening te leef. 'n Lewe van versoening hou dan in dat die mure wat tussen mense opgerig word, nie aanvaar moet word nie. Die gemeentes sal apartheid in die sin van volstrekte skeiding moet afwys. Dit is die implikasie van Christus se versoeningswerk , wat die tussenmuur tussen Israel en die volke weggebreek het (*Pro Veritate*, 15.04.1968 : 10).

*Pro Veritate : volume 7*

In Volume 7, no 1, in 'n Hoofartikel, van *Pro Veritate* word die kerk van die Afrikaner daarmee gekonfronteer dat hulle verdedigers is van 'n party politiese ideologie. Dit word bewys deur die feit dat die sosiale en politieke diskriminasie tussen bevolkingsgroepe op die basis van ras en kleur, deur die kerke as Bybels regverdigbaar verdedig word. Hoe meer rigied die toepassing van die

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


apartheidsbeleid raak, hoe meer dringend word die gevaar verbonde daaraan om die apartheidsbeleid teologies te sanksioneer. Die kerke in Suid Afrika, veral die Afrikaanssprekende kerke ,word deur *Pro Veritate* opgeroep om krities te staan teenoor die heersende politieke beleid van apartheid. Om dit te doen word voorgestel dat die kerke die Woord van God suiwer verkondig. Niks is so gevaarlik vir die ideologie as 'n suiwere verkondiging van die Woord van God nie. Daarom word van predikers gevra om met groter dringendheid aandag te gee aan die suiwere Woordverkondiging wat ook krities teenoor die apartheidsideologie is.

*Pro Veritate* neem standpunt in teen die Nasionale Party wat die ideologie van apartheid sanksioneer. Hiermee wil *Pro Veritate* ook politieke kritiek op die partypolitieke ideologie van die dag lewer. Die kerke is Suid Afrika word opgeroep om nie die ideologie van apartheid te sanksioneer nie, maar die politiese implikasies van die evangelie van versoening vir die multikulturele Suid Afrika te verkondig (*Pro Veritate*, 15.06.1968 : 18-19).

*Pro Veritate* is ook fyn ingestel op die ekumeniese wêreld se kritiese stem teenoor die ideologie van apartheid. Veral die Nederduitse Gereformeerde kerk word in die spervuur gestel vanweë die kerk se noue verbondenheid aan die ideologie van die staat. In die proses het een van die invloedrykste Hoofstroomkerke van die dag sy volgens *Pro Veritate*, sy openheid vir die ekumeniese stem van die wêreld gekompromiteer (*Pro Veritate* 15.09.1968 : 3).

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Veral die Gereformeerde Ekumeniese Sinode se vergadering te Lunteren se standpunt oor rasse-aangeleenthede het die apartheidsideologie volgens *Pro Veritate* direk uitgedaag, deur te verklaar dat Christelike eenheid uitdrukking vind in gesamentlike aanbidding, en die viering van Nagmaal deur Christene ongeag hulle ras of kleur. Helaas het die Ned Geref Kerk in gebreke gebly om sy steun vir apartheid in heroorweging te neem (Ryan, C 1990 : 120 ).

*Pro Veritate : volume 8*

Wat van belang is in volume 8 van *Pro Veritate* is die aandag wat *Sprocas* (*Study project on Christianity in Apartheid Society*) geniet in die blad. Peter Randall skryf in die blad dat *Sprocas* 'n twee jaar projek is wat gesamentlik deur die Suid Afrikaanse Raad van kerke en die Christelike Instituut geloods is.

Die doel was om apartheid te ondersoek aan die hand van die Woord van God, en aanvaarbare praktiese alternatiewe daar te stel. Ondersoek is gedoen na die Suid Afrikaanse opvoedingstelsel en duidelike patrone van geinstitusionaliseerde apartheid is daarin geïdentifiseer. So dien die apartheidstelsel volgens Sprocas byvoorbeeld daartoe om groepsverdeeldheid te bevorder, die indoktrinasie van kinders om te glo dat apartheid die enigste aanvaarbare beleid vir Suid Afrika is, en die uitsluiting van Swart ,

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Bruin en Indiër landgenote by die besluitneming rakende die onderwys van die land. 'n Verdere 21 ander ongelykhede in die onderwysstelsel is geïdentifiseer, soos ongelyke salarisskale tussen onderwyspersoneel, en die ongelyke verspreiding van handboeke tussen leerlinge van die verskillende bevolkingsgroepe. *Pro Veritate* fokus dus die aandag op samelewingspraktyke wat ongelykheid in die samelewing bevorder (*Pro Veritate* 15. 01.1969 : 11).

Die temas wat aan die orde was in *Pro Veritate* in die sestigerjare , soos bv. die roeping van die kerk in 'n veelrassige gemeenskap en die invloed van die ekumene op die lewe van die Christen reflekteer die fokus van die Wêreldraad van kerke vanaf 1948 tot en met die Raad se vergadering te Uppsala in 1968. Die sentrale tema in hierdie tyd , soos reeds aangetoon, was *die herontdekking van die kerk se rol in die wêreld, sowel as die kerk se rol om daar te wees vir die wêreld.*

## *2* *Pro Veritate*. Die sewentigjare jare: 1970– 1976.

Die sewentigerjare van die twintigste eeu sou vir Suid Afrika op alle gebiede, ook op ekumeniese gebied van deurslaggewende belang wees. Dit was die dekade van die Soweto-opstande. Die vroeë sewentigerjare sou ook die opkoms van die swart bewussynsbewegings sien, asook die vestiging van die *University Christian Movement*, wat sterk bande met die C I gehad het. In

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


hierdie jare, soos reeds aangetoon, is Swartmense van verblyfreg ontneem, maatskaplik ontwortel en het hulle gely onder verdrukkende maatreëls soos gedwonge verskuiwings. Dit was ook die tyd waarin die Schlebusch-sage en Beyers Naudé se gepaardgaande verhoor plaasgevind het, wat later bespreek sal word.

In hierdie tyd is sleutelleiers van verskeie protesorganisasies, swart en wit, soos die *National Union of South African Students* en *die South African Students' Organization* "asook die *Black People's Convention*, verban. Die C I is ook as " geaffekteerde organisasie" verklaar en van buitelandse befondsing ontneem. Al hierdie sake word in die redaksionele kolomme en artikels van *Pro Veritate* weerspieël.

In die sewentigerjare het die C I en *Pro Veritate* se fokus ook begin verskuif. Beyers Naudé het algaande ook die sg. Swart Teologie en die Swart bewyssynsbeweging se idees begin propageer. Veral die Sprocas studies het aan Beyers Naudé en die lede van die Christelike Instituut geleentheid gebeid om met die swart bewussynsbeweging in gesprek te tree. Die redaksionele uitgawe van *Pro Veritate* van Maart 1970 word ingelui met die vraag : "Nou of nooit ?" Met hierdie oproep word Christene, veral leraars

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


uit die Nederduitse Gereformeerde familie, opgeroep om met woord en daad teen die onreg in Suid Afrika te getuig, sodat verandering sonder geweld kan plaasvind. *Pro Veritate* waag om ‘n profetiese aanspraak te maak deur te voorsien dat die finale strukture vir geslagte wat gaan kom, in die sewentigerjare vasgelê gaan word.

Toenemende kritiek word in die vroeë sewentigerjare se uitgawes van *Pro Veritate* teen die apartheidsregering uitgespreek. Die redaksionele kolomme stel dit onomwonde dat die Skrif aan die muur is vir die apartheidsideologie.

*Pro Veritate* roep Christene en kerke op om nie langer meer hul steun aan die onchristelike sisteem van apartheid te verleen nie. *Pro Veritate* sien die kortsluiting in die kommunikatiewe gebeure in Suid Afrika as ‘n dringende krisis wat aangespreek moet word. Die Soweto opstande was inderdaad ‘n keerpunt in die geskiedenis van die Suid Afrikaanse samelewing, maar ook van die van die kerke.

Dit was die afloop van langdurige verset en frustrasie met ‘n politieke beleid wat ook kerke onderling verdeel het en die profetiese stem van die kerke verdeel het. Ook die gebeure word skerp toegelig in *Pro Veritate*.

In ‘n inleidingsartikel van die Junie 1976 uitgawe van *Pro Veritate* onder die opskrif : *Dit is besig om te gebeur*, is verwys na die kolonialisme van die kerk wat besig is om verbreek te word –God is

besig om te gebeur! (*Pro Veritate*, 15 Maart 1976). Nie lank hierna nie, op 16 Junie sou die Soweto opstande losbreek. Die krisis waarin Suid-Afrika hom op ekumeniese, kerklike, maatskaplike en politieke gebied bevind het in die sewentigerjare vind neerslag in die *Pro Veritate* van die sewentigerjare. Vervolgens word aandag gegee aan die volumes van Pro Veritate wat in die sewentigerjare verskyn het, waarin die ekumeniese wekroep van *Pro Veritate* verder toegelig word.

*Pro Veritate : volume 9*

Die negende volume van *Pro Veritate* (*Pro Veritate*, 15 . 10 . 1970 : 24)bevat 'n inleidingsartikel deur Beyers Naudé getitel : *Die skeiding van die weë*. Dit is 'n gepaste titel gesien in die lig van *Pro Veritate* en die Christelike Instituut se ekumeniese fokus ook in die sewentigerjare. Algaande word meer gefokus op die lot van die Swartman in Suid Afrika.

Beyers Naudé verwys in hierdie artikel na die besluit wat die Uitvoerende komitee van die Wêreldraad van kerke geneem in Arnoldshaim, Duitsland. Hierdie besluit word genoem as net so belangrik as Cottesloe, en as 'n katalisator en beslissing nie net vir die kerklike toneel in Suid Afrika nie, maar inderdaad vir die hele Suid Afrika.

Die inhoudelike van die besluit, was om fondse ten bedrae van

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


R143 000 ter ondersteuning van nie-militêre doeleindes aan die "bevrydingsbewegings" in Suider Afrika beskikbaar te stel. Hierdie besluit het volgens Beyers Naudé ingrypende gevolge, en hy som die implikasie daarvan op in drie woorde, nl: *Verwydering-toetsing-beslissing*.

Teenoor die heftige reaksie in Suid Afrika en die verwerping van hierdie besluit deur die meerderheid van die blanke gemeenskap in Suid Afrika, weerklink die profetiese en ekumeniese stem van Beyers Naudé. Hy verwys in die *Pro Vertitate* artikel na die reaksie van die Blanke gemeenskap as dat sou hulle besig wees met "selfverontskuldiging." Beyers Naudé wys daarop dat hierdie reaksie die kloof tussen Suid Afrika en die wêreldwye gemeenskap net verder vergroot het, en dat dit nodig is dat alle Suid Afrikaners die hand in eie boesem moet steek en hulle eie aandeel in die gebeure wat tot die besluit gelei het, sou moes bely.

Beyers Naudé waarsku ook dat die stilswyende stem van die meerderheid anderskleurige landgenote, die blankes in die land onrustig behoort te stem. Beyers Naudé en die Christelike Instituut se kontak met swart Christene het egter 'n groot dankbaarheid teenoor die deel van die kerk van Christus waargeneem, wat erns maak met die stem van die onderdrukte en die verontregte.

Beyers Naudé se waarneming was dat hoe heftiger die Blankes se

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


stem teen die besluite van die wêreld kerklike gemeenskap was, hoe meer het daar by die swart Christene die besef begin kom dat hulle bevryding van die slawerny van apartheid nie van die “wit Faraos “ sal kom nie. Die weg tot geweld sou al hoe meer as ‘n uitweg gesien word. Dit is inderdaad profetiese woorde wat later met die Soweto onluste in 1976 die land sou laat brand (*Pro Veritate*, 15 . 10 . 1970 : 24).

In Volume 9 van *Pro Veritate* verskyn ook ‘n redaksionele artikel oor die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde kerke te Nairobi. Daar word gemeld dat die stem van veroordeling teen apartheid uit die ekumeniese wêreld al hoe harder begin spreek het, en dat wat ‘n fluistering by Cottesloe was, en ‘n vermaning by Lunteren, nou by Nairobi ‘n ondubbelsinnige veroordeling van die onregverdigbare rassepraktyk in Suid Afrika geword het.

Nairobi stel volgens *Pro Veritate* dit duidelik dat enige lering of praktyk wat aandring op rassesegregasie as ‘n wet van die kerklike lewe, in teenspraak is met die wese van die kerk en dat daar gestreef moet word daarna om houdinge van rasse-meerderwaardigheid en – vooroordeel uit te roei deurdat die kerk sy lidmate volhardend oplei tot volle rypheid in rasseverhoudinge. Daar word deur *Pro Veritate* die hoop uitgespreek dat die NG Kerk hierdie aanbevelings ter harte sal neem (*Pro Veritate*, 15 .09. 1970).

University of Pretoria etd – Heaney, M J  (2004)


*Pro Veritate : Volume 10*

Die relatiewe radikale benadering van die *University Christian Movement* het volgens Randall die denke van die Christelike Instituut en sy leierskap beinvloed (Randall, P 1982 : 36). Die University Christian Movement het ook 'n belangrike invloed op die ekumeniese denke van Beyers Naudè uitgeoefen. 'n Metodiste leraar, dr Basil Moore was die stigter daarvan in 1967. Die doel van die beweging, was om Christen studente van alle rasse by die studie van die sosiale implikasies van die evangelie vir Suid Afrika te betrek. 'n Swart Teologie projek het byvoorbeeld gefokus op Swart Bewussyn in verhouding met die evangelie van Jesus Christus.

Die boodskap van die evangelie volgens *Swart Teologie*, was om die Swart mense van hul vervreemding van God , maar ook van hul minderwaardigheidskompleks te bevry sowel as hul voortdurende afhanklikheid van andere. Swart teologie het "Bevrydingsteologie" geword, en 'n sterk swart koukus het het vanuit die *University Christian Movement* ontstaan. Studenteleiers soos Steve Biko en Barney Pityana is die vrug van die beweging. Beyers Naudé het algaande ook die sg. Swart Teologie en die Swart

Bewussynsbeweging se idees begin aanvaar. Veral deur die *Spro-cas* studies het Beyers Naudè en die lede van die Christelike Instituut in gesprek met die Swart Bewussynsbeweging getree. Hierdie ontmoetings het weer gelei tot indringende selfondersoek by veral ook Beyers Naudé. Veral ook het hy erns gemaak met swart Christene se siening oor die toekoms in die lig van Christus as bevryder (Ryan C, 1990 : 142-143). Swart teologie wat fokus op die lot van die Swartmens en 'n groter klem op bevryding geniet veral die aandag in die *Pro Veritate* uitgawes van die sewentigerjare.

Hierdie fokus op die belewenisse van Swart Christene word ook in *Pro Veritate* van die sewentigerjare weerspieël. Die redaksionele uitgawe van *Pro Veritate* van Maart 1970 word ingelui met die vraag : " Nou of nooit ? " Die owerhede in Suid Afrika word van totalitarisme beskuldig , met verwysing na die verbanning van drie Christelike werkers uit Namibië.

Christene in Suid Afrika word daarop gewys dat hulle met enige onchristelike wet (soos rasseklassifikasie) in botsing sal moet kom en dit word vergelyk met die optrede van Christus, wat met die ideologieë van Sy dag gebots het. Christene, veral leraars uit die Nederduitse Gereformeerde familie , word opgeroep om met woord en daad teen die onreg in Suid Afrika te getuig, sodat verandering sonder geweld kan plaasvind. *Pro Veritate waag* 'n profetiese aanspraak deur te stel dat die finale strukture vir geslagte wat gaan

kom in die sewentigerjare vasgelê gaan word.

Veral wil *Pro Veritate* sy lesers en gelowiges in Suid Afrika daartoe oproep om te besef dat Suid Afrika hom nie maar net in 'n oorgangstydperk bevind nie. Die tydsgewrig waarin Suid Afrika hom bevind, is eenmalig, onherhaalbaar en onherroeplik. Dit is vir Beyers Naudé belangrik dat die antwoord op die tyd beslissend is vir die toekoms. Onreg mag nie goedgepraat word nie, want dit is 'n verloëning van Christus. Permanente houdinge en strukture word volgens Pro Veritate vasgelê wat beslissend is vir die toekoms, daarom kan daar nie maar net kritiekloos na die situasie in die land gekyk word nie (*Pro Veritate*, 15.03.1972 :1).

In Volume 10 van *Pro Veritate* word ook gereflekteer oor die implikasies van die Uppsala byeenkoms van die Wêreldraad van kerke in 1968. Die internasionale gemeenskap se kritiek op die apartheidsideologie word ook verreken.

*Pro Veritate* stel dit onomwonde dat rassisme, soos ook binne die Suid Afrikaanse rassekonteks weerspieël, neerkom op 'n *ekumenies-ekklesiastiese* probleem, m.a.w 'n probleem van kerklike eenheid en geloofwaardigheid. Dit is 'n bedreiging en belemmering van die getuienis van die evangelie (*Pro Veritate* 13.12. 1971 : 7).

*Pro Veritate : Volume 11*

In Volume 11 van *Pro Veritate* word aandag gegee aan die kerke se rol in die handhawing van apartheid. In hierdie uitgawes is onder andere ook 'n bydrae deur dr A. Boesak, wat juis hieraan gewy is. Dr Boesak gaan van die standpunt uit dat veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk se steun vir die apartheidspolitiek een van die belangrikste elemente was dat die regering van die dag vir soveel jare apartheid ideologies en staatkundig kon in stand hou. Want agter die filosofie en geskiedenis van geskeidenheid, staan ook die geskeidenheid van die Afrikaanse kerke (*Pro Veritate*, Feb 1973 : 6).

In Volume 11 van *Pro Veritate* word ook besondere melding gemaak van die internasionale erkenning van die werk van Beyers Naudé. Die Vrije Universiteit van Amsterdam het naamlik 'n eredoktersgraad in die teologie aan hom toegeken. Die bekroning het geskied vir die onvermoeide en deeglike arbeid vir kerkeenheid, geregtigheid en versoening in die Suid Afrikaanse samelewing.

Die toekenning was egter nie net vir sy werk van belang nie , maar ook vir die werk van die Christelike Instituut. Die Senaat van die Vrije Universiteit se oorwegings vir die toekenning van die eredoktersgraad word soos volg saamgevat : *Ds Beyers Naudé het deur die oprigting van die Christelike Instituut en deur die wyse waarop hy daaraan leiding gegee het, in 'n moeilike situasie vir kerk en wêreld, laat sien watter antwoord uit die Evangelie op die uitdaging van die situasie gegee kan word* (Pro Veritate 15.10.1972

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


: 5).

Die toekenning kan volgens die Universiteit gesien word as ’n erkenning van uitsonderlike verdienste t.o.v. die ontwikkeling van die teologiese wetenskap. Beyers Naudé het volgens die Vrije Universiteit bygedra tot die wyse van die beoefening van die teologie waarin die politieke en maatskaplike implikasies van die Christelike boodskap, met name vir die realisering van geregtigheid en versoening in rasseverhoudinge duidelik gemaak word. Hierdie toekenning toon volgens *Pro Veritate* ook aan watter waarde die internasionale kerkegemeenskap geheg het aan die ekumeniese ywer van Beyers Naudé om die kerke in Suid Afrika te verenig in die stryd teen die ideologie van apartheid, maar ook om die internasionale kerkegemeenskap se aandag te vestig op soortgelyke euwels wat inherent in elke maatskappy en samelewing kan voorkom. En veral dan ook dat teologie eers voluit teologie bly as dit nie toelaat dat dit deur watter ideologie ookal oorheers word nie. Die toekenning van die graad is ook van belang rakende ‘n beter verstaan van die verhouding tussen ortodoksie en ortopraksie. Beyers Naudé het vanaf die aanvang van sy teologiese arbeid gesien dat teologiese teorie maatskaplike prosesse van geregtigheid en versoening aan die gang sit. Die oprigting van die Christelike Instituut kan dan gesien word as die institusionalisering van die verhouding tussen teorie en praktyk (*Pro Veritate*, 15.10.1972 : 6 ).

Die impak van die werk van Beyers Naudé op die kerk en samelewing van die dag, en dan met name ook die internasionale

kerkegemeenskap, kom duidelik na vore in die toekenning van die eregraad aan Naudé. Beyers Naudé se ekumeniese bydrae word internasionaal erken.

Prof Berkouwer maak ‘n aantal opmerkings oor Beyers Naudè se teologie. Dit word hieronder gelys :

- Beyers Naudé se teologie was volgens Berkouwer nie lewensvreemd nie, maar ‘n diepgaande besinning oor die inhoud en die krag van die evangelie vir die lewe.

- Daar word ook verwys na Beyers Naudé se ywer ten behoewe van die onafhanklike kerke in Suid Afrika, veral die stimulering tot veelrassige Bybelkringe.

- Beyers Naudé se rol as brugbouer tussen mense en rasse in Suid Afrika wat van mekaar vervreem is, word veral uitgelig.

- Die appèl wat vanaf Beyers Naudé uitgaan is volgens Prof Berkouwer gerig op nuwe begaanbare brûe teenoor “ uitvlugpogings” van mense.
- Die “uitvlugpogings” waarna verwys word, is deur Beyers Naudé self geïdentifiseer, en die vernaamste daarvan word in Prof Berkouwer se toespraak uitgelig. Vir Beyers Naudè was van die “uitvlugpogings “ van die eise van die evangelie vir kerk en samelewing onder andere die vlug in die “ eschaton,” na die toekoms, die viering van die Avondmaal van die Lam , en dit kan nie nou nie. Dit sou volgens Prof Berkouwer vir Beyers Naudé egter totaal ondraaglik wees, juis omdat die werklikheid van die lewe dan nie deur hierdie toekoms beslissend bepaal word nie en nie die invloed van die kragte van die toekomstige eeu vertoon nie.

- ’n Verdere “uitvlugpoging" vir die kerk sou wees om te vlug in ’n “onsigbare“ kerk. Dit was eweneens vir Beyers Naudè onaanvaarbaar, want daarin word die kerklike gewete gesus en die radikaliteit van die evangelieboodskap waarin die teenstellinge, vervreemding en distansie wel oorkoepel sou kon word, dan eers ’n plek sou kon kry.

- Ewemin sal ’n vlug vir Beyers Naudé moontlik wees in ’n twee-ryke leer, waarin teoreties erken word dat die twee ryke een Heer het, maar dat die verband met hierdie Heer te midde van die menslike bestaan meer en meer vaag geword het, sonder Sy seënende en bevrydende krag.

- Daar is ook ’n laaste uitvlug wat volgens Beyers Naudé afgewys moet word, naamlik die van ’n gekompliseerde lewe. Daar word uit talle oorde verwys na ’n gebrek aan analise van die gekompliseerde situasie in die land. Maar juis Naudé se klem op die betekenis van die lewe vir interrasiële verhoudinge, veronderstel die analise en waarsku teen ongegronde oordele. Die evangelie het agter altyd vir Naudé in uiters gekompliseerde situasies ’n weg gebaan.

- Geloof en lewe word by Beyers Naudé op onlosmaaklike wyse aan mekaar gebind. Daar is vir Beyers Naudè inderdaad geen uitvlug moontlik van die implikasies en konsekwensies van die evangelie nie (Pro Veritate, 15.12.1972 :4-6).

*Pro Veritate : Volume 12*

In Volume 12 verskyn ‘n artikel waarin daar verwys word na die bevryding wat Christus bring. Volgens die siening wat in die

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


artikel gepropageer word, het Christus nie gekom om barmhartigheid te bewys nie, maar te bevry van die greep van armoede , nie om hulle gelukkig te maak terwyl hulle arm bly nie. Christus wil volgens hierdie siening hê dat die wêreld bevry sal word van die sonde van armoede , onderontwikkeling en politieke verdrukking (*Pro Veritate*, September 1973 : 16).

Die twaalfde volume van *Pro Veritate* bevat onder andere ook 'n artikel deur Bob Connely wat gekenmerk word deur toenemende kritiek teen die apartheidsregering. Hier word dan ook kritiek uitgespreek teen die wetgewing wat openbare byeenkomste verbied. Dit sou volgens *Pro Veritate* ook enige kerk of groep Christene wat sy algemeen erkende profetiese rol op die politieke terrein wou vervul, verhoed om sy roeping uit te leef. Daarom is die apartheidsbeleid direk teen die kerke gerig. Die wetgewing van die land word dan volgens Nasionale Party belange die finale gesag en "god" van Suid Afrika.

Aangesien *Pro Veritate* en die Christelike Instituut reeds standpunt ingeneem het teen die apartheids- ideologie van die regering van die dag, word die optredes van die regering beoordeel vanuit 'n ideologies gekleurde hoek.

Dit gaan vir *Pro Veritate* in die besluite van die regering nie om die beveiliging van die land nie, maar om die vrede, stabiliteit en orde van 'n geforseerde apartheidssisteem. Die groot krisis wat Pro

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


Veritate met die veiligheidswetgewing van die land het, is dat dit die inhoud en heerskappy van die koninkryk , ook vir die politiek negeer. *Pro Veritate* se inslag word ook al hoe meer uitdagend en die Christene in Suid Afrika word opgeroep om die regering voluit teen te staan, sodra hy die wet toepas (*Pro Veritate* , Maart 1974 :4).

*Pro Veritate : Volume 13*

Volume 13 van *Pro Veritate* bevat 'n redaksionele artikel waarin duidelik word hoe meer radikaal die stemme word wat roep vir die aftakeling van apartheid. Die redaksionele kolom stel dit onomwonde dat die Skrif aan die muur is vir die apartheids-ideologie. Hier word veral verwys na toenemende steun wat gevra word rewolusionêre geweld ten einde die verdrukking van apartheid te beëindig.

Miljoene mense kan nie volgens *Pro Veritate* vir 'n onbepaalde tyd verdruk word nie, en dit is tyd dat daar radikale verandering kom. *Pro Veritate* roep Christene en kerke op om nie langer meer hul steun aan die onchristelike sisteem van apartheid te verleen nie. As die Christene en die kerke in Suid Afrika nie bereid is om nie-gewelddadige radikale aksie te ondersteun nie, moet die land hom regmaak vir 'n bloedbad. Hier word dan ook na die gebeure in die buurland Mosambiek verwys. En tog hoef dit volgens *Pro Veritate*

nie die weg te wees wat ingeslaan word nie, want Christus het met Sy offer aan die kruis alle bloedvergieting tot ’n einde gebring (*Pro Veritate* Junie 1974:2). Dit is duidelik dat *Pro Veritate* ’n profetiese en ekumeniese roepstem laat hoor aan die kerke in Suid Afrika en ’n aanvoeling toon vir die toenemende polarisasie en vervreemding op die Suid Afrikaanse kerklike en politieke landskap. Hierdie roepstem dui op ‘n onversetlike houding by *Pro Veritate* teen die toepassing van die apartheidsbeleid. Die verwysing na die rewolusie in Mosambiek bevat dreigende ondertone, alhoewel dit getemper word met ‘n verwysing na Christus se lyding.

Volume 13 bevat ook ‘n artikel waarin daar aandag gegee word aan die verslag van die Landman kommissie wat voor die Algemene Sinode van 1974 gedien het. Hierdie verslag word uiters negatief beoordeel, en dis duidelik dat *Pro Veritate* hom volledig met die saak van die Swartman vereenselwig, in so ‘n mate dat die N G Kerk daarvan beskuldig word dat hy die Swartman in die gevangenis hou,
‘n gevangenis wat die N G Kerk en die Blankes gebou het. Die kerk word daarvan beskuldig dat hulle *beginselbesluite* neem, terwyl Rome brand en dat die praktyk met al sy onreg en diskriminasie gesteun word (*Pro Veritate* Desember 1974 : 2) .

*Pro Veritate : Volume 14*

Volume 14 van *Pro Veritate* bevat ’n redaksionele artikel waarin

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


die fokus is op die nodigheid dat die kommunikatiewe gebeure in Suid Afrika dringende aandag moet kry. Die groot probleme in Suid Afrika sal volgens *Pro Veritate* nie opgelos word, solank as wat mense nie bereid is om na mekaar te luister nie. Dat daar pogings by die bevoorregte klas is om die lot van die sogenaamde "onderontwikkelde" te verbeter, word erken.

Dit word egter nie so deur die teikengroep, die *onderontwikkeldes*, gesien nie. Ontwikkeling kom in kompetisie met onderontwikkeling. Die standaarde en maatstawwe van die *ontwikkeldes*, is anders as die van die *onderontwikkeldes*. Die *onderontwikkelde* sien ontwikkeling as 'n eufemisme om die foltering van die verarmde, die teenoor wie gediskrimineer word, en die onderdrukte te kamoefleer. Die twee terme, die *ontwikkeldes* en die *onderontwikkeldes*, word enersyds gesien as die rykes , diegene met mag en die bevoorregting die *ontwikkeldes* teenoor die armes , die sonder mag, die verdruktes, die *onderontwikkeldes*.

Wat alles nog verder vererger is dat die ontwikkeldes die rykes en die geleerdes, hulself as in die sentrum van die geskiedenis van Suid Afrika beskou, terwyl die onderontwikkeldes, die armes en verwerptes, egter in die evangelie van Jesus Christus die middelpunt van die aandag geniet (*Pro Veritate* Mei 1975 : 4).

Deur hierdie ontleding van die groot ideologiese verskille tussen die inwoners van Suid Afrika het *Pro Veritate* daartoe bygedra om die

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


sosiale gewete van Suid Afrikaners opgeskerp te hou. Die standpunte wat hier gestel word, sal in 'n later hoofstuk krities ontleed word. Ook die C I is een van die sake wat in *Pro Veritate* aandag geniet. Beyers Naudè doen 'n verklaring rakende die C I , 'n jaar voor die uitbreek van die Soweto onluste. In sy verklaring raak hy in aantal duidelike beleidsake aan waarin hy die standpunt van die C I rakende verandering stel :

1 Die Christelike Instituut was nog altyd konsekwent in sy pleitstem vir verandering , en dan verandering sonder geweld.

2 Die Christelike Instituut se beleid word volgens Beyers Naudé deur niks anders as die evangelie van Jesus Christus bepaal nie.

3 Die Christelike Instituut se konsekwente en openbare standpunt was nog altyd om geregtigheid deur middel van versoening voor te staan.

4 Radikale verandering in Suid Afrika is 'n evangeliese begrip en was daar lank voor Marxistiese of neo-Marxistiese leerstellinge (Pro Veritate Junie 1975 :8).

Die roepstemme teen apartheid het egter al hoe harder geword. Op 16 Junie 1976 het leerlinge van die Naledi en Thomas Molefo Hoërskole 'n protesoptog, bestaande uit tussen 10 000 en 20 000 leerlinge georganiseer. Die optog was vreedsaam, en gemik teen die heersende onderwysstelsel. Die groep is deur die polisie gekonfronteer. Sewe leerlinge is in die daaropvolgende

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


skermutselings gedood en agtien is gewond. Jong mense het die leiding geneem om nie alleen te protesteer teen die opvoedingstelsel in die land nie, maar ook om die totale politieke stelsel in Suid Afrika te verwerp.

Die Soweto opstande was inderdaad 'n keerpunt in die geskiedenis van die Suid Afrikaanse samelewing, maar ook van die van die kerke. Dit was die afloop van langdurige verset en frustrasie met 'n politieke beleid wat ook kerke onderling verdeel het en die profetiese stem van die kerke verdeel het.

Die Soweto opstande het verreikende implikasies gehad vir elke faset van die Suid Afrikaanse samelewing, ook vir die kerke. Die NG kerk het die verlies van lewens betreur, maar het geen praktiese planne in werking gestel om die situasie te analiseer nie. Die Engelssprekende kerke het verder gegaan en die beleid van apartheid blameer as grondoorsaak van die probleem in die land.

Swart kerkleiers wat toenemend in die toekoms die leiding sou neem in die Suid Afrikaanse Raad van kerke, sou hulle ten nouste met die bevrydingsstryd identifiseer. Dit is veral die SARK en sommige lede van die Christelike Instituut, wat na vore getree het en die uitdaging in die gesig gestaar het. Beyers Naudé se wekroep was dat die kerke 'n beslissing moes maak, of hulle nou daarvan hou of nie. Kant sou gekies moet word vir die bevrydingsstryd of die kerke in Suid Afrika sou irrelevant word (Ryan C, 1990: 175-179).

In ‘n Inleidingsartikel van die Junie 1976 uitgawe van *Pro Veritate* word Christene word ook opgeroep om self verantwoordelikheid vir verandering in die land te neem. Die verwyt word aan die adres van die kerke, die Raad van kerke en die politieke partye gerig dat hulle nie in staat is om betyds ‘n verandering aan te bring in die land nie.

Daar word op gewys dat die Christene na hulself moet kyk en deur eie ondervinding ‘n krag, wysheid en liefde moet ontdek waardeur God ‘n groot oorwinning met betrekking tot die bevryding van Afrika kan behaal. So ‘n klimaat kan nie van bo af kom nie , dit moet uit die bodem kom (*Pro Veritate* Mei 1976 : 2.).

*Pro Veritate : Volume 15*

In volume 15 van *Pro Veritate* is ‘n verslag van die C I in Transvaal opgeneem wat verskyn het na die Soweto opstande van 1976. In hierdie verslag is Beyers Naudé self aan die woord. Hy stel dit dat marginale politieke en sosiale verandering nie meer moontlik is in die land nie, en bepleit meer radikale aksie om die krisis van die dag aan te spreek. Hy dring aan op die verkiesing van swart politieke leiers, dat die in ballingskap vrygelaat word en dat daar ‘n

Nasionale Konvensie gehou word, waarin in so 'n kort tyd as moontlik die onregverdige sosiale en politieke strukture in die land afgebreek moet word, en dat aan die land 'n politieke beleid van bevryding gebaseer op vryheid en geregtigheid vir almal gebied word (*Pro Veritate* Augustus 1976 : 9).

Volume 16 van *Pro Veritate* (Sept 1977) kort voor die finale sluiting van die blad deur die Veiligheidspolise, bevat 'n artikel wat handel oor Christus, die Bevryder. In hierdie artikel word radikale uitsprake gemaak oor die Suid Afrikaanse konteks en politieke situasie. Christus word onvoorwaardelik aan die kant van die onderdruktes gestel in hul stryd teen die kettery van apartheid, want sy kruisiging en opstanding het hierdie bevryding gebring. Die ondertone van die "Swart Teologie " weerklink hier. Die Swart man word verseker dat God altyd met hom is in sy stryd om bevryding (*Pro Veritate* September 1977: 10).

Die temas wat in die sewentigerjare van *Pro Veritate* se bestaan aan die orde was, soos die uitwysing van Suid Afrikaanse kerke se rol in die handhawing van apartheid, en die oproep om die aftakeling van apartheid sowel as die beklemtoning van die lot van die *onderontwikkeldes*, sluit aan by die sentrale tema van die WRK in die tydperk 1969 -2002, naamlik die herontdekking van die kerk se rol in die wêreld, en die herontdekking van God se skeppende en verlossende werk in Sy skepping.

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


3. Pro Veritate word verbied

Die oggend van 19 Oktober 1977 was Diakonia-huis feitlik in 'n staat van beleg. Die Minister van Justisie het beveel dat die Christelike Instituut tot verbode organisasie verklaar word en dat al sy bates deur die staat gekonfiskeer word. Dit was ook die einde van *Pro Veritate* (Naudé, C F B 1995: 110). Alhoewel die einde van *Pro Veritate* was dit nie die einde van die ekumeniese boodskap wat *Pro Veritate* uitgedra het nie.

4 Beoordeling :

Hierdie kursoriese opsomming van *Pro Veritate* uitgawes in die sestiger- en sewentigerjare, fokus op die ekumeniese wekroep wat vanaf *Pro Veritate* uitgegaan na die kerke in Suid Afrika ten einde hulle op te roep om hul profetiese en sosiale roeping na te kom, veral deur die evangeliese getuienis teenoor die onversoenbaarheid van apartheid te laat hoor. Aktuele vraagstukke in die lig van die Skrif is inderdaad in *Pro Veritate* bespreek en sosiale kommentaar

is gelewer, alles met die doel om die knellendste vraagstuk wat kerke in Suid Afrika verdeel het, naamlik die ideologie van apartheid, aan die kaak te stel.

Die doel van die blad naamlik om antwoorde te soek vir die vrae van die dag is aan beantwoord. Die temas wat aan die orde was in *Pro Veritate*, soos hierbo bespreek, word ter wille van konsolidering, hieronder gelys:

- Die Jeug van Suid-Afrika se toenemende ontnugtering met die onversoenbaarheid van die evangelie met die apartheidsbeleid ;
- Die roeping van die kerk in 'n veelrassige gemeenskap;
- Die waarskuwing teen 'n ideesisteem soos apartheid wat vir 'n beskawing 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid gee;
- Die invloed van die ekumene op die lewe van die Christen;
- Die oproep tot die daarstelling van 'n Belydende kerk in SA en die parallelle tussen die situasie in SA en Nazi Duitsland;
- Beyers Naudé se ekumeniese roepstem vind weerklank in die buiteland;
- Die gevaar dat groeiende kerklike introversie kan lei tot konflik tussen die kerke;
- Die oproep dat die samelewing in SA op 'n nie-gewelddadige wyse herstruktureer moet word;
- Die uitwys van vooroordele en rasseverhoudinge in die samelewing;

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


- Die rol van die Afrikaner as verdediger van 'n party-politiese ideologie;
- Die fokus op maatskaplike projekte van die CI , soos Spro-cas, as praktiese alternatiewe vir vir die apartheidstelsel;
- Die werwing van fondse ter ondersteuning van nie-militêre doeleindes aan die " vryheidsbewegings";
- Die toenemende invloed van swart teologie , soos die fokus op die verknegting van die swart Christene deur die slawerny van apartheid deur " wit faraos ;"
- Die gesprekke en kontak met swart bewussynsbewegings en die waarskuwende geluide dat Christene in botsing met onchristelike wette kan kom;
- Die parallel met Christus se botsing met die ideologieë van Sy dag en die heersende ideologie in SA;
- Die internasionale kerk (veral die WRK) se kritiek op die apartheidsideologie;
- Die betreuring van die NG kerk se steun vir die apartheidsstelsel;
- Die rol van Beyers Naudé as brugbouer tussen mense en rasse in SA;
- Die rol van die kerk in die wêreld ;
- Die oproep aan kerke om nie-gewelddadige radikale aksies teen apartheid te ondersteun;
- Die identifisering van die bevrydingsstryd met God se direkte handelinge.

*Pro Veritate* was 'n ekumeniese wekroep aan die kerke in Suid

Afrika. Aan Christene uit verskeie denominasies is die geleentheid gebied om deur die skepping van gespreksgeleenthede op Christelike vlak, 'n dieper eenheid van geloofsgemeenskap en gesamentlike getuienis teenoor die ideologie van apartheid te bewerkstellig.

*Pro Veritate* het in sy bestaan uitgelig dat rassisme, soos ook binne die Suid Afrikaanse rassekonteks weerspieël, neerkom op 'n *ekumenies-ekklesiastiese* probleem, m.a.w 'n probleem van kerklike eenheid en geloofwaardigheid. Rassisme is 'n bedreiging en belemmering van die getuienis van die evangelie. So het daar midde in die vestiging en institusionalisering van die ideologie van apartheid in Suid Afrika 'n ekumeniese wekroep terug na die evangelieboodskap bly weerklink. Die boodskap van *Pro Veritate* het bygedra tot die "ontsluiting van ons sekularisties-ideologies besete wêreld."

Serfontein (Serfontein, J H P 1985b: 17) wys daarop dat P*ro Veritate* se artikels op deurlopende basis die valse teologiese argumente van kerke soos die Ned Geref Kerk, aan die kaak gestel het, argumente waarmee hulle apartheid wou regverdig. Die invloed van Beyers Naudé in die kritiek op die ideologie van apartheid wat via *Pro Veritate* uitgegaan het, kan ook nie onderskat word nie. Beyers Naudè het 'n onskatbare bydrae gelewer tot die wyse van die beoefening van die teologie waarin die politieke en maatskaplike implikasies van die Christelike boodskap, met name

University of Pretoria etd – Heaney, M J (2004)


vir die realisering van geregtigheid en versoening in rasseverhoudinge, duidelik gemaak is. Beyers Naudè het die kerke opgeroep tot 'n getuienis van die erkenning van die beeld van God in elke mense ongeag sy stand of kleur, en tot die beoefening van naasteliefde, medemenslikheid en geregtigheid in alle menslike en maatskaplike verhoudinge.

Rudolph Meyer, 'n voormalige redakteur van *Pro Veritate*, vermeld dat die Christelike Instituut, en *Pro Veritate*, volgens hom die "onoffisiële" Christelike maandblad van die Instituut, georganiseerde empatie was. Dit was meegevoel vir die in politieke en kerklike pyn en nood, asook ondersteuning vir die in eensame verdeeldheid. Hy vermeld die opmerking van 'n man uit Soweto wat oor *Pro Veritate* gesê het: "Elke nag laat in die donker, as almal slaap, steek ek my kersie onder my kombers aan die brand om 'n paar minute van die groot hoop op vryheid te lees. Dan dank ek Christus en slaap ek lekker" (Pieterse, H J C: 28-34). Dit was die impak van *Pro Veritate*-dit het hoop gebied aan sy lesers.